

Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging

deur

dr G. S. NIENABER

en

dr P. J. NIENABER



J. L. VAN SCHAIK, BEPK., PRETORIA
1941

INHOUD.

	Bls.
Voorwoord	7
Hoofstuk	
I. Die Aantrekkingskrag van die Afrikaanse Strewe	9
II. Die Agtergrond van die Taalstryd voor 1875	49
III. Voorbereidende Werk vir die Genootskap van Regte Afrikaners	63
IV. Die Genootskap van Regte Afrikaners en Afrikaans	76
V. Die Verband tussen die Eerste en Tweede Tyd- perk	105
VI. Die Agtergrond van die Na-Oorlogse Tydperk	110
VII. Die Suid-Afrikaans-Hollandse Joernalistiek en Afrikaans	119
VIII. Vereniginge en Afrikaans	135
IX. Amptelike Erkennung van Afrikaans	157
X. Die Triomf van Afrikaans	179
XI. Afrikaans buite Suid-Afrika	196
XII. Buitelandse Belangstelling in Afrikaans	212
Register	222

VOORWOORD.

Die bedoeling met hierdie boekie is om 'n samevattende oorsig van die historiese verloop van die Afrikaanse Beweging vir studerendes en belangstellendes te gee. Dat daar ook behoefte aan so'n deurlopende samevatting bestaan, bewys seker die aanvraag wat 'n herdruk noodsaaklik gemaak het.

Sedert die eerste verskyning van hierdie oorsig in 1931, is 'n aantal belangrike studies oor die stryd vir die erkenning van die Afrikaanse kultuurregte uitgegee en hulle het meer lig op die strewe versprei. Ons eie navorsingswerk het ondertussen ook voortgeduur, en so het dit nodig geword om die meeste hoofstukke aan te vul of grootliks om te werk.

Hoofstuk I: „Oor die Afrikaanse Taal” het verdwyn, soos ook Hoofstuk II: „Oor die oudste geskifte”, wat vollediger en deegliker uitgewerk is en nou opgeneem is in die eerste deel van ons pas-verskene *Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde*, (by J. L. van Schaik, Bpk.), waar dit ook na regte tuishoort. Die twee hoofstukke is vervang deur 'n oorsig van die Afrikaanse Beweging op filosofiese grondslag — in hoofsaak 'n oordruk van die artikelreeks *Gedagtes oor die Afrikaanse Strewe* deur die eerste skrywer, wat op 8, 15, 22 en 29 Junie 1934 in *Die Huisgenoot* verskyn het.

Vir Hoofstukke I tot X dra alleen die eerste skrywer die verantwoordelikheid.

In 1931 is ook die eventuele verskyning van 'n tweede deeltjie, „Letterkundige Oorsig,” aangekondig, om te staan te kom langs „Deel I: Geskiedkundige Oorsig.” Van die plan van 'n Deel II is afgesien. Met die oog hierop, sowel as om al die veranderinge in opset, en deur die toetrede van 'n medewerker, het dit vir ons die beste toegeskyn om 'n noukeuriger titel as die oue te kies. Vandaar die klein naamsverandering wat voorkeur verdien bo die ou naam: *Die Afrikaanse Beweging, Deel I. Geskiedkundige Oorsig.*

DIE SKRYWERS.

Januarie 1941.

HOOFSTUK I.

DIE AANTREKKINGSKRAG VAN DIE AFRIKAANSE STREWE.

INLEIDING.

Die Afrikaanse gedagte kom uit die diepte, kom voort uit die Afrikaanse siel. Staties beskou is die Afrikaanse siel daardie gesindheid van die Afrikaanse volk wat hom innerlik onderskei van alle ander volke; daardie mistieke eienskappe wat aan die volk iets nuuts en eie, iets onderskeidends en selfstandigs van aard gee. Dinamies weer is die Afrikaanse gedagte die wil om die selfstandige en anderse eienskappe van die innerlike wese te behou en dit deur gebruikmaking te verregverdig as lewensnoodsaaklik vir die volk in die volle uitlewing van sy aard.

Ons sal dwarsdeur die beskouing 'n oop oog moet hê vir die waarde van hierdie Afrikaanse gedagte, naamlik vir die waarde wat die volk self heg aan sy eie aard en die bewaring daarvan. Dit en dit alleen sal ons die stryd verklaar; maar nog veel meer, dit sal ons in staat stel om ons blik die toekoms in te stuur en om taamlik suiwer te sien watter dinge aan kom is — ook vir die Afrikaanse volk in die stryd vir sy kultuurgoedere. Kultuurgoed tog is die versinneliking van wat roer en beweeg in die volksiel. Kultuurgoed maak die geestelike waardes openbaar, is die veruiterliking van die waardes, self simbole wat in waarneembare vorm die onwaarneembare waardes vir die buitestaander en toeskouer begryplik maak. Want alleen deur naskepping kan die toeskouer, wat self geen lid van die volk is nie, 'n besef kry van die waardes wat die volk ahang. Hy moet daardie uiterlike simbole innerlik weet te interpreteer, deur ontvanklik te wees vir die betekenis van die simbole wat hy in sy eie gemoed as onstofflike besit beleef.

Daar is net twee rigtings moontlik. Die skepper voel 'n drang wat hom in 'n daad kan openbaar, byvoorbeeld, 'n kunstenaar kan uit klip beeldhou, met verf skilder, met woorde vertel, met instrumentklanke vertolk. By hom beweeg dit van binne na buite toe, van die onsigbare na die sigbare, van die ongevormde na die gevormde.

Presies andersom is dit by die na-skepper, d.i. die toehoorder of toeskouer. Hy sien die uiterlike, die vorm, die werk. Sy ontvanklike gemoed voel aan watter sielsbewoënhed daardie werk voortbring het; die skepping word vir hom 'n teken van wat in 'n ander gemoed omgegaan het, en daardie teken wek by hom in 'n meerdere of mindere mate *dieselfde* gemoedstoestand. Van die uiterlike het hy deur naskepping gekom tot die geheimsinnige wêreld van sielswaardes, tot die binneste.

As ek hierdie saak in sy belang vir die Afrikaanse strewe wil sien, is dit duidelik dat daar geen ander weg hoegenaamd is om die Afrikaanse gedagte vir ander nie-Afrikaners begryplik te maak nie as om hulle in simpatieke aanraking met ons Afrikaanse kultuurgoedere te bring, sodat die kultuurgoedere as simbole van die Afrikaanse gedagte by hulle in die gemoed die waarde van die gedagte vir ons kan opwek en, insover die kultuurgoedere aan menslike waardes hoog en edel is, vir ons vriende kan verwerf ook buitekant die geleedere van ons volk.

Sover skyn dit asof ons die bestaan van die Afrikaanse Beweging verregverdig het. Maar laat ons sonder vrees die vraag duidelik stel:

(a) Aan die negatiewe kant: Sou dit nie beter gewees het as daar geen Afrikaanse Beweging was nie?

(b) Aan die positiewe kant: Was en is die Afrikaanse strewe werklik noodsaaklik?

A. *Sou dit beter gewees het sonder Afrikaans?*

Daar is baie Afrikaners wat vandag op die vraag volmondig ja sal antwoord. Vir hulle sou ons wêreld ryker gewees het sonder 'n Afrikaanse kultuur. Daar sit daadwerklik ontsaglik baie waarheid in. Verlies van Afrikaans beteken nie verlies van Afrikanisme as 'n noodsaaklikheid nie. Ons kan Engels oorneem (om my net tot die taalaspek te beperk) en dit verryk

met ons kyk op sake, met ons taalskeppende vermoë, met ons liriek en romantiek, met ons nugterheid en prosa. Soos Engels in Noord-Amerika omgevorm word tot Amerikaans, soos die Australiërs hulle Engels al „Australian” begin noem, kan ons ons Engels „Afrikaans” noem. Dit sou 'n Engels wees wat na vorm dieselfde Engels is as die van Groot-Brittanje, met bykomstige plaaslike inslag, maar na gees sal dit by ons velde en vlaktes pas deur die idioom, die vergelykinge, deur nuwe nuanseringe in beeld en bedoeling, in gang en strekking. Tyd wat nou bestee word aan die aanleer en bestudering van Afrikaans, kan oorgedra word om 'n ander wêreldtaal die baas te word waarmee ons veel verder kan kom as met Afrikaans. Per slot van sake is Afrikaans veral beperk tot Suid-Afrika, het dit as voertuig van gedagte net 'n plaaslike betekenis. Die letterkunde ontluik wel veelbelowend, maar is 'n belofte sonder die verwerkliking voldoende? 'n Ontwikkelde persoon wat net wil teer op wat in Afrikaans geskryf is en word, sal geestelik aan armoede ly in vergelyking met wat ander ontwikkeldes kry wat uit een of meer wêreldtale kan put.

Nie net in kulturele opsig nie, maar ook andersins kan dit sy seëninge hê as ons die Afrikaanse gedagte oorbodig gemaak het. Op politieke gebied sou daar meer rus en eensgesindheid geheers het; administratief is eentaligheid 'n seën, en geldelik is daar ook veel voor te sê.

Die man wat so redeneer, kan hom op die skouers klop omdat hy so „slim” is en „soveel meer sien as andere.” Is hy 'n Afrikaner, dan sal hy nog wel trots voel op sy breedheid van uitsig en ongebondenheid van oordeel. Hy sal waarskynlik sy oordeel oor homself uitwaai in die wêreld. Immers, hy is 'n internasionalis, sy gedagtes droom verder weg as landsgrense; in die grootheid en stoutheid van sy eie „internasionale” en „kosmopolitiese” beskouinge voel hy hom groot en stout.

Hierdie heerskap kan nog een besonder klemmende argument aanvoer — wat pas in die gees van sy redeneringswyse. Hy kan na duisendtalle van gevalle, bekendes en waarskynlikes, wys om te toon hoe 'n volk wel sy eie taal prysgegee het en tog dikwels onder die vroeër andertaliges 'n nie onbetekenende rol gespeel het nie. Ver hoef ons nie te gaan nie. Daar is by ons die Franse Hugenate, wat die koloniale volks- en bestuurs-

taal, Nederlands-Afrikaans, hul eie taal gemaak het, vandag as volbloed-Afrikaners erken word en orals belangrike poste bekleë: die Malans, Pienaars, Fouché's, Gouse, Malherbes, De Villiers, e.a. Dit is selfs die vraag of hulle nie die eerste was om 'n besef van ware Afrikaanse burgerskap te hê nie. Na Frankryk wou hulle nooit terugkeer nie — dit kon godsdienstige knegskap beteken. As Nederlanders wou hulle nie deurgaang nie: daarvoor was hulle eie verlede te sterk. Hulle kon hulle net in die ware sin van die woord as burgers van hierdie land en hierdie land alleen gevoel. Kultureel het hulle egter in die Kaaps-Hollandse gemeenskap opgegaan, net soos in die loop van tyd ons Duitse stamouers self, wat hulle laat denasionaliseer en naturaliseer het: die Krugers, Hertzogs, Rautenbachs, Schreiners.

'n Mens kan hierdie argumente weer ontsenu deur op sake te wys wat eensydig belig of skeef voorgestel is. Die seëninge van 'n Engels-eentalige blanke Suid-Afrika kan ook geniet word as die alleenheersende taal Afrikaans of Nederlands sou wees. In plaas van die Angelsaksiese letter- en taalkunde te verryk, kan in dieselfde omstandighede en met dieselfde reg die Dietse letterkunde verryk word, soos vandag dan ook gebeur. Soos die Engelse volkselement die Afrikaanse moet opslurp, kan ook die teenoorgestelde moontlikheid ge-eis word. Die Afrikaanse element het trouens reeds die Franse, Duitse, Portugese en ander blanke elemente vroeër opgeslurp, en onder dié elemente ook baie Skotte, Engelse en Iere — bv. al die Skotse predikante wat verafrikaans is: die Murrays, Robertsons, MacClears e.a. Hoekom moet die proses dan gewelddadig versteur word? Hoekom moet die eertyds seëvierende Afrikaanse element dan nou ommekeer skree om hierdie heerskappe se nuwe opslurpingsteorie 'n genoeg te doen?

Ook die hooggeroemde kosmopolitiese neiginge of gesindhede is eensydig. Die pleitbesorgers sien gewoonlik so ver dat hulle missien wat reël is. Want in die verte word die voorwerp wasig en gee op, waardeur die toeskouer hom laat bedrieg. Om gebruik te maak van die feit dat Engels internasionale geldigheid besit en dat oorloperij van Afrikaners na die Engelse kamp daarom gewettig is omdat die Afrikaners internasionale wil wees en nie „enge nasionaliste” nie, is maar 'n voorwendsel

vir hul renegaatskap, is nie die rede nie. Hulle soek 'n ekskuus en kry dit in die beginsel van internasionalisme. Hierdie ekskuus was egter nie die dryfveer, die eerste rede nie — dit is 'n poging om hul handelwyse in hul eie oog en in dié van andere te regverdig. Nou lyk dit asof hulle beginselvaste mense is wat na hul oortuiging handel en bereid is om daarvoor te ly.

Wie tog kan volkome internasionaal voel en handel? Dan moet die internasionalis bo die volkstipes staan. Hy moet hom nie gevange voel in wat tot 'n volk of 'n groep volke behoort nie. Maar hoe gaan so'n internasionalis hom aantrek onder die Zoeloes, die Japanners, die Rooihuide? Watter troubeloftes voel hy verplig om na te kom tussen Mohammedane, Mormone, Bedoeïne of as 'n priester? Sulke vrae alleen is genoeg om te laat sien dat volkome kulturele en sosiologiese internasionalisasie onmoontlik is, altans in ons eeu. Dit was nog nie eens onder Germane alleen goed moontlik nie. Jy kan 'n goeie kosmopoliet wees en nog geen internasionalis nie. Of ons die terme ook altyd goed begryp en korrek gebruik as ons ekskusies soek?

Die algemene waarheid is wel dat as 'n Afrikaner met internasionalisme te koop loop, hy 'n voorwendsel soek om die aftog te blaas. Sy internasionalisme val dan presies saam met wat Engels voor staan. Insover as Angloïsme internasionaal is, is hy internasionaal, maar selde of ooit méér. Wat ons Afrikaners betref, kan ons veilig sê dat bitter weinig inter-Europees en seker niemand internasionaal in sy volledige wydte is of dit selfs wil wees nie. Maar so ongelooflik baie is Engels-internasionaal; hulle sien so dikwels hierdie deelheid as 'n geheelheid raak.

Ons soek hier die filosofie van die Afrikaanse Beweging en moet dan vra: As die internasionale, wat deur Afrikaners voorgewend word, 'n ekskuus is en nie die eintlike rede nie, wat is dan die eintlike rede?

B. *Was die Afrikaanse Strewe Werklik Noodsaaklik?*

Die eintlike rede is 'n algemeen-menslike. Ons vind hom as ons op die tweede vraag let: Was die Afrikaanse Strewe werklik noodsaaklik gewees?

Ons moet nou die geskiedenis in oënskou neem en sien wat hy te sê het. Die Afrikaanse Beweging is in die begin nie

die werk van die volk nie. Die volk wou niks met „Patriots” te doen gehad het nie. 'n Ouderling van Noorder-Paarl het selfs teen sy predikant, ds S. J. du Toit, gesê, dat as hy weet wie die Redakteur van *Die Patriot* is, hy hom met sy eie hand sal wil doodskiet. So anti-Afrikaans was die Afrikaanse volk aanvanklik dat die paar voorstanders van Afrikaans dit gerade geag het om hul name vereers geheim te hou.

Die Afrikaanse Beweging was die werk van 'n paar bewuste Afrikaners wat tot die intellektuele groep van hul volk behoort het. Alle intellektuele het nie by hulle gestaan nie, maar die voorgangers het tot die denkendes van hulle volk behoort. En dis die denkendes wat andere laat dink en hulle wat die leiers word in 'n kleiner of groter kring.

Hierdie groepie verstandelikes het bewus geword dat die Boeretaal, wat as spreektaal deur die gebruik sy bestaan regverdig het, 'n voertuig van die gedagte is, ook as skryftaal en as kultuurtaal sy regmatige plek moes inneem as die Suid-Afrikaanse landstaal. Afrikaans het vir hulle geskikter voorgekom vir die Boerevolk as Nederlands. Dit was nie in die eerste geval 'n stryd teen Engels nie, nog minder teen Nederlands. Dit was 'n stryd vir Afrikaans as kultuurmedium.

1. *Die Teenstelling: Afrikaans-Nederlands.*

Pannevis het gemerk dat die Nederlandse Bybel al minder goed verstaan word deur die kleurlinge en sommige blankes, d.i. Boere. Daarom wou hy 'n Afrikaanse Bybeloorsetting gehad het. Die aantrekkingskrag van die volkstaal het vir hom en sy medestanders daarin gelê dat dit verstaanbaarder is vir die Kapenaar as Nederlands. Dus om sy groter plaaslike geldigheid, om sy „Bodenständigkeit,” kry Afrikaans vir hulle as gedagtevoertuig 'n groot bekoring. Dis 'n taalpatriotisme of 'n taalnasionalisme wat as beginsel in hul propaganda deurskemer en wat na 1900 helder gaan word.

Om sy plaaslike waarde gaan Afrikaans die een vesting behou, die eerste vesting ook vir alle ander tale wat die oorwinnaarsweg betree het. Vir die tipies Suid-Afrikaanse, soos die lewe op die boereplaas, sal die beste taalvorm altyd bly: Afrikaans. Reeds van die begin af is hierdie waarheid deur die daad kenbaar gemaak.

Toe Teenstra in 1825 die boerelewe by die Caledonse warmbad wou illustreer, het hy dit gedoen deur 'n staaltjie Afrikaans mee te deel.

Toe Boniface die lokale kleur in sy toneelwerk *De Nieuwe Ridderorde*, of *De Temperantisten* (1832) wou bring, het hy sommige stukke daarin in Afrikaans geskryf.

Toe Meurant die Boere van die Oostelike Provinsie wou beweeg om ten gunste van die afskeiding van die Westelike Provinsie te stem, het hy twee tipiese Boere die saak laat bespreek en hulle Afrikaans laat gebruik (1861).

Dit sal nie gaan om te sê dat al die andere wat in Afrikaans geskryf het, hulle voorbeeld gevolg het nie. Wel het hulle almal dieselfde beginsel gehuldig en toegepas: wie die lokale kleur in 'n grappige vertelsel of in 'n propagandageskrif oor 'n plaaslike aangeleentheid wil teken, moet hom van Afrikaans in meerdere of mindere mate bedien, soos Teenstra, Boniface, Zwaartman, die menigte Waarzeggers, Melt Brink e.a.

Die „Regte Afrikaners” wou net 'n stappie verder gaan. Hulle wou die beginsel konsekwent toegepas hê dat die landstaal in plaaslike Suid-Afrikaanse aangeleenthede geken moet word. Daarom noem hulle die Boeretaal ook „Afrikaans” — die taal van Afrika in teenstelling met die tale van Nederland, Engeland, Duitsland, e.a. In 1875 was daar nog geen politieke Suid-Afrika nie, anders het ons taal miskien die naam „Suid-Afrikaans” gehad, soos dit vandag onder die Hollanders heet.

Hoe dit sy, Afrikaans het 'n waarde wat geen ander taal het nie: sy Suid-Afrikanistiese waarde. Veel het die waarde nog nie vir die meerderheid beteken in vergelyking met die waarde van Nederlands of Engels nie.

Nieteenstaande alles wat oor die tydperk 1875-1900 oor die Afrikaanse Beweging by wyse van loftuitings gesê is deur die meeste lateres, het die Afrikaanse gedagte min ingang gevind. *Die Patriot* het gebloei, nie omdat dit in Afrikaans verskyn het nie, maar om sy nasionalistiesgesinde politiek. Dit was te verwag dat die politieke strekking van die blad nasionaal sou wees in die Tweede Vryheidsoorlog, aangesien sy taalpolitiek nog steeds so kennelik nasionaal-Suid-Afrikaans was. Maar toe die blad staatkundig onnasionaal word, het dit doodgebloei, al het dit nog in Afrikaans verskyn.

'n Mens moet 'n werk lees soos J. H. H. de Waal se *My Herinnerings van ons Taalstryd*, om te besef hoe weinig ingang die Afrikaanse taalgedagte in die eerste tydperk onder die menigte gevind het. Die groot aantrekkingskrag het vir die Afrikaner ten opsigte van sy taal nog altyd uitgegaan van Nederlands. Die standpunt was in die reël dat die twee rigtings onverenigbaar met mekaar was — 'n standpunt wat veral deur die sterker party ingeneem is.

In die begin wou die voorstanders van Nederlands niks uitstaande hê met die Genootskappers en hulle rigting nie. Hulle wou die Afrikaanse Beweging doodswyg, as hul kon, of dit eenvoudig stormloop en oorrompel, as doodsus nie wou deug nie; en as die teenstand nog te sterk is en Afrikaans bestand blyk teen die propaganda van 'n doodswyg- of slegmaakpolitiek, wou hulle die Afrikaansgesindes uitoorlê deur die vergemakliking van Nederlands in Suid-Afrika deur middel van spellingvereenvoudiging en ander toegewings.

Net so onverdraagsaam sal die Afrikaansgesindes word wanneer hulle die oorhand kry. Telkens chauvinisme, totdat die skade eers berokken is.

Omstreeks 1875 het die teenstand teen Afrikaans daaraan ontspruit dat sy voorstanders aan hom 'n waarde geheg het wat die andersdenkendes nie wou aanvaar nie, want hulle het aan Nederlands die einste waarde toegeken.

Nederlands is toe beskou as die dierbare moedertaal, die taalerfporsie wat met 'n mistieke eerbied bejeën is. Dit was nog die taalvorm van beskawing en verfyning vir die Boerkolonis. Daarby is dit aan hom gewy en geheilig as die medium waardeur en waarin hy tot die Heer der Heeren genader het. Met Nederlands in sy mond het hy om vergiffenis van oortredinge gesmeek, het hy verlange na die Paradys van die hiernamaals te kenne gegee. In Nederlands lees hy smôrens uit die Bybel en put so krag vir die taak van die nuwe dag, en uit dieselfde Nederlandse Statebybel haal hy vir die nagwake weer troos en bemoediging.

Nederlands was aan die Afrikanerboer se hart verdierbaar. Dit was vir hom 'n gevoelsaak. Hy hoef nie te *dink* oor die kwessie van Nederlands as moedertaal nie, hy *voel* dit is sy oorgelewerde moedertaal. Oor hierdie kwessie kan 'n mens nie

met hom redeneer nie. Hy is bevange in sy gevoel oor die saak. As hy nog argumenteer, sal dit net uitloop op 'n regverdiging van sy gevoel. 'n Argument sal hy kry, al kom sy vindingrykheid nie verder as „almiskie” nie.

Dis 'n kwessie van die hart, nie van die hoof nie. Want die Afrikanerboer is verlief op sy Nederlandse moedertaal — en hy handel maar soos alle verliefdes.

Om uit hierdie groef te kom, moet 'n mens al ernstig en onbevange oor die voor- en nadele gedink het. Hervorminge begin dan ook altyd met minderhede, maar die minderhede bestaan uit intellektueles.

Ook die Afrikaanse Beweging is die werk van verstandelik knappe geeste. Hoog- of vergeleerd hoef hulle nie te wees nie, maar *slim* mense in die goeie en egte sin van die woord was hulle almal.

Nou kom hulle met 'n nuwe taal-evangelie: „Skryf so 'as jy praat” en „Afrikaans is ons moedertaal.”

Sulke leerstellinge moet vir die aan die Nederlandse taaltradisie vasgeroeste Boere soos kettery geklink het. En hulle was ook beledig om te hoor dat Afrikaans hul eie moedertaal is en Bybeltaal moet word. Nou argumenteer hulle nie meer verstandig oor so 'n gevoelsaak nie. Soos 'n verliefde wat in die voorwerp van sy liefde beledig is, soek hulle om alle skyn van maatskap met die beledigers van hulle af te gooi.

Afrikaans moet dit ontgeld. Dit is 'n Hotnotstaal, 'n kraalpatois, arm aan woorde en vormuitgange. Dit is 'n kombuistaal, 'n taal sonder beskawing of verfyning, sonder letterkunde en sonder reg van bestaan. Maar dis net die gevoel wat praat.

Ook die voorstanders van Afrikaans moet dit ontgeld. So erg was die voorsiene teenstand dat hulle hul name geheim moes hou, die klompie „onbezonnen dwarstreckers, die weer op kwa-jongstreken uit zijn.”

Vir die meeste het Afrikaans tot 1900 nie iets meer beteken nie. Dit het die stempel van onkunde gedra. Dit pas net goed in die mond van iemand wat selfs by plegtige geleenthede te ongeleerd is om iets beters voort te bring, onmagtig is om 'n soort van Nederlands uit te kraam. Die groot ommekeer het hom eers in die begin van die volgende eeu aangekondig. Die

kombuistaal gaan voorhuis-toe. Die mense roep hom soheentoe, want hulle begin hom waardig keur om selfs in die leunstoel te kom, plek neem. Afrikaans neem toe in waarde.

Nie omdat Afrikaans as sodanig edeler of beskaafder of doeltreffender geword het nie. Dit is nog dieselfde omgangstaal, is kultureel nog net so arm of armoedig, staan nog teenoor dieselfde Nederlands. Afrikaans het eerder verloor as gewen, deurdat die propaganda wat ds S. J. du Toit vir sy politieke, anti-Boerse en pro-Rhodesse opvattinge gevoer het ook die hele Afrikaanse Beweging verdag gemaak en Afrikaans 'n slegte geur laat aanklewe het. Maar Afrikaans het dit in ons land gewen na mate Nederlands dit hier verloor het.

Die Oorwinning op Nederlands.

Veral twee groot redes het Nederlands 'n kwaai slag toegedien — 'n uitwendige en 'n inwendige rede. Die uitwendige rede was die oorlog.

Die Republikeine het oor die algemeen bly hoop dat 'n Europese moondheid, by name Nederland of Duitsland, sou ingryp in die oorlog en die burgers help in hul stryd vir vryheid en selfstandigheid. Hierdie hoop is die burgers in die stilte voorgespreek, dit het die moed aangewakker en hulle laat volhou: Eendag sal reg oor mag seëvier.

Maar die Boer moes alleen die ongelyke stryd volhou . . . en hy moes verloor. Mag seëvier oor reg. Die Boer moes die les op die ongenadigste wyse leer: „Wat gij worden wilt, wordt dat uit eigen krachten.” Hy moet nie op ander mense steun nie.

Daar was bittere teleurstelling na die verlore stryd; daar was skrynende wee om die nodeloos vergote bloed. Die Republikeinse burgers wou nie geld van Europese lande gehad het nie, ook nie klere nie. Simpatie was ook nie genoeg nie. Hulle wou bemiddelende tussenkoms gehad het, aktiewe hulp om die vryheid te bewaar.

Hierdie uiterlike rede van die oorlog, wat die Boer op die kragte aangewys het, wat die hopeloosheid van steun-soek buitekant tuisbring het, sou Afrikaans direk maar weinig gebaat het. Nie die oorlog het Afrikaans meer waarde gegee

nie. Maar deur die oorlog het daar besinking gekom, is die regte atmosfeer geskep vir die Afrikaanse Beweging.

Want die oorlog met die geweer is beëindig, maar die oorlog duur nog voort. Dit merk die Afrikaner gou. Dit word deur sir Alfred Milner en sy onderwysers, sy administratiewe personeel, sy pers, sy geld, op die siel van die Afrikaner gemunt. Die liggaam het hy: hulle is Britse onderdane deur verowering — Britse besitting, gekoop met 'n betaalmiddel. Die betaalmiddel was die bloed van die Britse soldate, die energie van die Britse wetenskaplike, die simpatie van die Britse nasie met die soldate, die geld van die Britse belastingbetaler, die idealisme van die Britse wêreldgedagte. Dis 'n duur prys.

Die Britse Idealisme wil nou die siel van die Afrikaner hê vir sy wêreldryk, wat moet gekonsolideer word.

Hierteen verset die moeggestrede Afrikaner hom hardnekkig. Hy stig politieke partye, rig eie skole op en aan die passiewe kant trek hy hom terug uit alle plekke waar daar gevaar is. Verder bly hy verkleef aan sy plaas en boerdery, aan sy kerk en Bybel en aan sy nasionale drome. Dit is die tydperk van die Boere-nasionalisme vanaf Kaapstad tot in Sentraal-Afrika, van Oos tot Wes. Daar is „een verenigd volk, een algemene taal.” Die vereniging kom van binne af, omdat almal saam voel en eenders wil. Daar is innerlike krag.

Terwyl hierdie gesindheid hoogty vier, kom die tweede faktor sy beslissende rol speel. Die volk wil nasionaal wees, en *die leiers is daar* vir die politiek en vir die taal. Opmerklik is dit hoe die groot politieke leiers belangrike taalstryders is, en hoe nou die nasionale politiek en taalbehoud aan mekaar verbonde is. Taalpolitiek word 'n belangrike onderdeel van die landspolitiek.

Die eintlike taalleiers kom voort uit die geleedere van die jonger intellektueles, waaronder 'n hele klomp afgestudeerdes van die buiteland. Hulle het al iets van die wêreld gesien, het hulle kon ontworstel aan die be-engende isolasie waarin die plattelander verkeer het ten opsigte van Nederlands, of waarin die kwekeling van die Bolandse skole verkeer het ten opsigte van Engels as die enigste taal van betekenis in die wêreld. Hierdie intellektueles kon vergelyk. Die verstand vertel hulle hoe Nederlands b.v. tot beskaafde taal opgeklim het van onbe-

skaaftheid en ruheid. Die hart vertel dat die Afrikaner gevang word deur die Britse Idealisme en dat hy moet gered word. En die volk wag op leiding om sy selfsinnigheid te bewaar.

Die hoof vertel die geleerdes nog dat Nederlands nooit die taal van die plattelander kan word nie. Daardie verlore terrein is nie te herwin nie, die kloof tussen die twee vorme ondempbaar. Aan die ander kant wen Engels dit dag vir dag weens sy bevooroordeelde posisie as landsbestuurlike en skooltaal. Die volk moet Nederlands aanleer, en tog bly dit 'n vreemde taal, het die volk 'n onvermoë om dit te gebruik as *lewendige* taal. Die volk moet Engels aanleer en kan dit gebruik as lewendige taal. Nederlands is sterwend, Engels word lewendig vir die Afrikaner; maar Afrikaans self is steeds groen-lewendig vir hom, is sy taal wat hy gebruik, wat hy ken.

Wie die Afrikaner as Hollandssprekende wil red, moet hom Afrikaans gee. Die lokale waarde van Afrikaans kry vir die intellektueles in hierdie tyd van Boere-nasionalisme 'n nasionale waarde by. Die sinnebeeld word belangriker. Die volk *moet* nou luister. Die gewone man *weet* dat hy geen volmaakte Nederlands kan skryf of praat nie, en die geleerde man aan die ander kant kan sê dis nie sy taal nie, wel egter Afrikaans.

„Die geleerde man” is die leiers wat op verskillende gebiede in noue aanraking met die volk staan: predikante, veral die jongeres, onderwysers; joernaliste — die jeugdige wat nog aan hervorming glo en daarvoor wil ywer; sommige advokate, 'n paar geneeshere. Deur gans Suid-Afrika voer hulle propaganda vir Afrikaans deur middel van die pers, die boek en tydskrif en koerant; deur verenigings, deur voordragte en opvoeringe, deur private gesprekke en deur eie voorbeeld in briefwisseling, e.s.m.

In 1906 word Afrikaans nog fel bekamp toe die oplewing oor die hele lyn merkbaar word. Teen 1908 is die opposisie aan die lewe, en Afrikaans het die eerste stadium deurmaak: sy bestaansreg bewys en sy voortbestaan as 'n saak van erns betuig.

Dis eintlik taalnasionalisme wat seëvier. Met die stigting van die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst in 1909 te Bloemfontein, het die twee partye vrede ge-

sluit en is openlike verdeeldheid òf gestaak òf die stryd is net 'n flou eggo van wat dit teen 1907 was. Dit kon ook nie anders nie. Dit is nie meer die eintlike geleerdes wat teenstand bied nie. Die egte geleerdes is òf voorstanders van Afrikaans, òf bewaar wyslik die stilswye, om die nasionale beweging van Dietsheid nie te steur nie.

Daar is egter nog genoeg teenstand en nog genoeg versigtigheid en „diplomasië” om die Afrikaanse moedertaalbeweging nie deurtastend tot sy eindpunt te drywe nie. Die hoofsaak is dat die meerderheid nou begin genoeg neem met die bewering, dat Afrikaans hulle moedertaal is. Dit is die groot waarde van Afrikaans omstreeks hierdie tyd. Die Bybel is nog in Nederlands, die openbare taal bly dieselfde; hier en daar verskyn wel 'n Afrikaanse digbundel op prosawerk wat van die eie smartverlede vertel: maar Afrikaans het gewen. Die volk aanvaar dit al, skoorvoetend wel, dog stap vir stap. En teenstand begin al meer en meer verdwyn. Laat die suurdeeg nou nog 'n bietjie trek. Laat die mense na sporadiese toepassing kyk en verder oortuig raak van die dienstigheid van hul moedertaal as kultuurtaal — laat hulle oor die eerste ongeloof kom van 'n eie taal te besit en hulle sal om algemene toepassing skree.

Die suurdeeg het vinniger gewerk as wat die voorstanders ver wag het. Ds W. Postma het nog in 1906 voorspel dat dit 'n vyftig of honderd jaar sou duur voordat daar om 'n Afrikaanse Bybelvertaling gevra sou word. In 1916 is egter, dus tien jaar later, sinodaal tot die oorsetting besluit in die Vrystaat, asook kort daarop in die ander provinsies. Toe Afrikaans eers begin wen op Nederlands, wen hy verbasend vinnig. Hy het eers die harte van die leiers ingeneem, toe die geneentheid van 'n groot deel van die volk gewen. Daarna stap hy 1916 die laerskool binne, in 1917 die sekondêre, in 1918 die universiteit. Ook die kerk ontvang Afrikaans, daarna die provinsiale administrasies, in 1925 die uniale regering. In 1925 het Afrikaans finaal die stryd teen Nederlands gestaak. Die teenstelling is uit die weg geruim.

Nou volg 'n tydperk van besinning. Gedurende die strydjare is fel teen Nederlands gekamp. Dit is oral die straat ingega. Hoe sterker die Afrikaanse Beweging word, hoe onver-

draagsamer, solank daar nog 'n plek bly waar hy Nederlands die reg van bestaan kan bestry. Genade ken hy nie, net soos die onderdrukte wat nou baas word en hom wreek op sy nederrige posisie van vroeër. Alles wat Nederlands is, word uitgekryt as on-Afrikaans. Dis die mode om 'n voorstander van Afrikaans te wees en om die teenparty in te pekel.

Die akademiese proefskrifte uit die jare 1919 tot 1928 dra 'n sterk polemiese karakter insake die taalstryd. Die klemtoon val eensydig-swaar op die Afrikaansheid. Daar word selfs met deftige geleerdheidsvertoon getwis of geargumenteer oor wanneer die „Afrikaanse Taalbewegings” begin het. Daar is 'n „Eerste” en 'n „Tweede” Taalbeweging. Met die groot Taalkongres in Bloemfontein en die stigting van die F.A.K.-organisasie het sommige dit uitgejubel: „Die Derde Afrikaanse Taalbeweging het begin.” Ons probeer rekords skep; hoe meer taalbewegings, hoe beter en knapper! Dis iets om oor te roem!

Die Versoening.

Vandag draai ons al effens af, en gelukkig ook. Die grense het ons so skerp getrek tussen wat Nederlands-Suid-Afrikaans en wat suiwer of half-suiwer Afrikaans is, dat ons die vroeëre erfposies verwaarloos of vergeet. Nederlands wou ons nie meer lees nie — dis dan te moeilik. Die geskifte wat in Nederlands in ons land geskryf is, het ons nie meer erken nie — ons het mos Afrikaans en voel ons ryk in ons armoede, wys in ons onkunde en te vernaam vir die skone in die Nederlandse taal, letterkunde, kuns en kultuur. Ons het genoeg en gryp na Engelse boemeltrein-romans. In selfgenoegsame vernaamheid is ons tevrede met 'n bietjie plattelandse Dietsheid. Ons spot oor ons Nederlandse dae, en met „stertjie-Afrikaans” en „Dietse Sappe.”

Maar so teen die dertigerjare kom daar 'n wending. Dr Eliz. Conradie wys bv. in die *Inleiding* tot haar *Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika* (deel I, 1934) op die noodsaaklikheid om beslag te lê op ons hele besitting, op ons Afrikaanse en Nederlandse kultuurproduksie.

Daar het vandag in ons kultuurstrewe 'n soort kentering gekom. Al meer stemme gaan op vir 'n nouer aansluiting by die Nederlandse geestesgoedere.

Nederlands is nie meer 'n gevaar vir Afrikaans nie, is ook geen teenstander meer nie. Nou sien ons weer die noue verwantskap tussen die twee kultuurvorme. En meer, noudat Afrikaans gevaar loop om 'n idioom, 'n afglans van Engels te word, soek ons weer steun by die eertyds verjaagde Nederlands. Dit kan ons help om ons taal suiwer te hou deur 'n verskerping van ons taalgevoel. Nederlands kry die waarde van 'n taal wat vriendelik kan help.

Baie mense betreur dit dat ons nog so ver daarvan af staan, en sien met 'n bietjie leedwese dat ons die laaste bande deurgelik het met die verafrikaansing van die Bybel en Gesangboek. Ons is nou heeltemal selfstandig en alleen.

Dit is die een groot verskil tussen die Afrikaanse en die Vlaamse Beweging. In Vlaandere is die bewaring van die taalbond met Noord-Nederland deurgevoer, by ons het taalpartikularisme geëëvier. Maar Vlaandere grens aan Nederland, is deur geen enkel natuurlike grens daarvan geskei nie. Ons lewe 6,000 myl weg, in 'n ander land met 'n ander aard en geaardheid, met 'n ander bloedmenging in die Afrikaanse volk, met 'n ander stryd. Taalpartikularisme moes by ons die oorwinning behaal. Maar dis nie nodig dat daarom taal-isolasie en kulturele afsondering moet beoefen word nie. Ons vorm deel van kulturele Dietsland, is kragtens ons gemeenskaplike taal en kultuur 'n lid van die Driebond Nederlands—Vlaams—Afrikaans, en omrede ons lidmaatskap het ons voorregte wat ons moet geniet en gebruik van maak; maar daarteenoor het ons ook verpligtinge wat ons moet betrag en nakom. Die verpligtinge is onder meer om ons Dietse karakter te bewaar, om ons taal van verbastering en verwildering te red, om ons deel aan die opbouing van ons gesamentlike kultuurwerk te verrig.

2. Die Teenstelling Afrikaans—Engels.

Maar veel belangriker en ook veel aktueler is die teenstelling: Afrikaans—Engels. Belangriker, want o.m. *fas est ob hoste doceri*. Aktueler, want die gevaar van verengelsing bestaan lewendig en dwing ons om tou op te gooi of om die stryd vir taalbehoud vol te hou deur produktiewe bemoeiing sowel as deur beskermende waaksaamheid.

Die teenstelling: Afrikaans-Engels bestaan al sedert 1806. Ons weet uit direkte, gedagtekende bewyse dat Afrikaans teen 1806 reeds 'n afsonderlike taal was, in hoofsaak soos dit vandag daar uitsien. Dit was die omgangstaal. Die Engelse gedagte het vir goed wortel geskiet met die permanente inbesitname van die Kaap deur Brittanje. Ons weet uit direkte, gedagtekende bewyse, b.v. die uitspraak van generaal Collins in 1809, dat die Engelse bestuur dit op niks anders gemunt het nie as op die algehele verengelsing van die Kaapse plattelandse bevolking.

Daardeur moes twee gedagtes, wat vyandig teenoor mekaar te staan gekom het, in botsing geraak. Die botsing het nie lank uitgebly nie. Engels het Nederlands kragtens goewerneurlike ordonnansies en bepalinge oral die wyk laat neem. Eers het Engels Nederlands in 1806 die alleenheerskappy betwis, toe die medeheerskappy sedert 1813, en allengs, na Somerset se taalbesluit, dit kort en klaar uit die landsbestuur verjaag, daarna uit die skool geweer en selfs in die kerk bedreig. Omstreeks 1875 het die Engelse gedagte dit naastenby oral in die openbaar gewen.

Nog net in die huislike kring en op die platteland, die boereplase, het Afrikaans-Nederlands geheers. Die stedelike Afrikaners het reeds grotendeels onder die ban van Engels geraak. Hoekom? Wat was die groot aantrekkingskrag, die meeslepende mag en bekoring van Engels? Die vraag is van die grootste belang, want in hierdie waarde wat die Afrikaner aan Engels toeskryf en waarom hy hom met die taal en kultuur so maklik vereenselwig, lê alleen die antwoord.

Vir die Kaapkoloniale Afrikaner van omstreeks 1875 was Engels die taalvorm van die veroweraar. Dit het aan die baas behoort, en soos dit die geval is met die baas se besittings en eienskappe, word dit al psigologies hoog aangeslaan. Dié gedagte moet nog net versterk word deur die groter intrinsieke waarde van die voertaal. Met sy ou en ryk letterkunde, om net een aspek te noem, was Engels reeds onteenseglik 'n hoër waarde.

Ook in alle ander opsigte moes Nederlands-Afrikaans dit aflê teen Engels wat hulle onderskeie waardes oor die algemeen betref. Engels was teen 1875 die voertuig van gedagtes van

Imperiale Engeland met sy wêreld-dominerende aspirasies. Die fakkel van Albion het geskyn met 'n onvergelyklik skone glans. Waar die Engelsman en sy taalgenoot, die Amerikaner gaan, is hulle dadelik ontvang met eerbied. Oral is hulle kultuur met graagte bejeën. Die woord „Engels” het toe oor die algemeen 'n pragtige klank in die wêreld gehad. Dit was 'n epitheton van eer. Volke het die goeie wil van John Bull gesoek. Hy is 'n goedige ou boer en 'n man na wie geluister word. Dit betaal om hom as vriend te hê — en as geldvoorskieter. Sy vlag dra die skepe na alle wêrelddele — en sy handelswaar. Op die wêreldseë speel hy na willekeur, bewus van sy marine-oorwig. Marianne moet maar soet bly, Fritz werk nog hard in sy studeerkamer, en die Tsaar moet sukkel om sy troonpylers regop te hou. En die ander nasies lewe van toekomsdrome of rus op hulle louere.

Intussen het almal wat hulle 'n air van belangrikheid wou gee, 'n Engelse woord of frase of 'n aanhaling uit Shakespeare op die tong geneem. Soos Frans as spogtaal aan die taan geraak het, veral na die Frans-Duitse oorlog van 1870-71, het Engels opgebloei.

Hierdie taal het dus 'n sinnebeeld geword van krag en mag, van hoë kultuur en fyn beskawing, van internasionale geldigheid en wydsheid, van handel en rykdom, van sport en vermaak, van kuns en van wetenskap. Wie in intieme aanraking met alles kom waarvoor die sinnebeeld staan, buig die knie. Dit is 'n eer om Engels te ken, te lees en te praat. Waar die Engelsman kom, gaan die nie-Engelsman uit sy pad om te wys „wat hy kan.”

Geen wonder dat die Engelsman geen ander tale aangeleer het nie. Dit is onnodige energieverspilling. Waar hy kom, word kniebuigings uitgevoer, en vanself kom hy daartoe om hom oral as die meerdere en die belangrikste te beskou. Nie omdat *hy* in die eerste plaas so dink nie, maar omdat *die ander* hom as sodanig behandel.

Die Engelse seemag bring die Engelse Ryk. Die Britse Ryk bring die goud. Die goud en handel bring die Engelse taal en kultuur. Die Engelse taal en kultuur bring die vreedsame penetrasie van die Engelse gedagte, en die finale oorwinning — die oorwinning op die siel van die verowerde. En so

graag ook laat die verowerde hom een voel met hierdie hoë waardes, wat hom bekoor, wat die lewe vir hom begerenswaardiger laat toeskyn en wat hom in bedwelming van 'n afglansbelangrikheid oorrumpel.

Dan probeer hy sy oorrumpeling met hoë woorde goed te praat, met sy belydenis van internasionalisme. Die ekskusies sus sy nasionale gewete. Hy vind vergoeding in die weerskyn, wat hy opvat as die ligbron self.

Die Uitstraling.

Die uitstraling van Angloïsme begin van die stede, en daarin van die „high life.” Toonaangewers is die „upper ten,” vir wie Engelse simpatie die enigste leidraad is.

Die ou orde by ons, d.i. die Nederlands-Afrikaanse taal en tradisies, word bewaar deur die konserwatiewe elemente van die bevolking, of die elemente wat nie met die „haisoesaaietie” (Langenhoven) in noue aanraking kom nie, wat in onkunde verkeer oor die geestelike aantrekkingskrag van Engelsheid en die weelde daarvan.

In die Kaapkolonie het voor die Tweede Vryheidsoorlog die veiligste bewaarder van die nie-Engelse moedertaal geblyk: onkunde en ongeleerdheid, of min-geleerdheid, aan die een kant, of bewuste isolasie aan die ander kant.

Die verhouding was na 1843 in Natal dieselfde as in die Kaapkolonie omstreeks 1875. Nou merk 'n mens die stadige proses van vereenselwiging by die Afrikaner. Dit gaan eers voel-voel. Die kinders word na Engelsmedium-stadskole gestuur, „om opgevoed te worden.” Engels is die taal van opvoeding en geleerdheid. Die kinders kom terug en word eenhede wat die glorie van die aangeleerde taal van die baas verkondig aan die ouers. Die ouers is stil van eerbied oor die hoedanigheid wat hulle nie besit nie. Dis nie meer 'n bevoegdheid nie — dit word 'n hoedanigheid, dis geleerdheid!

Daardeur straal Engelsheid 'n nuwe waarde uit: Om die Boeretaal te besig, is om op sy bes konserwatief te bly, om die Engelse taal te praat, is om progressief te wees. Die vooruitstrewende boer vernoem nou sy plaas op Engels. Dit heet nou *Merry-Vale*, *Poplar-Grove*, *Henry's-Rest*; die erfhuis heet *London House*, *Harmony*, *Swallow's Villa*.

Die vooruitstrewende moeder druk die hoop vir die heerlike toekoms van haar dogter uit in die Engelse naam wat sy haar gee. *Sue* klink so mooi; *Dolly* hoor sy dolgraag, ens.

In al die menigte aspekte van die maatskaplike lewe filtreer Engels in, penetreer dit die Boerebeskawing. En waar die kakiebossaadjies val, wortel te gelegener tyd 'n plantjie wat weer op sy beurt saadjies afskud en die uitheemse gewas in benouenis bring of hom verdring.

Effens anders lê die verhoudinge in die geval van die twee Republieke. Die eksodus na Orangia, Natalia en Transvalia in die dae van die Groot Trek is alleenlik goed verstaanbaar as 'n politieke protes-aksie teen sekere regeringsmaatreëls. Die regering is nl. die Engelse, in die ou Kolonie.

Die gedurige wrywing wat ontstaan het as gevolg van die inpalmingspogings van Engeland het die Boere nie vriendskapliker gestem teenoor Brittanje nie. Hul instink van nasionale selfbehoud het hulle gewaarsku teen die gevaar van die gryparms wat imperialistiese Brittanje keer op keer begerend na hulle uitgesteek het.

Die Republikeinse burgers het isolasie beoefen. Daardeur was die twee Republieke 'n veilige kweekplek van die Hollandse taal. Steun het ook onafgebroke gekom van die immigrerende Nederlanders. En tog, en tog was die aanloklikheid van die Engelse kultuur so groot dat die byna suiwer Afrikaanssprekende Vrystaatse hoofstad op die onbevange reisiger die indruk gemaak het van 'n dorp waarin Engels die eerste plek inneem. Die straatname is op die uithangborde in Engels aan-gegegee. En dit nogal na die kwessie van die Kimberleyse diamantvelde.

Volgens Nicol is in 1882 in Pretoria soms in die aand preke in Engels gehou deur Hollandse predikante vir die jongmense.

Deur die politieke verwickelinge het die teenstelling herhaaldelik sterk ingekom tussen die twee gedagterigtinge: Brits-imperialisme en Afrikaner-nasionalisme. Die twee rigtings het uit die aard van die saak vyandig teenoor mekaar in hul politieke koers gestaan. Die nasionalisme was vir die imperialisme van die grypende mag lastig; die imperialisme was vir die nasionalisme van die bedreigde 'n gevaar. Daarin lê hul onversoenlikheid of onvereenigbaarheid.

Die Tweede Vryheidsoorlog.

Daar was oomblikke van intense spanning; in die teenstelling, bv. met die eerste inpalming van Natal, Orangia en Transvaal, met die geskil oor die Kimberleyse diamantvelde, met die eerste Transvaalse Vryheidsoorlog en die Jameson-strooptog. Maar nooit was die verhouding stroewer, die teenstelling skril-ler as toe die driejarige worstelstryd teen die end van die eeu losgebars het nie. Geen botsing van 'n bloeddorstige karakter was langduriger nie. Geen sametrekking van magte in 'n georganiseerde beweging aan albei kante ooit grondiger nie. Ontsettend groot was die inspanning aan Boerekant, ontoegeeflik die aanval aan die Britse kant. Dit was die hoogtepunt van die teenstelling.

By soveel inspanning moes die teleurstelling vir die Boere des te groter gewees het, waar hulle gesteun het op die regverdigheid van hul saak en vas geglo het dat die hoop nou nie kan en mag beskaam nie. Na die vredesluiting was hulle mat en moedeloos:

„My land is nie meer myne nie,
My volk is doodgestry,
My moed is nie meer mannemoed . . . !
O God! Vergewe my!”

Wie eers moedeloos is, sien alles as hopeloos in. „Dis verby — dis verby,” was die ewigterugkerende refrein by elke nasionale wilsaksie. Baie Afrikaners het hul berusting te kenne gegee in die onvermydelike. Meer Afrikaners het hulle teruggetrek in eensaamheid en soos 'n nukkerige geweier om nou iets met die openbare lewe te doen te hê. Maar die meeste het nog gehoop. Uit hoop en geloof het die gedenknaald ter nagedagtenis aan die 26,000 vroue en kinders op Bloemfontein verrys.

„Dank die saaiër wat ons voed,
Dank vir vry-syn, heldebloed!
Maar ek dank die moedertrane,
Sade van nu-opgestane
Nasie, en ek sien haar trane lag,
Deur die dou van 'n nuwe dag.”

Nee, die teenstelling is nog nie die wêreld uit nie. Hy is na 1902 so sterk as nooit tevore, want die Afrikaner het weer hoop en geloof. Die politieke partye met nasionale strekking, die C.N.O.-skole met volksgesinde leerkragte, is die sigbaarwording van hierdie nasionale hoop en wil.

In een opsig is die Boereszaak sterker as ooit: Byna elke Afrikaner is nou 'n bewuste Afrikaans-willende lid van die volk, of hy nou in Kaapstad, Transvaal, Natal, die Oranjerivier-Kolonie, of waar ook al woon. Dis die skoonste periode van regte Afrikanerskap. Ja, die hele volk was 'n aktiewe Genootskap van Regte Afrikaners, heerliker in eensgesindheid as wat dit ooit weer daarna was.

In een opsig is die Afrikaanse gedagte swakker as ooit tevore: daar is geen rustige kweekplek van die suiwerste simbool van nasieskap, die eie taal nie. Met die koloniaalwording van die twee Republieke moes Nederlands-Afrikaans ook daar die vlag stryk vir Engels. Administratief word Engels die monopolie toegeken. Ekonomies het dit reeds 'n voorsprong gehad bo Hollands toe die Republieke nog ongeskonde stelfstandig was. Op sportgebied en ten opsigte van vermaaklikhede heers dit soewerein, van die kantien tot die renbaan. Ensovoorts.

Waar die kultuur alleen dit nie kan maak nie, kom die „Goue Gode,” kom geld. Teen idealisme stry 'n mens al moeilik. Maar idealisme alleen sonder geldmag beteken selde veel meer as vrome wense en flou dade. So moes die nasionaal-idealitiese C.N.O.-skole dit aflê teen die regeringsinrigtinge, waar geld gevloei het — en „geld maak reg wat krom is,” lui 'n wys spreekwoord.

Deur middel van die staatskole is hard geywer om die kinders, die volk van môre, vir die saak van die toekoms te vang vir die Britse idealisme. Die skole was nie in die eerste plaas bedoel om die jeug kennis by te bring nie, maar om hulle te denasionaliseer en te verengels.

Daar is die twee kante: die passiewe, die denasionalisering, en die aktiewe, die anglisering. Aktief word die leerling in aanraking gebring met alles wat Engels in sy oë 'n begeerlike glans kan verleen, d.i. met die Engelse letterkunde, die Engelse staatsgedagte en filantropie, met Engeland se oorheer-

sende posisie as seemag en as koloniale ryk, en met wat nog mag bykom.

Aan die passiewe kant word die las- en swysplekke nie gewys nie, word die brutaliteit van die oorwinningsoorloë verswyg, word die landhonger goedgepraat, word die goudsug bedek. Die eie volk met die plattelandsbeskawing word direk of indirek net van sy swak kante belig. Die eie nasionale idealisme word as min- of minderwaardig bejeën, of selfs as ondankbare dislojaliteit, te verwagte van mense met kortsigtige uitkyk.

Die aristokratiese boerekind kry 'n minderwaardigheidskompleks. Hy skaam hom vir juis die volkseienskappe of volksbesit waarop ander volke trots is, nee, wat juis hul hoogste volkstrots uitmaak. Hy verloor die ewewigsin. Psigologies het hy geen houvas meer nie. So word alle kleiner volkere in die wêreld gedenasionaliseer. So is getrag om die Afrikaner aan sy volksaard ontrou te maak hier in sy land, „wat nie meer syne is nie.” En baie het ontrou geword.

Die een baie sterk aspek en die een baie swak aspek sal albei verreikende gevolge hê op die voortontwikkeling van die Afrikaanse gedagte.

Unie :

Intussen het iets belangriks voorgeval in ons geskiedenis : die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika. Dit beteken in werklikheid niks minder nie as die teruggawe van 'n Verenigde State van Suid-Afrika aan die stemgeregtigde volk in alle sake belangende die binnelandse politiek, behoudens enige algemene beperkinge. Onder meer beteken dit die staatwetlike bestending van die teenstelling : Hollands-Brits, bv. in artikel 137 van die Grondwet. Die Britse liberalisme heg goedkeuring aan hierdie bepaling, altans in die teorie. Die Hollandse gedagte het die Grondwet binnegedring, het dit in der waarheid moontlik gemaak. Want sonder die bepaling sou die Vrystaat toe nooit ingewillig het tot unifikasie nie, soos ons uit die bespreking geleer het by monde van die Vrystaatse afvaardiging. Dis dan ook Vrystaters wat onversetlik aangedring het op die vaslegging van hierdie artikel, by name pres. Steyn en genl. Hertzog.

Artikel 137 is die pleganker van die Afrikanerdom. Elke eerlike regering moet hom aan die palladium onvoorwaardelik en opreg hou. „Eerlik” is egter 'n baie rekbare begrip (— dit kan 'n kwessie van standpunt word). Ons mag dit veilig sê: hierdie grondwetlike versekering van die voortbestaan van die Afrikanerdom is 'n direkte en 'n indirekte uitvloeisel van die Tweede Vryheidsoorlog.

'n Direkte uitkoms: die Afrikaanssprekendes het te sterk die les geleer, deur die teenstelling van die oorlog, dat hulle *nie Engelse is nie*, en die onreg wat hulle aangedoen is, het die wil laat ryp dat hulle *nie Engelse wil wees nie*, maar Boer, Afrikaners. In hierdie wil was hulle so-te-sê eensgesind, en dis die gees van dié wil wat ons in art. 137 teenkom. So eensgesind in wil en werk het die oorlog hulle gemaak, en so sterk ook die Afrikaanse gedagte.

'n Indirekte uitkoms: die imperialisties- of Brits-willende afgevaardigdes was eindelik, nadat daar veel geweeg en gewik is, bereid om die bepaling op te neem in die Grondwet.

'n Oorwinnaar kan dit bekostig om toegewend te wees. Hy gee nou skiet, want die toekomst behoort tog aan hom. Dit noem ek: imperialistiese liberalisme. Dit bevat mensliewende trekke, maar is gevaarlik vir die teenstander. Die openbare uitlatings van 'n paar Natalse politieke leiers laat die vermoede ontstaan dat dit nooit die bedoeling van die Engelssprekende afgevaardigdes was dat die bepaling streng toegepas moes word nie. Daarom kon hulle maar toegeeflik wees.

Die diplomaat wou die skyn, die gewone Afrikanerpolitikus die syn. Die diplomaat het gesteun op die psigologiese minderwaardigheidsgevoel van die paar Afrikaanssprekende amptenare, waardeur hulle maar min of niks sou kon uitrig in die sin van toepassing van die bepaling nie. Die diplomaat het ook op iets positiefs gebou; hy het vertrou op die sterk meerderwaardigheidsbesef van die Engelssprekende (ingevoerde) amptenaar, waardeur die persoon hom maar min „aan die letter van die wet” sou steur, hom meer „na die gees van die Ryk, waarvan Suid-Afrika 'n deel is,” sou rig.

Die Afrikaner wou die nasionale daad; die Milnerman die imperiale daad. In die grond van die saak is dit die ou teen-

stelling wat in die uitvoering van die grondwetlike artikel te voorskyn sal tree: Suid-Afrika eerste, of: die Ryk eerste.

Intussen het die Afrikaner met sy stemreg die hef in die hande uit hoofde van sy kwantitatiewe oorwig in Suid-Afrika. Maar hy wou dit nog nie eintlik glo nie. Hy was bang om sy reg op te eis — sy reg was vir hom nog net 'n voorreg. Die diplomaat het dus tog goed gesien. Wat hy nie goed gesien het nie, is dat die Afrikaner kan leer hoe om sy regte op te eis. Hoe dit sy, die Engelse gedagte het met rasse skrede vorentoe gegaan, dank sy die skole, die goeie skole. Dit was maar die normale gang. Toe word die normale gang abnormaal sterk versnel deur 'n illogiese gebeurte: die Wêreldoorlog van 1914-1918.

Die Wêreldoorlog:

Vir die meeste Afrikaners was dit prakties niks anders nie as 'n oorlog tussen Groot-Brittanje en Duitsland. Dat ander lande teen Duitsland deelgeneem het, was vir ons maar iets toevalligs. Hulle was maar welmenendes. Deur die pers is alle aandag gevestig op die wurgstryd van Brittanje, en meer het nouliks iemand raakgesien.

En die oorlog? Dit was 'n toetssteen van die uitwerking van die liberalisme hier. Die uitwerking het twee kante gehad. Aan die een kant was hulle wat nog nie met die nuwe orde vrede gesluit het nie. Die ekstremiste onder hulle het die opstand verwek en gesteun. Baie ander was egter nog net half versoen.

Daarom die morele steun aan die opstandelinge, daarom die spontane geldoffers om die veroordeelde opstandelinge te help om die geldboetes te betaal, daarom die Helpmekaar; maar daarom ook die gedeeltelike berusting. Immers, bloed het baie nie meer veil vir die ou Republikeinse idealisme nie, maar vroeër wou hulle wêl nog bloed stort vir die bewaring van dié ideaal. Die aantrekkingskrag is al aanmerklik minder van soewereine onafhanklikheid. Insover as wat dit nog begerenswaardig toeskyn, sal getrag word om dit langs vreedsaam weg te behaal, bv. by die stembus.

Daar is nog 'n tweede kant van die uitwerking van liberalisme. Duisende jong Afrikaners laat hulle inskryf as soldate

in die Britse leër. Wat beteken dit eintlik, filosofies beskou, in die kader van die Afrikaanse beweging? Dit: In 1902 was nagenoeg al die Afrikaners verbitterde anti-Britte. Twaalf jaar later is baie nog in dieselfde gemoedstoestand en wil hul bloed stort om die Britse ideaal te bestry. Maar duisende is ook reeds bereid om hul bloed te stort om die ideaal te verdedig en te bevestig. Eers bloed teen die Brit, nou bloed vir die Brit. Eers anti-Brits, nou pro-Brits.

'n Geweldige ommekeer! Hoekom? Omdat die ideaal nou vir baie 'n ander waarde het, 'n waarde wat hulle meesleep, 'n waarde wat selfs groter is as die waarde wat die lewe self vir hulle het, want hulle wil selfs die lewe aan die waarde opoffer. En Germaan gaan beveg met dodelike wapens Germaan!

Insover nou as die Europese frontsoldate Afrikaners is, insover ook as die Uniesoldate in Duits-Wes of in Duits-Oos Afrikaners is, en liefs Afrikaners wat eertyds aan die Boerekant gestry het, insover het hulle dan die kuns verstaan om twee tot sover teenstrydige rigtinge met mekaar te versoen: die Uniaal-nasionale en die Ryks-imperialistiese.

Ja, die oorlog was 'n toetssteen. Dit het getoon hoe die opstand moes misluk, hoe liberalisme wen — selfs twaalf jaar na Vereeniging.

Die swak punt in die Afrikaanse gedagte het nou eers in al sy swakte geblyk: in heel Suid-Afrika oorheers die Britse gedagte met die krag van 'n reus, en nêrens kom die Afrikaanse gedagte ongestoord en beskermd tot uiting nie, tot ontplooiing en opwassing nie. Langs heel die front is hulle bymekaar en deurmekaar. Nooit meer kan die Afrikanervolk as 'n eenheidsvolk 'n eie, ongestoorde stryd teen 'n ander aanknoop nie. Hy kan dit voortaan alleen saam met ander doen, met sy Britse landgenoot. Want hy het nie meer 'n „eie land” nie. Hy het net 'n „halwe land”. Hy is nou deelgenoot in die „Saak Suid-Afrika.”

Hy het geen alleenseggenkap nie, net medeseggenkap. Daar is geen eentalige volk soos in die Republieke nie, daar is 'n dubbeltalige Suid-Afrika.

Al meer en meer sal hierdie werklikheid deurdring en die buitestander oorrompel. Die werklikheid straal ons al teë uit artikel 137. Suid-Afrika is geen twee-talige land nie, dis 'n

dubbeltalige land. So interpreteer jong intellektuele Suid-Afrika dit al meer en meer, so verstaan die politieke owerhede dit ook groeiendermate.

Of 'n amptenaar in Durban werksaam is, wat prakties eentalig is, of Boshof, wat weer as teenhanger Afrikaans-eentalig is, die Regering bly by sy eis dat die amptenaar in der waarheid albei tale moet magtig wees. Die in 1934 ingestelde staatsekamen verkondig weer die parlementêre wil in dié rigting, as implikasie.

In België is die administrasie twee-talig, d.i. in Vlaandere Nederlands, in Wallonië Frans. Dubbeltaaligheid heers net in die oorgangsgebied, dus aan die taalgrens. In Switserland is die vraagstuk prinsipiël dieselfde: elke kanton kies vir sy streek een van die vier volkstale: Duits, Frans, Italiaans of Rheto-Romeens. Daar is dus telkens 'n plek waar een taal alleenmagtig is, waar die taal en kultuur, waarvan dit 'n deel is, ongestoord en vry tot volledige uiting kan kom, hom natuurgetrou en onder koesterende beskerming kan ontwikkel. So 'n natuurlike reëling was ondenkbaar by ons, eenvoudig om die botsing van die twee beginsels.

Die oorwinnende Britse politiek wou onder geen omstandighede 'n plekkie duld aan die Boertaal vir sy alleenheerskappy nie. Dit het eenvoudig nie met die gees van die imperialistiese idealisme gestryk nie. Engels *moes* daar gevolglik in heel Brits-Suid-Afrika wees. Dit was 'n onomstootbare vereiste.

Die Afrikaanse gedagte was deur sy kwantitatiewe oorwig 'n magtige faktor, ongeveer so magtig as die Engelse gedagte met sy kwalitatiewe oorwig. Sonder Hollands geen Unie nie. Hollands *moes* daar dus wees as 'n onomstootbare vereiste.

Solank as die verteenwoordigers van die twee rigtinge dus vyandig teenoor mekaar staan, sal die strewe by elke onderskeie groep wees: veral *sy* taal. Dit was so ongeveer nog die houding omstreeks 1910.

Sodra die twee rigtinge met mekaar versoen raak, en sodra die grondwetlike bepaling insake tweetaligheid nog getrou nagekom word deur volk *en* regering, is daar net een moontlikheid: praktiese dubbeltaaligheid. Dit is die toestand waarin die teenstelling die Suid-Afrikaners noodgedwonge gaan plaas. Praktiese dubbeltaaligheid hou 'n dualisme in: twee landstale

word aangeneem as synde albei afsonderlik die tale van die Suid-Afrikaner, albei dus *sy* persoonlike tale, maar een daarvan is noodwendig die moedertaal, die ander die tweede taal. Die dualisme lê dus in die rangsonderskeid: eerste-taligheid en tweede-taligheid.

Dit wil nie sê dat die rangsonderskeid nie in sommige gevalle ongeveer heeltemal kan verdwyn nie, dat die sprekers dus in die volle sin van die woord dubbeltalig is nie. Maar sulke gevalle is seldsaam. Dis 'n probleem wat herhaaldelik in grensgebiede tussen twee kultuurtale bestudeer is, en in die reël is die uitslag ontroosbaar eenders: *absolute* dubbeltaligheid bestaan as 'n hoogste uitsondering.

By ons kan die dualisme alleenlik verdwyn, as een van die twee tale verdwyn. Sal Engels verdwyn? Nouliks. Sekerlik nie solank as wat daar 'n blanke Europese beskawing aan die suidhoek van Afrika is nie. Engels het gekom om te bly. Om die redes daarvoor op te som, ag ek onnodig. Dit is voldoende om te wys op die hoë waarde wat die volk daaraan as 'n lewendige kultuurtaal vir hulle heg. Maar op 'n betekenisvolle faktor moet aandagtig gelet word. Dit hou verband met die antwoord op die vraag waarom Afrikaners hulle so maklik met die Engelse taal en gedagte kon vereenselwig het of dit altans begin doen.

Vroeër het Engels vir ons Afrikaners 'n gevoelskakering gehad wat ons by Nederlands ook so sterk aangetref het en wat Nederlands die stryd teen Afrikaans ten slotte laat verloor het: die gevoel van die ingevoerde, die vreemde, die van bo op ons afgedrukte. Engels was vir ons die taal van Engeland; Engelse was vir ons vreemde fortuinsoekers, sonder 'n gevoel vir die heilig-mistieke wat die eie en tipiese van ons land en taal vir ons het. Dit was eerder asof dit wat ons dierbaar was deur hulle afwysend bejeën en selfs bespot is. Ons eiewaardigheid was vir hulle eiewaan. Ons was maar „koloniale besit,” met 'n floue afglans van die ware ligbron op ons.

Buitendien het ons Engelsheid vereenselwig met 'n onversadigbare land- en goudhongerpolitiek, met 'n gewetenlose gewinsugtigheid. Dit was vir ons in politieke opsig die onge woon-vreemde kombinasie van idiote negrofiliese mensliwendheid met 'n wrede onmenslikheid insake die Afrikanerhart

en sy vryheidsin. Vir die Afrikaner het Angloïsme die opdringing van 'n ongewilde kultuur en politiek beteken, met die eis dat die Afrikaner hom grootliks moet verheug oor die twyfelagtige seëning, wat op selfverloëning neerkom.

Die Afrikaner het veral beswaar gemaak teen die metode, hoewel eweneens gedeeltelik teen die inhoud.

Maar dit het anders geword. Dit is nog waar dat die Engelse hulle taal as dié van Engeland beskou en ook hulle kultuur. Hulle het nog die „home“-kompleks wat Brittanje betref en die kroonkolonie-kompleks wat Suid-Afrika betref. Maar ook dit word al anders.

'n Mate van Versoening:

Vir die Afrikaner het die verandering veral na 1910 sterk geword: in die eerste plaas deurdat hy medeseggenskap in die binnelandse politiek het. Hy kon vroeër alle blaam vir mislukkinge van die binnelandse bestuur, vir alle ontevredenheid onder die volk, vir alle onenigheid, op die vreemde regeerder gooi en hom vir alles verantwoordelik stel. Nou is dit alles die uitkoms van die wyse waarop sy uniale en provinsiale besture die sake gereël het (of nie gereël het nie). Hy is mede-verantwoordelik as landsburger wat sy deel tot die volksopbloei moet bydra. Daar moet verstandig regeer word oor Boer en Brit en Bantoe.

En dan, die Brit behoort nou by die land. Hy is 'n landgenoot, wat sy lot inwerp met dié van ander. Sy lippe praat nog van 'n buiteland as van 'n „home,” sy hart kleef egter vaster aan Suid-Afrika, en die praktyk is as daad sterker as die teorie. Hy is, afgesien van sy belydenis, na sy lewe en groter liefde Suid-Afrikaner.

Daardeur kry sy taal al iets Suid-Afrikaans, vir die Afrikaner. Engels is vir hom die taal van 'n landgenoot. Hy hoor die taal as iets lewendigs, leer dit en praat self. Die vreemdheid, die ingevoerdheid, slyt af. Die gevoel van inheemsheid, van ingeburgerheid, groei aan. Daardeur word toenadering van Afrikanerkant moontlik. Hy vind in Engels 'n Suid-Afrikaans-nasionale element, dus iets van homself — 'n groot iets van homself.

Maar die kennis voer hom verder. Hy word nie net bewus van 'n prinsipiële affiniteit nie, dog ook van 'n taal- en kultuurverwantskap. Daar is die uiterlike verwantskap wat opval in die menigte ooreenstemminge in woordeskat, sinsbou, idioom, klankstelsel. Immers, Diets en Angel-Saksies is albei Germaanse kulture. Afrikaans en Engels is albei Germaanse tale. Daar was dan ook in vroeër eeue 'n tyd toe albei vorme verteenwoordig was deur een oervorm, dus dieselfde taal was. Dit verklaar die uiterlike affiniteit. Besonder opmerklik is nog die omstandigheid dat onder die baie Germaanse tale die twee wat die verste ontwikkel het in die rigting van vereenvoudiging en ontbuiging, juis Afrikaans en Engels is. Die eenvoudigste en maklikste Germaanse taal wat fleksiemiddele betref, is juis Afrikaans. In dié opsig is geen sustertaal presies so ver ontwikkel nie.

Ons noem nog die innerlike verwantskap. Albei taalvorme is al Suid-Afrikaans-nasionaal: Engels, in sy reeds sterk tipe-rend-eie Suid-Afrikaanse uitspraak. Dit het prof. David Hopwood wetenskaplik kom vasstel in sy *South African English Pronunciation* (1930). Engels is ook nasionaal in sy woordeskat. Daar is die menigte leenwoorde uit Afrikaans, Bantoe, Hottentots en ander tale met betrekking tot ons bodem- en weersgesteldheid, die plantegroei en dierewêreld, die lewe en strewe van die inwoners. So kan ons uit Pettman leer (*Africanderisms*, Londen 1913) hoe sterk Engels hom net in sy woordbesit aangepas het aan Suid-Afrikaanse toestande en hoe hy met die oog daarop vriendskap gesluit het met Afrikaans.

Ja, Engels is nie meer vir ons die taal van 'n rondloperfortuinsoeker nie. En ons hoor hoe die Engelssprekende soms al 'n Afrikaner is wanneer hy uit *Sarie Marais* spontaan en hartlik sing: „O! bring my terug na die ou Transvaal — daar waar my Sarie woon!” Eendag sal hy ook *Die Stem* ken en daardie boodskap bely, in die regte gees altans, as landsbeginsel.

Hierin lê tog net 'n aanduiding hoe ook die Engelssprekende landsburger by ons dit verstaan het om twee teenstrydige beginsels met mekaar te versoen.

Afrikaans sal bly:

Ons stel nog ten opsigte van die moontlike opheffing van die dualisme wat dubbeltaligheid skep, die ander vraag ook: Sal Afrikaans ewentueel verdwyn?

Nouliks. Sekerlik nie solank as daar 'n blanke Boerebeskawing in Suid-Afrika bestaan nie. Afrikaans het gekom om te bly. Dit is hier gebore en „opgevoed,” dit pas by Suid-Afrika, wie se kind dit is. Ook hier wil ek nie 'n gewone debatspunt bespreek en al die redes opsom waarom Afrikaans nie meer in die see gedryf kan word nie. Die volk is te bewus van sy geestesgoedere en die waarde daarvan om so-iets toe te laat.

Dog op 'n paar belangrike punte moet gelet word. Sedert die totstandkoming van die Unie het Afrikaans baie veld gewin en baie veld verloor.

Dit het vereers veld gewin teen Nederlands, waar dit sy eie aansprake laat geld het. Dit was veral die stryd-inhoud tussen 1910 en 1925. Dog na 1925 het dit ook met rasse skrede vorentoe gebeur en het nou veld gewin op Engels insover as dit sy regte opgeëis het. Dit was veral te danke aan die bemoeiing van die Nasionale Regering sedert 1924, wat van bo af kragdadig gehelp het waar die volk van onder af aan gewerk het.

Die mondigverklaring van Afrikaans deur die Parlement het gevolg op voorstel van dr D. F. Malan in Mei 1925. Besonder sterk en beslis het hierdie Regering die beginsel van volkome gelyke taalbehandeling neergelê en toegepas. Dit was die bloeiperiode van die Afrikaans-nasionale gedagte. Die gedagte het alle kringe deurdring: Suid-Afrika Eerste. Dit was die teenstelling van die vorige tydperk, toe die Brits-imperiale idealisme hoogty gevier het, aangewakker deur die wurgstryd teen Duitsland, of liever, teen die Duitse front aan die Weste. So volg hierdie twee tydperke mekaar in die landspolitiëk op, nes in die taalpolitiëk.

En die latere gevolg: ook in die landspolitiëk word dit moontlik om in 1933 twee tot hiertoe teenstrydige beginsels met mekaar te versoen: die Koalisie en die Samesmelting. Die twee-stroom-politiëk word 'n een-stroom-politiëk.

Eindelik beteken die versoening niks anders nie as dat albei rigtinge ver-eng het wat die teenstelling betref en verbreed het wat die ooreenstemminge aanbelang. Albei rigtinge bevat iets van die twee gedagtes: Suid-Afrika Eerste en die Ryk Eerste.

Wat die taalkwessie in die politiek van Samesmelting betref, die vereniging van die beginsels hier is opvallend. Die Nasionale Regering het die Afrikaanse taalgedagte kragtig bevorder. Die Koalisieregering was dié taal nog simpatiek gesind, maar laat hom op eie wieke dryf. Aktiewe hulp word nou aktiewe beskerming. Afrikaans moet uit eie krag sy handhawingstryd teen Engels voortsit. Albei word objektief behandel. Daar is geen uitgesproke voorkeur vir die een of ander nie.

As albei ewe sterk is, sal die teenstelling eenvoudig onveranderd voortbestaan. Maar hulle is nie. In die letterkunde, veral in die digkuns, het die werke in Afrikaans 'n veel hoër peil as die wat deur Engelssprekende Suid-Afrikaners in hulle taal geproduseer is. En tog het Engels ook op hierdie gebied 'n voorsprong wat ons nie kan hoop om in te haal nie. Want juis hierin lê die ongelukheid van die stryd: Die Afrikaner het hom laat afsny van die Nederlands-Vlaamse letterkunde in sy aktuele, lewendige waarde. Die gemiddelde Afrikaner steun omtrent net op wat in sy eie taal gelewer is. Die Engelssprekende reken hom egter alles toe wat in sy taal verskyn, om die ewe of dit in Australië, die Verenigde State, Indië, Engeland, hier of waar ook al is. Vir hom is dit alles 'n lewendige letterkundige bate, wat hy gebruik, geniet, wat sy lewe verryk, wat die Britse gedagte versterk.

So staan nou die twee kultuurstrominge teenoor mekaar: vir die Diets-Afrikaanse, net wat in Afrikaans verskyn, in 'n klein deel van Afrika; vir die Angelsaksiese *alles* wat in die hele wêreld in Engels verskyn, ryk in skakeringe, groot in aantal, en daaronder wat subliem is in skoonheid, wat ewig is aan volle, warme menslikheid.

Teen een miljoen Afrikaners staan 'n tweehonderd miljoen of meer Engelssprekendes as 'n eenheidsfront vir hul kultuur. Elke Afrikaner beteken dus statisties vir sy volk soveel as tweehonderd Engelse saam. Die verlies van een ontroue Afrikaner

beteken dat ons saak soveel skade ly as die Engelse saak sou gelyk het as tweehonderd van hulle ontrou geword het. *Soveel beteken elke Afrikaner.*

So word die ongelykheid van die stryd ook bevatlik. So toon die Afrikaner sy eie dwaasheid om hom nie sy volle Dietse erfposisie toe te eien en so sy eie swak posisie te versterk nie. Die geheim van die saak sit in die gedagte „toeëiening,” „eie-making,” „vereenselwiging met.” Ek verduidelik dit met 'n naïewe vergelyking. Wie 'n gas uitnooi en alles vir hom in gereedheid bring met veel moeite en sorg, beleef geen plesier daaraan as die gas weier om te eet, weier om aan die geselligheid deel te neem nie. Eers wanneer die gas *gebruik maak* daarvan, die opgediste voedsel aanneem en eet, hom dit vir sy gerief en gesondheid *toeëien*, voel die gasheer voldaan.

So moet ons ons Dietse erfskat gebruik. So gebruik ons Engelsspreekende landgenote hul erfnis. Dit is buitendien absoluut nodig om die wortels van ons kultuur sterk en gesond te hou, en dit is net moontlik as die voedsel goed is en die penwortels in diep, ryk aarde dring. Die aangewese voedingsbodems vir Afrikaans is Nederlands en Vlaams.

Die noodsaaklikheid om aansluiting by Nederlands te soek, berus nie op die begrip om Afrikaans te deuraar met Nederlandismes nie. Dit is net so afkeurenswaardig as die hebbelikeheid om siellose vertalings uit Engels te gebruik as ons self oor pittige en kerngesonde uitdrukkings vir 'n bepaalde gedagte- nuansering beskik. Maar Nederlands is so na verwant aan ons taal dat dit in woordeskat prakties nagenoeg dieselfde taal is, asook in idioom. Daarom versterk dit of kan dit ons taal versterk deur dit aan smedigheid te laat toeneem, deur ons in staat te stel om aan te neem wat by ons taaleie en taalgenie pas, en deur die indruk te versterk van die rasegte Dietse karakter wat sommige woorde of uitdrukkings het wat ons al minder gebruik of met enige huiwering gebruik, omdat ons die rasegtheid daarvan begin te betwyfel. Die verkryging van aansluiting is waarlik noodsaaklik, omdat ons moet waak teen dié verarming en isolasie wat veragting opwek.

Dit vra net 'n bietjie goeie wil om Nederlands met gemak en genot te lees. Dan volg liefderyke oorgawe. En eers dan kom daar die seënryke bevrugting en die blywende waardering.

nes by alle ideële waardes, nes in die geval van ons lesery van Engelse romans.

By alles wat ons taal en kultuur gewen het, is daar die swak plekke in die verdedigingslyn. Ons moet leer om die swak plekke vroegtydig te sien en om daar te keer. Dit is nog moontlik om die saak suiwer filosofies-objektief te betrag in die lig van wat die verlede ons geleer het en van wat ander lande ons leer waar die stryd eenders is. As ons die politieke verwikkelinge van ons land betrag met die oog van iemand wat die stryd in Vlaandere-Wallonië ken, val dit al dadelik op hoe die gang van sake voortaan in albei lande eenders is in algemene rigtinge.

Oor die staatkundig-dominiale vraagstuk heers verdeeldheid. Die sentrale party(e) is vir behoud van die bestaande regte. Dié party(e) sal in normale tye voortaan die sterkste wees, prinsipiëel. Die uiterste party(e) aan albei kante van die teenstelling Afrikaners-Engelse sal gradueel verdeeld wees oor hoever die dominiale status dien behou of verwerp te word.

Die sentrale party(e) sal die taalkwessies objektief na buite toe moet behandel, 'n laat-maar-vaar-taalgelykheid. Dit sal prakties beteken om die sterkere in die hand te speel. Die sentrale party(e) is duldsam. Dit wek die indruk van breedgesindheid. Maar uit die aard van die saak moet dit so wees. Immers, die stelsel berus op die versoening van die teenoorgestelde rigtinge.

Aan albei kante sal die verskillend-gegradeerde uiterste party(e) wees. Vanself sal hulle die taal- en kultuurkwessies op die voorgrond stoot. Vir Suid-Afrika sal hierdie aspek die sterkste beklemtoon word deur die meer-willendes aan die Afrikanerkant, omdat Afrikaans meer verontagsaam sal word deur die sentrale party(e) wat die kwessie net objektief bejeën, en daardeur die sterkere sy natuurlike voorsprong gun en dit verregverdig. Dan sal daar bitter woorde deur al die lirisme van die weesang opklink.

Dié bitterheid sal ook en veral die eie verdeelde kampgenote geld. Want hierdie Aktiviste sal 'n duidelik-omlynde taalbeleid hê en sal geen afwyking of rekking duld nie. Ekstremiste is onduldsam, ook teen eie partygenote. Wie aan die kant van die minderheid stry, verstaan selde die kuns van toegeeflikheid.

Maar ook op ander as op staatkundige en nasionale grondslae sal partye verrys, soos op ekonomiese of maatskaplike grondslae. Hulle sal almal in die toekoms rekening hou met die taalvraagstukke. Maar onder Afrikaners sal hulle veral pro-Afrikaans, onder Engelssprekendes veral pro-Engels wees.

Ons praat van dinge wat net begin kom, soos dit vir België veral sedert 1830 gekom het.

3. *Die Teenstelling: Stad—Platteland.*

Opvallend is die vinnige opkoms van 'n ander teenstelling in ons land: die van stad versus platteland. Geruime tyd reeds praat veral die Engelse koerante minagtend van die platteland, vernaamlik wanneer die stemming by verkiesings anders uitval as die koerante dit verlang het. Alles wat plattelands is, word dan verkleineer: die boer en boerekultuur, die dorp en die „predikants.” Alles word „velskoenkultuur” genoem.

Betekenisvol is hierdie teenstelling om twee groot redes. Die stede en die kusstreke word op Engelse lees geskoei wat taal e.d. aangaan. Afrikaners wat hulle in groot stede bevind, is gedwing om vir die dagtaak 'n meestal uitsluitende gebruik van Engels te maak. Dit geld van die sakeman, die staatsamptenaar, die organiseerder, die sportliefhebber. Met Engels kom jy verder. Met Engels is jy fyn en beskaafd. Met Engels gee jy daarom ook nie maklik aanstoot nie, al is jou toehoorders of klandisie ook Afrikaanssprekend.

Daardeur word Afrikaans 'n geleentheidstaal. Jy gebruik dit net onder bekendes soms, as hulle taalgenote is. Dit word 'n privaat taaltjie. Engels is die openbare taal. Maar selfs die privaat taaltjie is nie altyd meer dienstig nie. So baie tegniese, sake- en ook al gewone terme daarin is nog onbekend of raak in onbruik. Dan word die bekende Engelse terme maar bygehaal, en die „opmieksery” word nie eens meer as „funny” gevoel nie.

Die Afrikaners openbaar dan 'n magteloosheid in die gebruik van die moedertaal. Hierdie magteloosheid lei tot taalhensoppery. In die stede gaan dit al so dat die jongeres dit as die normale orde in die taalgebruik beskou. Die abnormale is nou normaal, bv. op die sportbaan, in die werksinkels van die spoorweë, ens. Daarom hinder dit nie meer nie as Afrikaners van Afrikaners Engelse sportprogramme koop. Dit hoort mos al

so! Dit openbaar juis 'n sportgees! Die Engelsman ken egter hierdie sportgees nie of verag dit ronduit waar dit die agterstelling van sy taal betref.

Afrikaans-eentaligheid, opgevolg deur Afrikaanse dubbeltaligheid, word Engels-Afrikaanse dubbeltaligheid. Sal dit daar ophou? By baie het dit reeds al Engels-eentaligheid geword. Die sirkelpunte raak weer!

Is dit eers sover dat die Afrikaanssprekende amptenaar bv. skouerophalend die ekskusie uitkraam: „Ek kan ook nie meer goed Afrikaans praat nie!” beteken dit op sy mins 'n fatalistiese moedswilligheid; dit beteken dat hy psigologies ingegee het en (onbewus miskien nog) bely het dat hy hom tog suiwerder en beter in Engels kan uitdruk en as dit mag nodig word, ook sal uitdruk of liefs sal wil uit. As die oorgawe psigologies gedaan is, is dit reeds verby. Die res is slimpraatjies.

Byna lynreg hierteenoor staan asnog die Boereheiligdomme: die plaas, die dorpserf, die kerk. En hier gebied nog die Boeretaal oppermagtig. Hier is hy nog lewendig, lenig, sappig, gesond. Hier is sy toekoms. Solank as die grond nog aan die Afrikaner behoort, is ons Afrikanerskap nog verseker. Maar dan moet die liefde vir die grond, die aarde, ook *groter* wees as die liefde vir skynwaardes van 'n verbygaande aard, soos die besit van motorkarre deur diegene wat dit koop ten koste van die plaas.

Die taaie konserwatisme van 'n landelike bevolking is oral in die wêreld 'n opvallende verskynsel. Hiermee konstateer ons 'n belangrike feit. In Wallis word sedert byna 'n vyftien eeue van Angelsaksiese oorheersing nog deur die boerende bevolking die ou Keltiese taalvorm gebesig. Engels het ontsaglike gebiede in en buitekant Europa verower, maar in al die eeue het dit nog nie daarin geslaag om die hele Engeland te verower nie! So sterk en so swak is dit! Sterk sodra dit na-aperige en modesugtige of ook geldmense betref, swak sodra dit die behoudgesinde boerende landgenoot betref. Vandag eis die taalgenote van Lloyd George in suidwestelike Engeland en die taalvriende van De Valera in Ierland die erkenning van hul eie taalvorme. Engeland self is twee-talig, of liever: centalig, en in 'n bepaalde gebied dubbeltalig.

Juis hierdie boere-konserwatisme is een van die baie waarborge dat ons taal sal bly, dat hy onuitroeibaar is. Die statistiek toon aan hoedat byna die hele plattelandse bevolking by ons Afrikaans is soos die stede, kusstreke en industriële sentra oorwegend Engels is. In die stede verengels almal so maklik, op die platteland verafrikaans almal so maklik. Dit sal beteken dat Afrikaans uit hoofde hiervan gestigmatiseer word of sal word as boers, agterlik, by wyse van teenstelling met wat stads, progressief-beskaafd (en Engels) is.

Om die stigma tot 'n leuen te maak, moet daar ook suiwer en tipies Afrikaanse stede wees, sê 'n Afrikaanse Bloemfontein. (Hoekom mag 'n mens geen soete drome ook soms hê nie?)

Die nywerhede en fabrieke bevind hulle veral in die binnelandse en hawestede, waar Engels oorheers. Dog daar is ook 'n plattelandse bevolkingsdeel wat Engelssprekend is, nl. langs die Natalse kusstreek en af tot die Oostelike Provinsie. Geleidelik merk 'n mens al 'n geografiese verdeling van ons land ten opsigte van die taalvraagstuk: die suiwer landelike bevolking na die ooste toe is meer op sy Engels geöriënteer, na die weste meer op sy Afrikaans. Hierdie verdeling loop van suid na noord.

Daarvolgens is die Engels-geöriënteerde boerebevolking in besit van die gebiede wat die meeste en reëlmatigste reënval kry (afgesien van die Boland alleen), waar verbouing en veeteelt die voordeligste beoefen kan word; dit maak die gebiede waardevoller vir die boer en die boer dus ryker. Die Afrikaanse boere bewoon daarenteen die gebiede wat deur die natuur stiefmoederlik bedeel is, oor die algemeen altans, waardeur hy kapitaalswakker is of word.

Dit bring ons by die feit van die ontsaglike verarming van die volksdeel wat die draer van die Afrikaanse kultuur is. So ontroosbaar baie ryk en artistokratiese grondbesitters word rondtrekkende bewoners van huurhuise in die stede. Hulle wat op hulle plase, ware prinsdomme, die gebieders was, word nou gebied. Hulle wat kon weggee, moet nou bedel om 'n verdienste. En omdat hulle byna sonder uitsondering Afrikaners is, word Afrikaansheid dikwels vereenselwig met armoede, onbemiddelde arbeiders, werknemers, padwerkers. So trek die sinkendes die hele volk na benede en verminder die waarde

wat ons en ander aan wat Afrikaans is, heg. Penwortels word uitgetrek, en as die storm kom, waai bome om. Daarom is die beweging van die Reddingsdaadbond 'n aksie, nie om individue te red nie, maar die waardes van 'n hele volk.

4. *Die Teenstelling: Blank en Nie-Blank.*

Ook nie van betekenis ontbloom nie is die aangroeiing van 'n ander teenstelling vir die Afrikaanse taaltoestande in ons land. Die kleurling en naturel kom stadigaan vyandig teenoor Afrikaans te staan en dankbaar-vereenselwigend teenoor Engels. Hulle leiers, hulle élite word geestelik veral uit Engels gevoed. Selfs die skole van ons Hollandse kerk kweek die Bodia-tipe aan. Hierdie teenstelling is daarom so belangrik omdat die naturel die getalle aan sy kant het. Ook vir hom word Engels die groot aantrekkende magneet. Ook hy sien die glorie van die Britse kultuurson, en soos 'n mot vlieg hy ook om en om die ligheerlikheid om van die afglans te geniet.

C. *Samevatting en Toekomsblik.*

Daar is vir die bekoring van die Engelse kultuur geen beter beeld as die van *lig* nie. Lig dring deur die duisternis, verskeur die donker, lok aan en openbaar heerlikhede aan die oog. Die liglewe kom as die begeerlikste genade voor.

Maar ook die Afrikaanse kultuur is 'n skynende lig. Dog as die sontrale oor die uitspansel uitskiet, verdof die stergeflonker en die oë gaan na die groter lig.

Ek wys net op die draagwydte van hierdie vasstelling vir die Afrikaanse gedagte . . . en so op die grootste gevaar.

Die Afrikaner kan hom in sy taal- en kultuurvorm in sy eie land *nog nie volledig uitlewe nie*. As hy miskien wou, kan hy bv. nie die bioskoop „geniet” nie. Die Engelsman daarenteen kan dit wel doen, hy kan hom volledig uitlewe. Daarom *voel* elkeen hom, van die eenvoudigste tot die hoogste, so meerderwaardig, ook wanneer hy in werklikheid minderwaardig is; en daarom ook *voel* die Afrikaner hom inderdaad nog minderwaardig, selfs al is dit nie altoos die geval nie.

Die Afrikaner moet altyd 'n selfoortuigingstryd voer, homself gedurig bekeer tot sy geloof in sy volk en die toekoms.

Hy moet telkens die oog wend na die plekkie van hoop: ons boerende bevolking.

By al die behoudendheid van die boerende bevolking is nie alles by hulle tradisievasheid nie. Ook hulle is *ware* internasionaliste wat hulle die algemene beskawing ten nutte maak, d.i. die telefoon en die radio gebruik, die outo koop, die verkoeler in diens stel, die boek en koerant lees. Maar die woord van Bismarck geld nog met krag: „das Volk produziert nicht, es reproduziert.” Die verdienste van die groot folkloris, prof. Hans Naumann uit Bonn, lê daarin dat hy onweerlegbaar aangetoon het: „Volksgut wird in der Oberschicht gemacht,” of „Volksgut ist nach unten gesunkenes Kulturgut.”

Maar ons Oberschicht of élite, ons leiers, word gevoed met Engelse kultuurbesit. Die volk neem dit aan. Dit is vir hulle noodwendig goed of aannemenswaardig, daar dit kom van die liglewe! Dink aan ons modedrag wat die volksdrag verdring, dink aan die Engelse woorde wat die élite gebruik en wat die volkstaal rooi verkleur, wat selfs die elementêre benamings laat vervang word, bv. *brekfis* vir agt-uur of ontbyt, of *sopper* vir aandete.

En is die hele Afrikaanse lewe nie al 'n afglans van die Engelse leefwyse nie? Ons vermake, ons etes, ons tafel- en besoekmaniere, ons groet- en afskeidsgewoontes, ons gelukwense met Kersfees en Nuwejaar, ens.? Voel die Afrikaanssprekende hom nie tuister in Londen as in Amsterdam nie? Daarom word Engelsheid vir ons ook so nasionaal.

Ek het herhaaldelik aangetoon hoe fors en kragtig die Afrikaanse gedagte lewe, maar hoe dit in teenstelling met die Angelsaksiese gedagte dikwels in 'n nadelige posisie verkeer, wat al nadeliger word. Daar is net een sentrale positiewe krag wat Afrikaans uit sy nadelige posisie kan red. Dit is enkel dat die Afrikaanse kultureel hoog moet uitslaan, so hoog dat dit onverdoofbaar is. Dit moet 'n geestelike magnetisme uitoefen wat almal onweerstaanbaar in sy ban ruk. Afrikaans moet as simbool *groot* wees in ons land.

Dit is alleen moontlik as elke Afrikaner oortuig voel, bewus en onbewus, van die groot waarde van die Afrikaanse gedagte en dit as simbool met jaloerse ywer uitlewe as 'n natuurlike waardebelydens, nes die vuur wat vanself en uit nie-anders-

kan-nie lig afgee en hitte versprei. Die Afrikaner moet eweens die hitte van geesdrif vir sy kultuurgoed versprei.

Maar dit kan hy nie op bevel doen nie. Dit kom deur die hoë, onvervangbare waarde van sy eie kultuurgoed, waardeur hy besiel kan raak. Ons moet die hoogste, skoonste, waarste mens-wees *in ons lewe en ons werk* gee, ons volledigste menslikheid, wat bo armoedige sentiment, vrome wensies, kleinlike onverdraagsaamheid, halfheid, uitstyg. Na die mate wat die enkeling die absolute volheid in weg en werk naderkom, bereik hy die duursame, ook vir *sy* volk: in die mate laat hy die liglewe helderder skyn en regverdig hy die aparte bestaan van sy eie volk en die kultuurvorme daarvan; in die mate skep hy ewigheid.

Dit het seker vir elkeen dwarsdeur hierdie uiteensetting opgeval hoedat ons meer van *nasie* as van *volk* gepraat het, meer van *taal* as van *vaderland*, meer oor *kultuur* as oor ons *staat*.

Dit geskied uit armoede. Ons het geen volk, geen vaderland, geen staat in die volste sin van die woord nie — al verlang ons daarna. Hierdie waardes besit ons net half, in vennootskap. Ons besef dit weliswaar nie altyd goed nie — maar die vreemdeling, die reisiger, sal ons dit elke keer vertel; en as hy hom dalk hier kom vestig, en kant *moet* kies, sal ons hom net by hoogste uitsondering in die Afrikaanse kamp vind.

Hy kies die voller lewe, die groter en hoër waarde.

En hoe kan ons hom dit altyd kwalik neem, as selfs Afrikaners ekskuse aangryp om oor te loop? — as selfs Afrikaners die valse as die ware bely en hulle bv. aankondig as *Wen* (verkorting van *Van den Berg*, ens.) en sulke wanuitsprake, wat die Engelsman as 'n belediging sou beskou indien sy naam op 'n Afrikaanse lees so verknoei word! Wie weet nog waar Germiston sy naam vandaan kry, as jy let op die algemene uitspraak van vandag?

Ja, die Afrikaner wat bewus is, hang sy kultuur des te meer aan, omdat hy geen suiwer en volwaardige staatkundige

Invloed op die filosofiese grondslag van hierdie hoofstuk het gehad: H. S. S. Kuyper: *In het Land van Guido Gezelle* (Zwolle, 1913); Max Lamberty: *Philosophie der Vlaamsche Beweging* . . . (Brugge 1e dr. 1933) en *Heerschappij en Nood der Ideeën* (Brugge, 2e dr. 1938).

betekenis het nie. Sy taal is meer sy eiendom as sy vaderland. 'n Volwaardige volk het albei volledig — taal en vaderland, maar as êrens 'n volk nie albei volledig het nie, dan is die taaleenheid die belangrikste van die twee, dink ek.

HOOFSTUK II.

DIE AGTERGROND VAN DIE TAALSTRYD VOOR 1875.

Die Afrikaanse taalstryd is nie net 'n aksie vir die verwe-senliking van 'n ideaal nie, dit is ook 'n reaksie teen die heer-sende toestande, 'n protesbeweging. Om die hervorming wat die Genootskappers beoog het, goed te verstaan, moet ons ook op die agtergrond let, d.i., in hierdie geval, op die verengelsings-poginge.

Jan Anthonie van Riebeeck skryf in sy *Dagverhael*, wat hy al aan boord van die *Drommedaris* begin het, dat dit „even na zonsondergang, van de 6e April 1652 (was) dat wij nevens het jagt De Goede Hoop in de Tafel Baai voor de Versche Rivier . . . wel en salvo ten anker kwamen.”

Van die datum af het die Hollandse gedagte in Suid-Afrika begin posvat en verskeie faktore het dit versterk. Vir 'n goeie honderd en vyftig jaar was die koloniste gewoon om hulle te beskou as behorende by die Hollandse kultuureenheid, toe in 1806 die permanente inbesitname van die Kaap deur die Britte plaasvind.

Artikel 8 van die Kapitulasie van Kaapstad lui: „De burgers en ingezetenen zullen alle de regten en vrijheden, welke zij tot hiertoe genoten hebben, blijven behouden.” Dit sluit tog ook die taalregte in, maar die gesagvoerders het dit nie so verstaan nie. Gelet op die onderwysplanne, sê Theal oor die hou-ding van die owerheid: „It seemed absurd that such a small body of people (they were only a little over 30,000 in number) should be permitted to perpetuate ideas and customs that were not English in a country that had become part of the British Empire.”

Hier is dan heeltemaal 'n nuwe gedagte. Die verowerde gebied is 'n Britse wingewes en moet Brits in alles word. Die

gedagte sal van nou af voortleef tot op die huidige dag, en sal altyd in sekere kringe aangetref word. „It must not be forgotten,” sê die *Commercial Advertiser* (27 Jan. 1832), „that the Cape is a *British Colony*, — captured by British bayonets in 1806 and purchased with British gold in 1814.” „There are many things . . . which will advance the moral and social progress of the colony; but nothing will conduce more to these great ends than the substitution of the English language for the present Cape Dutch. Let then your language and your nationality go . . .” (*Cape Argus* 19 Sept. 1857; aangehaal deur Scholtz bls. 110-1).

In meerdere of mindere mate sal hierdie gedagte probeer om die Hollandse gedagte te vernietig, om, aan die negatiewe kant, die Hollandssprekende koloniste te denasionaliseer, en aan die positiewe kant, om hulle te verengels.

Die verengelsing begin van bo, by die staatsinrigtings. Waar al die staatsamptenare Engels was, het hulle net die een taal gebruik onder mekaar. Maar sodra die Hollandse bevolking met hulle in aanraking kom, kry die saak 'n ander kleur. Om die tweeslagtige toestand te probeer beëindig, bepaal die Luit.-goewerneur sir John Cradock op 19 Februarie 1813

1) dat hy dit noodsaaklik beskou vir Koloniste om Engels aan te leer, 2) dat die land eentalig moet regeer word, daar die beginsel van vertaling vreemd is aan alle doeltreffende uitvoering van landsake, en as dwangmaatreël 3) dat „he will consider himself obliged . . . in all future appointments . . . to make the possession of the English language an indispensable condition.” Dit word ook in die loop van 1813 bepaal dat alle stukke wat aan die owerheid gestuur word in Engels moet opgestel word of van 'n Engelse vertaling moet gepaard gaan, anders word dit weer aan die skrywer teruggestuur.

Baie diep gryp hierdie bepalinge nog nie in nie. Dit sal eers van ongeveer 1820 af onder lord Charles Somerset plaasvind. Nou volg die tweede set om die staatsinrigting te verengels. Na aanleiding van die aankoms van Skotse onderwysers wat die volk Engels moes kom leer, word deur Lord Charles Somerset op 5 Julie 1822 geproklameer dat Engels die uitsluitlike taal van die regbank vanaf 1 Jan. 1827 gaan wees. Hy het dit later so verander dat die taal in die Oostelike Provinsie,

waar die Setlaars in 1820 hulle gevestig het, van 28 Mei 1825 alleen Engels moet wees. Dit was 'n harde maatreël, aangesien 9/10des van die blanke bevolking met die nuwe taal van die gereg geheel-en-al onbekend was. Reeds in Jan. 1821 het ds George Thom aan lord Somerset oor die 35,000 Hollands-sprekendes geskryf: „Out of Cape Town I will venture to say that there are not more than 400 who can converse in English, and not 200 if 150 who write it, or can read it.” (Scholtz, bls. 26).

In sommige plekke het die toestand onhoudbaar geword en daar het natuurlik verset ontstaan. In Worcester byvoorbeeld kon die Rondgaande Hof nie sitting hou nie, want daar was te min Engelskundiges gewees om 'n voltallige jurie saam te stel. In Kaapstad self was ook soveel teenstand dat die inwerkingtreeding van die proklamasie vir nog 'n jaar uitgestel is. Met die Charter of Justice in 1832 word ook die hof van Landdros en Heemrade afgeskaf.

Die staatshuis is nou skoongevee van Hollands, maar die verengelsingspoging het nie hier opgehou nie. Die groot massas is nie baie sterk deur hierdie verordeninge geraak nie. Die middele om hulle te bereik is, sover dit die staat betref, die skool en die kerk.

Aan die skoolwese is van owerheidsweë voor die tyd van die Bataafse Republiek weinig aandag geskenk, sodat die onderwystoestande met die Engelse inbesitname van die Kaap veel te wense oorgelaat het. Die eerste Engelse staatshoofde het hierin die belangrikste middel gesien om in die eerste plek die opgroeiende, toekomstige burgers te verengels en in die tweede plek, om aan hulle kennis mee te deel. Majoor Collins het in 1809 bv. gesê: „Import English teachers, and the next generation will be Englishmen” (Eybers).

Cradock, wie se verordening van 1813 reeds genoem is, het baie werk van die skool as middel van anglisering, veral in Kaapstad, gemaak (Du Toit, bls. 67). Dit is eers Somerset wat dinge gaan deurdryf. Hy het ter vervanging van die ou Hollandse kosterskole, 'n stelsel van vry Engelse staatskole ontwerp, waarin Hollands nooit offisieel 'n vak of medium van onderrig sou wees nie. In 1822 word die eerste ses onderwysers „of known loyal principles”, in Engeland op versoek van

Somerset deur ds Thom aangewerk, in die belangrikste dorpe geplaas, as hoofde van die vry skole.

Lord Charles Somerset laat die welopgeleide leerkragte baie goed vir daardie tyd besoldig. Daarby is die skool vry, wat veel beteken het in die tyd toe geld skaars was en ouers nog moes betaal vir die onderrig van hulle kinders. Waar die regering nou vir alles direk betaal, gebruik hy die skool ook as middel om sy doel te bereik, en hoofoorweging word dat kinders Engels moes leer.

In die begin het die vry skole 'n mate van sukses gehad, maar die koloniste het spoedig onrustig geword oor die verwaarlosing van Hollands. Die Hollandse inwoners was nie ongeneë om hulle kinders Engels te laat leer nie, intendeel, maar hulle het ook nog ander waardes aangehang en dus ander eise gestel. Die kind moes die Bybel kan lees, 'n Psalm kan insit, die Katkisasieboek ken, om hom as beskaafde en Christen te handhaaf in hierdie uithoek. Die toppunt van noodsaaklike geleerdheid is die bekwaammaking as lid van die Hollandse kerk. Tyd kan dus nie net daaraan bestee word om die taal van die nuwe bewindhebbers aan te leer nie, met uitsluiting van Hollands, die taal van die godsdienst. Dit kom neer op 'n miskennening van wat as absoluut noodsaaklik vir die sieleheil beskou is.

So spring daar 'n gees van ontevredenheid en verset op. Op dieselfde dorp waar vry skole bestaan, groei en bloei privaat-skole met swak-opgeleide en swakker betaalde onderwysers, en waar die ouer self moet betaal, maar waar Hollands hoofmedium en Bybelkennis hoofvak is. Selfs in Kaapstad het 'n sterk-Hollandse skool soos die Zuid-Afrikaansche Athenaeum gebloei, niesteenstaande sy uitgesproke anti-Engelse houding.

'n Aangestelde kommissie het na die rede gesoek hoekom die vry skole so leeg-loop, en al wou hulle nie die grondoorsaak van die „deadlock,” soos dr E. Eybers dit teken, by sy regte naam noem nie, die uitslag is tog dat die Regering toegee. Sir George Napier stel sy „Government Memorandum” op met goedkeuring van die Britse Regering, en van nou af (1839) word daar voorsiening gemaak vir die onderrig van Hollands, al is dit dan maar net as 'n middel tot 'n doel, naamlik om uit die een taal in die ander te kan oorsit terwille van „a sound

grammatical knowledge of the English language." Punt 2 van die sillabus vir die Eerste-klas (dorp-) skole lui verder in die slot: „A grammatical knowledge of the Dutch language will be communicated to all pupils who require to join the translation classes."

Daar word 'n bietjie Hollands gegee, maar hoe baie word tog geneem! 1865 sal wys hoeveel die regering gewen het. Die plan is trouens duidelik, om die volk nie meer gewelddadig nie, maar taktvol te verengels, want dit bly hoofdoel; so staan daar in die Memorandum: „To these . . . his Excellency has to add one (advice) of paramount importance of this Colony, viz. to render its Educational Establishments effective in diffusing a correct knowledge of the English language among all ranks of the people." Op die oog het die protesterende koloniste gewen en hulle ondersteun nou die vry skole, as hulle nie al weggetrek het nie. Immers die Groot-Trek was 'n protes teen die hele politieke behandeling van die Kolonialers, maar die nuwe skoolreëling is 'n versoeningsdaad van die regering teenoor die onderdane wat agtergebly het. Hier eindig die eerste fase van die stryd (1839).

Die verengelsing het ook langs die kanaal van die kerk binnegedring. In 1822 word saam met die Skotse onderwysers ook predikante uit Caledonia ingevoer. Die Nederduits-Gereformeerde Kerk en die Skotse Presbyteriaanse Kerk is feitlik eenders in die erediens en in die Calvinistiese lewensbeskouing. So word in die loop van tyd die Murrays, MacGregors, Robertsons e.a. in die verskillende pastorieë geplaas onder die volk. Om verstaanbaar te wees, moes hulle in Nederlands preek, en vir baie was dit seker nie aangenaam om 'n werkkring met 'n vreemde taal in 'n vreemde land te vind nie. Sommige het later weer teruggekeer na Skotland.

Die predikante is toe nog deur die Goewerneur aangestel en uit die staatskas gesalarieer. Die Regering het 'n wakende oog gehou op die algemene verrigtinge van die kerk, en het toegesien dat dit nie strydig is met die politieke rigting nie. So was die Fiskaal op die heel-eerste Kaapse Sinode-sitting teenwoordig en hy kon getuig dat geen anti-Engelsheid of revolutionêre gesindhede daar geheers het nie. Tien jaar later begin die regering die skroef stywer aandraai. Die Kommissaris-

Politiek deel 'n besluit van 1834 mee, dat alle dominees wat kan, die preekdienste ook in Engels moet waarneem en vervolg dan: „ik noem dit besluit wys, omdat een zeer belangrijk oogmerk daardoor wordt bevorderd, zonder dat iemand hoe ook genaamd er eenig nadeel door lijde.” Dit is die begin van 'n nuwe verowering: Engelse preekbeurte naas die gewone Hollandse preekbeurte. Die kerk begin al meer en meer plek aan Engels inruim. 'n Groot persentasie predikante was ook bekwaam om dienste in Engels waar te neem; in 1834 was dertien van die drie-en-twintig diensdoende leraars Skotte (Scholtz, bls. 88).

Die gesamentlike uitwerking van al hierdie faktore gedurende die eerste geslag na 1806, is dat die maatskappy orals baie duidelike tekens van verengelsing wys. Voor 1820 is Kaapstad en die bewoonde gebied verderweg nog beslis net Hollands in taal en gewoontes, toe kom die Britse Setlaars, veral in die Oostelike Provinsie.

Verengelsing van die Hollandse maatskappy het in die stede begin posvat, en daar weer by die jeug. Rose sê van hierdie geslag (1829): „The older Africanders keep a sore and sullen distance, yet their sons and daughters move with the march of events,” dit is, hulle neem deel aan bals, perdewedrenne, ens., en praat 'n bietjie Engels. Dit is die gegoede en plesierminnende jeug van die stede wat die eerste toeganklik word vir Engelse invloed. Hier woon ook die kapitaalkragtiges. Die taal van die handel word in 'n klimmende mate Engels, en oorseese handelsbetrekkinge word ook meer en meer met Engeland aangegaan. In 1826 word nog 'n ander wisselstelsel deur proklamasie afgekondig, die pond, sieling en pennie vervang die riksdaler, skelling en stuiwer of oulap. Later word ook die Engelse maatstelsel amptelik afgekondig. In hierdie tyd kom die pers ook na vorentoe, en al meer Engelse blaaië en tydskrifte maak hulle verskyning. /

Maar nieteenstaande hierdie tekens het die taalpolitiek van die owerhede nog nie diep ingeslaan nie. Groom kenskets die algemene toestand in die volgende woorde: „The Cape is emphatically Dutch.” Dit kom veral daarvan dat die Hollandsprekende so-te-sê afgesonderd woon op sy plaas, en die in-

vloed van die regeringskool nog klein is, maar ook omdat die getal Engelse inwoners nog klein is.

Anglisering sal met rasse skrede van ongeveer 1850 toeneem, nie in die eerste geval omdat die Hollandssprekendes ontrou word nie, maar juis omdat die getalle van die Engelsprekendes nou so vinnig aanswel deur die toestroming van nuwe inkomelinge. Die gebied van Hollands het van 1835 af ontsaglik uitgebrei deur die vryheidstog na die Noorde. In die Suide en aan die oostelike kusstreke neem Engels ook nog toe deur die verhoogde diensbaarheid van die skool as anglisasiemiddel, deur die groter voordele wat te hale is met Engels in 'n Britse Kolonie, en ook deur dat die Afrikaner toegeefliker word nou dat die tweede geslag 'n mate van politieke seggingskap en beslissingsreg het, hulle wat onder die nuwe vlag gebore is en hulle aan 'n ander orde gewen het, hulle wat nie weggetrek het nie, maar meer vredeliewend en duldsam was, en hulle dus makliker by die heersende toestand kon aanpas.

Ons let op 'n paar verwikkelinge tydens die tweede geslag na 1806, soos ons dit in die Suide vind, waar die Afrikaanse Beweging gebore is.

In die regeringskantore bly die ou orde gehandhaaf. Toe die Kolonie 'n ander regeringsvorm kry deurdat Verteenwoordigende Bestuur in 1853 toegestaan is, is dit ook nodig beskou geword om die taalsaak duidelik te reël. Die 89ste artikel lê neer dat Engels alleen sal toegelaat word in alle besprekings en wette. Nieteenstaande die versoek van sommige lede wat net Hollandssprekende kiesers verteenwoordig en wat self beswaarlik Engels praat, is die bepaling getrou gehandhaaf. Toe hierdie reëling neergelê is, is in die Vrystaat wet nr 3 van 1854 opgestel wat net Hollands daar, waar almal die taal praat, amptelik erken. In die Suide, waar net Engels toegelaat word, is dit nog steeds die uitdrukkingsmedium van die kleine minderheid. Toe ag jaar later (1872) Verantwoordelike Bestuur aan die Kolonie gegee is, is die ou gebruik oorgeneem en so bly Hollands uit die raadsale verban.

Die gevolg was dat net persone wat Engels goed magtig was parlement-toe kon gaan, en sulke persone was skaars in die verder-afgeleë kiesafdelings. Die Boer moes baiekeer deur fortuinsoekers verteenwoordig word, hyself was in die

landsbestuurlike sake grootliks benadeel as gevolg van sy onkunde van Engels. Gevolglik stomp sy belangstelling in die politiek af. Op die nominasiedag is hy meestal afwesig, op die eleksiedag bly hy gewoonlik tuis, en in die Volksraad kom hy nie. So onverskillig het hulle soms geword dat, volgens wyle prof. J. Cachet vertel, 'n voorsteller van 'n politieke kandidaat op 'n nominasiedag in die strate van Burgersdorp moes rondloop en iemand soek om die parlementêre kandidaat te kom sekondeer! Ja, die Boer, wat aan die een kant nog ongewoond was aan die soort van seggingskap in landsake, het hom om verstaanbare redes, w.o. die taalkwessie die vernaamste is, aan die ander kant nie baie tot die politiek aangetrokke gevoel nie.

Soos by die eerste geslag, so ook by die tweede: langs dié weg alleen word die volk nie verengels nie. Die vernaamste kanaal sal nou ook weer die skool wees, want wie die kinders van vandag kan kry, het die volk van môre, en soos die opvoeding is, so sal gewoonlik die simpatieë wees.

Na die toegewinge van 1839 het die lys van name op die registers van die vry skole langer geword, en nou gaan die stelselmatige verengelsing met rasse skrede vorentoe. Dr Changuion het al gewanhoop om Nederlands in Suid-Afrika herstel te kry as spreektaal en skryftaal (1844), en tog hou die Afrikaners nog daaraan vas, hoewel hulle al lossier raak van Holland, ook in simpatieë. Daar kom stadigaan 'n ander waardestandaard. Treffend is dit om in dr Changuion se „Proeve van Kaapsch Taaleigen” as ons vroegste leenwoorde uit Engels teen te kom: partikulier; dandy; fancy-ball fair. Modesug en grootdoenery is die dodelike kwesplekke. Die skool word 'n middel om die Engelse mode te propageer, die Engelse gedagte te laat ingang vind. Nieteenstaande dr Changuion se diagnose van die ernstige toestand waarin Nederlands reeds verkeer, word daar eerder minder poginge aangewend om dit aan te leer. Trouens, in die regeringskool geskied dit net om met Engels beter vertrouwd te raak. Daarby kon baie van die ingevoerde onderwysers geen Hollands onderrig nie, al wou hulle. Die pad word so goed gebaan dat Onderwyswet nr 13 van 1865 kon bepaal dat Engels alleen as voertaal in alle eerste- en tweede-klas-skole sal gebruik word, en na nog 'n jaar ook in die derde-klas-(Platteland-)skole. So word Hollands gedurende

twee geslagte ook nagenoeg uit die regeringskole geweer. „Nie alleen in Kaapstad nie, maar deur die hele Kolonie het die onderwys in Hollands veral ná 1865 tot die absolute minimum gedaal” (Scholtz bls. 136).

Laat ons kortliks let hoe dit moontlik geword het en hoe dit toe verder gegaan het.

As die inspekteur kom dan word daar haas geen nota van die kennis van Hollands geneem nie, en dit tel nie meer vir bevordering na 'n hoër standaard nie. Dit word nie aangemoedig nie, en boonop nog agteruitgeskuif. Gevolglik moet kind en meester dit as 'n onbelangrike of onnodige vak beskou wat vir bevordering, die mikpunt van almal, nie in aanmerking kom nie en net die werkplan verswaar. Hollands word sover moontlik doodgeswyg. Hoofvakke daarteenoor is Engelse grammatika, spelling, lees, diktee, opstel, mondelinge werk; daarna volg „English History”—hoe goed kon die leerlinge die jaartalle van 1066 af resiteer met William the Conqueror as eerste sport, oor die slag van Hastings, by Hendrik die agste en sy vrouens verby tot by Napoleon via Trafalgar. Hierna kom „English Geography,” waarvan „Ware Afrikaander” ons in sy 3e brief meedeel: „Ruim twee-derden van het boekske (met die ambisieuse naam „Standard Geography”) is gewijd aan die beskrywing van ‚een klein eilandje in de Noordzee’ (Engeland), gelijk Criticus onlangs opmerkte, en heel de overige groote aarde moet met eenige weinige bladzijden tevreden zijn.” Waar die Engelse tekstiefabrieke en koolmyne was, hoe die spoorlyne loop tussen Brighton en Londen-Sentraal, waar elke kusduikie is, dit moes die tienjariges in rym of andersins memoriseer.

„Cape History” was later ook op die werkrooster geplaas, maar soos dr O’Kulis dit kenskets, dit was maar net „Britse geskiedenis in Suid-Afrika.” Hier het die Boerkinders geleer hoe ondankbaar hulle voorouers was (Slagtersnek, Groot-Trek); hoe wreedaardig (Slawekwessie), hoe hulle die Franse Hugenote ont-taal het, sonder vermelding dat hulle nooit meer as $\frac{1}{3}$ van die blanke bevolking uitgemaak het nie, dat hulle vrywillig gekom het om te kry wat hulle vaderland hulle nie eers aangebied het: die vryheid van gewete. Whiteside, Wilmot en Russell se boekies is nog steeds getuie van wat in die geskiedenis geleer is.

Die Afrikaanse kinders het skaam gevoel vir hulle voorouers, dit moes 'n genade wees om Engelse bloed in die are te hê, en 'n roemlose omstandigheid om van Hollandse ouers gebore te wees. Die nasietrots word tot 'n spotbeeld gemaak, sover dit die Afrikanerkind betref. Die volksgevoel word onheilbaar gekwes, totdat die nasionale selfrespek verdwyn. Die eie nasie het geen eintlike helde nie; die eie land is amper betekenisloos weens dié afwesigheid van nywerhede, wêreldstede, mensemassas; die verdediging niks werd sonder 'n vloot nie, en die taal, die spreektaal van die Boere is 'n dialek, 'n afgestompte, armoedige taal.

Die Taal! Hy gee al meer pad uit die skool; die Hollandse grammatika, insover die behou is, word in party skole deur middel van Engels aan Hollandssprekendes onderrig. Om te leer, moet die kind eers verlear. „Verleer,” want in so baie skole mog geen woord Hollands meer gepraat word nie—is die moedertaal van die meeste kinders 'n struikelblok in die skoollewe. Dr L. Dale verhaal hoe hy op sy eerste inspeksietog in 1859 by 'n seker staatskool gekom het en daar op 'n prominente plek 'n kennisgewing gelees het: „It is forbidden to speak Dutch.” Die inspekteurs kyk of Engels goed uitgespreek, gelees, geskryf, gespel, gepraat word. Daarom sê eers die onderwysers, en toe die verantwoordelike ouers: „Leer Engels, Hollands kom vanself.” F. H. Ely, oud-inspekteur van skole, verwys na die uitspraak van die „Dutch Minister,” „Let them (die kinders) learn English, *the Dutch is in them*” (Scholtz, bls. 188). Hulle vergeet dat Hollands ook vanself kan verdwyn, sonder versorging. So was die uitdrukkingsvaardigheid in die moedertaal van die meeste kinders swak. Afrikaners getuig dat hulle hul beter in 'n taal uitdruk wat vir hulle van-huis-uit vreemd is, of selfs, dat hulle bv. nie rekene in die moedertaal kan doen nie.

Maar ook buitekant die skoolmure is oorlog gevoer — teen Hollands. Op die speelgronde moet kinders van Boereouers mekaar net in Engels aanspreek as hulle straf wil vryspring. In party skole is gebruik gemaak van 'n sleutel, 'n blokkie, of 'n plank in die konvensionele vorm van 'n hart gesny, en waarop iets geskryf was soos: „I am a donkey.” Hierdie „Dutch-Mark” word om die nek gehang van wie Hollands praat, en die

een wat dit het as die skool sluit moet honderde strafreëls uitskryf soos: „I must not speak Dutch and ought to know it by now.” Party het oulike maniere gehad om twee of drie reëls te-gelyk te skryf. Die wat nie kon Engels praat nie, moes maar probeer, en vandaar sulke wangedrogtelike uitdrukkinge, wat nogal grappig is waar dit uit erns gebore is, soos: „I is pepnet, miss, can I go house to?” — „My griffie is stump.”

Die gevolg het nie uitgebly nie. Kinders word eers skaam om Afrikaners te wees, en wens dan om Engelsing te word. Orals doen allerlei tekens hulle voor van hierdie gebrokenheid. Name word verengels, veral by die dogters, en Polly, Joey, Fanny, Lizzy, Baby, Girlie, Kitty, Dolly, ens. is aan die orde van die dag. Sodra die persone groot is, gaan hulle maar steeds die rigting op, plaasname word in Engels verdoop, huise in die trant vernoem, katte, honde en paaidiere met Engelse name aangespreek, ook die perde, ens.; dis omtrent net by die Boer se heel-allenigste besit, by sy osse, waar die mode nie ingedring het nie.

Soos by die naamgewing, so by die taal self. Deur onkunde word die Engelse benaming van 'n begrip in 'n gewone Hollandse sin gebesig, naas 'n groep modewoorde wat 'n nuwe gevoelswaarde bevat, en van woorde gaan dit na idiomatiese uitdrukkinge en idioome, totdat die taal van die stedelike toonaangewende kringe 'n gebrou word, 'n mengelmoes, waarvan die taalgevoeliges moes gril. Die tydskrif- en roman-lektuur is deur aangeleerde smaak net Engels, en die briewetaal tussen Hollandssprekende kind en kind, kind en ouer word so teen 1875 in 'n groeiende mate Engels, terwyl die handel hierdie reëling al vergoed aanvaar het.

Vir die tyd dan is die weg na 'n staatspos, na 'n suksesvolle beroep op 'n dorp of in die stad, Engels en vir die gewone man was die maatstaf van geleerdheid die graad kennis van en vloeiendheid in hierdie taal. Mooi word die hele houding geskets in *Catharina, die Dogter van die Advokaat* (1879) deur C. P. Hoogenhout.

In dieselfde rigting van verengelsing het die kerk ook beweeg. Dit het begin met die invoering van Skotse predikante om tot 'n mate te voorsien in die behoefte aan geestelike leiers. Ook hulle moes van „known loyal principles” wees. Hoewel

hierdie predikante, net sods baie wat van Afrikaanse ouers gebore is, in staatkundige sake altyd die kant van die Engelse regering gekies het, het hulle meestal die taalbelange van die gemeentes nie opsetlik benadeel nie, en dit dikwels bevorder.

Die regering, wat toe nog die salaris van die predikante vasgestel en betaal het, het altyd 'n oog op hulle gehou terwille van sy algemene beleid van geleidelike verengelsing van die land. So het sir George Napier op 23 April 1839 'n staatsverordening afgekondig wat drie punte behels het, nl. (1) Dat gebore Suid-Afrikaners nie meer noodwendig die voorkeur sal geniet by aanstelling van predikante vir die Hollandse Kerk nie; (2) Dat 'n onmisbare vereiste die kennis van Engels en die bekwaamheid om daarin te kan preek, sal wees, en (3) dat toekomstige predikante vir die Ned. Geref. Kerk voortaan ook op die Britse Eiland 'n deel van hulle opvoeding behoort te geniet en nie net in Holland nie.

Dit alles het daartoe gelei dat Engelse dienste van 1865 in die moederkerk, Kaapstad, en later in sommige ander Hollandse kerke vir Hollandssprekendes deur hulle eie predikante gehou is, dat die liederbundels van Moody, Sankey, en Bateman baie gevalle (bv. in Sondagskole) Hollandse liederbundels, soos die Psalmboek, die Kinderharp, e.m. vervang het, dat lidmate in Engels voorgestel is, ens. Sulke Engelse (aand)dienste is nog daardeur geregverdig dat dit so in die smaak van die jong mense val, wat nie van die stywe kansel-Hollands hou nie, maar van die suiwer, welluidende Engels.

Die kerk het verder gegaan. Kerkskole is op Amerikaanse model gestig, waar huishoudkunde as vak geleer word, waar dus op die oog praktiese opleiding van deugdelike in 'n christelike atmosfeer voorgeneem word. Predikante moedig ouers aan om nou hulle dogters na die Seminaries en Kosskole te stuur. Maar hier is die gees net so on-nasionaal vir 'n Afrikanerkind as in die staatskole. Die dogters word op die manier gevang, maar keer daarvandaan terug, baiekeer te geleerd vir hulle omgewing, te vernaam vir Boere-minnaars, te hoog vir die plaaslewe, en vervreemd van hulle volk. Dit is hierdie tipe wat die Genootskappers so venynig in vers en verhaal bespot het.

Die gesamentlike uitwerking van al hierdie en ander faktore was dat die Afrikaner sy eie geestesgoedere, sy volk, sy

taal, sy land, geringgeskat of verag het. „Dutch” het 'n onaangename bybetekenis gekry van minderwaardig, ongeleerd, plat. Dit het die Wenderbaails en Wendermurwies van daardie tyd voortgebring.

In hierdie en sulke omstandighede is die verklaring hoofsaaklik te soek van 'n kompleks wat vandag nog by baie aanwesig is — die minderwaardigheidsgevoel van die Afrikaner, of wat dr W. J. Viljoen noem, sy oorbeleefdheid; dr D. F. Malan, sy gebrek aan nasionale selfrespek; prof. Moorrees, sy ingebore beskroomdheid; prof. Botha, sy gesindheid om net 50% van sy volle regte op te eis; dr Schoonees, sy lamlendigheid; mevr. Lyon, sy beskeidenheidskompleks, ens. Al het die leiers van die Afrikaanse Beweging dit nie reguit gesê nie, dan het hulle dit gevoel. Herhaaldelik trek hulle te velde teen taalverontagsaming of taalverbastering, en probeer daarteenoor taaltrots by die Afrikaner aan te kweek, en so ook volkstrots, 'n sterk nasiebewussyn. „Jan wat Versies Maak” (C. P. Hoogenhout) rym na aanleiding van die toestand o.m. as volg (*Vooruitgang*):—

„Engels! Engels! Alles Engels!
Engels wat jy sien en hoor
In ons skole, in ons kerke
word ons moedertaal vermoor.
Ag, hoe word ons volk verbaster,
daartoe werk ons leeraars saam,
Hollands nog in sekere skole,
is bedrog, 'n blote naam!
Wie hom nie laat anglisere,
word geskolde en gesmaad.
Tot in Frystaat en Transfaal al,
overal dieselfde kwaad.
,Dis *fooruitgang!*' roep die skreeuwers,
,dis beskawing wat nou kom!'
Di wat dit nie wil gelowe,
di is *ouderwets en dom . . .*”

Tog het die Hollandse element van die Kolonie sy identiteit bly bewaar. Dit is hoofsaaklik daaraan te wyte dat die skoolinvloed hom nog nie veel verder as die stede en dorpe

skerp kon laat geld nie — dit sal nog kom; dat die Hollandse deel van die blanke bevolking half afgesonderd op die plase woon en die Engelse invloed hom veral in die digbevolkte dele, waar handel, sport, skool en nuusblaai is, laat geld, en eindelik deurdat die Boer nog aan sy Hollandse Bybel hou en dit ook as 'n leer- en leesboek eer. Tot hierdie mense rig die Genootskappers hulle boodskap, en by die meer doelbewuste nasiegenote sal hulle beroep weerklank vind. Immers, nog nie almal het die knie voor Baäl gebuig nie, ook nie in die skoollewe nie. Daar is 'n menigte privaatskole, waar Hollands die medium van onderrig is, waar selfs geen woord Engels geleer word nie, al kan sulke leerlinge dit in daardie dae nie ver bring nie, want in die hoëre skole was Engels alleenheersend; in 1873 is dit ook tot die enigste taal van die ou Kaapse Universiteit aangenem.

Ons kan die algemene toestand bepeil uit die omstandigheid, dat by geleentheid van die Sinodesitting van die Kaapse Ned.-Geref. Kerk, die liggaam wat Hollands in hoofsaak hoog gehou het, 22 predikante en ouderlinge hulle stem gebruik het teen 'n voorstel om Hollands saam met Engels in die Parlement gelyke regte te laat geniet; maar dan het die groot meerderheid hul tog ten gunste daarvan verklaar.

Hollands het orals die wyk moes neem; dit is of word orals verdring, maar tog troon dit nog in die hart van die egte Hollandssprekende Afrikaner — ook van die derde geslag na die finale Engelse inbesitname van die Kaap.

Gebruik is gemaak van *Eerste Skrywers. Laaste Stem uit die Genootskap van Regte Afrikaners* (1918) deur G. R. von Wielligh; en ook van die tweede druk hiervan (1922); voordragte in *Studente-Taalfees* (1911); 'n reeks artikels oor *Ons Taalstryd* in *Ons Vaderland* (1929) deur G. S. Nienaber. Die onderwysgeskiedenis is behandel in *Education in South Africa* (1652-1922) van E. G. Malherbe, verskyn in 1925; *Hoofstukke uit die Geskiedenis van Opvoeding en Onderwys in Suid-Afrika* deur E. Eybers (verskyn in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* Jg. III 4—Jg. V 3) en in *Onderwys in Kaapland 1652-1939* (1940), deur P. S. du Toit, en aangehaal as Du Toit. Veel gebruik is gemaak van *Die Afrikaner en Sy Taal 1806-1875* (1939) deur J. du P. Scholtz, aangehaal as Scholtz. 'n Nuttige boekie vir die algemene gees van die onderwys in die ou dae is *Die Eselskakebeen* (1909) deur dr O'Kulis. Daar is ook verwys na Rose en Groom; bedoel was *Four Years in Southern Africa* (1829) deur C. Rose, en *Drama in Cape Town*, artikel van Groom in *Cape Illustrated Magazine*, Sept. 1899, aangehaal deur F. C. L. Bosman in *Drama en Toneel in Suid-Afrika*, deel I (1928). Verder nog: *Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika* (1937) deur dr A. J. D. de Villiers.

HOOFSTUK III.

VOORBEREIDENDE WERK VIR DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS.

Die sketsing van die kultuurhistoriese agtergrond het aan die lig gebring dat daar 'n stelselmatige en skerp angliseringsaksie aan die gang was; dat baie Afrikaners nie daarmee gediend was nie en in die stilte uitgesien het na 'n reaksie.

Die Afrikaners het hulle nasionale identiteit bewaar, veral as die gevolg van vier omstandighede:

(1) Die konserwatiewe neiging wat 'n kenmerk van alle boerende klasse orals in die wêreld is, temeer nog in lande waar die lewenstempo langsaam beweeg en bevorderlik is vir die behoud van die patriargale karakter. Dit sal ook die grootste moeilikheid wees waarmee die voorstanders van die Afrikaanse beweging sal te kamp hê.

(2) Die betreklike afsondering van die uitstralingsentrums van die Engelse beskawing op hierdie afgeleë dorpe en plase weg van die groot en woelige besigheidsplekke en die belangrike skole, en ander inrigtinge in 'n tyd van swak verkeersmiddele.

(3) Die homogeen-Hollandse karakter van die grootste gedeelte van die land wat deur blankes bewoon is, sodat Engels as onderlinge verkeerstaal geen waarde gehad het nie.

(4) Die Boer se godsdiensin. Die Afrikaner se godsdiens was geen lippetaal nie, dit was 'n onontbeerlike deel van sy lewensopvatting om te dink aan sy sieleheil, aan die ewige lewe hiernamaals. Veral terwille van die eis dat die kinders tenminste hulle Hollandse Bybels moet kan lees, is onvoorwaardelik aangedring op voldoende onderwys in Hollands met

die oog hierop; die feit het die verengelsingspoginge grootliks teengewerk. Wie sy Bybel kan lees, so was die algemene gevoel, staan op die trap van beskawing bo die van die inboorling, die slaaf of kleurling.

Nou word die nasionale gevoel van die Afrikaners in die Kolonie aangewakker deur die manier waarop die twee Boere-republieke deur Engeland bejeën word. Politieke gebeurtenisse, soos bv. deur die Hollandse koerante gegee, maak die Afrikaner baie langzaam maar seker bewus van sy eie nasieskap, en andersyds, van die gevare wat sy nasieskap bedreig. Die korrespondensiekolomme van *De Zuid-Afrikaan* en *Het Volksblad* bring herhaaldelik die bewyse van 'n nasionale ontwaking omstreeks die begin van die sewentigerjare.

Waar nou veral behoefte aan bestaan, is leiers, intellektueles, om voorligting te gee en die weg te wys. As die beweging eers koers kry, sal dit aanvanklik die karakter van 'n taalbeweging aanneem, maar dan net vir 'n kort tydjie, om te verbreed tot 'n nasionale beweging. Dr Lydia van Niekerk het dit baie duidelik gesien toe sy as een van haar stelling by geleentheid van haar promosie (1916) verdedig het: „De Eerste Afrikaanse Taalbeweging was in zijn wezen een uiting van die nationale ontwaking in de Kaapkolonie.”

Die Afrikaanse beweging kom voort uit 'n Hollandse omgewing.

In die Pêrel was daar van 1833 tot aan sy dood in November 1869 as predikant werksaam ds G. W. A. van der Lingen, 'n sterk karakter, 'n groot geleerde, en 'n oortuigde en ywerige Calvinis. Hy het 'n deurdrywingsywer gehad wat vir niks stuit nie. Laat ons hom uit een tekenende geval leer ken. 'n Privaat maatskappy wat die treinverkeer tussen Kaapstad en Pêrel in die hande gehad het, het besluit om ook 'n treindiens op Sondag in te stel. Hierdie reëling het vir die dominee en enige Pêrelliete nie aangestaan nie, en hulle het die Paarlse-Omnibusmaatschappij in die lewe geroep om die Sondagtreine in die wiele te ry en te laat ophou. Art. 27 van hulle reëls bepaal dan ook dat die Maatskappy sal voortbestaan totdat die Sondagtreine nie meer loop nie. Hulle het Sondag vir Sondag passasiers goedkoper en gouer vervoer, totdat hulle die ondersteuning van

die hele publiek gehad het en die treindiens uit gebrek aan ondersteuning sondae gestaak moes word.*)

Ds Van der Lingen het nie net 'n Calvinistiese atmosfeer om hom geskep nie, maar ook 'n Hollandse gees aangewakker waar hy kon, soos deur middel van onderwys. Op sy aandrang en deur sy ywer is die Pêrelse Gimnasium in 1859 op Hollandse model gestig; die voorbeeld is deur Stellenbosch in 1864 nagevolg met die stigting van die Gimnasium daar.

Aan hierdie Pêrelse Hollandse skool het Pannevis gearbei.

Arnoldus Pannevis is in 1838 in Ouderkerk, Holland, gebore. Weens swak gesondheid het hy in 1861 eervolle ontslag gekry van sy pligte as skeepsdokter en het hom gaan toelê op die studie van Lettere. Hy was deeglik onderrig in die klassieke tale en het kennis gehad van verskeie Europese tale. Op 11 Julie 1866 het hy in Kaapstad geland. In 'n losieshuis aan die strand het hy vir die eerste keer Afrikaans gehoor, 'n soort Nederlands wat nie meer suiwer is nie, maar wat tog vloeiend klink.

Hiervandaan is hy na die Pêrel. Die groot boekery van ds Van der Lingen het hy in orde gebring. Verder was hy as leraar in die Klassieke Tale aan die Gimnasium werksaam, waar die latere ds S. J. du Toit een van sy leerlinge was. Op hom het hy in baie opsigte groot invloed uitgeoefen en o.m. sy oë geopen vir die bruikbaarheid en bestaansregverdiging van Afrikaans — wat toe nog oor die algemeen Kaaps-Hollands of Kaaps of Plat-Hollands genoem is, in teenstelling met Hollands of Hoog-Hollands (Nederlands). Maar hy sal nog 'n stap verder gaan, want sy gesonde taalkundige insigte het hom gevrywaar van baie growwe wanbeskouings oor ons taal. Hy het Afrikaans bekleed met die volle waardigheid van 'n selfstandige taal, wat onder besondere omstandighede uit die oorspronklike vorm ontwikkel het. Pannevis het selfs sy beskouing oor die ontwikkelingsgang in breë trekke uitgewerk, en hierin vind ons 'n aanpassingsteorie, wat van voldoende betekenis is om in taalkundige werke vermelding te verdien.

* Die oorspronklike ooreenkoms, op perkamentagtige wit papier, 15' x 2', is in die kerkkantoor op Bloemfontein gevind. Vgl. *Die Burger*, 3/x/28.

So oortuig was Pannevis in sy opvattinge oor die bestaansreg van Afrikaans, dat hy in private gesprekke en ook in sy klasse hierdie opinies gelug en baie persone oortuig het, en in sy beskouinge gaandeweg meer helderheid verkry het. In *Afrikaans ons Volkstaal* beskou ds Du Toit sy leermeester as waarskynlik die grootste taalkundige wat Suid-Afrika gehad het.

Pannevis was nie net gangmaker vir nuwe en juister opvattinge oor Afrikaans as taal nie, hy het ook gegloei van liefde vir sy God en die Bybelwoord. Dit was vir hom altyd 'n rede van besorgheid dat Nederlands as Bybeltaal tog nie vir almal, en by name die Kleurling, in al sy fyner betekenis verstaanbaar is nie, en die Bybel moet tog beskaaf. Hy is eg Protestants, en wil hê dat elkeen die Woord van God so goed as moontlik moet kan begryp.

Hy het reeds genoeg oor die saak gepraat met die lede van sy onmiddellike vriendekring. Nou gryp hy na die pen en op 7 September 1872 rig hy onder die skuilnaam „Een Vriend van het Nuttige” 'n brief aan die meesgelese Hollandse koerant van die tyd, *De Zuid-Afrikaan*, oor *De Bijbel in het Afrikaans*, waarin hy vir 'n oorsetting in die taalvorm pleit, sonder om daarin propaganda vir Afrikaans as sodanig te maak. Hy word hierin hoofsaaklik beweeg deur sy besorgheid vir „het geestelijk heil van de gekleurde bevolking van dit land.”

Die brief het vir drie maande 'n byna onafgebroke geskryf oor die Bybeloorssetting vir die kleurlingbevolking uitgelok, sowel as oor die taalvorm, en toe was dit vir vyf maande lank stil. Vir Pannevis was dit 'n baie ernstige en betekenisvolle saak; hy was dan ook van oordeel dat hierdie dag van 7 September 1872, waarop die saak vir die eerste keer in die openbare pers bepleit is, in die oog van die „Wereldhistorie,” soos hy sê, as die begin van die taalbeweging aangeteken sal staan, soseer het hy die Bybelvertaling vir kleurlinge en die verheffing van Afrikaans tot skryftaal vir die blankes as een en dieselfde strewesien.

Maar afgesien van hierdie gedagtewisseling in die koerant, waarvan Pannevis vir die teenswoordige verder geen bedrywige aandeel neem nie, staan die saak stil. In die privaat werf Pannevis natuurlik nog steeds rekrute. Vir C. P. Hoogenhout

was hy die „dierbaarste vriend en broeder” gewees, en ook in die privaat vir 'n hele ruk sy onderwyser. Toe Hoogenhout hom eendag meedeel dat hy graag iets in „Kaaps” wil skrywe, maar dan van beter gehalte as die gewone soutelose stukke wat in die koerante verskyn, moedig Pannevis hom sterk aan en sê „Perbeer!” Matteüs 28 is toe vertaal en na *De Kerkbode* (gestig in 1849) gestuur, wat dit seker 'n plek in die snippermandjie gegee het. Is dit die eerste proewe van 'n Afrikaanse vertaling van 'n stuk uit die Bybel? Daar is al vantevore 'n Afrikaanse preek geskrywe. So „ontdek” Pannevis die later lede van die Genootskap van Regte Afrikaners aan hulself.

Casper Pieter Hoogenhout is op 11 Maart 1843 in Amsterdam gebore. Op dertienjarige leeftyd het hy sy moeder verloor, en omdat hy later nie met sy stiefmoeder kon akkordeer nie, het hy as sewentienjarige van sy ouerhuis na Suid-Afrika gevlug. Vir 'n ruk was hy 'n klerk op die kantoor van die Nederlandse Konsul in Kaapstad. Hy het toe vir Pannevis leer ken, en met sy hulp sy studies voortgesit en voltooi en hom daarna as onderwyser op Groenberg, net buitekant Wellington, gevestig, waar hy vir 'n 40 jaar gewerk het, tot hy in 1908 met pensioen afgetree het. Hy is op 13 Januarie 1922 oorlede.

Dit is waarskynlik hierdie vriend van A. Pannevis wat opnuut 'n geskryf oor die saak laat ontstaan met twee naamlose stukke in *De Zuid-Afrikaan* van 12 April en 5 Julie 1873 oor *Die Bijbel in die Afrikaans*. In die eerste heet o.a. „. . . . Daar mot in hulle (die bruinmense se) eige taal geskrywe en ver hulle gepreek wort, 1 Cor. 14, en nie alleen ver die bruinmense nie, maar ook ver banja blanke . . .” Verwysende na die sukses van Meurant se *Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar* (1860-1861) sê hy in die tweede artikel: „Ik haal dit maar aan om te laat sien hoe nodig Afrikaanse skrywers is Waarom sal daar dan nie wat goeds in die taal kan geskrywe wort nie?”

Hier is iets nuuts: 'n geloof in die toekoms omdat groot dinge moontlik moet word. Daar word nie net vir 'n Afrikaanse Bybel gepleit om deur blankes self gebruik te word nie, maar ook vir 'n Afrikaanse letterkunde met 'n edel karakter.

Besiel met liefde vir die Afrikanernasie en hulle taal, het Hoogenhout in die jaar 1873 bly voortwerk. Hy probeer die

oë van die volk oopmaak en wys hulle in hulle eie taal op verkeerde dinge in onderwys en politiek in sy vlot-geskrewe *Gesprekke tusse Oom Jan Vasvat en Neef Daantje Loslaat*. Die eerste verskyn in *De Zuid-Afrikaan* van 26 Julie 1873 onder die skuilnaam Klaas Waarsegger Jr., oor *Hollandsch, Engelsch, Afrikaansch*. Die skuilnaam en die gesprekvorm, sowel as die tiperende name van die twee geselsers, verrai dat hy die dialoog van Meurant in gedagte moes gehad het. In die eerste gesprek profeteer Oom Jan: „Ou neef, ons taal sal nog regkom, wag maar. Onse liewe Heer sal dit nie gedoë nie, dat ons taal langer sal vertrap wort nie. Di taal zal nog beskaaf wort en in oefening kom, jij mot kijk, hoor Danie!” Dieselfde toekomsgeloof sien ons hier weer.

Die naam van Meurant is genoem. Hoogenhout erken self onomwonde dat Meurant se stukke „aantreklik” was, maar dat die spoorslag om te skrywe van Pannevis gekom het en dit wil ook lyk of hy die „goeie vriend” is wat hom aangespoor het om sy werkies te skryf, bekend as: „*Die Geskiedenis van Josef voor Afrikaanse Kinders en Huissouwens in hulle eige Taal geskrijwe deur een vrind*, 1 Cor. xiv: 6. (1873).

Hier noem Hoogenhout homself net 'n „Vrind”; dit is juis so kenmerkend dat die eerste strydere nie na eie eer gesoek het nie, maar net die saak wat hulle voorstaan wou dien.

Ons staan hier by 'n belangrike feit. *Die Geskiedenis van Josef* is die tweede prosawerkie wat in Afrikaans verskyn het; die eerste is Meurant se reeds gemelde *Zamespraak*, maar dit is nie in deftige „Dopper-Hollands” of Afrikaans gestel uit liefde vir ons taal nie, maar om daardeur die „Doppers” makliker aan die politieke belange van die afskeidingsgesindes op te offer. *Die Geskiedenis van Josef* intendeel is geskryf uit liefde vir die kinders van ons volk om 'n pakkende episode uit die Bybel aan hulle te bring in hulle eie taal. In die gesindheid van volksdiens het dit ontstaan as ons heel-eerste pennevrug in prosa. ✓

Al hierdie gebeurtenisse maak die jaar 1873 baie belangrik in die geskiedenis van die taalbeweging; miskien op grond van al die feite gee die *Afrikaanse Almanak ver 1882* die jaar 1873 aan as die begin van die taalbeweging. Dat ons by C. P. Hoogenhout dieselfde gesindheid het waardeur die strewende van

die Genootskap gekenmerk word, is ontwyfelbaar waar, en in die sin is die beweging in 1873 daadwerklik aan die gang.

Gedurende die tweede helfte van 1874 sal die tempo aanmerklik versnel deur die toetrede van die sewen-en-twintig-jarige dominee S. J. du Toit (geb. op 9 Oktober 1847 in Dal Josaphat), wat eers studeer het aan die Paarlse Gimnasium en toe vir predikant op Stellenbosch. Dr Scholtz sê van hom: „Met hom is 'n nuwe soort Afrikaner gebore; hy was die eerste Afrikaanse nasionalis in die eintlike betekenis van die woord, en hy het die leier geword van die eerste Afrikaanse nasionalistiese beweging.” (bls. 239).

Onder die skuilnaam „Een Ware Afrikaander” verskyn daar in *De Zuid-Afrikaan* van 8, 11 en 22 Julie 1874 'n drietal stukke van hom oor „De Afrikaansche Taal.”

In sy eerste artikel, na aanleiding van Esther 1:22 geskrywe, verduidelik hy die begrip „moedertaal,” wat deur die gebruik en deur kinderlike dankbaarheid geheilig is aan elkeen, en beweer dat dit verkeerd is om 'n volk van sy taal te ontroof, want dit is in stryd met die reg van die volkere en met Gods Woord. Sy tweede brief dra as teks 1 Kor. 14:19 en handel oor die lis waarmee die Afrikaner van sy taal beroof is, eerstens deur vir hom wys te maak dat Afrikaans geen taal is nie, en vervolgens deur vir hom aan te raai om Nederlands te leer en Afrikaans as 'n dialek te verag. In sy derde brief, wat aansluiting soek by Jes. 33:19, bewys hy hoe dit met Hollands gesteld is in die Parlement, Geregshof, Skool en Kerk en hy roep die Afrikaners toe: „Merkt gij het nog niet waar het henen wil? 't Is tijd dat gij ontwaakt! Weldra is het te laat!”

Ook hierdie geesdriftige stukke sal vir die derde keer 'n geskryf uitlok. Eers was dit A. Pannevis, in 1872, toe C. P. Hoogenhout in 1873 en nou S. J. du Toit in 1874. Hier het ons terselfdertyd drie van die belangrikste gangmakers van die nuwe beweging. Wat al nodiger word, is samewerking.

Een van die belangstellende lesers van S. J. du Toit se bydraes is C. P. Hoogenhout. Onder sy ou skuilnaam Klaas Waarzegger Jr. tree hy in die korrespondensiekolomme van *De Zuid-Afrikaan* in verbinding met Ware Afrikaander. Die uitslag van hulle geskryf was dat hulle mekaar se name leer ken, deurdadig hulle aan die redakteur van *De Zuid-Afrikaan* die

verlof vergun het om aan die een te sê wie die ander is. Klaas Waarzegger wys op 24 Oktober 1874 op die behoefte aan „een taalkunde” en „vaste regels hoe een mens mot spel.” Net soos hy sê op 25 November ook Ware Afrikaander: „Dit wort hoog tijd dat ons nou ma'ka'er leer ken en begin same te werk ver ons taal.”

Een van die vrugte van hierdie samewerking is die opstelling van die spellose: „Ons skryf soos ons praat” deur ds S. J. du Toit in sy brief wat 25 Nov. 1874 verskyn het; in ooreenstemming daarmee gee hy ook enige spelreëls vir Afrikaans aan die hand, soos s vir die Nederlandse z, sk vir sch, é in gegé, e.d., ê in pêrd, sê, hê, lê, e.d., 'n ' waar 'n medeklinker in die ooreenstemmende Nederlandse vorm behou word, bv. o'er. Hier het ons ook die begin van 'n Afrikaanse grammatika en van 'n nuwe skryftradisie. Maar hier word ook vir die eerste keer terwille van die Afrikaanse taalsaak saamgewerk, 'n bondgenootskap tussen twee taalvoorstanders gesluit — die begin van 'n behoefte wat sy gedeeltelike bevrediging vind in die stigting van die G.R.A.

'n Ander persoon wat op Een Ware Afrikaander se brieue gereageer het, is O, waarskynlik Pannevis. Op 4 November skryf hy o.m. „Wat ons noodig het is: Uw genootskap foor die befordering fan die Afferkaanse taal”; verder twee belangrike gidswerke, t.w. *Eerste Beginsels fan die Afferkaanse spraak-kennis* en *Een Afferkaans woordeboek*.

Die driemanskap wil naaſtenby dieselfde doel bereik met naasteby dieselfde middele. Uiteindelik sien hulle duidelik watter koers ingeslaan moet word, in watter rigting voorligting en leiding die noodsaaklikste is. Tog is daar ook groot verskil tussen Pannevis en die ander. Hy wil meer as iets anders die Bybel in Afrikaans vertaal hê.

Dit wil voorkom dat hy hierdie gedagte weer met sy vriend C. P. Hoogenhout bespreek het, en met sy medewerking 'n brief aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap (B.B.B.G.) opgestel. Sy artikel het in *De Zuid-Afrikaan* van 4 November verskyn, sy brief aan die B.B.B.G. is gedateer 7 November 1874.

Hierin noem hy Afrikaans „'n soort van verbasterde Nederlands,” en vra dat die Bybel vir die een miljoen (of een en 'n

half miljoen) wat nie Nederlands of Engels verstaan nie, in hulle taalvorm moet oorgesit word totdat hulle almal miskien eendag Engels ken. Vir die vertaalwerk beveel hy aan sy vroeëre leerling, ds S. J. du Toit, toe werksaam in die gemeente van Kruisvallei, Tulbagh, maar sonder dat hy ds Du Toit geraadpleeg het.

Pannevis het hier nie met takt opgetree nie. Dit is duidelik dat hy die werk nie so'n tydelike aard moes gee het deur dit voor te stel asof Engels „moontlik” later alleen in ons land gaan regeer nie, en verder moes hy nie van Afrikaans so sonder geesdrif gepraat het as 'n „brabbeltaal,” „sowat tussen Nederlands en Engels,” wat die B.B.B.G. tog nie geneë mag wees om te bestendig nie—veral aangesien totale verengelsing in die vooruitsig gestel word. Aan die anderkant moet onthou word dat Pannevis die oog hoofsaaklik nog net op die Afrikaanssprekende Kleurlingbevolking het, vir wie die behoefte aan die Bybel in eenvoudige taal baie groot was.

Die brief van Pannevis is deur die B.B.B.G. na hulle plaaslike verteenwoordiger, ds Morgan, die Skotse predikant van Kaapstad, verwys (7 Jan. 1875) om ondersoek in te stel na die wenslikheid en uitvoerbaarheid van so'n vertaling. Terwyl hy hiermee besig is, gaan die ander yweraars voort met werk, wat hulle al meer en meer vasgryp. Teenstanders word nog steeds oortuig, soos mnr. J. W. v. d. Rijst (oom Willem), wat, toe hy hom eindelik laat oorhaal het om die deugdelikheid van Afrikaans te erken, dadelik begin het om 'n Afrikaanse Spraakkuns op te stel. 'n Hele paar persone werk van die begin van 1875 mee in die plan van ds Du Toit, en stel *Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk* op. (Die sal in 1876 verskyn as die tweede publikasie van die Genootskap). Intussen het Pannevis die besieling gevoel om 'n Afrikaanse Volkslied te dig, 'n taak wat hy in medewerking met sy vriend Hoogenhout onderneem het. Oom Lokomotief het dit toe verafrikaans, waarna dit aan laasgenoemde se jonger broer, ds Du Toit, gestuur is om die nodige veranderinge aan te bring. Hy het 'n reël verander, 'n versie bygevoeg en die taal hier en daar reggeskaaf. So het ons die lied (die eerste toonsetting is die van die Pêrelse musiekmeester J. S. de Villiers) gekry:—

'n Ieder nasie het syn LAND,
Ons woon op Afrikaanse strand,
Ver ons is daar geen beter grond
Op al die wye wereldrond.
Trots is ons om die naam te dra
Van kinders van Suid Afrika.

'n Ieder nasie het syn TAAL,
Ons praat van Kaap tot in Transvaal,
Wat almal maklik kan verstaan,
Wat gaat die ander tale ons aan?
Ons praat so's Pa en Oupapa
Die Landstaal van Suid Afrika, ens.

Treffend is hier in die twee eerste verse die aanslag met die eie vaderland, gevolg deur die tweede vername besitting, die eie moedertaal. Dit is een van die tekene wat dr Brill besiel het met hoop toe hy omstreeks dieselfde tyd (Mei 1875) sy beroemde Bloemfonteinse voorlesing gehou het oor „De Landstaal.” Hy merk orals die voortekens van 'n nasionale ontwaking, van 'n hoogskatting van die eie geestesgoedere; hy verstaan dan onder „landstaal” die „onoffisiele taal”, naamlik Afrikaans, 'n taalvorm wat in die oog van die wetenskap nie veragtelik is nie, en hy beweer ook dat verval van vorme in vergelyking met Nederlands groei en ontwikkeling aantoon. Waar so'n uitspraak, met die opwekking om die nasionale groei aan te help, van so'n waardige wetenskaplike kom, daar moes dit baie liefhebbers van Afrikaans gerugsteun het.

Kort hierna was die predikante van die Kaapse Hollandse Kerk in konferensie byeen op Wellington (Julie 1875) en toe het ds Morgan sy opdrag probeer uitvoer deur die saak van 'n Afrikaanse Bybelvertaling soos voorgestel deur Pannevis na die predikante te verwys vir raadgewing, maar hulle het, nie-teenstaande die warm voorspraak van manne soos prof. J. Murray en eerw. Dempers, die gedagte ten stelligste afgekeur.

Al die tyd werk die paar oortuigde voorstanders hard aan die geskiedenisboek, die grammatika en die Volkslied, en hou die vuur brandende. Wat die saak 'n geweldige groot stoot vorentoe gegee het, was die feit dat ds Du Toit die beroep na

die pasgestigte gemeente Noorder Paarl aangeneem het en van Augustus 1875 hier as predikant werksaam was. Nou was 'n klompie van die vurigste voorstanders naby genoeg om maklik bymekaar te kan kom en oorleg te pleeg.

Na aanleiding van die brief van Pannevis, en die behandeling daarvan in die konferensie, na aanleiding ook van ander faktore soos die goeie reg van die saak, die stadig-groeiende getal eendersdenkendes, maar hoofsaaklik en direk weens 'n gesprek van ds Morgan met ds Du Toit in die Pêrel net na die konferensie, is daar vir die 14e Augustus 1875 'n „voorlopige vergadering van Afrikaanders” byeengeroep, en hier is toe gestig die Genootskap van Regte Afrikaners (G.R.A.).

Pannevis se brief is dan indirek die oorsaak van die stigting van hierdie genootskap. Wat die onmiddellike oorsaak was, is nie baie duidelik af te lei uit die „publieke en private bronne” wat ds Du Toit vir ons gee in sy *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging* (1880) nie. Hier is ook 'n onduidelikheid, te oordele na die datums van die briewe, die samehang wat ds Du Toit gee en die stigtingsdatum van die G.R.A. Dit wil ons voorkom asof ds Du Toit bywyle meen dat die G.R.A. eintlik eers as gestig kan beskou word op die tweede vergadering (25 Sept. 1875), toe daar twaalf lede teenwoordig was en toe hy vir die eerste keer as voorsitter optree. Immers, hy praat altyd van twaalf stigters, terwyl daar maar ag op die „voorlopige vergadering” van 14 Augustus teenwoordig was. Aan die anderkant noem hy as die begindatum van die „Taalbeweging” bepaald en duidelik die 14e Augustus.

Daar is ook al gestry oor die vraag: Wanneer het die Afrikaanse Beweging begin? Dit hang natuurlik af van watter betekenis aan die woord „beweging” geheg word. Pannevis het die stryd begin en tot vandag toe kies persone met 'n mate van regverdiging vir hulle standpunt die jaartalle 1872 of 1875. Daar sal ook wel grond voor wees om te sê dat die Afrikaanse Taalbeweging begin het by Meurant (1861), toe feitlik doodge-loop en daarna weer begin opflikker het deur die direkte bemoeiing van Pannevis. Daar is in werklikheid net een deurlopende gedagte wat toevallig, dit is onbedoeld in 1860 tot openbaring kom, bedoeld maar onhandig in 1872 weer aange-

pak is, bewus en behendig in 1875 vir 'n twintigtal jare bevorder is, en toe nog doelmatiger na 1900 deur ander strydere voortgestoot is.

Daarby kan 'n mens moeilik altyd van 'n *Taal*-beweging praat. Dit wou Meurant seker nie begin nie, en Pannevis het meer 'n Afrikaanse *Bybelvertalings* beweging terwille van die Kleurlingbevolking in die pers voorgestaan as 'n *taal* rigting as sodanig, net soos die G.R.A. weer 'n veel breër propaganda gevoer het as vir 'n blote taalprogram. Dit word meer 'n volks-, 'n politieke beweging, veral na die eerste twee jaar, as 'n taalbeweging. En eindelijk is dit moeilik om te sê watter maatstaf aangelê moet word om te weet wanneer 'n sterk beweging so duidelik tot iets aparts gekom het dat dit 'n eie selfstandigheid geniet. Dit geskied alles so geleidelik. Is 'n maatstaf die omstandigheid dat kragte saamgetrek word, dat daar 'n georganiseerde, doelbewuste beweging ontstaan?

Vir allê praktiese doeleindes kan ons tevrede wees om te sê, dat die G.R.A. begin het op 14 Augustus 1875, maar dat die beweging as sodanig ouer is, hoewel geen vaste datum aangegee word nie. Die benaminge *Eerste en Tweede* Beweging kan ook met enige reg weggelaat word en dan van twee periodes van dieselfde beweging, wat 'n deel van 'n groter een kan wees, gepraat word.

Ons kan dan die begrip van 'n Afrikaanse Beweging die beste in die gees van die Vlaminge omskryf met die woorde van prof. Paul Fredericq:

„De Vlaasche Beweging is de poging om dat jammerlijk verval der Vlamingen te stuiten en om hen terug te brengen in den stroom der moderne beschaving door middel van het eenig natuurlijk voertuig der gedachten: de moedertaal.” Omtrent dieselfde opvatting van sake het ook ds Du Toit gehad waar hy in sy meergemelde *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging* skrywe: „Die Afrikaanse beweging begin nou tot 'n krisis te kom; meer en meer win die o'ertuiging veld dat die enigste manier om die Afrikaanssprekende bevolking, blanke en gekleurde, te beskawe, deur middel van hulle *Moedertaal* moet ge-

skiede, en dit spreek van self dat ver sodanige beskawing 'n Afrikaanse Bybel 'n eerste vereiste is." (bls. 49).

Die geraadpleegde werke word aan die voet van die volgende hoofstuk vermeld. Hier moet in die besonder egter die studie van dr J. du P. Scholtz: *Die Afrikaner en Sy Taal 1806-1875* (1939) genoem word as 'n bron waaruit ek baie kon put. Die veranderinge wat in hierdie hoofstuk aangebring is, berus grootliks op die nuwe materiaal deur hom verwerk.

HOOFSTUK IV.

DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS EN AFRIKAANS.

„Vollens belofte breng Ds. du Toit die saak (van Bybelvertaling) voor die aandag van enige voorstanders van 'n Afrikaanse Bybel-vertaling en hulle beleg 'n vergadering op 14 Augustus 1875 om die saak te o'erwege. En dit was meteen die dag waarop beslote werd om 'n Genootskap op te rig," deel ds Du Toit ons mee. Hy moes noodwendig in die planne betrokke raak deur sy daadwerklike belangstelling en deurdat Pannevis hom vir die vertaalwerk aanbeveel het. Toe is daar vooraf bepaal om op 'n seker dag bymekaar te kom en die kwessie met ander te bespreek. In 'n brief aan ds Morgan wys ds Du Toit nog daarop dat die voorstanders ver uitmekaar woon. 'n Gerieflike dag vir 'n vergadering sal dus op 'n Saterdag wees wanneer die mense inkom dorp-toe vir „besigheid" en vir kerk.

Op so'n Saterdag, die 14^e Augustus 1875, het 'n agstuks van die uitgenooies in die woonhuis van mnr Gideon Malherbe, in Pastorielaan, Pêrel, vergader. Toe het ds Du Toit weer verduidelik wat Pannevis se voorstel aan die Bybelgenootskap was. Maar gou het hulle die onwenslikheid en onuitvoerbaarheid van die voorstel onder die huidige omstandighede ingesien, hoewel hulle dit met hom eens was dat daar 'n dringende behoefte aan 'n Afrikaanse Bybel, maar ook aan 'n Afrikaanse skryf- en leestaal bestaan. Die punt van verskil het in die metode gelê om die ideaal te bereik.

Pannevis het gemeen: vertaal net eers die Bybel in Afrikaans; sy veronderstelling was: die volk sal dit dan gebruik, net soos dit in die geval van honderde ander vertalinge reeds gegaan het. Maar die vergadering weet hoe die mense hier oor

Afrikaans dink, en dit heug hulle nog hoe kwaai die oorgrote gros predikante op Wellington teenoor die plan gestaan het. Hulle weet dus dat Pannevis se veronderstelling vir Suid-Afrika vals is; dat die volk eers geleer moet word om sy eie taal te respekteer, dan sal hulle om die Bybel daarin vra, dit koop en gebruik — sorg dan dat hulle dit kry. By Pannevis was die probleem: om die Bybel te vertaal te kry; by die vergadering weer: om Afrikaans, ook as Bybeltaal uiteindelik aanvaar te kry. Self sê ds Du Toit: „Mar voor dit (die Bybeloorssetting) kan geskiede moet die volk eers tot die o'ertuiging gebring worde, dat hulle 'n eie taal het, en die taak is moeiliker as dit, oppervlakkig beskou, lyk.”

Pannevis gee geen praktiese oplossing nie, hy wil dit aan die toekoms oorlaat, maar die vergadering meen dat 'n Vereniging of Bond of Genootskap tot doel moet hê om vereers Afrikaans tot skryftaal en leestaal te verhef, om die Afrikaners met hulle natuurlike en bruikbare spraak te versoen en so 'n behoefte te skep aan 'n Afrikaanse Bybel, want by die vergadering bly as die vernaamste doelstelling die oorsetting van die Bybel in die landstaal. Die aanvanklike werk van die Genootskap moet as voorbereiding dien vir die doelwit: beskawing van die volk, hoofsaaklik deur die Bybel in die volkstaal. Self sê ds Du Toit: „Liewers 'n ongeleerde Afrikaner met syn Bybel, as 'n geleerde Europeaan sonder God en syn gebod; want die Bybel hou die fondament goed waarop kan gebou worde.” Maar daar is ook ander beskawingsmiddele, soos politieke ontwaking en handhawing van burgerlike regte; ekonomiese ontwikkeling, taalaanvaarding en -veredeling; almal dele van die groot ideaal: nasionale bewuswording en selfstandigwording — die noodsaaklike teenbeweging van die verengelsingsaksie en verontafrikaansing wat so dodelik binnedring.

Daar is toe tot die stigting van 'n genootskap (wat op die „voorlopige vergadering” nog geen naam gehad het nie, dit het eers op die volgende gekom), oorgegaan, en die eerste samekoms is gekonstitueer onder die voorlopige voorsitting van C. P. Hoogenhout (later het ds Du Toit voorsitter geword); die sekretariaat is toevertrou aan A. Ahrbeck, maar die eerste Notule is in die handskrif van die hulpskrywer, S. G. du Toit, die jongste van die ag. Hierdie ag persone was:

Gideon Malherbe, wynboer, 42 jaar oud;
 C. P. Hoogenhout, onderwyser, 32 jaar;
 D. F. du Toit, („Oom Lokomotief”), onderwyser 29 jaar;
 S. J. du Toit, predikant, 27 jaar;
 D. F. du Toit („Dokter”), wynboer, 25 jaar;
 A. Ahrbeck, aspirant-predikant, 24 jaar;
 P. J. Malherbe, wynboer, 22 jaar;
 S. G. du Toit, toekomstige onderwyser, 20 jaar.

Pannevis, 'n Pêrelliet, word gemis, en dit lyk of hy opsetlik buite gehou is om sy voorstel openlik te kan bespreek. Maar die agterstelling het hom as fyngevoelige mens diep gekwes. Hy het ook eers by die derde vergadering lid geword en na 'n tyd weer uitgetree terwille van sy gesondheid, soos hy sê, hoewel Von Wielligh meen dat dit uit teleurstelling is omdat sy begeerte nie kan uitgevoer word langs sy weg nie. Die onerkentlikheid sal ds Du Toit later ook smaak, hy, die siel van die nuwe organisasie en vernaamste teenstander van Pannevis se plan.

Van die ander persone teenwoordig is dit opvallend dat hulle, behalwe twee, almal onder die dertig jaar is, 'n klompie jong persone wat nog gegloei het van entoesiasme en vol stryd-lustigheid was vir hulle ideale, miskien oorywerig en nog nie maklik-berustend, stilte-begerig, soos terugskouende, strydens-moeë ou manne nie. Behalwe Hoogenhout, wat 6,000 myl as jongeling weggetrek het om vry te wees, en Ahrbeck, is hulle almal wynboere of wynboerseuns, wat in die vrye veldlug opgegroeï het, wat ook in hulle are as Hugenoteseuns die bloed voel stroom van 'n vryheidsgeslag, wat beginsels bo rus van liggaam en onrus van siel gestel het. Behalwe die twee Geuseuseuns weer was almal familie, wat mekaar geken en vir mekaar gevoel het, en sekerlik nie vir vuige gewin mekaar gaan uitbuit nie.

Sulke manne gaan nie somaar oorgee nie, nog minder as hulle vir 'n ideaal stry wat hulle hoër as geld en gerief stel. Is vyf van die ag nie deur hulle pligte as leiers van kinders (onderwysers) of van groot mense (predikante) in die diens van Idealisme nie? Nou wil hulle die onderwysers en voorgangers word van 'n hele volk, want hulle wil hervormingswerk verrig, en elke hervormer is 'n yweraar vir sy ideaal; maar elke hervormer is ook 'n geloofsheld, wat glo dat die onbestaande moontlik sal

word, die onsienlike sienlik gaan wees, al is dit selfs anderkant die graf. Ook is elke hervormer in eie oog maar 'n nederige dienaar, en is hy hom bewus van sy kleinheid en beperktheid. Ewensó steun die Genootskappers nie op eie krag nie, maar voer 'n stryd van geroepenheid en geloof uit liefde.

Hulle het met erns begin. Op die eerste vergadering is vyf voorstelle gemaak (waarvan drie deur ds Du Toit), en twee kommissies benoem in ooreenstemming met voorstelle. Die een moes die „naam en reëls van die Genootskap” opstel. Von Wielligh verstaan hieronder „om 'n handleiding op te trek watter spelreëls meer of min sal gevolg word.” Dit sal beter wees om hieronder te verstaan: die naam en huishoudelike reëls. Die spelreëls het Ware Afrikaner al „min of meer” gegee, en vir die res het hulle nie te bepaald op hierdie punt posisie ingeneem nie, bowendien kon in Van der Rijst se *Afrikaanse Spraakkuns* hierop ingegaan word. Die ander kommissie moes twee sake afhandel: oor hierdie spraakkuns onderhandel en dit laat nasien, en om „verder” met ds Morgan oorleg te pleeg oor die Bybelvertaling. Ds du Toit kry drie dae later saam met mnr Gideon Malherbe hiertoe die geleentheid.

Die reëls word opgestel en goedgekeur. Onder „Algemene Bepalings” kom die naam van die Genootskap voor as „Genootskap van Regte Afrikaners;” daaronder moet verstaan word Afrikaners met „Afrikaanse harte” in teenstelling met die ander twee klasse Afrikaners, nl. die met „Hollandse” en die met „Engelse harte,” soos treffend uiteengeset is in die *Manifes.* Die doel lui: „Om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land,” of, soos dit later op die wapen tweeledig aangegee word: „Ver Moedertaal en Vaderland.”

Die taalkwessie word nog altyd op die voorgrond gestel, maar dit is nie die enigste vraagstuk nie — dis maar 'n deel, en, vir die oomblik weens die omstandighede van die stigting van die organisasie, die vernaamste. Reeds op die wapen, wat deur Von Williegh, die landmeter, geteken is nadat ds Du Toit dit aan die hand gegee het, staan 'n staatskundige ideaal as kroonspreuk: „Verenigde Suid-Afrika.” Dit is dan geen wonder dat in die drieledige doelstelling die oog gehou word op die letterkundige, kulturele en politieke belange nie, sodat die

stryd van die begin af gegaan het oor groter sake as bloot die taal.

Onder „Aparte Bepalings” in die afdeling „Van ons Werk” word die verwesenliking van die doel gesoek hoofsaaklik in die voorgenome publikasies, naamlik van ’n maandblad, ’n woordeboek, ’n spraakkuns en skoolboekies. Dit blyk dus dat die G.R.A. die skool wil binnedring en die huis wil instap. Hulle wil darem nie net gee nie, maar ook ontvang. Daarom sal ook prysvrae uitgeskryf en bydraes opgeneem word.

Die G.R.A. het nie eintlik daarop gemik om orals takke gestig te kry nie; wel is daar na ’n jaar ’n tak in Daljosafat, naby die groot boom, gestig en nog een weer later op Montagu. Maar die G.R.A. wou nie in die eerste geval op die manier propaganda maak en nuwe lede werf nie; die statute berus wel op demokratiese beginsels, maar die sentrale liggaam, die Bestuur, wat die stootkrag is en die rigting moet aangee, wou die leisels in eie hande hou. Dan kon eenheid van optrede, veral gedurende die eerste propagandaperiode, beter bewerkstellig word.

Die Bestuur is ook klein en kan dus rats handel; dit bestaan net uit ’n voorsitter, ’n sekretaris en ’n penningmeester. Hierdie driemanskap word jaarliks gekies; hulle vergader eenmaal per maand en gee verder aan die Algemene Vergadering verslag van wat hulle gedoen het. Die werking berus dus hoofsaaklik by die bestuur, van hom hang alles af. Deur so’n klein liggaam te vorm is die gevaar van lompheid verminder en die kans op die bereiking van eenstemmigheid in geskildpunte groter. Eensgesindheid was ’n noodsaaklikheid gewees. Al wek die werkplan die indruk dat die lede fanatieke is, en al laat hulle opleiding en kapitaalbehoefte vermoed dat die G.R.A. die onbereikbare grootdoenerig aandurf, so sal hulle dit juis daarom ver bring deurdat almal besiel is met geloof en ywer, maar in gesindheid deemoedig en klein voor God staan, kinders in Sy oog. Van elke lid word geverg geloof in die „Versoeningsdood van onse Here Jesus Christus,” en al het hierdie bepaling sommige laat aanstoot neem, tog is daarvan nie afgewyk nie. Elke vergadering is met gebed geopen en gesluit, en op bepaalde tye en ure het elke lid die saak voor die genadetroon opgedra in die gebed. Dit was die vertrouwe op die hulp en welgevallen

van God, en die oortuiging dat alles geskied tot Sy eer, wat hulle instaat stel om in weerwil van hoon en spot vorentoe te gaan. Geloof in die Hoër Wil is die slagaar van hulle lewe en strewe.

In die begin moes oortuigingswerk verrig word. Die G.R.A. moes nie net betoog nie, maar toon; na remonstrasie moes dit demonstrasie wees, na praat die daad. Hulle het neergelê: „Op alle vergaderinge en in alle offisiële stukke moet die Afrikaanse Taal gebruik word” (Art. IV). Nou moet die werkplan uitgevoer word, gebaseer op hierdie beginsel.

Die eerste praktiese bewys is die druk en verspreiding van 500 nommers van die „Volkslied”: *’n leder nasie het syn land*, en van ’n duisend nommers van hulle „Manifes,” wat albei weer opgeneem is in die eerste uitgawe van *Die Afrikaanse Patriot*.

Die eerste twee publikasies het merendeels net bevreemding oor en veragting vir die „hotnotstaal”-in-druk verwek, maar eers die „koerant van ons eie taal,” wat vir die eerste keer op 15 Januarie 1876 verskyn het, laat die vyandskap oplaai in volle gloed, en hoe groter die invloed word, hoe heftiger word die teenstand. Oom Lokomotief noem ook as een van die *Patriot* se vier sondes dit: „Ons is te voorspoedig.” Die teenstanders word in hierdie beweging se voortbrengsels ’n ander gees gewaar as wat hulle vroeër opgemerk het in die Afrikaanse geskrifte. Alles bring nou die bewys van volharding op die ingeslane weg. /

Die beweging het te kampe gehad met groot teenstand van buite en van binne. Onder die uiterlike moeilikheid tel ons die verset teen die beweging. Die vyand, sê dr Brill, is nooit ver nie. Die stryd moet opgevat word teen Engels en teen Nederlands. Omdat die twee tradisies so lank gevestig was, moes die *Patriot* vir eie bemoediging altyd ’n hoopvolle toon aanslaan, en met die teenstanders die spot dryf. Die Engelse koerante het hulle stem afkeurend laat hoor, toe hulle nie meer die invloed van die G.R.A. kon onderdruk deur dit dood te swyg nie. President Reitz het in die *South African Magazine* van 1880 ’n heftige stryd moes voer teen ds Wirgman, wat die Afrikaanse taal verkleineer het en dit bestempel het as ’n patois.

Maar van die kant was teenstand te verwagte. Dit het egter seergemaak waar dit van 'n kant kom wat die strewe moes gerugsteun het, van Hollandse kant naamlik. Daar is die geleerdes, soos lord De Villiers, wat in 'n voorlesing Afrikaans uitgemaak het as armoedig wat betref woorde, en verbuigings, en as ongeskik om hoër gedagtes in uit te druk (Mei, 1876). Hy meen verder dat Engels die toekomstige landstaal sal wees, en voel nie daarvoor spyt nie; hy, wat die uitsterwe van Frans betreur, sê leedvermakerig (wat sy houding verklaar): „Uit wat ek gesien het omtrent die Hollandse Oosindiese Maatskappy blyk dit duidelik dat ons maar 'n uiters geringe dankbaarheid verskuldig is aan die nagedagtenis daarvan.”

Die ander geleerdes het hulle ook afsydig gehou van Afrikaans, net soos die Hollandse koerante. Die redakteur sê: „ons kan 'n boekdeel vul van korrespondensie teen die *Patriot* in die *Zuid-Afrikaan*.” Party Hollandse onderwysers, soos mnr M. J. Stücki, het hulle kinders belet om die blad te lees of anders moes hulle die skool verlaat; in 1882 het die Kaapse Sinode amper twee dae lank afkeurend gepraat oor die „gees en strekking” van die blad, en duisende pamflette is daarteen versprei; ds H. C. de Wet het die Genootskap gesmeek om die taal van die *Patriot* Nederlands te maak; 'n „predikant van naam” noem die *Patriottaal* „het bespottelik patois”; op 'n sekere plek was 'n paar kerkraadslede by 'n warm Afrikaner teneinde die man om te praat om tog vir die *Patriot* te bedank; een van ds Du Toit se kerkraadslede het aan hom persoonlik gesê, toe ds Du Toit nog die skuilnaam van Oom Lokomotief gehad het, dat as hy weet wie die Oom Lokomotief is, hy hom met sy eie hand sal doodskiet. Hollandse ouers het hulle kinders ten strengste belet om die geskrif in huis te bring of te lees, aan sommige vriende is selfs die deur gewys as hulle 'n afdruk van die blad het, uit vrees dat dit in die kinders se hande kan kom; sommige studente moes beloof om niks met die blad te wil te doen hê nie, as hulle nie die geldelike steun van begunstigers wil kwytmaak nie.

So sterk was die teenstand dat dit soms verdeeldheid in huisgesinne gebring het. C. P. Hoogenhout het byvoorbeeld as redakteur van die *Patriot* bedank om geen ander rede as dat hy nie familie-haat op sy hals wou haal nie. Eerwaarde J. P.

Dempers is op die voorlopige vergadering verwag, maar het nie opgedaag nie, omdat hy 'n waarskuwing ontvang het dat hy sy pos in gevaar bring. As 'n mens in die tyd afkeuring wou te kenne gee, dan was 'n keurige hoedanigheidswoord: „Patterjots“ (Patriots). Dit was destyds waarlik geen eer om aan die beweging te behoort nie, en jy stel jou bloot aan verguising.

Die hoofrede van al die weerstand was weens die taalvorm, wat nog bowendien as die moedertaal, die egte, ware landstaal, voorgelou word. Dit is teen hierdie „aantying“ wat die teenstanders opgekrom het, en die weerlegging van die bewering vorm die hoofinhoud van hulle protesbriewe en -argumente. Nederlands, die taalvorm wat in die skool geleer word, die taal wat van die kansel gehoor word, e.s.m., dit is die beskaafde en eie moedertaal. Afrikaans daarenteen word sleggemaak en uitgekryt as die taal van onopgevoede bediendes, van die Hotnots en laer klasse. Daar word gewys op sy armoede aan woorde, sodat dit nie kan dien as uitdrukkingsmiddel van hoër gedagtes nie sodra dit buite die sfeer van die onmiddellike praktiese behoeftes van die alledaagse lewe val. Daar word ook gewys op sy armoede aan verbuigingsmiddele en derhalwe, so word beweer, besit dit geen grammatika nie. Eindelik word die voorstanders van Afrikaans aandagtig gemaak dat Afrikaans geen toekoms as taal het nie, sonder literatuur, sonder die Bybel en Gesangboek, sonder erkenning deur staat, kerk en skool. As daar wel 'n toekoms voor was, dan nog weier die gros van Afrikaners om Afrikaans te erken as hulle moedertaal en skaar hulle liefs by Engels.

Maar hoekom was daar al die wanbegrippe aangaande die wese van Afrikaans en die doel van die G.R.A., en hoekom al die teenstand?

Die Engelse koerantmanne en magshebbers sien noodsaaklik hierin magte, wat werk in die rigting van desentralisasie van bestuur, dewolusie van beheer, en verbrokkeling van die imperialistiese strêwe om van die Afrikaners Engelse te maak. Die onderwysers sien hier 'n versteuring van hulle taalwerk, die predikante oneerbiedigheid teenoor die Bybel en kerkboeke waar die Genootskappers dit in plat taal wil oorbring en die platheid ook van die kansel wil hoor; hulle beskou die strewende

as 'n stap in die rigting van veragterliking, ontarding, weg van die beskawing en die veredelende. Die gewone, deur tradisie gebonde persoon voel dinge ongeveer ook so aan. Hy is wars van nuwigheid wat agteruitgang beteken, soos hy dit sien.

Die stryd teen 'n standpunt wat sulke ingrypende veranderinge in waardebehalings nastreef, wat ou gevestigde opvattinge so kwaai gaan aantast, gaan noodwendig skerp wees. Selfs sal party hulle soms nie skroom om die teenparty se ideale te verdraai nie. So is daar ten onregte beweer dat die G.R.A. teen Nederlands gekant is. Die Genootskap het eerder steun gesoek in 'n Nederlandse rigting, want dit moet hulle uiteindelik bevoordeel. Self het hulle die Nederlandse rigting daadwerklik aangehelp; die Nederlandse Vereniging het ontstaan in wedywering met die Afrikaanse koers, en het eweneens sy eie mondstuk gehad: *Het Zuid Afrikaansche Tijdschrift*. Die *Patriot* het nog verder gegaan; hy het die versoekskrifte van die Albertse Boerevereniging om Hollands in die Parlement erken te kry met alle krag ondersteun (1879), en toe die Kaapse Sinode die saak ook in 1880 aanpak en 'n kommissie benoem om in die rigting te werk, is ds Du Toit as die sekretaris van die Kommissie aangewys, en het die *Patriot* hulle weer gesteun, selfs tot dié mate om lyste vir die memories gratis te druk en te versprei. Waar takke van die Hollandse Vereniging bestaan het, kon deur hulle altyd op die medewerking van die Genootskappers gereken word. Deur die Genootskap is selfs meer Nederlandse as Afrikaanse boeke gedruk en versprei: 93,650 teen 81,000. Die Nederlandse Taalbond is insgelyks die verwesenliking van 'n gedagte wat uit die vrugbare brein van ds S. J. du Toit gekom het. Die G.R.A. was beslis nie teen Nederlands nie, dit is een van die teenwerpinge wat gegrond is op 'n rymple deur A. J. Herholdt aan die *Patriot* gestuur, maar wat nie die gesindheid van die Genootskap weerspieël nie. /

Hoe edel en mooi die motiewe van die teenstanders, van hulle standpunt af beoordeel, ook mog gewees het, die Genootskappers het die vyandelikhede voorsien. Om hulle daarteen te beskerm, is geheimhouding van wie lede van die beweging is as noodsaaklik beskou. Elke lid is nog boonop verbind deur

die ondertekening van die reëls om in geval van latere uittreding of uitstoting hierdie bepaling te bly eerbiedig. Teenstanders het dadelik die geheimhouding vir hulle slegmaak-propaganda uitgebuit en gesê dat die G.R.A. 'n vrymesselaarspuls is. Maar die raak antwoord is, dat dit elkeen vry staan om sy lidmaatskap te erken, dog nie om die van ander te verklap nie; die vrymesselaars maak die name van hulle lede openbaar maar hou hulle werke verborge; die G.R.A. daarenteen maak hulle werke openbaar maar hou die lede se name geheim uit selfbeskerming. Hier is die saak in die grond anders as by die broederskap.

Hoewel die name geheimgehou is, moes iemand tog die korrespondensie ontvang. Dit word besluit dat alle briewe aan „Oom Lokomotief,” die kantoor van die *Zuid-Afrikaan*, moet gerig word. Hierdie naam, wat deur Pannevis aan die hand gegee is, het „Ware Afrikaner” al as adresnaam in 1874 gebruik, en nou met die oprigting van die *Patriot* word dit weer aanvaar. Die redakteur is dus Oom Lokomotief, en met die redakteursveranderinge in die begin was daar net so baie „Oom Lokomotiewe”: eers Hoogenhout, daarna J. W. van der Rijst, M. L. Rousseau en toe vanaf 1878 tot sy uittrede in 1892 D. F. du Toit, D.P. Sn. Mnr D. F. du Toit, wat so lekker grapperig en gemoedelik met sy lesers kon gesels, het toe stadigaan onder die bynaam bekend geraak en dit later vir goed behou tot aan sy dood. Die beskermingsnaam het 'n erenaam geword.

Naas die moeilikhede van buitekant in die vorm van teenstand, wat die G.R.A. voorsorgmaatreëls soos die geheimhouding van lede se name laat neem het, was daar die inwendige moeilikhede, waarvan die ernstigste van geldelike aard was. Teen die einde van die eerste jaar waarin die *Patriot* verskyn het (1876), was daar 'n klein oorskot, maar dit was net moontlik deur die offervaardigheid van sommige lede. Mnr Gideon Malherbe het byvoorbeeld in die begin die lettersetter vrye verblyf in sy huis gegee en hom daarby nog uit sy eie sak betaal. Maar die laste druk al swaarder. In 1877 word die maandblad 'n weekblad en so groei die onkoste aan; in Augustus van dieselfde jaar was daar al 'n groot tekort. Vrye bydrae word gedurig gevra, en telkens gee die voorstanders selfs tot bo hulle vermoë. Ds Du Toit moes van sy eie boeke verkoop om

geldelike verpligtinge, wat die *Patriot* se druk- en versendingskoste op hom gegooi het, te kon nakom. Tog was die tekort aan die einde van die tweede bedryfsjaar £173 (1877). Oom Lokomotief alleen wil onderneem om die skuld tot die bedrag van £23 7s. 1d. te dek, maar dan moet die G.R.A. 'n £100 vind en die intekenaars en „vriende van buite-af” £50.

Die groot vraagstuk was of hulle so kon aangaan, weer nuwe skulde maak en meer laste op hulle skouers neem. Geeneen van hulle is baie ryk nie, en tog sal hulle nie eerloos in gebreke bly om geldelike verpligtings na te kom nie. Dit sou maklik gewees het om maar tou op te gooi, as dit nie was dat die lieflingsgedagte posvat en wortel skiet en selfs al vrugte dra nie. „Opgooi, nou die saak hoe langer hoe meer uitbrei?” vra oom Casper Hoogenhout teenwerpend. Die Dalse tak het dan ook vir hulle ten gunste van voortgang uitgespreek, en het die saak verder voor God in die gebed gebring.

Toe lyk dit of daar uitkoms is. Die Nederlandse Genootskap wat in 1877 sou opgerig word, wil hê dat die *Patriot* in eenvoudige Nederlands onder hulle beheer moet verskyn en dat die G.R.A. maar met hulle moet saamwerk. Ds Du Toit, wat, soos Hoogenhout sê „bowe sijn vermoge werk,” was moedeloos en hy bepleit ernstig die plan onder bepaalde voorwaardes, soos die wat die Bestuur al oorweeg het, naamlik „die *Patriot* blyf bij sijn naam, beginsels en inrigting, en die taal moet genstijf mar eenvoudig Kaaps-Hollands wees, sonder inmenging van uitheemse woorde.” Dan kan die nuwe redaksie in elke uitgawe tot twee kolom vry aan die G.R.A. afstaan vir hulle werk. Terselfdertyd kan daar meer eendrag en broederskap bewerkstellig word. ✓

Die man wat hom egter vierkantig teen hierdie vereniging verset het, is mnr D. F. du Toit (Oom Lokomotief). Hy is die stille werker wat in die spoor hou; sy broer is die genie wat altyd met fonkelnuwe planne voor die dag kom om vestings in te neem. Is ds S. J. du Toit die hoof, die verstand, dan mag 'n mens miskien sy ouere „geestelike tweelingbroer,” oom Lokomotief, die hart noem.

Die verenigingsplan het dus misluk; en ook het daar redding gekom uit die geldelike nood. Vroeg in 1878 het 'n paar vriende die plan deurgevoer om 'n drukkersfirma te stig, tot

1904 bekend as D. F. du Toit & Co., en die firma het toe al die verantwoordelikhede vir die uitgawe van die *Patriot*, die *Afrikaanse Almanak* en die ander publikasies van die Genootskap op hom geneem. Uit die Genootskap van Regte Afrikaners het dus ook 'n Afrikaanse besigheidsonderneming voortgekom. Hierdie firma set die werk van die Genootskap in Afrikaans voort, maar omdat die werksaamhede van die G.R.A. grootliks samegetrek was in hul periodieke uitgawes, vervang die firma feitlik die Genootskap as 'n werkende liggaam. Tog is die doel waarvoor die Genootskap oorspronklik in die lewe geroep is, nog nie bereik nie, soos die vertaling van die Bybel in Afrikaans, die opbouing van 'n Afrikaanse letterkunde, die kulturele en nasionale bewusmaking van die volk. Met die stigting van die uitgewersfirma is in elk geval 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die Genootskap bereik.

Tot hiertoe het ons nog net op die stigting en inrigting van die G.R.A. gelet en op die moeilikhede waarmee dit van buite en van binne te kampe gehad het, en die gevolge. Dit het die reaksionêre of rewolusionêre karakter van hulle strewe vir die tyd in 'n helder lig gestel.

Ons moet nou daartoe oorgaan om meer aan die positiewe aspek van die werk aandag te skenk.

Sover het dit geblyk dat alle aanvalle op die G.R.A. hoofsaaklik gerig was teen hulle mondstuk, die *Patriot*, en dat die grootste sorg van die Genootskap nog juis was om hierdie blad aan die gang te hou. Hulle hoofbedrywighede het veral om die „koerant“-onderneming gedraai, en dit word ook die vernaamste middel om hulle doel te bereik. Hierdie orgaan het dan ook, in weerwil van die heftigste teenstand en groot geldsorge, die storme deurstaan. Dit het voortgegaan van krag tot krag tot ongeveer 1890, en in verhouding hiermee het ook die taalsak gewen.

Ons moet ons 'n duidelike beeld van die *Patriot* maak. Die eerste jaargang was net 'n maandelikse boekie van 16 blss. octavo, en was bedoel as mondstuk van 'n kulturele liggaam. Dit het algemene leesstof oor ons taal en ons gekiedenis bevat, gedigte, kort nuusberiggies, en verder inligting vir lede in verband met die Genootskap, soos die verslag van die eerste jaarvergadering, leiding vir die stigting van takke en propagan-

damateriaal; soos die aankondiging van hulle uitgawes, die *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal*; die *Afrikaanse Almanak vir 1877* en die *Geskiedenis van ons Land in die Taal van Ons Volk*.

In die eerste aflewering, wat op 15 Januarie 1876 verskyn het, is ook die *Manifest* en die *Volkslied* afgedruk. Die rubrieksverdeling soos in die eerste nommer aangegee, is die volgende :

1. Inleiding;
2. Afrikaanse korrespondensie;
3. Afrikaanse geskiedenis;
4. Afrikaanse gedigte;
5. Artikels oor taal;
6. Oorsig van nuus;
7. Vrae en antwoorde.

Dit val dadelik op hoe laat die nuusrubriek genoem word, en watter groot plek ingeruim word aan leesstof oor die nasionale afdelings. Aan gedigte is 'n aparte afdeling gewy, soos ook aan taal. Opmerklik is dit, dat daar geen voorsiening vir politieke nuus gemaak word nie. Die eerste jaargang was bloot 'n verenigingsblaadjie met nasionaal-gerigte leesstof. Daar het wel bydraes van buite gekom, maar dit is in hoofsaak volgeskryf deur C. P. Hoogenhout, S. J. du Toit en 'n paar ander lede.

Die tydskrifte, wat vyf sjielings per jaar gekos het, het met 50 intekenaars begin, maar daar het gemiddeld elke dag een intekenaar meer bygekom, en later selfs twee per dag. In Augustus, 1876 was 400 name op die subskripsielys; in Januarie 1877 het die getal tot 663 aangeswel. Soseer het hierdie geskryf in die smaak geval, hoofsaaklik om sy gesonde en verfrissende nasionale gees; sy eenvoudige, bevatlike stukke in lewendige, opgewekte styl gestel, dat intekenaars aandrang om die blad te vergroot en meer dikwels uit te gee. Daar word toe deur die G.R.A. se bestuur besluit om die *Patriot* in 1877 wekeliks uit te gee in die formaat van 12 x 8 duim, en dit word van nou af gedruk in die Pêrel, en nie meer in Kaapstad by die *Zuid-Afrikaan* soos in 1876 nie.

In dié jaar sal die gewildheid van die *Patriot* die stoutste verwagtings oortref, hoofsaaklik toe te skrywe aan sy toetrede tot die politiek. Hy kies kant vir die kandidature van S. P. J.

Kruger as president van die Transvaal, en die artikel waarin hy sy pleidooi vir Kruger lewer, is 'n meesterstuk van vroeë Afrikaanse joernalistiek. Toe volg die anneksasie van Transvaal deur Shepstone en nou gaan die *Patriot* ten spyte van homself die politiek vir goed in.

Die *Patriot* word nou eintlik die raadgever van die Transvaalse Boere. Selfs private poste word opgerig om die blad se advies te kan verneem. Eers word „lydelik verset” gepreek en verder gesê dat die Afrikaners in Transvaal en elders moet agiteer en van Engeland terugvra wat hulle regmatige besit is, en toe die pogings misluk word gesê: „lydelik verset is ydelik verset,” 'n tydelike verset. Generaal P. Joubert het hierin gesien wat hom laat sê het: „Maak skoon jul roers!” Die *Patriot* het net aangeraai om op God se Almag en ewige Regverdigheid te steun, en dan moet hulle saak geluk, want Hy sal Onreg nie laat gedy nie. Baie mense het nou ingetekn, nie omdat hulle hul met die taalvorm kon versoen nie, maar om die opinie van die blad. Dit is nie die taal wat die blad populêr gemaak het nie, netsomin as die taal hom uiteindelik gaan ten onder bring.

Al die feite verklaar hoekom die *Patriot* reeds 'n mag in die land geword het. Soos gesê, het die firma D. F. du Toit & Co. alle verantwoordelikheid sedert die begin van 1878 gedra, sodat ons nou in 'n politieke sin meer van 'n *Patriot*-beweging as 'n *Genootskaps*beweging moet praat. Oom Lokomotief was nou die vaste redakteur.

Ook in die Suide maak die *Patriot* hom as politieke blad onmisbaar. Ds S. J. du Toit kom weer met 'n grootse plan voor die dag. Die stigting van 'n Afrikaner-Bond as 'n Afrikaanse politieke organisasie word bepleit, reeds so vroeg as in die inleidingsartikel van 20 Junie 1879. Die gedagte van saamwerk, van eendrag-maak-mag word orals in beoefening gebring. Die Afrikaner-Bond beoog die vereniging onder een beherende liggaam van alle persone wat Suid-Afrika as hulle vaderland aanneem. Dit wil vir die hele volk beteken wat die Boere-Beschermingsvereniging van Onze Jan vir die wynboere beteken. Die mikpunt is ~~een~~ wat aan Rhôdes se gedagte na verwant is: 'n Verenigde Suid-Afrika onder Britse kusbeskerming, maar

met 'n eie vlag en 'n eie regeringsvorm, wat uiteindelik op 'n Republiek moet uitloop.

Vir die teenswoordige moet die voorstanders takke stig en vir hulle saamsluit in wyksbesture en distriksbesture. Die besture moet sorg dat elke stemgeregtigde lid se naam op die stemlys kom, dat hulle hulle eie kandidate benoem en kies; dus dat hulle belange deur mense van hulle eie keuse in die parlement moet verteenwoordig word. Die distriksbesture sluit saam tot provinsiale besture, wat belas word met die behandeling van algemene sake; hierdie besture weer kies 'n sentrale, d.i. 'n „uniale” bestuur.

Die werkplan, veral van die wyks- en distriksbesture, het weerklank gevind; die Albertse verkiesing in 1879 het gewys hoe die volk wakker word, en orals word Hope-Town se voorbeeld gevolg en bondstakke gestig. So hoog word die oplewing, dat ds Du Toit se plan al meer 'n aktuele werklikheid word, soos blyk uit die oprigting van Boerehandelshuise en koöperatiewe vereniginge, die oorweging van die oprigting van 'n Volksbank, e.d.m. Die landman wil deur saamspanning 'n betekenisvolle politieke en ekonomiese faktor word. Die *Patriot* word die amptelike orgaan van die beweging wat uitbrei tot die Vrystaat en die Transvaal, anders dus as die G.R.A. wat eintlik net in die vaderstam groei.

Vir die persone wat hulle nog te veel erger aan die Afrikaanse taalvorm bring die *Patriot* 'n byblad in Nederlands, *De Tolk*. Geen wonder dus dat die *Patriot* al aanvrae kry vir ruilnommers nie; daar staan selfs dat sulke nommers „in die laaste tyd nie alleen gevraag (word) deur Suid Afrikaanse koerante, mar selfs deur Europese blaje.” As daar deur die teenstanders met iemand gespot word oor die politieke wysie wat hy sing deur te sê dat so iemand dit doen omdat hy bang is vir die *Patriot*, dan wys dit ook dat die persone van 1880 en later nie meer aan die weekblad gedink het hoofsaaklik as taalblad nie, maar as 'n politieke koerant in die volle sin van die woord.

Die toename in betekenis word ook duidelik weerspieël in die toename in die getal intekenaars. In Augustus 1878 is 950 abonnee's geregistreer, en in Desember van die jaar daarop, toe die intekeningsgeld tot een pond per jaar oor die pos verhoog is en die koerant die formaat van 'n gewone nuusblad

bereik het, staan die getal intekenaars op ongeveer 1,500. Toe was daar in die Kolonie nog net een Hollandse koerant met meer intekenaars, maar ook hy moes padgee voor. In 1881 was daar omtrent 3,000 op die lys.

Dit is nie net die politiek wat hierdie Vrydagmôre-koerant so in die guns laat geraak het nie, daar is ook ander redes. Open die eerste nommer nie reeds, net na die naam, met 'n bybelteks oor eerbied (die vyfde gebod) nie? En dwarsdeur adem die blad 'n gees van lewensopgewektheid en blye „bejahung”. Die eerste inleidingsartikel eindig met:—

„Afrikaanse Patriot bo'e!!
Hip, hip, hip, hoerê!!!”

Verder gesels die redakteur so eie, so persoonlik en belangstellend met sy lesers, dat dit hulle tref. Alle vrae word beantwoord, raad gegee, en die mense moed ingepraat. Soms is onkoste gemaak om nuttige en betroubare inligting aan 'n vraer te verstrek; moeite is nooit ontsien nie. Daar was 'n band van vertroue tussen leser en redakteur wat nie maklik van buite-af kon deurgesny word nie. Die lesers het die vaderlike Oom Lokomotief, met 'n hart vir sy volk, erkentlike dank toegebring. Sy voorstel wat in 1877 gemaak is, dat intekenaars en vriende £50 van die tekort op die *Patriot* moet dek, het geredelike instemming gevind. Tot kinders het hulle sespennies of soiets gestort. Die intekenaars het aan die *Patriot* selfs 'n rolpers present gegee. Sulke dade praat van diepe vertroue en die bewys moes die *Patriot* tog *verdien* het, dit word nie so maarso gegee nie.

Daar was ook die digters en skrywers wat aangemoedig, reggehelp en bedank word. „Stuur julle gedigte, kêrels En die wat foute maak, dis niks nie, ons sal hom reg help,” lui dit in die eerste nommer. Die gevolg was dat medewerking van die lesers verkry word. Persone vind nou dat hulle mos „net lekker kan rym”, en stuur die proewe op na „Oom Loko”; hy verbeter waar hy dit nodig vind en plaas hierdie rymelary, waaruit spreek: fyn spot, jolige opgewektheid, 'n oog vir die kensketsende, vertroue in die toekoms.

Elke volk wat bewus word, ontdek met vreugde 'n skat, en sing sy blyheid uit in ritme, die maat van die dans, van oormoed

en lewe. Die vreugde om die besit van 'n eie taal en 'n eie nasieskap is die belangrikste kenmerk van die kuns in hierdie stamelperiode. Die belangrikste verdienste van die *Patriot* in die tyd, is dat dit die Afrikaners leer lees, en 'n paar leer skryf het. Van die skaapwagter, sê die redakteur, tot generaal Piet Joubert dig.

Maar daar is nog meer in die bewering. Die *Patriot* het hulle bereik wat nooit vantevore iets meer as die Bybel en 'n paar godsdienstige werke ter hand geneem het nie; hy het die Boer op sy eensame plaas gaan opsoek en hom terug gebring in die stryd vir die nasionale goedere. Hy wat in afsondering eers nie getel het nie, word weer 'n faktor. Dit alles wys dat die *Patriot* se invloed by die boere op die platteland gelê het, dat ook die letterkundige bydraes van hulle kom en dus volkskuns is en as sodanig moet beoordeel en waardeer word.

Dit het die redaksie wel deeglik besef. Daar word so meer aandag aan boerderysake gewy om dié klas leser aan te help. Die standpunt verskaf ook insig in die taalstandaard wat van redaksionele kant gebesig is. Die blad moet vir sy lesers verstaanbaar en ook in taalgebruik aantreklik wees. Iewers prys die administrasie die koerant in 'n advertensie aan met die woorde: „4. Let op syn taal. Hy neem ons volk en ons taal soos hy dit kryg, om dit dan te beskawe en te verbeter.” Die kernagtige, frisse, beeldryke volks taal, wat reguit op die doel afstuur, word gebruik.

Maar ook die tweede helfte van die bewering bevat 'n kern van waarheid. Deur gebruik word die taal buigsaam; Afrikaans word die voertuig ook van hoëre gedagtes, van politieke strategie, ekonomiese optrede, van geskiedenis en populêre wetenskap, van taal- en letterkundige bedrywigheid. Hierdeur tog word die taal geknee, buigsamer gemaak, kry nuwe terme geldigheid of ondergaan nuwe betekenisomlyning. Natuurlik is aanvoorwerk soms die moeilikste werk: ook die ploeggrond moet uitgesoek word. Maar beoefening bring kennis, en kennis weer verfyning of die middel daartoe. Die reenboogkleurigheid van die Afrikaanse volksidoom en terme verskaf vreugde aan baie belangstellendes, woordelyste word aangelê, spreekwoordelike uitdrukkinge versamel. Daar is bepaald 'n styging waar te neem in die lenigheidsgraad van die *Patriottaal*, maar

dis veral die bruikbare wat nog die aandag trek. Om die mooie bewys te paar aan die deugdelike, om na die welluidende woord te soek, die musikale effek ook te probeer bereik — dit kom eers later, en met nuwe invloede, breër uitsigte en ander 'n leserskring.

Tog mag die baanbrekerswerk nie anders beoordeel word nie as in die omlysting van sy eie omgewing en tyd. Ook dien in aanmerking geneem te word dat die *Patriot* opsetlik nie Nederlands in Afrikaanse vorm wou skryf nie. Daar is iets van 'n reaksie in, wat gemaak het dat hulle miskien te veel oorgehel het na die ultra-Afrikaanse, soos verteenwoordig in die Boerespraak op die platteland. Tog het hulle eerder aan die regte kant gedwaal waar hulle nog moet oortuig, wil aantoon dat die Afrikaanse taal 'n eie siel het, sy kenmerkende gewoontes en aard, ook wat die innerlike betref. Afrikaans, het hulle trouens beweer, is Afrikaans, is nie net afgekapte Nederlands nie: dis die taal van 'n nuwe volk. Dink aan die uitsprake van vroeëre teenstanders op die Taalkongresse gehou in 1896 en '97.

'n Faktor wat genoem moet word as verantwoordelik vir verhoogde belangstelling in die nuwe blad, is die duisende boekies wat teen die *Patriot* versprei is na en as gevolg van die Kaapse Sinodale besluit in 1880. Die uitwerking het net die teenoorgestelde bereik van wat bereken was; nuuskierigheid het juis baie persone nou eers laat inteken.

Met dit al het die blad „een Afrikaanse reus” gaan word.

In 1881 is ds Du Toit na die Transvaal. Teleurstelling, verlies van 'n fortuin in goudspekulasies en onenigheid, bv. met die President, het hom weer in 1889 na die Pêrel laat terugkeer. Teen die tyd het die *Patriot* reeds van sy populariteit begin verloor, omdat op sy voorspraak baie mense groot somme geld in seker goudspekulasies gestee en verloor het, maar ook omdat die besware teen die taal deur die Hollandse voorstanders weer skerp op die voorgrond getree het. Adv. J. H. H. de Waal skryf die agteruitgang omstreeks hierdie tyd veral toe aan wat hy „die blad se half moedswillige tergering van ons predikante” noem. (*My Herinnerings* . . ., bls. 18 van 2^o dr.)

Op hierdie tydstip (1890) word ds Du Toit die vaste redakteur van die *Patriot* en as gevolg van sy veranderde politieke opvattinge kom hy in botsing met ander beproefde strydery. Die eerste groot struikelblok is na aanleiding van

die Adendorff-trek. Oom Lokomotief het die beweging van die Trekkers wat „'n eie land met 'n eie vlag” in Mashona-(Banjie-)land wou gaan soek het nog voor Rhodes met die Charter-kompanjie op die streek aanspraak gehad het, met raad en daad gesteun. Maar ds S. J. du Toit het hom op Rhodes verlaat en wou dat die Trekkers met hom 'n skikking moes maak. ♪

Wat verantwoordelik is vir die frontverandering van ds du Toit, wat nie meer 'n eie vlag vir Verenigde Suid-Afrika verlang nie, is 'n onopgeloste probleem. Sy veranderde houding het baie wrywing veroorsaak, die toekoms verduister en hom sy politieke invloed heeltemal laat verloor. Thos. Blok sê: „Uit korrespondensie tussen die kantoor van die Patriot met Oom Lokomotief haal ons die volgende woorde aan: „Aangaande Ds. (S. J. du Toit) kan ik alleen zeggen dat als de Patriot niet met Ds. breekt, hy de Patriot zal breken (17 April 1890).”

Sy veranderde houding het hy ronduit verklaar op die Bondskongres op Kimberley in 1891, maar tog nog het die redaksie van die *Patriot* na sy wense gehandel. Die *Patriot* praat nou met 'n ander stem. Oom Lokomotief en mnr C. P. Hoogenhout het hulle genoodsaak gesien om in 1892 te breek met ds Du Toit en met sy blad. Van nou af gaan dit vinnig afdraand, intekenaars bedank op 'n streep, en hulle plekke bly onopgevol.

Toe die Jameson-strooptog in 1896 bewys hoe onafrikaans Rhodes se politiek was, bly ds Du Toit hom nog steun, eers op 'n afstand, toe van naby. Daarna volg die Transvaalse moeikhede met die Uitlanders en hulle eis vir stemreg. Ook hierin tree ds Du Toit op as vyand en bestryder van pres. Krüger se politiek. In sy *Afgeperste Getuigenis* staan die betekenisvolle openingswoorde: „In de crisis welke ons land doorworstelt sta ik onder mijn stamverwanten en geloofsgenooten thans bijna alleen, als weleer een Micha onder die 400 Achabs profeeten of als een Elia onder de 450 Baäls-priesters.” Hierdie sienswyse dat die Transvaal verkeerd is, dat hy dit in 'n eventuele oorlog met Engeland gaan verloor, het ds Du Toit in die *Patriot* en in ander blaaië herhaaldelik verkondig, tot ergernis van vele, wat dan hulle name van die intekenlys laat skraap het.

Toe kom daar nog 'n uiterlike faktor by: die Engelse oorlog breek uit, posverkeer word belemmer en die paar oorblywende Transgariëpse lesers en intekenaars raak verlore vir die koerant. Die *Patriot* het 'n sukkelbestaan gevoer tot dit in 1904 doodgекwyn het. Politiek het die blad groot gemaak, en nie die taal waarin dit geskryf was nie; politiek ook het die blad dood gemaak, en nogeens, nie die taal nie.

Weliswaar het daar onder ds Du Toit se redakteurskap iets bygekom wat baie persone gehinder het in die taal, naamlik die spelling. Hy het trots teenstand van Oom Lokomotief en mnr Hoogenhout 'n nuwe sisteem ingevoer, die ultra-fonetiese spelwyse, wat baie hinderlik is vir die oog wat hom aan die Nederlandse skryftradisie gewen het. 'n Aanhaling uit die inleidingswoord tot *Ons Taal*, (15 Mei 1907) sal die spellingmanier laat uitkom: „Ek fra twé dingè feral: ferskoning fer foute en tekortkominge. Ek is mar 'n kind, wees geduldig met my. Alle nuttige bydrage sal hartelik welkom wees. So jonk en klyn as ek is, wil ek my graag beskikbaar stel om di land deur te gaan en an andere te gaan fertel, wat an my toefertrou word . . . (Uit verband:) Op hiirdi manier kom daar gedagte-wisseling en is daar oek kans om te siin welke spelling op di end di beste sal beantwoord.”

Die tweede belangrikste uitgawe van die *Patriot*-drukkery in *Ons Klyntji*. Reeds in sy boek: *Afrikaans ons Volkstaal*, 71 *Theses of Stellinge, neergeleg en verklaar deur S. J. du Toit* (1891), stel die skrywer die wenslikheid van 'n Afrikaanse Taalkongres voor, om te sorg dat die volkstaal ook 'n erkende landstaal word, en te ywer vir die beskawing en veredeling van die skryftaal „vollens die spreektaal.”

By geleentheid van die vergadering op die 20e verjaardag van die G.R.A. word besluit om hierdie gebeurtenis heuglik te vier deur die sameroeping van so'n Afrikaanse Taalkongres. Dit word op 15 en 16 Januarie 1896 in die Pêrel onder voorsitterskap van ds Du Toit gehou. Daar het groot geesdrif geheers onder die afgevaardigdes wat by die honderd getel en van orals gekom het, ook uit die Vrystaat en die Transvaal. Ds du Toit se politieke ommekeer was nog nie algemeen bekend nie, en dit verklaar die groot opkoms, volgens adv. De Waal (t.a.p. Hoofst. 3).

Die vernaamste besluit was dat 'n maandblad in Afrikaans moet uitgegee word, onder die naam *Ons Klyntji*, volgens D. C. de Waal, vader van adv. J. H. H. de Waal, as opposisietydskrif bedoel teen die voorgenome publikasie van die voorstander van Nederlands, t.w. *Ons Tijdschrift* (1896). Vgl. *My Herinnerings*, bls. 49.

In Maart 1896 het die „kindjie” met sy roemspreuk „Klein Begin, Aanhou win,” (wat die *Patriot* in sy eerste inleidingsartikel al as bemoedigingspreuk aangehaal het), die wêreld ingestruikel na sy 750 intekenaars. Hy het gou al mooi geloop en binne 'n jaar by die 3,000 intekenaars gehad.

„O'er poletiek sal ek ni praat ni,” belowe hy. Aan so'n blad was daar behoefte, noudat die *Patriot* by uitstek 'n politieke nuusblad was. *Ons Klyntji* kon hom dan verheug in 'n ruime mate van ondersteuning wat hy orals in die land geniet het. Die leesstof was van 'n bont gehalte, maar telkens daarop bereken om by die lesers belangstelling in te boesem, hulle aange naam te onderhou en ook te leer. Vervolgverhale het verskyn, waarvan die belangrikste is *Di Koningin fan Skeba*, 'n romanties-historiese verhaal deur ds Du Toit, en 'n paar van die nouvelles oor sekere soorte *Duiwels* in die maatskaplike lewe, deur prof. J. Lion Cachet, later versamel en uitgegee as *Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het* (1907). 'n Menigte stories het verskyn, stigtelike en didaktiese stukke is verskaf, populêr-wetenskaplike leesstof aangebied, geskiedenis vertel, gedigte geplaas, e.s.m.

Ons Klyntji het verder 'n hoër taalstandaard voorgestaan. Op die eerste kongres is die beginsel aangeneem: „om di beskaafde spreektaal van ons land tot grondslag te hê en tot re'el van skryftaal en saam met ons volk te ontwikkel,” of ook „*Di Patriot* het honderde geleer om te skrywe fer 'n koerant, *Ons Klyntji* moet tiintalle leer om goed te skrywe.”

Die verblydendste teken was die menigte bydraes wat ingestuur was. Wel was die gehalte oor die algemeen swak, maar op prosagebied is met ds Du Toit se roman en ds Cachet se nouvelles die hoogste peil van tyd bereik. *Ons Klyntji* het in sy eerste vier jaar besonder mooi vooruit gegaan en hoë verwagtinge vir die toekoms gegee. Persone soos C. P. Hoogenhout, wat van die *Patriot* deur die politiek vervreem was, kon

aan die suiwer kulturele maandblad weer kontribusies stuur en hartlik saamwerk.

Van 1900 af het dinge egter verkeerd geloop en die tydskrif moes eindelijk ook ten gronde gaan. Die spelling en taal het te veel herinner aan die *Patriot*, die drukkersfirma staan gevolglik om sy vernaamste publikasie in 'n slegte reuk by die publiek, en erger vir die tyd, ds Du Toit, wat onder sterke verdenking by die volk was, is die vaste redakteur van die tydskrif. Die oorlog het ook die voortbestaan van die tydskrif bemoeilik, en toe die drukkerij in likwidasie kom, word die staking daarvan 'n noodsaaklikheid, en vroeg in 1906 het die maandblad ondergegaan. *Ons Taal* verrys in 1907 as die voortsetting daarvan. Party van die jonger kragte soos Totius, ds Brümmer, Von Wielligh, het die tydskrif ondersteun, maar nog steeds wil niks meer vorder wat ds Du Toit aanpak sonder die medewerking van sy twee vroeër (en ouer) bondgenote, sy broer Oom Lokomotief en mnr C. P. Hoogenhout nie. In 1909 sterf ook *Ons Taal*.

Nie net deur koerante en tydskrifte het die G.R.A. en ds Du Toit, insover as hy alleen werk, geywer vir Afrikaans en die opwekking tot nasionale bewuswording langs die weg van nasionale kennis nie, maar ook deur boeke uit te gee, wat spotgoedkoop op die mark geplaas is. Die doel was nie om geld te maak en ryk te word nie. Ds du Toit het later selfs die wins wat hom ten deel geval het uit die boeke van hom wat goed verkoop het, weer gestort in die kas van die uitgewers om te vergoed vir wat verloor word deur die publikasie van minderbetalende werke soos die vertaalde Bybelboeke. 'n Publikasie soos *Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheids-Oorlog 1882*) deur Weilbach en Du Plessis, wat 420 bladsye beslaan met kaarte, is te koop aangebied teen twee sielings stuk.

Die eerste boekies is geskryf en gedruk ooreenkomstig 'n bepaling in die Statute van die G.R.A. Die naam van die vroegste werkie is *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal* (1876), wat veral die hand van S. J. du Toit verraai, maar waaraan ook Van der Rijst, Hoogenhout, e.a. meegewerk het. Dit was maar dun en het slegs 29 bladsye leesstof bevat. 'n Ses jaar later is dit weer herdruk, en in 1897 deur ds Du Toit enigsins omgewerk, toe 'n 6,000 eksemplare van die *Fergely-*
A.B. 7

kende Taalkunde van Afrikaans en Engels soos dit nou heet, gedruk is. In 1902 was 'n herdruk al nodig.

In 1877 is 'n belangrike getuienis gegee van die ontwaking wat aan die gang was deur die uitgawe van *Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk*. Die slag word die lands-geskiedenis in Afrikaans-nasionale gees beskryf met die doel om liefde en waardering by die volk op te wek vir hulle eie verlede; die verhaal word simpatiek gegee, wat vir die tyd voldoende opweeg teen die gebreke van volledigheid, verhouding en foute in 'n eerstelingswerk van sy soort en met sy gees.

In hierdie jaar (1877) word ook begin met die uitgawe van die Afrikaanse Almanak (burgerlik en kerklik), wat jaarliks verskyn het (behalwe een jaar in die oorlog) tot 1918. Dit adem in die begin die hele Patriotgees, en bevat nuttige leesstof om die boer op die plaas van raad en inligting te dien oor landelike, politieke en kerklike sake. Soms word hierin ook propaganda gemaak, soos vir die oprigting van 'n Hugenote-Gedenkskool, wat ds Du Toit in hierdie eerste nommer bepleit het, „'n regte Afrikaanse Skool, waarin Hollands en Engels en alles wat tot 'n beskaafde opvoeding behoort grondig geleer word, mar in ons eie taal en vollens ons eie beginsels” Die oproep is herhaal tot die totstandkoming van die inrigting, wat op 1 Februarie 1882 geopen is, en waar so baie van die ywerigste kampvegters vir hulle moedertaal 'n deel van hulle vorming gekry het, soos dr J. D. du Toit, dr D. F. Malherbe, dr A. I. Perold.

Dit verklaar waarheen 'n deel van die Afrikaanse skoolboekies gegaan het. Juis die volgende jaar (1878) word die eerste hiervan: *'t Spel- en Leesboek ver Afrikaanse Kinders deur Oom Willem* (J. W. van der Rijst) gedruk, en binne twee maande was die duisend eksemplare aan die man gebring—dit alles sonder dat Afrikaans as 'n skooltaal van staatsweë erken word. Die titel van die volgende kinderwerk skyn ook meer soortgelyke boekies in vooruitsig te stel, nl. *Die Eerste Afrikaanse Prente Boekie ver Soet Kinders, deur Oom Jan wat Versies Maak*, (C. P. Hoogenhout) in 1880, maar behalwe 'n herdruk (1885) het geen „Tweede” boekie gekom nie. Heelwat van die inhoud is reeds bekend aan lesers van die *Patriot* en *Almanak* waaruit die kindervriend stukke laat oordruk het.

Dit het selfs 'n soort van gebruik geword om sekere dele uit die tydskrifte in 'n boek bymekaar te bring, soos die gedigte wat in die *Patriot* en later ook in *Ons Klyntji* verskyn het. In 1878 is die *Eerste Versameling Afrikaanse Gedigte*, in 1881 die tweede, 1882 die derde, 1883 die vierde, 1885 die vyfde, 1889 die sesde en in 1901 die sewende versamelings in die lig gegee; in 1888 het 'n *Bloemlesing* (uit nommer een en twee verskyn, en in 1906 nog *Afrikaanse Gedigte, Byeenfersameld uit wat in die laaste 30 jaar verskyn is* (1876—1906). Wie op hierdie datums let, sal opmerk dat die produktiefste periode, wat gedigte betref, die jare gedurende en volgende op die Eerste Vryheidsoorlog is. Daarna tree die nasionale verslapping in, wat hom ook in die verseproduksie afspeël.

Eweneens 'n herdruk uit die koerant is *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*, deur „'n Lid van die G.R.A.,” d.i. hier deur ds Du Toit. Dit bevat boustowwe met kort samebindende aanmerkinge, en dan heet dit in die bytitel: „vervriend en vyand uit publieke en private bronne bewerk.” Ons bly ds Du Toit veral dankbaar om die „private” dokumente wat hy hier aanhaal en wat moontlik later ten dele ontoeganklik (deur verlies) kon geword het. 'n Hoofbeswaar teen die rangskikking het Pannevis al geopper (*Het Jaar* 1872, ens.) waar hy sê dat alles wat voor 1875 van belang is deur Du Toit „enigzins door elkaar . . . bijeengebracht is.” Dit is die vernaamste gepubliseerde bron vir die vroegste geskiedenis van die beweging.

Die groot hoeveelheid godsdienstige, landboukundige en stigtelike lektuur (behalwe die vertaalde Bybelboeke) noem ons nie. Van die orige is vir ons doel die belangrikste: *Magrita Prinslo*, deur ds S. J. du Toit, (1896); *Di Koningin fan Skeba*, ook deur hom (1898); *Sewe Duiwels en wat hulle gedoen het* (1907), deur Oom Jan (J. L. Cachet), en *Jakob Platjie* van G. R. von Wielligh. Von Wielligh wil al sy later werke ook as voortbrengsels van die Eerste Fase beoordeel sien, maar om duidelike redes kan dit tog nie. Melding moet ook gemaak word van 'n werk van ander aard, *Die Suid Afrikaanse Kook, Koek en Re-septe Boek* (1890) deur mej. E. J. Dijkman. Afrikaans is uitgeskel vir 'n kombuis-taal. Hier word dit dan vir en in die kombuis gebruik, vanwaar dit insover as dit nog nie die geval is nie, na die eet- en sitkamer sy weg gaan vind.

Die G.R.A. het sy ontstaan te danke aan 'n poging om die Bybel in Afrikaans oorgesit te kry, en hierdie gedagte om dit uiteindelik tot stand te bring, het die Genootskap steeds voorgesewe, al is dit nêrens bepaaldelik as doel so in hulle Statute bewoord nie. Toe die geldelike verantwoordelikheid, wat reeds 'n paar honderd pond aan laste beloop het, op die skouers van 'n firma gegooi is (1878), kon die propagandawerk deur middel van die pers sonder om met die G.R.A. as sodanig rekening te hou, voortgesit en uitgevoer word. Met die finansiële verantwoordelikheid glip ook die reg van seggingskap uit hulle bereik, en noodwendig verminder hulle invloed op die onderneming in 'n aktiewe sin as liggaam. Enkelinge kan nog optree soos enige ander *Patriot*leser.

Die sametrekking van kragte was nodig vir die begin, al was dit hoofsaaklik om die morele steun te verleen aan die strydery op die voorposte. Maar in die praktyk word reeds 'n sterk vorm van gesentraliseerde optrede beoefen, al staan dit teoreties in die uitvoering op 'n demokratiese grondslag. Dan neem die firma D. F. du Toit & Co. die verantwoordelikheid op sy skouers, sodat die weg vir verder sentralisasie oop lê. Sedert 1892 kom dit weer in 'n nuwe baan met verdere magsoepalming, nou in die hande van een man, ds S. J. du Toit. Om dié rede word die Patriotrigting na omstreeks 1890 'n eenmansbeweging, teenoor die Genootskapsbeweging van vroeër. Wat deur die pers gedoen is na 1878, en sedert 'n nuwe bedeling na ongeveer 1890, is alles moontlik gemaak deur die aktuele steun en inisiatief van die G.R.A. In die gees van hulle Statute is hulle werk ook sonder hulle as liggaam voortgesit tot so teen 1890, toe die gestelde doel net ten dele nagestreef word. Dit lyk dus wenslik om die direkte werk van die G.R.A. ook in sy voortsetting te beoordeel hoofsaaklik na wat uitgerig is tussen 1875 en 1890.

Toe 'n firma die G.R.A. in 1878 so-te-sê vervang om die bepaalde kulturele en politiek-nasionale doelstelling te verwesenlik, was die keuse weer gestel tussen ontbinding (soos in 'n sekere sin die vorige jaar deur voorwaardelike vereniging met die Hollandse Genootskap) of selfstandige optrede. Die laaste geval is nog moontlik insover as die onbeskrewe doelstelling onuitgevoer voor lê: die Afrikaanse Bybel. Maar al word daar

besluit om voortaan hieraan te werk, lyk dit of die G.R.A. in vergelyking met sy vroeër bemoeiings vir Afrikaans as skryftaal onseker voel en halfhartig optree. Die optrede wek die indruk van 'n wikkende weifelaar terwyl die *Patriot* fluks vorentoe „lokomoter.” Dit kan te wyte wees aan die gewigtige taak, die reuse-omvang van die werk, besef van gebrek aan voldoende bekwame kragte, maar die groot rede is ongetwyfeld dat hulle, wat belas word of kon word met die vertaling, deur die werksaamhede in verband met die *Patriot* in beslag geneem was.

Op een punt is die G.R.A. nog eenstemmig: die Bybel moet in Afrikaans oorgesit word, veral daar duisende die State-vertaling nie goed begryp nie en „die beginsel is Rooms dat ons 'n Bybel moet hê wat die volk nie verstaan nie . . . Die Bybel is juis vir die eenvoudige.” Daarom word op die belangrike jaarvergadering van 1878, waarheen die lede gekom het om oor die punt te beraadslaag na voorbereiding deur die gebed, besluit „in beginsel dat dit tyd is” om met die oorsetting te begin — dit na aanleiding van 'n brief wat mnr Hoogenhout oor die saak geskryf het. Daar word gewaarsku teen „al te lage uitdrukkings” in so'n vertaling, en verder word die besluit vir ondersoek en uitvoering na 'n kommissie verwys. Maar eers in 1884 word daar weer geroep en 'n oproep aan die volk gedoen om mildelik te help in die bestryding van die koste. Hierop is nogal gunstig gereageer. Een persoon wou selfs £1,000 voorskiet, 'n ander was gewillig om 'n verband op sy plaas te neem om die plan aan te help.

Hierdie en ander oorwegings was aanleiding vir die saamroeping van 'n vergadering in 1885 toe die saak van vertaling aan 'n deeglike bespreking onderwerp is, met ernstige besluite as uitvloeisel. Aan ds S. J. du Toit, wat toe nog Superintendent van Onderwys in die Transvaal was, is opgedra om met so'n vertaling te begin, en seker aanwysings oor die taal word aan die hand gegee, soos om *Soon* i.p.v. *Seun* vir die Here Jesus te gebruik, *U* i.p.v. *Jy* en *Jou*, en *Hem* vir *Hom* waar van die Here gepraat word.

Ds du Toit het ook 'n eed geneem dat as die Here hom seën tot 'n seker bedrag in sy goudspekulasies op die Rand, hy hom net aan hierdie taak van vertaling vir die res van sy lewe

sou wy. Hoewel hy 'n fortuin gemaak het, was hy na 'n jaar weer 'n arm man deur die verliese in die spekulasies. Tog het hy sy eed onder die wederwaardighede probeer hou en het hom aan sy liefingstaak gewy na sy terugkeer aan die Pêrel. Afgesien van die hulp wat hy van ander ontvang het, is die vertaling en verklarings die vrug van sy bemoeïinge en sy onverdrote ywer. In die loop van tyd is die volgende Bybelboeke oorgesit: *Genesis*, (1893, 136 blss.); *Matteus* (1895, 119 blss.); *Openbaring*, (1898, 88 blss.) *Hooglied*, (1905); *Psalme*, (1907, 293 blss.); *Handelinge* (1908); *Markus*, (1908), en, in handskrif, *Lukas*.

Oor die algemeen het die publiek nie veel belangstelling in hierdie uitgawes getoon nie. Die drukkerij het dan ook hierop altyd verloor, en party vertalings (*Hooglied*, *Handelinge* en *Markus*) is nooit apart in boekvorm uitgegee nadat hulle in ds Du Toit se tydskrif *Stemmen des Tijds* verskyn het nie. Van die vroeër opvatting dat die volk ryp moet wees vir die Bybel in die eie taal is dus afgewyk, miskien omdat dit ook moeilik is om te weet wanneer 'n volk dan juis ryp is. Maar in hoofsaak staan ds Du Toit hier tog op dieselfde standpunt wat vroeër deur Pannevis ingeneem is. Toe was ds Du Toit nóg jonk, met die lewe en sy moontlikhede voor hom, maar ook hy sien nou hoe deur die naderende dood die geleentheid om aan sy liefingstaak mee te werk, hom ontsink. Ook hy word ongeduldig en haastig, selfs tot die mate om die gemotiveerde standpunt te verlaat.—Ja, daar is veel van die besonder tragiek in Pannevis se later lewe wat ons as oorgeplaas in die later lewe van ds S. J. du Toit ontmoet. Per slot van sake is daar nie so danig veel in uitkyk wat twee van die grootste figure van die tydperk van die Afrikaanse Beweging, Pannevis en S. J. du Toit, meester en leerling, skei nie, behalwe soos ingegee deur die onderskeid in jare, temperament en geleentheid.

Oorskou ons die hele tydperk wat ingelei is deur die werksaamhede van die G.R.A., dan val dit op hoe die leiding uit die hande van die Genootskap as werkende liggaam geraak het, hoe die hele tydperk oorheers is deur één persoon, wat verantwoordelik is vir groot oorwinnings, en groot mislukkings, in die bloeytyd gesteun deur die twee getrouste bondgenote, Oom Lokomotief en C. P. Hoogenhout, in die tyd van agter-

uitgang alleen in die stryd, nie deur flouhartigheid van die bondgenote nie, maar deur die veranderde koers van die „Generaal.” In die bloeityd het die taalbeweging aangeswel tot 'n volksbeweging, met sy grootste prestasies op die gebied van die politiek. Dit is die eerste werklik belangrike poging om die Afrikanerboer op te wek en op te roep tot die uitoefening van sy taal as nasiebewuste burger deur hom in 'n sterk politieke organisasie te bring — al het ds Du Toit hierdie politieke liggaam, die Afrikanerbond, na 1890 probeer breek.

Die kragdadige bevordering van die Afrikaanse taal as voertuig van gedagte is egter net so belangrik en het 'n meer rewolusionêre karakter as die politieke bewusmaking. Die verengelsingspoginge as sodanig is nie gestuit nie, het intendeel nog toegeneem in krag en draagwydte, maar die *Patriot*-en Genootskapstrewe het veel bereik in die rigting om die Afrikaner die wapen in die hande te gee en om hom die genot van nasionale selfrespek te laat smaak.

Dit het die groot herrysenis help voorberei.

Om te voorspel wat kon geword het as ds Du Toit ook op politieke gebied by sy volk gestaan het, is 'n ydel spekulasie. Wat van hom ook gesê mag word, een ding bly soos 'n paal staan waar jy 'n tou aan kan vasmaak, ds Du Toit het nooit verflou in sy ywer vir die Afrikaanse taal en die Afrikaanse Bybel nie. Tot 1909 het hy probeer om met 'n periodieke uitgawe die taalsaak te dien, en tot aan sy dood in 1911 het hy in *Stemmen des Tijds* vir sy godsdienstige oortuigings gestry — soos 'n Micha.

Maar die volk wou hom nie volg nie, want hyself het die volk verlaat. Juis om die onverbreekbare eenheid van taal en nasionaliteit was dit tevergeefs om „te staan vir ons taal” en nie ook vir „ons nasie” nie. Tog was die stryd van hom, van Pannevis, C. P. Hoogenhout, Oom Lokomotief, J. L. Cachet, G. R. von Wielligh en ander medestanders nie tevergeefs nie. Hulle het die leiers van die nuwe periode in menige opsig geskool, en so het ook hulle deel aan die uiteindelijke oorwinning.

Vir die hoofstuk is o.a. gebruik gemaak van: Dr L. van Niekerk: *De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en zijn Letterkundige Voortbrengselen* (1916, 1920), J. D. du Toit: *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk* (1917), G. R. von Wielligh: *Eerste Skrywers, 'n Naklank* (1922) en *Baanbrekerswerk* (1925), (S. J. du Toit) *Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging*

(1880). Verskeie artikels in *Gedenkboek ter Ere van die Genootskap van Regte Afrikaners, 1875-1925* (1926). In die besonder word verwys na Thos. Blok: *Die Adendorff-Trek* (Nas. Pers, Bloemfontein, 1928). Van belang is prof. G. Besselaar se artikels in *Huis en Haard* (Ladybrand), jaargang 1928, oor *Die Verskuns van die Eerste Beweging in vergelyking met die Geusekuns*, en van W. H. Louw in *Die Huisgenoot* van 3, 24 Junie, 14, 21 Augustus, 4 September 1931 oor *Die Taalstryd in die Kaapkolonie*. 'n Goeie oorsig is te vinde by G. Dekker: *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis* (1937^a) en by P. J. en G. S. Nienaber: *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde* (1941). Belangrike opmerkinge by J. H. H. de Waal: *My Herinnerings van die Taalstryd* (1932), en waardevolle plate in M. S. B. Kritzinger: *Plate-Atlas by die Afrikaanse Letterkunde* (1931). Lesenswaard is die *Inleiding tot die Letterkundige Leesboek*, saamgestel deur A. K. Bbt en M. S. B. Kritzinger, deel 1 3e dr. 1926). Eindelik: *Ds S. J. du Toit die Eensame Ismael* (1940) deur dr P. J. Nienaber, en *Die Geskiedenis van die Afr. Bybelvertaling* (1934) deur P. J. Nienaber.

HOOFSTUK V.

DIE VERBAND TUSSEN DIE EERSTE EN TWEEDE TYDPERK.

Geskiedenis is soos 'n kledingstuk sonder naat. 'n Gedagte of 'n gebeurtenisvolle periode hou nie so skielik op soos 'n afgebakende plaasgrens nie. Daar is altyd voor- en nawerkinge. So duur die Eerste Tydperk van die Afrikaanse Beweging nog voort toe die Tweede Fase al ingetree het, soos blyk uit die voortsetting van die vroeër werksaamhede. Die *Patriot* verskyn nog tot Oktober 1904, *Ons Klyntji* gaan eers in 1906 onder, en staan die volgende jaar weer op as *Ons Taal*. Di *Afrikaanse Almanak* word steeds uitgegee en toon hom ook die lewens-taaiste van die *Patriot*-tydperk se periodieke geskrifte (dit verskyn tot 1918). Van die Bybelboeke verskyn daar nog steeds vertalings (*Hooglied, Psalme, Handeling, Markus*). Die *Afrikaanse Gedigte, byeensamel uit wat in die laaste 30 jaar verskyn is, 1876—1906*, trek die aandag weer op die suiwer letterwerk van die *Patriot*beweging en wel noudat die nuwe rigting vinnig opkom (1906). Von Wielligh beskou hom nog as 'n „Laaste Stem” uit die eerste tydperk.

Daar is meer as die chronologiese oorlapping van werksaamhede, as die naasmekaarbestaan van twee parallele rigtings in dieselfde tyd, daar is orals ineenvloeiings. Die oueres het die vore getrek en hier en daar deeglike braakwerk gedoen, hulle het deur hulle ywer en hulle foute ten dele vir die jongeres die koers gewys, en sommige van hulle ook gedeeltelik opgelei. Van die jonger kragte het dan ook in die na-oorlogse dae nog saamgewerk. soos Totius, Brummer, e.a.

Maar so hartlik kon hulle tog nie meedoen nie, weens die politieke insigte van die ou leier soos blyk uit die suiwer politieke en ander nuuspublikasies, en om die ongunstige geur wat

die ander Patriotwerk aangekleef het. Adv. J. H. H. de Waal noem ds Du Toit na die oorlog „die onpopulêrste man onder die nasie” (*My Herinnerings*, bls. 113), en wys hoe familie soos D. P. du Toit, D. F. Malherbe e.a. van hom op nasionale gebied verskil het.

Die gevolg was dat die Afrikaanse saak baie hieronder moes ly. Afrikaans is vereenselwig met 'n onnasionale strewe, met die opvatting van ds Du Toit, redakteur van die pro-Rhodesese *Dagblad*, stigter van De Koloniale Unie, voorsitter van die konferensie van „Loyalisten” in die Pêrel, ensomeer.

Toe *Ons Klyntji* dadelik na die stigting van die Afrikaanse Taalgenootskap in Pretoria (1905) pogings aangewend het om die erkende orgaan van die beweging in die Noorde te word, het Preller en ander eenstemmig besluit om hulle nie „aan hierdie wiel (te) laat binde nie.” Om dieselfde rede wou die jonger strydery ook nie die hand van *Ons Taal* (1907-1909) aanneem nie.

Sulke handelwyses moes bepaald griewend vir ds Du Toit en sy volgelinge gewees het waar hulle tog ook vir die verheffing van Afrikaans as kultuurmedium gestry het, net soos die jongeres. Maar om die politieke bysmaak kon die jongeres, wat besiel was met 'n *heeltemal nuwe gees*, hulle nie met die Pêrel-groep laat vereenselwig word nie.

'n Nuwe gees. As die werk van die *Patriot*-beweging vanaf 1900 as nadrag beskou word, dan lê tussen die twee fases die gebeurtenisse van die Tweede Vryheidsoorlog wat in die Vereenigingstraktaat van 1902 uitgeloop het op die verlies van die Republikeinse onafhanklikheid en van die Afrikaanssprekende se politieke selfstandigheid, maar waardeur hy aangespoor is om geestelike selfstandigheid te soek.

Die oorlog het die Afrikaanssprekendes van orals af laat saamvoel en saamly. Geen ander moondheid het hom in die stryd gemeng nie, en die hoop van die Republikeinse burgers dat 'n buitelandse mag sal ingryp in hulle belang, het verdamp. Hulle moes alleen stry—moes, wat hulle wil word, uit eie krag word. Dit het die bande met die ver en klein Nederlande ook baie verslap maar hulle eie lewenstempo geweldig versnel. Dit was 'n tyd van groot opoffering en van blink heldedade. Toe kom die verbysterende vredesvoorwaardes.

'n Tyd van insinking, moedeloosheid, verslapping het hierop gevolg. Soos malende skape sonder herders was die volk. Die boompie, wat die wa eendag gekrap het, was plat-getrap, en „op een plek was die stammetjie, so amper middel-deur.”

Langsamerhand kom daar besinning en besinking. Nou-dat die vaderland verlore is, keer die bewuste deel van die getroues met hardnekkiger liefde terug tot die nasie, die natuur en die geestesgoedere.

In hierdie gees is die nuwe oorlogspoësie gebore, wat kla oor verydelde hoop en ween in lewensmoegheid, of wat in oorstelping van smart net maar kan skryn, maar wat tog weer uit die natuur salwing haal en die simbool sien vir geloofsvertroue. In hierdie gees word ook die nuwe, verdiepte natuurliriek geken,—word die natuur nie net uiterlik aanskou nie, maar veral innerlik deurskou, word dit draer van 'n verhewigde menslikheid, 'n vertolker van die roersele in die digtersiel, en verteder as die bodem wat, soos hy dit tog voel, van hom vervreemd is. Want ook die natuurgedigte staan in die teken van lyding en smart. In lyding tog is die nuwe Afrikaanse letterkunde gebore en ontvang, dit kom uit die dieptes van die hart wat vroeër ongepeil gebly het. Die eerste kunsproduksies moes dus liries wees. Eindelik het dit soos 'n wonderwerk gebeur. Met ons poësie kort na die oorlog het ons amper skielik 'n letterkunde, besielde kuns van 'n ongekende suiwerheid in Afrikaanse vorm.

Die Eerste Tydperk het sy grootste prestasies op die gebied van die prosa bereik, die na-oorlogse periode bereik in die begin sy hoogste in poësie, maar dit is dan kuns van 'n ander orde, van 'n dieper, waaragtiger en voller menslikheid. Dit is die tweede groot verskil tussen die voor- en na-oorlogse tyd-vakke.

As die twee periodes met mekaar vergelyk word, dan kom die verskille nog verder uit. Die Tweede is nuut, en sorg dat dit nie met die Eerste moet vereenselwig word en deur die politieke houding daarvan benadeel word nie; dit beweeg hom op 'n non-politieke, suiwer kulturele baan.

Dan het die „Tweede Beweging” onder sy lede van die begin af baie geleerde jong Afrikaners getel wat leiding kon gee, en met gesag kon optree teenoor alle afbrekende beoor-

delaars. Geleerde Jong-Suid-Afrika begin hom al meer aan die kant van Afrikaans skaar. Op sulke bekwame akademies-opgeleide jonger kragte kon die G.R.A. nie roem nie. Die Tweede Periode het hierdeur 'n groot morele steun gehad en dit was juis in belang van die saak dat daar geen geheim van gemaak moet word wie die ondersteuners is nie.

Dit is verder juis hierdie goed-geskoolde jongeres wat op die voorposte gestaan en die eendersdenkende georganiseer het in belang van die moedertaal. Daar is die jeugdige ywer en voortstuwende, lewenslustige dadedrang van manne wat aan 'n ideaal glo en daarvoor stry, toegerus met die nodige kennis en met liefde. Langenhoven kenskets die aspirasies van die G.R.A. as volg: „Dit was, om dit sonder minagting so uit te druk, 'n takhaar-beroep op takhare.” Hoe anders is dit nie by die nuwe pleitbesorgers van die Afrikaanse saak nie! In hulle propaganda lê hulle nadruk op die beskaafde, die mooie in taalgebruik, daar word geywer vir die bruikbare en natuurlike, gepaar aan die skone; in hulle voortbrengsels is 'n nuwe geluid opgevang, soos in *Winternag* van Eugène Marais of in *Die Vlake* van Jan Celliers.

Teenoor die isolasie van die vooroorlogse skrywers stel die jongeres ook ander vereistes. Met hulle letterwerk verskuif hulle die grense buitewaarts en ondergaan invloed van ander literatuur. In die digwerk van Celliers, hoofsaaklik in die beginwerk, speur ons invloed van Nederlandse en Engelse kunstenaars, by Totius is spore van Gezelle en Da Costa se inwerking nawysbaar, Malherbe het klanke uit die Duitse Letterkunde, veral van die 1884-beweging, in sy vroegste liriek opgevang, de Clercq skyn op Keet invloed gehad te hê, ens. Die Tagtigers veral het besielend op die na-oorlogse Afrikaanse poësie, prosa en kritiek (Preller) ingewerk, hulle kunsvorms en kunsopvattinge het ingang gevind, maar gelukkig nje hulle indiwidualisme en pessimistiese wêreldbeskouing nie.

Die hele uitgangspunt van die jongeres was ook anders ten opsigte van die taalstryd. By die Genootskap van Regte Afrikaners was die uiteindelijke doel die vertaling van die Bybel in Afrikaans, maar na regte behoort dit by die kerk tuis. Adv. De Waal meen dat aan die *Patriot*- en Genootskapstrewes onberekenbaar nadeel berokken is deur die vooropstelling van

dié doel, sonder dat eers die medewerking van die kerke verkry is (*My Herinnerings*² . . . blss. 19-20).

Die jongeres het die aksent gans anders gelê, soos sal blyk. Hulle wou Afrikaans eers as kultuurtaal erken kry, en al die ander dinge sal die beweging dan toegeworpe word. Hulle het alle aandag meer bepaaldelik op die kulturele aspek toegespits. Trouens, waar die voorstanders van die negentiende eeu *ekstensief* op verlerlei terrein werksaam was, het hulle van die twintigste eeu vir hulle *intensief* op die één terrein toegelê: Afrikaans as moedertaal van die Afrikaner, om op dié wyse die volk te red deur by hom eerbied in te boesem vir sy belangrikste nasionale besit wat hom nog deur die veroweraar gelaat is.

Die Afrikaanse taalbeweging het telkens deur die heerskappy en nood van die gedagtes na vore gekom, en telkens op grond van 'n stryd teen ontaarding en onteining. Die kwaaieste aanvalle in die periode 1874 tot 1890 is teen Engels gelewer, en wel na aanleiding van toestande in die Kaapkolonie en gedurende die anneksasie in Transvaal. In die gees en in die tyd het ook die Afrikaans-gerigte politiek opgekom.

Na 1900 is die twee gewese Republieke ook in die Engelse invloedssfeer betrek, en die stryd vir Afrikaans strek hom nou uit, nie net oor die Kolonie soos vroeër nie, maar oor die hele Suid-Afrika. Die hele volk verkeer nou in gevaar van nasionale ondergang; en die rewolusie wat die taalbeweging nou be-oog, hou rekening met die Afrikaanse volk in hierdie reusagtige gebied van by die half-miljoen vierkante myle. Vir die eerste keer word dit werklik 'n landswye beweging, wat hom uitstrek van die Suide na die Noorde.

Vir die eerste keer moet ons, om die strewe vir nasionale selfbehoud te begryp, ook die blik slaan op die agtergrond daarvan in die verowerde gebiede.

Al die feite dien om afsonderlik en gesamentlik te laat sien dat ons na 1900 eintlik met 'n *nuwe* beweging te doen het, en daarom word gewoonlik van die *tweede* taalbeweging gepraat. Vir alle praktiese doeleindes was die eerste beweging dood, het hy sy invloed op alle terreine totaal verloor. Sy val was volkome gewees, en 'n herrysenis kon net op 'n ander grondslag plaasvind.

HOOFSTUK VI.

DIE AGTERGROND VAN DIE NA-OORLOGSE TYDPERK.

In die Kaapkolonie

Die toestande het vir die Afrikaner in die Kaapkolonie na 1900 geweldig versleg. Deur die skoolinvloed sedert die wet van 1865 het dit reeds gewoonte geword vir opgevoede Afrikaners om met mekaar Engels te gebruik in briefwisseling en selfs in gesprekke. 'n Boerseun wat hom nie „torrerig” wil voordoen nie, soos adv. De Waal ons meedeel, moes die Boere-nooi in Engels in die openbaar aanspreek, tensy hy haar wil beledig. Engelse preekbeurte in Hollandse kerke, selfs op afgeleë plekke en in weerwil van die feit dat daar Engelse kerkgenootskappe op die plekke gevestig was, het algemeen geword.

Die gemiddelde Afrikaner in die stad het sy besef van eie-waarde prakties geheel-en-al verloor. „Ek weet nie hoe dit in ander stede en dorpe in die Kolonie toegegaan het nie, maar hier in Kaapstad is blankes absoluut bang geword om die Boeretaal in trein of trem of enige ander plek onder gehoor van Engelse te praat Ek herinner my . . . venynige aanmerkinge wat ek deur daardie sonde uitgelok het. Ek weet ook van 'n geval waar 'n jong dame oor so'n „kwaad” grof beledig is.” (*My Herinnerings* . . ., (bls. 95).

'n Goeie aanduiding van die agteruitgang in die land bied hierdie sprekende statistiek. In 1901 was daar in die Kolonie 236 skole wat Hollandse onderwys aan 8,150 kinders gegee het, in 1902 154 skole met 4,416 kinders.

Die toekoms was vir die Afrikaner so donker soos nog nooit van tevore nie. Van owerheidsweë is alles in die werk gestel om die gebruik van Hollands te ontmoedig en die Boer-

volk los van sy eie tradisies en instellings te maak. Daarom word daar sedert 1900 in die geval van aanstellings in die staatsdiens en van skoolinspekteurs nie meer gevra na kennis van Hollands nie — die besit daarvan was eerder 'n na- as 'n voordeel.

Selfs bewuste, beproefde Afrikanerleiers het geswig vir die mag van die Engelse gewoonte, en Bondslede het hulle eie taal al meer en meer in die openbaar en in die Parlementshuis versaaak. Van die ag-en-veertig Afrikaners in die Wetgewende Vergadering van 1903 het net negentien aan die debatte in Nederlands deelgeneem, terwyl die ander voorkeur aan Engels gegee het, om daardeur hulle lojaliteit te betuig, selfs al was hulle Engels van die soort: "We must put our shoulders under the wheel for to push the stateswagon on." Sy algemene gevoelens oor die toestande en die vooruitsigte van Nederlands in die Kaapkolonie gedurende en net na die oorlogsjare vat adv. De Waal as volg saam: „Moontlik was ek te pessimisties, maar vir my het dit baie gelyk of Kaapse Hollands (— hy bedoel Afrikaans) as witmanstaal in gevaar verkeer van binne nog 'n geslagstydperk byna heeltemal uit die stede, asook uit die huise van die enigszins opgevoede klasse op die platteland, te verdwyn, tensy nasionale Afrikaners . . . die taal sonder verwyl by die hand vat" (t.a.p. blss. 84-85).

In Transvaal en Vrystaat.

In die twee worstelende Republieke het dit daar ook droewig uitgesien. Reeds voor die oorlog, toe Nederlands alleen die amptelike taal was, het Engels al 'n houvas op baie burgers gehad, afgesien van die vreemde elemente of Uitlanders. So diep het die invloed van die groot staatskole ingedring waar persone dit taamlik ver op die pad van geleerdheid gebring het, dat hulle dit uiters moeilik gevind het om hulle aan die greep daarvan te ontwortel.

Vaalswaer, later een van die warmste kampvegters vir Afrikaans, vertel hoedat hy, terwyl hy aan die kant van die Burgermagte teen die Engelse veg, die paar briewe wat hy aan sy vrou van die oorlogsveld geskrywe het, in Engels opgestel het. Op kommando het hy 'n Engelse sakbybeltjie gehad, wat

naderhand vol kanttekeninge in potlood geskryf was, eweneens in Engels.

Dit is opmerklik hoe 'n vername plek hierdie wêreldtaal vir hom reeds in die Republikeinse dae in handelsake laat inruim het. Baie prokureurs byvoorbeeld het hulle briefhoofde net in Engels gehad, terwyl Nederlands die amptelike landstaal was.

Gedurende die oorlog is deur die Engelse in die besette gedeeltes aan die Boere alle taalregte ontnem, maar die getroue agtergeblewe onderwysers van die republiek, meestal Nederlanders, het teen 'n geringe loon en met groot opoffering voortgegaan om les te gee op die „protestantsch christelijken grondslag” van die Republikeinse onderwysstelsels.

Die besettende militêre owerhede het vrouens en kinders in konsentrasiekampe begin byeenbring en het besluit om dadelik skole vir die kinders in te rig, hoofsaaklik met die bedoeling om hulle Engels te leer. Godsdiensonderwys is darem nog in Nederlands gegee. Mnr. E. B. Sargent, wat deur lord Milner as Direkteur van Onderwys vir die twee Republieke benoem is, het alreeds die 6e November 1900 in Kaapstad geland, en het hom toe in die eerste plek op die invoering en verbetering van die kampskole toegelê. Die hoofmiddel om die nuwe imperiale gedagtes by die volk ingang te laat vind, is dus weer die skool.

Sy een groot moeilikheid was 'n tekort aan onderwysers, wat hy uit Engeland en die Britse kolonies moes invoer. In die Transvaal was daar teen die end van die oorlog meer as 17,000 kinders in die kampskole, en in die Vrystaat 1,200 kinders, almal onderrig deur ongeveer 200 ingevoerde Engelse onderwysers.

Na beëindiging van die vyandelikhede word in Artikel 6 van die Vredetraktaat van Vereeniging neergelê: „The Dutch language will be taught in Public Schools in the Transvaal and the Orange River Colony, where the parents of the children desire it, and will be allowed in courts of law when necessary for the better and more effectual administration of justice.” Wat die skole betref, is dit duidelik dat die ingevoerde eentalige onderwysers nié in staat sou wees om aan die bepaling uitvoering te gee waar die ouers hulle op die artikel vir onderrig in Hollands aan hulle kinders mag beroep nie.

In die begin het die Boerevolk as geheel taamlik afsydig gestaan van die talryke goed-ingerigte staatskole met hulle goedgekwalifiseerde leerkragte. Afrikanervriende in Holland het aan die Pretoriase „Vriendenkring” van onderwysers voldoende geldelike steun gesê om in Transvaal, Vrystaat en die by Natal aangehegte ou Nuwe Republiek, C.N.O.- (Christelike-Nasionaal Onderwys-)skole in te rig, wat die republikeinse onderwystradisie sou voortsit.

Die staatskole was meerendeels vry, maar vir die salaris van die C.N.O.-onderwysers moes ook die ouers 'n deel van die geld bybring, skoollokale moes deur hulle beskikbaar gestel word, e.s.m., maar in hierdie skole is Nederlands dan die medium, en hierin word naas die taal die landsgeskiedenis en Bybel doseer. In Nederland en elders is duisende ponde ingesamel om die skole op 'n vaste voet te stel, en die volk het hierdie onderneming wat deur die Hollandse kerke kragdadig gesteun is, aanvanklik kragtig aangehelp.

Tog was dit 'n vreeslike opoffering vir die totaal verarmde bevolking om 'n groot gedeelte van die geldelike las te dra vir die instandhouding van die skole. Daar is herhaaldelik vertoë by die owerhede gemaak om tegemoetkoming, en na lange beraadslagings is daar in 1905 en 1906 tot 'n soort ooreenkoms geraak in die Vrystaat, in Transvaal en Noord-Natal.

Hierdie ooreenkomste wou almal maar nie bevrediging gee nie. In die Vrystaat is die saak in 1905 gedeeltelik opgelos in die volgende terme: „English shall be the medium of instruction in schools, but the time devoted to the teaching of English and Dutch as languages shall be the same.” Volgens hierdie bepaling is kennis van Engels noodsaaklik, maar nie van Nederlands nie, terwyl negentig uit die honderd van die bevolking tog Afrikaanssprekend is.

Dit is te verwagte dat so'n oplossing nie algehele bevrediging kon gee nie, en in 1906 was daar van die ruim 6,000 kinders dan nog 'n duisend in C.N.O.-skole; die volgende jaar word nog in Bloemfontein die Oranje Meisjes- en Normaal-School geopen om die volksdogters daarin te laat opgelei word in die gees waarin die volk dit verlang.

Met die verlening van Verantwoordelike Bestuur aan die twee gewese Republieke, word die medium- en taalkwessie vol-

gens die parlementêre besluite gereël, in die Transvaal deur die Smuts-wet, in die Vrystaat deur die Hertzog-wet.

Nie net vir die skole nie, maar vir alle belangrike staatsbetrekkinge is 'n skare eentalige „Milner“-manne ingevoer om die verowerde land te help regeer. Alle ereposte is deur hulle beklee. Dat wrywing noodwendig soms moes ontstaan tussen die eentalige hoofde en assistente enersyds, en die bestuurders en andertalig-eentalige onderdane andersyds, lê voor die hand: Terwyl op baie plekke besadig en beleidvol teenoor die verowerdes opgetree is, het gevalle van taktlose despotiese bewindvoerdery ook herhaaldelik voorgekom.

Waar die voorstanders van Nederlands en Afrikaans aanvallend teen Engels opgetree het, was dit weens die omstandigheid dat hulle uit hulle vermeende regmatige plek geweer word, en nou stry hulle om dit te verower. Sover as dit die gees is, gaan die stryd vir Nederlands en Afrikaans dieselfde rigting op. Vir albei is Engels-eentaligheid onaanneemlik, is so 'n toestand doodsgevaarlik.

Tog het Afrikaans nog nie die hoofstryd teen Engels te voer nie, maar wel teen Nederlands, wat hom feitlik alle bestaansreg as skryf- en kultuurtaal ontsê. Die voorstanders van Afrikaans wil nog sover as dit prakties is, aan Nederlands vas hou daar hulle van hulle eie swakheid bewus is. J. S. M. Rabie sê, die Afrikaanse kalfie moet nog met die horings van die moederkoei beskerm word. Die pleitbesorgers van Afrikaans het deurgaans in hulle doelstellinge, soos ons sal sien, onnodige afwyking van Nederlands in spelling en in algehele houding afgekeur en teengewerk: die nuwe Tagtigerrigting in daardie letterkunde het trouens vir hulle 'n inspirasie geword.

Maar die persone wat verantwoordelik was vir die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling (V.N.S.), was soos gif op Afrikaans, die taal, wat op hierdie kritieke nasionale tydstip sonder 'n hoogstaande letterkunde dit teen Engels nie kan volhou nie, soos hulle meen. Dit is hulle hoof-argument, en waar die teenstanders dit nie wil insien nie, is dieselfde ou slegmaak-beweringe van vroeër weer op die tapyt gebring, dié keer kon dit egter ontsenu word deur gesaghebbende beoordeelaars.

Die Taalbondmanne het sedert 1890 die beweging vir die bevordering en instandhouding van Nederlands in Suid-Afrika aan die gang gesit en vir hulle veral in Kaapland met die saak bemoei, deur eksamens uit te skryf, 'n tydskrif in die lewe te roep (*Ons Tijdschrift*), e.s.m. Een groot moeilikheid wat hulle ondervind sodra hulle met die volk in aanraking kom, is die klein groepie wat die moedertaal behoorlik kan skrywe of korrek kon praat. Daar was selfs 'n gevoel dat Nederlands met sy geslagsreëls, buigingsuitgange en spellingnukke onnodig moeilik gemaak word, dat hierdie „moedertaal” net soos 'n vreemde taal moet geleer word.

So diep is die beswaar gevoel, nou dat Engels so'n sterk mededinger word, dat daar in Januarie 1897 „Het Eerste Congres ter Vereenvoudiging der Nederlandsche Taal” in Kaapstad gehou is, toe dit ook deur afgevaardigdes uit die Vrystaat en Transvaal bygewoon is. Hierdie kongres het eenparig 'n groep vereenvoudigingsvoorstelle, in die gees van die Kollewyn-spelling soos in 1893 opgestel, aangeneem, al het hulle nie so ver as daardie geleerde gegaan nie.

Deur die dreigende oorlog en om ander redes het die saak hier voorlopig stilgestaan. Maar met die herlewing van die volksgevoel tydens en in die na-oorlogse dae, is die saak weer hervat. Die besluite is geneem maar geniet geen gesagserkenning nie. Toe prof. W. J. Viljoen, wat saam met prof. de Vos, dr Brill, Nico Hofmeyr e.a. die leiers van hierdie beweging is, in 1903 die plan opgevat het om Europa te besoek, is aan hom opdrag gegee om van gesaghebbende taalliggame en taalgeleerdes in Nederland en Vlaandere opinies in te win oor die vereenvoudigingsvoorstelle en om hulle te beweeg om hulle goedkeuring en steun daaraan te verleen.

Prof. Viljoen was suksesvol in sy sending en in 1904 is die voorgestelde vereenvoudigings deur die Taalbond en die onderwysers goedgekeur en aangeneem. Van hierdie tyd dateer wat in ons land bekend gestaan het as: De Nieuwe Spelling.

Die voorstelle het in die eerste geval gegaan oor die spelling, maar verder ook oor kwessies in die vormleer en oor woordkeuse. In verband met die woordkeuse is o.a. bepaal dat veroorloof word: „woorden en uitdrukkingen, die naar het karakter van ons volk en den aard van het land, ontstaan

zijn," m.a.w. burgerreg word verleen aan tipiese Afrikaanse idiome, wat egter vernederlands moet word, 'n produk dus wat vir die Afrikaanse oor net soveel 'n onding is as vir die Nederlandse gevoel. Geen wonder dat daar in die Kaapse blaaie veral 'n geweldige stryd gevoer is, wat die hoofsaak dikwels verbygeloop het. Baie persone het, met enige reg, die *spelling*-vereenvoudiging verwar met *taal*vereenvoudiging en heftig protes aangeteken teen sodanige poginge. Het *Zuid-Westen* (Oudtshoorn) was ook kwaai teen die vereenvoudiging, en het gemeen dat as daar verandering moet gemaak word, liewers die grense tussen die *de-* en *het*-woorde moet uitgevlak word.

Tog het die V.N.S. vinnig aanhangers gevind in die skool, op universiteit en in die staatskantore. Die Taalbondeksamens het dit ook fluks aangehelp; boeke is in die spelling oorgeskryf, nuwe skoolboeke opgestel, grammatika's gemaak, woordeboeke e.d.m. saamgestel: Daar was 'n verfrissende werkywer bespeurbaar wat hoop vir die toekoms gegee het.

Een van die belangrikste faktore wat die spelling by die publiek laat ingang vind het, is die Hollandse koerante gewees. *De Volkstem* van Pretoria het al lank voor die algemene aanname van die voorstelle in dié gees begin spel; die ou *Bloemfontein Express* het insgelyks in die voor-oorlogse dae dieselfde koers ingeslaan; en na die oorlog is daar ook nooit 'n getwis oor die saak in die twee gewese Republieke gewees nie. Maar in die Kolonie het 'n geweldige stryd tussen die bepleiters van die Ou en Nuwe Spelling losgebrand, toe daar 'n verdere „verdeelheid" in die geleedere van die Afrikaanssprekendes ontstaan het, deurdat die pleitbesorgers vir Afrikaans ook nou hulle gedagtes op die voorgrond stoot. Dit word toe 'n driehoekige debat en die sprekers het nie altyd geskroom om hulle sienswyses op 'n soms onverkwiklike manier te lug nie.

Hoe die bemoeiings van die bepleiters en beoefenaars van die V.N.S. ook beoordeel word, as dit in sy ware verband gesien word, dan is dit juis 'n stap in die rigting wat die Afrikaansgesindes ingeslaan het, veral waar Afrikaanse uitdrukkinge en idiome (in 'n Nederlandse kled) nou burgerreg verkry. Daardeer is tog die praktiese erkenning afgedwing dat in die Afrikaanse volk 'n ander siel setel as in die Nederlandse.

Maar dit is ook duidelik dat as die pogings om Afrikaans

as skryftaal erkend te kry met sukses bekroon word, die moeitevol-verkreë spellingvereenvoudiging van Nederlands vir Suid-Afrika vergeefs erlang is. Dit is juis een van prof. Viljoen se besware teen Afrikaans soos uiteengesit in 'n lesing voor „Ons Spreekuur,” die Stellenbosse Studentevereniging, in Julie 1905, —hy noem dit selfs die „grootste” beswaar. „Waar we nu voordelen verkregen hebben en grote moeilijkheden uit de weg geruimd hebben, zouden we de band met Hollands verbreken . . .” deur Afrikaans aan te neem, wat tog geen letterkunde het nie? In 1906 het hy, waar hy weer teen Afrikaans getuig, voor die lede van die derde Kaapse Kongres van Debatsverenigings gesê, dat as Afrikaans kan geld: „My pens is dik gevreet!” en as Afrikaanse liedere net kon genoem word: „Haai, haai, die witboskraai,” „Vat jou goed en trek, Ferreira,” en „Siembamba.”

Dit is dus sonneklaar dat Afrikaans voorlopig die grootste teenstand te dugte het van die voorstanders van die V.N.S., wat alreeds halfpad na die Afrikaanse koers gekom het, die wind uit hulle seile probeer skep het, en nou bevrees is dat al die swaar werk ongedaan gemaak sal word. Dit mag tog nie geskied nie, daar hulle die loflike ideaal het om die band met Nederland nie te verbreek nie en so die letterkundige skatte van Nederland ook vir die Afrikaner wil behou.

Ons kan die algemene taaltoestand ten opsigte van die Boerebevolking in hoofsaak as volg saamvat:

Die *skryftaal* van 'n klein klompie is (a) beskaafde Nederlands; maar 'n groot groep bedien hulle uit onbeholpenheid en onkunde van (b) 'n beroerde soort Nederlands wat nie anders as 'n onding bestempel kan word nie; en die gros Afrikaners wat 'n redelike mate van skoolopvoeding geniet het, skrywe liewers (c) in Engels aan mekaar, aan besigheidsplekke of koe-rante, want „my Dutch grammar is too rusty.”

As *spreektaal* is die verwarring eweneens groot. (a) Die weinigste, daaronder die leiers van die Taalbondstrewes, probeer 'n suiwer Nederlands te praat. (b) Die grootste groep, as verteenwoordigend van die middelklas, praat beskaafde Afrikaans in die omgang, maar (c) by openbare geleenthede, soos by bidure, vergaderinge, ens. trag hulle 'n vorm van Nederlands, wat aansluiting by die Bybeltaal soek, te besig. (d) Daar

is ook 'n klomp, veral onder die jongeres wat graag in die mode wil wees, en wat 'n verbasterde Afrikaans, 'n taal deurspek met Engels, aanwend — prof. Mansvelt noem dit „Mixpickles-Afrikaans”; of (e) hierdie groep verkies eenvoudig Engels as spreektaal.

So wissel dit af van suiwer Afrikaans, oor 'n kruising daarvan met Nederlands of Engels, tot suiwer Nederlands of Engels.

Vereenvoudigde Nederlands het die pleit by die regering gewen en word in skool en op universiteit erken; maar dit doen hom voor as die taal van die Afrikaners en as sodanig verloor dit by die dag veld teenoor die snel-opkomende, van staatsweë aangemoedigde Engels wat ook die handelswêreld volkome verower het.

Nederlands kan dit op die lange duur teen Engels nie volhou nie. Dit is in der waarheid 'n vreemde taal vir die Afrikaner, terwyl Engels elke dag meer aktueel en lewendig word.

'n Klompie intellektueles meen dat die redding uit hierdie gewisse ondergang van die Afrikaners as aparte eenheid net moontlik is deur hulle eie, daaglikse omgangstaal te veredel en in die plek van Nederlands plaas te kry. Dit is hulle doel en dit bepaal hulle metode van stryd. Ons kan dit in vier tydperke afbaken:

- (1) Die Koerante ywer vir Afrikaans.
- (2) Vereniging ywer vir Afrikaans.
- (3) Afrikaans ontvang gesagserkenning.
- (4) Toepassing en Uitlewing van die taalregte.

Die volgende kan nuttig wees vir die student wat meer van die algemene agtergrond wil weet: *Zullen wij noch voor onze Moedertaal ijveren?* door een Lid v.h. Hoofbestuur van den Taalbond, by Townshend en Seun, Kaapstad; *De Z.A. Taalbond en Taalvereenvoudiging, Open Brief aan de Voorstanders van een Afrikaanse Schrijftaal*, en *De Afrikaner en Zijn Taal*, albei prof. De Vos; *The Teaching of the Dutch Language in South Africa* deur dr Brill; „*The Language Question*” (in O.V.S.) deur Brinsley White, *Education in South Africa* deur E. G. Malherbe; *Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika* deur Anna J. D. de Villiers; *My Herinnerings van ons Taalstryd* deur J. H. H. de Waal; *Gedenkboek uitgegeven door de Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika* (1918) by Van Schaik, vir belangrike artikels oor C.N.O.-skole; en verder die meer bekende werke oor die Tweede Taalbeweging en oor die Onderwysgeskiedenis in Suid-Afrika. Vermelding verdien ook *Lewe van D. C. de Waal* deur J. H. H. de Waal, veral blss. 303-305. 'n Massa materiaal is te vind in *Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand, 1886-1936* deur dr Abel Coetzee (s.).

HOOFSTUK VII.

DIE SUID-AFRIKAANS-HOLLANDSE JOERNALISTIEK EN AFRIKAANS.

Niemand was so goed instaat om die taaltoestande van die Afrikaner na waarde te weet as die joernalis van 'n Hollandse koerant nie. Die talle briewe in gebrekkige Nederlands, party daarvan van ons voorste volksleiers, en briewe in Engels van Afrikaners aan 'n Hollandse koerant, het gewys hoe ernstig sake staan, hoe Nederlands as volkstaal geen vooruitsigte meer gehad het nie, deels om die gebrekkige onderwys daarin. Die „Nederlandse” briewe van lesers het gewoonlik 'n voetnoot gehad: „Mynheer Editeur, verbeter de fouten a.u.b.”

Die eerste belangrike steun aan die Afrikaanse taalstrewende van 'n paar intellektueles sal van die kant van die joernaliste kom, en wel deur pleidooie in Nederlands of artikels in Afrikaans of albei.

In Kaapland.

Die eerste in die weer is adv. J. H. H. de Waal. „Toe ons ander nog geslaap het,” sê Langenhoven, „was Jannie de Waal wakker; toe ons van tyd tot tyd moeg geword het, het hy volhard; konsekwent, van sy jong dae af, sonder berekening van voordeel of nadeel vir sy beroep of vir sy ambisie, het hy vir Afrikaans geywer.”

Afrikaans het vir De Waal 'n hartstog geword. Reeds as student aan die Normaalkollege in Kaapstad (1889-1891) het hy in die openbaar Afrikaanse gedigte voorgedra en aan debatte in sy moedertaal deelgeneem. In die tweede helfte van 1892 was hy as onderwyser in Utrecht (nou deel van Natal) werksaam en het toe met veel vrug 'n laer klas deur Afrikaans onderrig. Gedurende hierdie tyd het hy ook 'n lang epiese stuk in versvorm opgestel en aan *Land en Volk* (Johannesburg) gestuur. Van nou af tot aan die oorlog sal hy voortgaan om

Afrikaanse rympies, klugspele, verhale en 'n drama (*Anjelina*, 1897) te skrywe.

In Uitenhage, waar hy in die eerste helfte van 1892 skoolgehou het, en in die Nuwe Kerk, Kaapstad, het hy verenigings wat ook Afrikaans as voertaal aanvaar het, vir jongmense in die lewe geroep. Vir laasgenoemde vereniging het hy in Nov. 1899 'n voorlesing oor Afrikaans voor 'n aansienlike gehoor gehou om vir Afrikaans te pleit.

Na volbragte studie in die regte in London (1897) het hy na sy vaderland teruggekeer en begin deelneem aan wat hy noem „politieke joernalistiek.” As onderdeel hiervan moet sy menigte politieke geleentheidsgedigte en ander rymelary in Afrikaans gereken word, wat haas almal onder die skuilnaam Jannie verskyn het in die belangrikste Hollandse koerant van destyds, nl. *Ons Land*, toe onder redaksie van adv. F. S. Malan. „Daardie soort rympies kon 'n mens vinniger opstel as briewe skrywe,” sê hy (t.a.p. bls. 69). Hulle is veral inmeekargetimmer op aandrang van Onze Jan en vir politieke effek, maar ook omdat De Waal gewaar hoe vinnig Afrikaans na 1896 grond verloor.

Dit moet opval dat De Waal met sy ywer vir Afrikaans sedert 1889 nooit voeling met die *Patriot*-rigting gesoek het nie. Die groot rede lê hierin, dat hy eers vanaf 1897 flink begin skryf het, en toe was die Pêrelse uitgawes reeds in verdenking by die volk, daarenboue was ds Du Toit sedert 1890 die politieke bestryder van die groot Bondsleier en Afrikaner, nl. Onze Jan, familie van De Waal. Die gees van „die ou Pêrel-spul,” soos De Waal die *Patriot*-rigting noem, was reeds verkeerd.

Van die oorlogsverklaring in 1899 tot in Januarie 1901, toe *Ons Land* in die ban gedaan en F. S. Malan in die tronk gestop is, het nog Afrikaanse rympies en stukke oor nasionale onderwerpe van die hand van De Waal in dié koerant verskyn.

Omstreeks 1900 was daar in die Suide dus die *Patriot* en *Ons Klyntji* in Afrikaans, maar sonder invloed en in 'n baie slegte reuk; en die invloedryke *Ons Land* wat Afrikaanse bydraes, meestal in rym, van Janni (De Waal), en praatjies in prosa oor die debatte in die Parlement, deur Jan Kieser (F. S. Malan) bevat het. Hierby kom *De Middellandsche Afrikaner* met D. P. du Toit as redakteur (ds S. J. du Toit is sy oom).

Hy neem heelwat stukke in Afrikaans op en lewer in 1900 pleidooie ten gunste van die taalvorm.

Maar in 1901 en 1902 was dit treurig gestel met die vooruitsigte vir Afrikaans. Janni en Jan Kieser kom egter dadelik voor die dag met bydraes toe *Ons Land* teen die einde van Julie 1902 weer sy verskyning kon maak.

Intussen begin prof. Viljoen propaganda maak vir Nederlands, wat van die kant van De Waal, die pleitbesorger van Afrikaans, 'n twisgeskryf in *Ons Land* uitlok, elke keer as iemand iets ten nadele van die volkstaal sê. Die geskryf gaan herhaaldelik oor heeltemal bykomstige en ondergeskikte sake, soos oor die beskaafdheid en toelaatbaarheid van *ek* of *ik*, *hom* of *hem*.

Vir De Waal breek 'n nuwe tyd aan toe die redakteur-skap van die pasopgerigte *De Goede Hoop* aan hom opgedra word. Van die verskyning daarvan in Julie 1903 hou sy bydraes as Janni in *Ons Land* op, maar Jan Kieser sal voortgaan met sy stukke daarin en De Waal sal aanvalle op Afrikaans bly teenwerk.

Op twee maniere sal De Waal in *De Goede Hoop* die Afrikaanse taalsaak behartig. Vereers deur die aanmoediging van bydraes, ook in Afrikaans en deur self te skrywe, wanneer nodig. So is daar in die eerste nommer (Julie 1903) reeds verskeie stukke in die volkstaal van Melt Brink, M. H. Naser, H. Burton en homself; in die volgende aflewering vul Afrikaans nog meer ruimte; een van die stukke is *Anjelina* (geskryf in 1897), 'n speelbare treurspelletjie wat ook afsonderlik daarna verskyn het en die eerste boekie van De Waal in Afrikaans is.

Van nou af sal Afrikaans in geen enkel nommer meer ontbreek nie. Die behoefte aan spannende, en vir die jeug nasionaal-gesonde leesstof „sou roman-skrywer van my maak.” (ald., bls. 147), en op dié manier is die romanties-historiese vervolgerhaal *Johannes van Wyk* saamgestel, wat van Jan. 1904 begin verskyn het. Dit is in 1906 in boekvorm met 'n oplaag van 500 apart uitgegee, enige maande na die verskyning van 'n ander romanties-historiese feuilleton in boekvorm, *Koen Vermaak* deur Gawie J. Otto (oplaag 100).

Hier het ons in 1906 die eerste twee romans van die Tweede Tydperk — 'n baie belangrike mylpaal en 'n stewige bewys

dat daar langsamerhand 'n sneller gang in die stryd kom, dat ge-arbei word op die terrein waar Afrikaans nog steeds die armste is en die felste aangeval word: die gebied van 'n eie, nasionale letterkunde. De Waal het voortgegaan met sy werk op dié gebied.

Die tweede manier waarop De Waal die taalsaak in hierdie maandskrif gedien het, is deur leiding en voorligting. 'n Groot moeilikheid was 'n gestandaardiseerde spelling. De Waal het as algemene stelling in die derde nommer neergelê: „Spel volgens die uitspraak, maar wijk niet onnoodig van de Hoog-Hollandsche spelregels af” — waarby hy enige toeligting voeg.

Die moeilikheid het egter bly voortduur en in die verjaarsdagnummer (Julie) 1904 ondersteun De Waal 'n korrespondent (G. S. du Toit) se wenk om die spellingreëling aan 'n bevoegde taalkommissie op te dra. Hy voeg daaraan nog toe: „Ik denk ook, dat het zeer goed zal zijn een taalvereniging, bestaande uit jongelieden van beide seksen, te stichten, met het oog op het behoud en het voorthelpen van ons geliefd Afrikaansch.” Hy gee aan die hand dat die „taallievende studenten te Stellenbosch . . . zoo 'n genootschap (moeten) stichten,” en wys hoe hulle byeenkomste kan reël om die taal te bevorder en hoe takke in die hele land gestig kan word.

Maar prof. Viljoen en die voorstanders van die Vereenvoudigde Nederlandse spelling was te sterk op Stellenbosch in 1904 en die jare daaropvolgend. De Waal het hierdie beweging, tot ergernis van baie van sy lesers, kwaai bekamp in sy blad, het hom heelwat vyande verwek en 'n groot twisgeskryf laat ontbrand. Dr Viljoen en sy groep het in 1905 voorlopig die pleit gewen, en het in dié jaar selfs 'n opposisieblad in die lewe geroep, nl. *De Unie*, wat orgaan van die Onderwysersvereniging geword het.

Maar nieteenstaande alles het *De Goede Hoop* onder De Waal se leiding in krag toegeneem en hy het die Afrikaanse taalwerk getrou gedien tot 1914. Die tydskrif bly tot 1914, toe De Waal uitgetree het, 'n belangrike bron vir ons kennis van die taalstryd in die suide.

Teen 1906 het die beweging in Kaapland 'n nuwe fase binnegetree.

Om die stryd hier in die Suide goed te vat, moet onthou word dat die Hollandse koerante en tydskrifte, *De Goede Hoop* inbegrepe, almal die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling toegepas het, m.a.w. hulle het die taalreëling aanvaar, alans in hoofsaak. Tog het 'n paar koerante, juis op grond van die reëling van die V.N.S., sterk besware geopper, bv. teen die insluiting van die tipies-Afrikaanse uitdrukkinge in Nederlandse taalvorm, d.i. hulle aanvaarding van die reëling het onder 'n soort protes geskied, want die besluite erken dat Afrikaans tot 'n groot mate reg aan sy kant het, en hoekom dan nie verder gaan nie?

'n Uitsondering op hierdie bewering bied die vooraanstaande koerant *Ons Land*. Hy het wel altyd getuig: „Onze houding teenover het Afrikaans is niet een vijandige”, en later (in 1907 e.v.) het dit 'n vaste rubriek ten dienste van die A. T. V. gestel, maar vir die Afrikaanse saak het van die editoriale kant geen krag uitgegaan soos dit die geval was by die leidende Hollandse koerante in die ander drie provinsies nie; dit het eerder brik aangedraai in die poging om kleurloos onpartydig te wees. Na aanleiding van die voorgestelde Afrikaanse Taalorganisasie lui dit: „en daarom zullen we op de ingeslagen weg voortgaan, geen partij kiezende voor of tegen een of de andere vechtende partij — ze zijn ons beide even dierbaar, als delen van een geheel. En terwijl ze over de vorm onzer taal vechten, zullen we trachten die gevechten te bezweren . . .” (Sept. '05).

Oorskou ons die tydperk tussen 1900 en 1906 in Kaapland, dan blyk dit dat die groot bewegende krag ten gunste van Afrikaans as kultuurtaal adv. J. H. H. de Waal is, wat binne seker grense vir sy opvattinge propaganda maak in die maandblad *De Goede Hoop*. Ondersteuning kry hy van mnr D. P. du Toit, redakteur van *De Middellandsche Afrikaander* (Cradock). *Ons Land* is in 1906 neutraal, die *Patriot* en *Ons Klyntji* dood.

In die Vrystaat.

In die twee gewese Republieke het juis die Hollandse koerante voorbereidingswerk gedoen vir die eventuele georganiseerde optrede, en dit veel aktiewer gesteun as in die Suide dit die geval was.

In die Vrystaat (die naam was destyds die Oranje Rivier-Kolonie), was Johannes Visscher die editeur van die Hollandse deel van *The Friend*. Vroeg al het hy tot die oortuiging gekom dat die toekoms aan Afrikaans behoort en het nou en dan in dié koers gepraat. Toe hy ds W. Postma in Bloemfontein in 1903, spoedig na laasgenoemde se aankoms aldaar, leer ken het, het hulle die eerste aand al oor volksbelange gesels en onder aansporing van Visscher het ds Postma sy gedagtes op papier gesit, sodat die editeur dit die volgende aand in klad kry en dit toe persklaar gemaak het. Twee jaar later het die artikels verskyn onder die skuilnaam „Jong Afrika” in die *Vriend des Volks* (V.d.V.).

Visscher moes ook versigtig loop. Toe die *Vriend* sedert Julie 1904 as 'n aparte suiwer-Hollandse blad verskyn, kom nog Afrikaanse stukke daarin voor en dit neem ook geleidelik toe in lengte en aantal, maar eers 'n twee maande later maak die redakteur sy taalstandpunt duidelik, toe hy die versugting slaak, dat daar tog 'n gesaghebbende liggaam moet gevorm word om die V.N.S. definitief te erken en die „lastige fraaiigheden” van die ou spelling oorboord te gooi, soos hy, gebore Hollander, spoedig daarna ook doen.

Verder wil hy ook graag sien dat die Afrikaanse spelling 'n vaste vorm moet aanneem ooreenkomstig die beginsels van die V.N.S. „zonder onnodige en gewilde verschillen te maken,” — wat ook die rede is waarom by die ultra-fonetiese *Patriot*-spelling afkeur.

Kort hierop loof hy 'n Nederlandse boekprys in pragband uit aan die beste insender van 'n storie tussen die 30 en 100 woorde in „Afrikaans of Hollands” (Nederlands),—let op sy volgorde—gedurende November 1904 en maandeliks daarna. Die meerderheid van die ingekome stukke was telkens in Afrikaans gestel.

Maar Visscher se groot bedrywigheid vir Afrikaans sal eers die volgende jaar in alle erns begin en dit omstreeks dieselfde tyd as wat die beweging in die Transvaal en in Natal in die koerantekringe so warm bepleit word van redaksionele kant af.

Net na die plasing van Jong Afrika se pleidooi skryf Visscher, presies soos Rabie nou in Natal, sy eerste Afrikaan-

se inleidingsartikel (7/7/'05), „om in die eerste plaas te wys dat ons Afrikaans nie beskou as 'n kombuistaal nie: daarom het ons dit die slag in ons voorkamer geset,” en verder om die uitdrukkingsvaardigheid daarvan aan te toon, en eindelijk, om te hoor wat die mense van die „nuwigheid” dink.

Daar het net een teenstem gekom; 'n predikant het geprotesteer dat te veel ruimte afgestaan word aan die „Patriots”, wat die blad „walgeliker en niet aangenamer” maak. Dit het die redakteur nie van stryk gebring nie, hy stel nou nog 'n klompie by-artikels in dié taalvorm op, en later, by wyse van afwisseling en ook op grond van die inhoud, 'n paar keer die hoofartikels.

Onder hierdie omstandighede brei die *Vriend* so vinnig uit dat die weekblad vanaf Oktober 1910 halfweekeklis verskyn onder die naam *Vriend des Volks* (V.d.V.) met die wapenleuse „om te strijden voor Moedertaal en Vaderland.” Wat „Moedertaal” is, sê hy nie duidelik nie, maar van nou af word 'n volle „Afrikaanse bladsy” gegee, want „ons wil deur die daad toon dat Afrikaans vir Afrikaners zij natuurlike taal is.” Daarin word byna in soveel woorde te kenne gegee wat die lesers onder „moedertaal” behoort te verstaan.

Op hierdie bladsy word ontspanningsleesstof vir volwasse en vir kinders oor landsgeskiedenis en populêre wetenskaplike onderwerpe opgedis. Een van die vervolgstories is amper uitgegee, maar die plan is later prysgegee om die groot geldelike risiko, soos dit uit die aankondiging afgelei kan word. Vir hierdie bladsy, wat die redakteur darem nie te lank kon volhou nie, het hy ook van sy lesers bydraes ontvang.

Laat die werksaamhede van ander wat die redakteur se arms opgehou het, kort aangedui word. Onder hulle het hom die besliste en bekwaamste uitgedruk ds Willem Postma, die siel van die C.N.O.- en Afrikaanse Bewegings in die Vrystaat. Die artikels van hom oor Afrikaans as skryftaal, wat hy al in 1903 gedeeltelik opgestel het, is, behalwe wat die derde en laaste („Doen is die Ding”) betref, sonder kennis van Preller se pleidooi in *De Volkstem* geskrywe. Preller het in dieselfde gees benoorde die Vaal begin ywer as ds Postma in die Transorangia, en sy reeks was al 'n rukkie aan die gang toe die eerste stuk van Jong Afrika verskyn het (2 Junie 1905).

Dit is 'n egte juweeltjie in ons propagandistiese literatuur. Treffend is die spontaniëteit van gevoel en segging, die goedigheid van 'n simpatieke heelmeester wat hoop het vir die toekoms. „Dit is my 'n eer en 'n behoefte van mij hart om die pen voor die taal van mij moeder op te neem, ja, om desnoods daarvoor te strij . . .” begin hy. „Die taalkwessie” is vir hom geen grap nie maar 'n „levenskweessie,” en hy bewys hoekom. Hy wil so graag dat die mense hulle geleentheid moet waarneem en nie bly veg om 'n been totdat die derde naderhand daarmee heengaan nie. Dan daal hy af na die wortel van die kwaad: „Ons schaam ons vir onszelf, waar ons toch sterk genoeg en goed genoeg is om baas te wees. 'n Kaffer is trots op zijn taal, 'n Boesman op zij gesnater, maar ons schaam ons voor onze taal. Waarom? Ja, vra dit: waarom? Ik weet dat dit nie aan die taal sheel nie. Wat ik wel weet is dat dit aan ons sheel . . .”

Nou waag hy hom aan 'n beskouing oor die wording van ons taal, en sien niks abnormaals in die opneming van nuwe woorde onder nuwe omstandighede en in defleksie in 'n lewendige taal nie. Hierdie opvatting werk hy later (1912) effens anders in *Die Brandwag* uit.

Na die pleitrede kom hy met 'n program van aksie voor die dag. „Laat ons Afrikaans praat en skrywe”; die kwessie van lees laat hy agterweë insover dit nie onder „skrywe” ingesluit is nie. Om vir die skryfkant te sorg, moedig hy die mense aan om met mekaar in hulle eie taal te korrespondeer en om aan koerante nuus en opinies op te stuur. Om Afrikaans as spreektaal aan te moedig, noem hy twee punte: ons moet die voormanne nie toelaat om hulle ongrammatikale Nederlands te praat nie; want „waarom moet ons nou van ons gekke maak? Dit hoef nie. Dit moet anders.” Tweedens moet alle debatsvereniginge Afrikaans as offisiële taal aanneem, dan kan hulle in 'n Bond verenig word en „ons kan op onze kongres die zaak aanpak, en dan weet ik: daar is geen mag op aarde wat ons zal keer nie om te win met onze taal nie.”—juis, „doen is die ding.”

Hier word 'n vereniging van georganiseerde liggame terwille van die taalstryd in die vooruitsig gestel as die ideale standpunt om in te neem nadat Afrikaans aanvaar is. Die saamwerk-gedagte begin weer posvat soos vroeër by die G.R.A.,

en soos ons reeds by De Waal verneem het (Julie 1904). Postma wil aansluiting soek by die bestaande, lewenskragtige verenigings. Destyds was daar oor die hele land 'n debats- of gesellige skyfskietvereniging op omtrent elke dorp en plek met jongmense.

'n Menigte persone het hulle instemming betuig met hierdie artikels en die strekking daarvan. Die „Manifes” van die beweging in die Vrystaat en in Natal het so 'n groot invloed uitgeoefen. Preller se artikelreeks is nooit in die *Vriend des Volks* opgeneem nie, waarskynlik om die lengte daarvan, en toe dit in pamfletvorm uitgegee is, het dit net by 'n saaklike aankondiging in hierdie koerant gebly. Tog is Preller se leuse later deur die „Voorlopige Kommisise” in die Vrystaat oorgeneem, sodat die invloed daarvan ook hier gevoel is.

Ds Postma het die beweging in die Vrystaat met alle krag aangehelp. Na hierdie pleidooi het Visscher in Afrikaans begin skrywe in die editoriale kolomme, en hy het sy blad met die grootste bereidwilligheid ten dienste van die beweging in hierdie kolonie gestel. Die *Vriend des Volks* was destyds 'n krag wat nie kan oorskakel word nie.

Ds Postma wil nou ook vir leesstof sorg, en vanaf 6 Oktober 1905 begin hy as dr O'kulis „Oogdruppels” aan te maak vir alle nasionale (politieke, kulturele, opvoedkundige en godsdienstige) „oogsiektes”, wat die volk blind maak of skeef laat sien. Dit is onder invloed van ds J. L. Cachet se „Zwarte Pilletjies” wat hy vir die *Patriot*-lesers vroeër aangemaak het. Hierin gesels hy oor volksgebreke op so'n pakkend-onderhoudende en belangstellende doktersmanier, dat die korrespondente herhaaldelik nuwe resepte vra of ongevraagde getuigskrifte instuur. Van die hand van Blikoor (Joh. Visscher) het ook Afrikaanse gedigte en verwerkinge van Nederlandse gedigte verskyn, wat ver bo die *Patriot*peil staan. Een daarvan: „Hul sal dit toch nie krij nie”, was vinnig op pad om 'n volkslied te word, en is selfs deur Rompel op sy Afrikaanse Aande in Holland herhaaldelik laat sing. In die liedere en gedigte klink daar 'n helder stem op; dit het soms uit 'n geroerde gemoed gekom. Die motiewe was meestal, soos in die vroeg-Patriotse periode: die moedertaal, die vaderland.

Van die beste Afrikaanse medewerkers van die *Vriend des Volks* moet nog genoem word Mauritz van der Merwe (Boerbok) wat Langenhoven op sy eie gebied soms na die kroon steek, en verder Pollux van Boshof, of wat ook in sy politieke stukke agter die naam Wapendraer geskuil het (Senator C. A. van Niekerk). Vir die kinders is nog later gesorg deur Nonnie wat haar eweneens van Afrikaans bedien het.

Een van die opmerklike feite is die groot eenstemmigheid wat daar, te oordele na die briefwisseling, in die Vrystaat geheers het aangaande die V.N.S. en die Afrikaanse taalvorm; teen eersgenoemde het geen enkele, teen laasgenoemde in 1905 net een teenstem gekom. Die menigte ander het die „nuwig-hede” van harte begroet. Die Vrystaat was ryp vir die beweging, en Visscher, Postma en Rabie het dit met oortuiging en wyse beleid gestuur.

In Natal.

Die meergenoemde artikels van ds Postma oor Afrikaans as skryftaal is ook oorgedruk in *De Volkstem* en in *De Afrikaner* van Pietermaritzburg tydens die redakteurskap van J. S. M. Rabie, vroeër van *De Bloemfontein Express*. Hierdie persoon was reeds lankal 'n oortuigde voorstander van Afrikaans en van 'n vereenvoudigde Nederlands, soos sy spelling van voor die oorlog in die *Express* getuig. As krygsgevangene het hy begin propaganda maak vir sy moedertaal. Sy korrespondensie met vriende het hy ook hierin gevoer. Nadat hy in 1904 die redakteurskap van die Natalse Hollandse nuusblad aangeneem het, begin hy kort na sy ampsaanvaarding die V.N.S. toe te pas; hy het, wat die vryheid aangaande woordekeus („woorden en uitdrukkingen die naar 't karakter van ons volk en aard van ons land ontstaan zijn”) betref, miskien verder gegaan as enig-een. Sy redaksionele Nederlands van hierdie tyd is in hart en niere Afrikaans in Nederlandse vorm. Hy het dan ook sy besluit om die V.N.S. toe te pas, later gemotiveer as „een eersten stap op den weg die leiden moet tot de vestiging van een eigen Zuid Afrikaanse taal en letterkunde. Onze toekomst is Afrikaans of niets” (20/1/'05), en Afrikaans is vir Afrikaners „hun eigen nuttig dialect.”

Die V.N.S. is dus vir hom net 'n oorgangsmiddel om die Afrikaner bewus te maak van sy eie besitting, wat na die verlies van sy vryheid so broodnodig geword het. Oor die V.N.S. is in Natal geen stryd gevoer nie, dit het die lesers blykbaar bevredig.

Nadat Rabie ds Postma se gloedvolle pleidooi oorgeneem het in die loop van Junie 1905, probeer hy dadelik om die aangeduide program uit te voer. Sy blad moet eers bewys dat dit ten gunste van Afrikaans is. 'n Paar persone het reeds per brief hulle ingenomenheid met die artikels betuig, bv. die ywerige Vryheidse korrespondent J. P. Rheeder, wat al vroeër die saak effens taktloos bepleit het. Nou kom Rabie self voor die dag.

Hy loof vereers weekliks 'n geldprys van £1 uit vir die beste bydrae van tussen 500 en 2,000 woorde „in Afrikaans of Hollands”. Dit was vir die yweraar verblydend om te kon vertel dat die eerste paar ingesonde stukkies meestal in Afrikaans opgestel is. Al was die deelnemers maar almal „veldsperde”, tog het Rabie by hulle groot talent ontdek, soos by Paula (mevr. Carinus-Holzhausen), skryfster van *Donkere Wolke*, wat eers in *De Afrikaner* as vervolggerhaal verskyn het. Vir die kindertjies is ook aangename Afrikaanse stories geskryf (*Jaap en Bettie, Waarom word Uil Gehaat?* e.a.)

Die volgende stap is om Afrikaans in die inleidingskolomme te gebruik, waarmee hy twee maande na Jong Afrika se pleitrede begin het, en toe een en 'n halwe maand konsekwent daarmee volgehou het, totdat Gert van Rooyen van Pinedale, Seven Oaks, opkom teen die „vernedering” en „verlaging” van die Afrikaanse volk deur die gebruik van 'n „kombuistaal” en „Boesmanstaal.” Rabie was bitter teleurgestel, en hy gee nou aan die hand om 'n stemming te hou: Elke belangstellende moet aan hom 'n briefkaartjie rig en sê of hy in die nuusblad die voorkeur gee aan „kombuistaal,” ('n taktiese fout!) of aan Nederlands.

Hy laat ons agterkom wat agter die skerms gepraat word: daar is „baie (Hollandse Suid-) Afrikaanse koerante wat al te graag die sprong wil neem (om net Afrikaans te gebruik), maar wat nie weet waar hulle sal aanland . . . Laat ons zien of Natal hulle nie 'n beetje kan help . . .” Hoewel hy later kon getuig dat van die 18 ontvangte antwoorde die stemming ten gunste van

„Wolf” (Afrikaans) geloop het, tog het hy, na hy uit moedeloosheid vir 'n week „weggeloopt” het, by sy terugkeer besluit om na die ou gebruik terug te keer en geen verder skeuring te veroorsaak nie. Hy het egter nog voortgegaan om die Afrikaanse taalsaak, waar moontlik, te bevoordeel met gunstige verslae of met voorspraak.

Een punt van ds Postma se program bly nog oor: Afrikaans as amptelike voertaal in Debatsvereniginge. By geleentheid van 'n vergadering van die Boerevereniging en die Komitee vir C.N.O. op die plaas Driefontein, Nondweni, het J. P. Rheeder die brief van mnr Rabie voorgelees waarin hy die stigting van so'n Afrikaanse Debatsvereniging aan die hand gee, maar 'n warm bespreking het aangetoon dat almal teen Afrikaans was.

In Natal is die toestand teen hierdie tyd (1906) so: Die Hollandse koerant steun die Afrikaanse beweging so ver as moontlik en het ook die leiding daarvan in hierdie kolonie geneem, maar weens die klein Boerbevolking moes teen verdeeldheid gewaak word, sodat die besliste optrede na 'n mislukte probeerslag vereers onwenslik beskou is, die volk moet eers tot die Afrikaanse sienswyse met mooiigheid opgevoed word, wat die rede is waarom in *De Afrikaner* gedurigdeur propagandistiese en suiwer belletristiese Afrikaanse lektuur opgeneem is. Behalwe dit is die beweging in Natal morsdood.

In Transvaal.

Anders was dit in Transvaal gesteld. Daar was die vernaamste koerant, *De Volkstem*, destyds die tweede grootste in Suid-Afrika. Reeds lank voor die Taalbondbesluit het dit 'n vorm van V.N.S. gebruik, net soos die *Express*; en nou gaan hy ook kragtig optree ten gunste van Afrikaans.

Die stoot word gegee deur die toespraak van J. H. Hofmeyer (Onze Jan) op 6 Maart 1905 voor „Ons Spreekuur,” 'n Stellenbosse studentevereniging, waar hy die vraag stel: „Is het ons Ernst?” Dit het betrekking op die handhawing van die moedertaal, waaronder hy Nederlands verstaan. Na hy op die betreurenswaardige taaltoestand in die staatskantore, in die kerk en in die skool gewys het, stel hy die vraag met groot warmte: „Is 't ons ernst? Ernst met wat? Ernst met ons be-

weren, met het beweren van zo velen — dat zij, dat wij de miskenning, die verguizing, minachting, vertrapping van onze taal werkelijk gevoelen, die betreurden, verlangen onze taal op te heffen, in eer te herstellen en al wat in ons vermogen is daartoe bij te dragen? Of is het bij ons, of bij velen onzer, slechts gekunsteldheid, femelarij, gehuichel, slechts „aanstellings” en „ons-maak-maar-zo-geschiedenis?”

'n Vraagteken is gewoonlik die teken van twyfel of onsekerheid; by doelbewuste bevele of aanmoediging word die uitroepteken gebesig. Op hierdie vraag van Onze Jan, wat in sy geheel in *De Volkstem* van 5 April 1905 opgeneem is, gee Preller die antwoord met 'n uitroepteken in vyftien agtereenvolgende nommers van daardie blad (19 April tot 14 Junie) onder die kopstuk: *Laat 't ons toch Ernst wezen!* Die ondertitel later, toe dit as pamflet uitgegee is, lui: *Gedachten over de aanvaarding ener Afrikaanse Schrijftaal.*

Die artikelreeks, in brosjurevorm uitgegee, het baie opspraak verwek. Dit is 'opvallend dat dit net kort en saaklik in die Vrystaatse en Natalse blaaië aangekondig is, en dat daar geen bewys is dat dit groot direkte invloed in daardie kolonies uitgeoefen het nie. Die Voorlopige Kommissie in die Vrystaat het egter Preller se leuse oorgeneem, en na aanleiding van die optrede in Transvaal en in samewerking daarmee die georganiseerde beweging in die Transorangia voortgeset.

Prof. E. C. Pienaar noem hierdie artikels, wat meer as 'n maand voor die van Jong Afrika verskyn het, die „Manifes” van die Tweede Tydperk van die Afrikaanse Beweging. Preller bepleit hierin die Afrikaanse taalsaak op kragtige wyse, en wys hoe die bestaan daarvan moet geregverdig word. Sy drie vername stellings is:

1. „De taal die in een land leeft, die in het volk wortelt, heeft in dat land en onder dat volk de meeste kans op voortbestaan, en laat zich niet uitroeien dan met de uitroeijing van het volk waarin ze leeft . . .”

2. „ . . . Onze schrijftaal verschilt zover van onze spreektaal (lees: Afrikaans), dat de gros der Afrikaners het geschrevene slechts met moeite verstaan en het zelf nagenoeg nooit schrijven,” en hierna volg as 'n deduksie die ander stelling:—

3. „Daarom heeft Afrikaans in Zuid Afrika de grootste en beste kans op voortbestaan;

Daarom behoort zich onze schrijftaal te regelen naar onze spreektaal.”

Vir die orige voer hy hoofsaaklik bewysgronde aan om die bogaande stellinge duidelik te maak en om die derde beter te motiveer. Hy hoef as joernalis net trug te gryp na wat hy gesien het en kon uit ryke ervaring die bekommerlike taaltoestande skets en die hopeloosheid van die stryd vir Nederlands beklemtoon. „Is 't ons ernst met de bestendinging van een volslagen onmogelikheid (Nederlands)? Is 't ons ernst met de verwachtingen die we daarvan koesteren?” klink soos 'n parodie op die Stellenbosse toespraak.

Daarom wil hy as skryftaal Afrikaans hê wat „gezond leeft” in ons volk, maar dan nie in die *Patriot* spelling nie, nee, dit moet so na aan die V.N.S. kom as wat dit prakties moontlik is. En daarmee kom hy by sy leuse, wat ver buitekant die Transvaalse grense weerklank gevind het: „Als overgangsmaatregel, totdat het Afrikaans algemeen geschreven wordt, omschrijven we onze gedragslijn: Afrikaans schrijven en spreken, Hollands leren, albei lezen.”

Hierdie uiteensetting, wat nog geen al te duidelike uitgewerkte program van aksie bevat het, het tog so oortuigend en warm geklink, dat die eendersdenkendes in Preller 'n leier meen te sien. In baie briewe wat hy nou kry, sê hy kort daarop in 'n artikel wat dié keer in Afrikaans gestel is, o.m.: (Daar „wordt daarop aangedring om 'n byeenkoms te beleg van belangstellende persone, waarop ons 'n Afrikaanse Taal Genootskap kan stig.” Dan kan die saak verder bespreek, die spelling gereël en propaganda „met woord en daad” gemaak word. Daarom doen hy 'n beroep op belangstellendes om aan hom hulle opvattinge voor 1 September 1905 bekend te maak, dan kan die stigting van so'n Genootskap oorweeg word (17 Junie 1905).

Ds Postma wil deur die Debatsverenigings werk, maar dit kan hy net as hulle warm genoeg vir die saak voel om dit aan te pak. Preller wil lievers, soos die G.R.A., almal wat saamvoel in een groot Vereniging saamtrek.

Na hierdie nuwe fase aangekondig is, begin Preller om 'n prysvraag vir die beste Afrikaanse storie uit te skryf. Op die vasgestelde datum (1 Aug. 1905) het ag-en-negentig opstelle ingekom, byna almal in Afrikaans.

In *De Volkstem*, waarvan Preller toe onder-redakteur was, verskyn verder gereeld stukke in en oor Afrikaans, en as daar iewers 'n wanklank gehoor word, probeer die yweraar om in 'n voetnoot die regte stemming te wek. Onder sulke stukke, wat met 'n propagandistiese by-oogmerk geplaas is, moet gereken word die gediggie *Winternag* van Klaas Vakie (E. Marais). Met hierdie innige natuursang van verlatenheid begin die eintlike Afrikaanse digkuns in sy enger betekenis.

In twee ander Transvaalse koerante uit die na-oorlogse tydperk is deur argument en oorspronklike werk geywer in belang van die Afrikaanse taalsaak, t.w. in *Land en Volk* (Pretoria) met E. Marais as redakteur en in *De Transvaler* (Fordsburg).

As ons die voorgaande saamvat, dan blyk dit dat die Hollandse joernalistiek tot 1905, 1906 in die drie kolonies, die Transvaal, die Vrystaat en Natal, 'n uiters belangrike rol gespeel het om die Afrikaanse taalsaak onder die aandag van die publiek op oortuigende wyse te bring en die weg vir georganiseerde optrede te baan. Hierdie beywering vir Afrikaans het byna gelyktydig maar aanvanklik onafhanklik van mekaar begin in die Transvaal en in die Vrystaat, in Natal het die vonkie wat van Bloemfontein oorgewaai het, vinnig in vlam geslaan, maar het gou dood gesmoor. In die Kaapkolonie is die stryd vroeër as in die ander kolonies aangeknoop, maar die kragte is versnipper in die spellingstryd, sodat die wekstem van adv. De Waal daardeur oordreun is, terwyl hy ook andersins in sy optrede gestrem is.

Die ideaal wat vir Afrikaans gestel is, was in die begin dat dit as beskaafde skryftaal moet gebesig word en in spelling moet dit nie onnodig van die Nederlandse skryfgewoonte afwyk nie. Voorlopig wil niemand nog daaraan dink om dit in staat en kerk amptelik erken te kry nie; ook die Nederlandse kultuurskatte moet nog vir die Afrikaner toeganklik bly.

Vir verder studie kan gebruik gemaak word van E. C. Pienaar: *Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging* (4e dr. 1931); die be-

trokke artikels in *Gedenkboek ter Ere van die Genootskap van Regte Afrikaner* (1926); J. H. H. de Waal: *My Herinnerings van ons Taalstryd* (1932); M. S. B. Kritzinger: *Die Stigting van die Afrikaanse Taalgenootskap* soos afgedruk in *Oor Skrywers en Boeke* (1932); Vaalzwaer (I. van Heerden) 'n Paar Aantekeninge i.v.m. die Tweede Afrikaanse Taalbeweging in *Die Nuwe Brandwag*, dl. I, 2 en 3; G. S. Nienaber: *Honderd Jaar Hollands in Natal* (1933); A. J. D. de Villiers: *Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika* (1936). Die lêers van *Land en Volk* en *De Transvaler* kon ek tot my spyt nie vir hierdie uitgaaf deurwerk nie. Ek kon ook raadpleeg *Die Vrystaatse Taalbeweging* deur P. J. Nienaber (nog ongepubliseer).

HOOFSTUK VIII.

VERENIGINGE EN AFRIKAANS.

Noudat die koerante eers begin het om in belang van Afrikaans te ywer, sal hulle nie daarmee ophou nie en sal hulle die troue bondgenoot bly van die georganiseerde beweging wat nou — einde 1905, begin 1906 — op koers kom. Uiteindelik sal dit selfs vir hulle moontlik word om heeltemal 'n Afrikaanse kleed om te hang, terwyl hulle gaandeweg deur al en meer nuwe Afrikaanse tydskrifte en koerante vir velerlei belange onderskraag te sal word.

Die hoofsaak in die historiese verloop van die beweging is, dat die genoemde koerante onder leiding van 'n paar joernaliste die nood gesien en die redding daaruit aangedui het totdat dit omstreeks 1906 nodig geword het om die kragte van belangstellendes saam te trek in aktiewe organisasies vir sterker optrede en oortuiging. Die gros van die bevolking tog moet oorgehaal word om die planne te steun, want uiteindelik is dit 'n stryd vir hulle vir die hele volk; en sonder hulle medewerking is alles tevergeefs.

Die eerste taak van die verenigings sal dus wees om die onverskillige, die ongelowige, of die vyandiggesinde menigtes te oortuig van die nood en die weg tot waaragtige volksbestemming aan te wys. De Waal was die eerste om die stigting van 'n taalvereniging in oorweging te gee (Julie 1904), daarna kom ongeveer gelyktydig in die pers dieselfde voorstelle van Preller en Postma (middel 1905).

Die A.T.G. in die Noorde.

Die woorde van instemming en aanmoediging wat ds Postma en Preller na aanleiding van hulle pleitredes van verskillende kante gekry het, laat die besluit ryp om, soos aan die hand gegee is, bevriende persone vir eendragtige optrede in een ge-

organiseerde liggaam saam te bring. Daar word twee voorlopige komitees benoem om met die oog hierop reëlings te tref. Die Transvaalse komitee, bestaande uit dr N. Hoogenhout, dr M. Lingbeek, d. hh. N. Hofmeyr, E. Marais en G. S. Preller, kom teen die einde van Augustus in „De Volkstem“-gebou bymekaar, toe aan dr Hoogenhout en Preller gevra is om spellingvoorstelle op te stel, wat toe, soos ook die voorgestelde statute, op die volgende vergadering 'n maand later bespreek is.

Van verskillende persone kom nog steeds briewe om van hulle steun te getuig, en manne soos Izak van Heerden toon hulle erns deur afsydige kennisse op te soek en te oorreed om na hulle kant-toe te staan.

Natuurlik is ook baie teenstand ondervind, en hierdie ywerars is self deur gevierde predikante vir „nasionale skouts“ uitgemaak. Vaalzwaer (I. van Heerden) het, nieteenstaande die groot aantal beloftes vir ondersteuning van goedgesinde persone, wat op die stigtingsdatum in die Transvaal alleen tot 300 gestyg het, „gevrees dat ons voorneme om 'n vereniging tot stand te bring, sou misluk.“

Op Woensdagaand, die 13e Desember 1905, het 'n dertigtal belangstellendes in „De Volkstem“-gebou, Andriesstraat, Pretoria, bymekaar gekom en onder voorsitterskap van dr Hoogenhout is daar, na enige heen-en-weer-pratery, eenparig besluit om die Afrikaanse Taalgenootskap (A.T.G.) op te rig. Die ontwerpstatute, wat veral deur Vaalzwaer opgestel is, word toe goedgekeur en vereers vir 'n jaar aangeneem na 'n paar kleiner wysigings aangebring is.

Die drieledig-gestelde doel was om, in die besonder, (1) die Afrikaners te oortuig dat Afrikaans hulle taal is en as hulle spreek- en skryftaal behoort gebruik te word, (2) die taal in „suiwere vorm“ te ontwikkel, en in die algemeen, (3) 'n „suiwer Suid-Afrikaanse nasionaliteitsgevoel“ aan te kweek en te ontwikkel. Dit moet bereik word hoofsaaklik deur persoonlike oortuigingswerk, stigting van takke om in die plekke die ideaal voort te plant, deur vir lektuur te sorg ('n tydskrif uit te gee, goeie en goedkope Afrikaanse boeke op die mark te bring), deur prysvrae uit te skryf of pryse vir aanmoediging aan Afrikaanse skrywers toe te ken en deur Nederlands op skool sover as

moontlik te help bevorder. Die Bestuur moet op elke jaarvergadering verslag lewer.

Dit blyk hoedat daar vereers nog net geywer word vir die erkenning, aanvaarding en handhawing van Afrikaans as spreektaal en vir die opbouing van 'n Afrikaanse letterkunde. Daar is ook lank gepraat oor die oprigting van 'n tydskrif, maar eers op 31 Mei 1910, dus op Uniedag, het *Die Brandwag* sy verskyning kon maak.

Die Bestuur wat ook op die vergadering gekies is, het die mag gekry om hom uit te brei. Preller het van die aanvang af hoog gemik, en „begin vuurmaak onder my,” sê die eerste sekretaris, Vaalzwaer. „Ons moes die Vrystaat, Natal en die Kaapkolonie aan die brand steek. Ons moes dit alles en nog sowat 'n honderd-en-een dinge doen.” Daarom is een Nataller, 'n paar Vrystaters, Kolonialers en ander Transvalers op die komitee geplaas en hulle moes „die gras aan die brand steek” in hulle woongebiede. ♪

In Potchefstroom, waar die bestuurslede Totius en A. J. van der Walt hulle bevind het, is 'n tak gestig; in Natal is behalwe J. S. M. Rabe se mislukte poging om ds Postma se program uit te voer, geen verder groeitekens voorlopig bespeurbaar nie; in die Kaapkolonie het sake op die oomblik ook nie gunstig gestaan nie; net in die Vrystaat het 'n droë grasvuurtjie vir 'n rukkie geflikker.

Oom Lokomotief (D. F. du Toit), ds W. Postma en Joh. Visscher het hulle as 'n „Voorlopige Komitee” gekonstitueer en in samewerking met die Transvalers het hulle in die *Vriend des Volks* 'n oproep gerig aan alle „Vrystaters en Kolonialers,” wat met hulle leuse: „Afrikaans praat en skryf, Hollands leer, albei lees” instem, om hulle name aan een van die lede op te stuur sodat daar op 'n geskikte plek 'n konferensie kan byeengeroep word.

Jacob B. Maree van Brandfort is die eerste wat sy naam opstuur en wil hê dat daar dadelik 'n begin moet gemaak word met die opstelling van Spel- en Leesboekies en 'n Spraakkuns. Op die stigtingsdatum van die Pretoriase A.T.G. (13 Des. 1905) het 'n honderd Vrystaters al gunstig van hulle laat hoor, en na 'n oproep in die *Vriend des Volks* het belangstellendes op Vrydagaand, die 2e Februarie 1906, in die C.N.O.-skoolgebou,

Hillstraat, Bloemfontein, bymekaargekom en tot die stigting van die A.T.G.-tak besluit en oorgegaan.

Die voorstanders was warm en het die volgende Vrydag weer vergader om die Reglement vas te stel, toe as doel neergelê is om „deur gereëlde byeenkomste van die lede by te dra tot onderlinge vorming en algemene ontwikkeling en tot betere kennis van die Volkstaal, -literatuur, -geskiedenis en tot algemene nasionale belange.” Die tak wil hom veral toelê op die „vorming van 'n Hollandse Biblioteek.” Elke veertien dae sal 'n ledevergadering gehou word.

Dit is opvallend dat ds Postma en Oom Lokomotief nie op die bestuur gekies is of wou wees nie. J. Visscher het as voorsitter aageer en H. H. van Rooyen as eerste-sekretaris. Net 22 persone het op die stigtingsvergadering as lede toegetree en net 14 as werkende lede. In die „Oproep” word ook melding gemaak van takstigtinge in „al die dorpe van die Vrystaat” as 'n sekerheid, maar hiervan het blykbaar niks gekom nie. Die hele beweging in die Transorangia het nog geen besielende lewens-tokens openbaar nie. Eers teen die einde van die jaar (nl. op 4 Desember 1906) net na die stigting van die A.T.V. in die Suide, sal dit blyk of die tyd meer geleë is vir propaganda ten gunste van Afrikaans in Bloemfontein.

Die krag van die A.T.G. het in Pretoria alleen gelê, en daar selfs het dit geen noemenswaardige invloed gehad nie, behalwe wat hulle tydskrif *Die Brandwag*, betref. Deur die ledevergaderings is daar tot taaloefening direk aanleiding gewees en kon propaganda gemaak word na buitentoe; deur toneelopvoerings is aan die publiek geleentheid gegee om kennis te neem van die doeltreffendheid van die spreektaal op dié gebied; daar is selfs 'n Afrikaans-Hollandse Toneelvereniging onder leiding van Preller en mej. Engel gestig, wat stukke ook buitekant Pretoria op die planke gebring het. Met die oog op die behoefte aan speelbare stukke moes die lede self probeer voorsiening maak, en so het Preller *Charley's Aunt* in Afrikaans omgewerk as *Piet s'n Tante* (vir die eerste keer op Heidelberg opgevoer, 1906), en later *Les Heretiers Rabourdin* van Zola as *Erasmus s'n Erfgenaam* (1e dr. 1914).

Die grootste verdienste van die Afrikaanse Taalgenootskap lê in die stoot wat dit gegee het vir die oprigting van *Die*

Brandwag op 31 Mei 1910 (Vriedag) as „Veertiendaags geillustreerd Tijdskrif vir die Afrikaanse Huisgesin.” Vir alle praktiese doeleindes was dit 'n *Afrikaanse* tydskrif, en die Nederlandse bydraes het dan ook gaandeweg al minder geword.

Die *Brandwag* het uitstekende dienste aan die beweging oor die hele Suid-Afrika bewys. Hierin het natuurlik heelwat propagandistiese en polemiese lektuur verskyn, maar die oes aan kortverhale en ander belletristiese werk van hoogstaande karakter moes veral verblydend vir die yweraars gewees het. Baie van hierdie tydskrif-bydraes het later in boekvorm verskyn. Die poging om taalkundige en letterkundige werk wat op die beweging en sy doel betrekking het aan oordeelkundige besprekings te onderwerp en die lesende publiek in die sake leiding te gee, moet prysenswaardig genoem word. Daar is ook ernstig gepoog om literêr-historiese en ander geskiedkundige feite aan die vergetelheid te ontruk. In *Die Brandwag* kon 'n mens die pols van die Afrikaanse beweging deurgaans voel klop en sy ondergang in Februarie 1922 om geldelike redes is diep te betreur. Die oorlog het dit ook baie geskaad en van Januarie 1915 het dit as maandblad verskyn. Vir die vrou en die kind is ook goed gesorg. Oor die algemeen het *Die Brandwag* vir die Noorde beteken wat *De Goede Hoop* tot end 1914 vir die Suide beteken het. ♪

Die A.T.V. in die Suide.

Die verskyning van Preller se pleidooi is die aanleiding tot kontakname met hom deur De Waal. Dadelik het Preller hom aangespoor om 'n tak van die A.T.G. in Kaapstad te stig, maar De Waal, wat die toestande in Kaapland goed geken het, moes hom meedeel dat die tyd nog nie ryp was vir soiets nie, die „suurdeeg (moet) maar nog 'n bietjie rys.”

Terwyl sake in die Noorde aan die gang is, moet De Waal 'n opdraand-stryd teen die V.N.S.-beweging voer, wat die Afrikaanse strewe op die heftigste wyse bekamp. „Vir die oppervlakkige toeskouers moet dit gelyk het of Vereenvoudigd Hollands alle teenstand verpletter het, asof dit onaantasbaar..... gevestig was.” (*My Herinnerings* . . ., bls. 241).

Maar ook hier word die tyd ryp. De Waal kry versterking deur die toetrede van verskillende geleerde jong Afrikaners omstreeks hierdie tyd, onder wie te noeme is: Dr D. F.

du Toit Malherbe, dr A. I. Perold en veral dr D. F. Malherbe. Laasgenoemde, wat in Julie 1906 in sy vaderland na volbragte studie in Duitsland teruggekeer het, en De Waal sal nou die twee groot stootkragte word. Hulle besluit om die wiel aan die rol te kry.

„Ek weet nie of ek ooit in my lewe ernstiger gesukkel het om 'n onderneming te laat slaag nie,” getuig De Waal (ald., p. 225). Hy het persoonlik verskeie nasionale vriende in Kaapstad gaan opsoek om hulle medewerking te verkry. 'n Voorlopige vergadering is toe op 5 Oktober 1906 in De Waal se kantoor gehou, en na bespreking en selfs teenkanting is deur die nege aanwesiges besluit dat 'n kommissie bestaande uit De Waal, Perold, Roux en D. F. Malherbe „middele (sal) beraam tot die stigting van 'n vereniging” (Notule).

Onze Jan was woedend oor die voorgename plan en Taalbondmanne soos prof. De Vos het ernstig gewaarsku. Maar die jeug kyk vorentoe. Net 'n week later, nl. op 12 Oktober, spreek die vyf-en-twintigjarige dr D. F. Malherbe 'n byeenkoms van tussen die drie- en vierhonderd mense in die Goodnowsaal op Wellington toe oor die vraag: „Is Afrikaans 'n dialek?” Hy beantwoord dit op suiwer taalkundige grondslag ontkenkend en pleit vir die verheffing van die spreektaal. In die oog van die wetenskap is Afrikaans 'n nuwe, selfstandige taal met 'n eie siel en wesenstrekke.

Die toespraak het „heeltmal 'n beroering” (De Waal) gebring en teenstand breek los. Prof. W. J. Viljoen, die held van die V.N.S., het gevaar gesien vir wat hulle totstand gebring het, en het toe op dieselfde dorp kort daarna in sy lesing: „Wat is nu eigenlijk onze Taal?” gewaarsku teen die eiehandige verbreking van die kultuurbande wat ons klein volkie van geen miljoen siele aan die hoogstaande Nederlandse volk knoop. Dit sou inderdaad na die werk „van 'n klomp stout seuns” gelyk het om die bedonge voorregte somaarso weg te gooi terwyl Afrikaans in sy ouerhuis nog erger as 'n stiefkind behandel is.

Ook die toespraak het indruk gemaak en prof. Viljoen het aan iemand daar gesê: „Ik ben juist betijds geweest om deze beweging de nekslag toe te dienen.” Maar dit was te laat.

Die Voorlopige Kommissie het op Saterdagoggend, 3 November 1906, in die Wichtsaaal, Kaapstad, voor 'n gehoor van sewentig belangstellendes sy verslag uitgebring en die stigting van 'n taalvereniging aanbeveel. Na 'n paar flink toesprake is die verslag aangeneem en 'n kommissie aangewys om die statute op te stel.

Hiervolgens is die naam die Afrikaanse Taalvereniging (A.T.V.), waarvan die „hoofdoel . . . is om die gebruik van suiwer Afrikaans as spreek- sowel as skryftaal aan te moedig en om meer liefde en waardering by ons volk daarvoor op te wek,” aangesien „Afrikaans die taal van die Afrikaanse volk is.” Oortuigingswerk deur persoonlike kontak en deur lektuur en saamwerking met verenigings wat Nederlands bevorder, is onder die hoofmiddele. Belangrik is die punte: „'n strenge wetsbepaling te verkry dat niemand tot die siviele diens sal toegelaat word nie, tensy hy 'n redelike kennis van Hollands besit” en „die gebruik van Hollands as offisiële taal deur afdelings-, municipaliteitsrade, ens. as wettig erkend te kry.”

Die A.T.V. gaan dus direk verder in sy openlike program as die A.T.G. en mik nie net op publieke erkenning van die volkstaal (naas Nederlands) nie, maar ook op gedeeltelike gesagserkenning, selfs sonder algemene publieke sanksie. Die Afrikaanse lied moet ook bepaaldelik aangemoedig en gebruik word—die A.T.V. wil nie net 'n Afrikaans-sprekende en -skrywende volk hê nie, maar ook 'n singende volk.

Die Vereniging het sy ideale gedurig voor die aandag van die publiek gehou, veral deur middel van die vaste rubriek wat hulle onder redaksie van adv. De Waal in *Ons Land* gehad het. In die kolomme is ook voorsiening gemaak vir die plasing van nuttige leesstof met propagandistiese strekking. 'n Kwaai twisgeskryf oor die taalvorm en oor spelling het ook baie bygedra om die strewe van die A.T.V. duideliker aan die lig te laat tree, veral wat hulle gesindheid betref om nie roekeloos van Nederlands los te breek nie.

Trots die teenstand moes dit aanmoedigend gewees het om te sien hoe gunstig so baie van die jongspan die beweging begroet, 'n omstandigheid wat sterk kenbaar geword het in die bedrywigheid van die A.T.V. om nuwe takke orals in die land te stig, wanneer hulle vurigste helpers telkens onder die jongeres

gevind is. Want die A.T.V. wou nie dat hulle invloed net tot Kaapstad moes beperk bly nie.

Op Wellington is 'n tak met dr D. F. Malherbe as voorsitter gestig. In die Pêrel het dr Malherbe en adv. De Waal 'n baie moeilike en rustelose gehoor gehad wat drie-kwart van die stadhuis gevul het. De Waal het die woord oor Afrikaanse Eienskappe en Malherbe oor Taalbeginsels gevoer. Die voorlesings het ingeslaan en ook in die Pêrel is daarop 'n tak gestig wat, behalwe die een op Stellenbosch, die bedrywigste was, soos op die gebied van toneelopvoeringe. *Die Spioen en sy Handlangers* en *Amper maar nog nie* van De Waal is hier op die planke gebring, en op dié wyse ook is die bruikbaarheid van Afrikaans in breër kring verduidelik.

Dit is eers betreklik laat dat die A.T.G. hom tot Stellenbosch uitgebrei het. Prof. Viljoen was nog steeds heftig teen die beweging gekant. Maar op 2 Oktober 1907 het De Waal en dr W. J. van Zyl op uitnodiging hier 'n lesing vir die studente en ander jongmense gehou en veral gepleit vir die skepping van 'n eie literatuur as swaartekrag van 'n Afrikaanse beweging. Baie persone was teenwoordig en dit het net warm toegegaan. So wou dr G. Cillié bewys dat Afrikaans 'n dialek is wat nie deur geleerdes gebesig word nie. Dit het maar 'n 200 woorde. Na die sluiting van die vergadering het enige persone wat tot 'n takstiging uitgenooi was, agtergebly, en 42 het lede geword van die afdeling hier.

Die jaar 1907 was een van aktiewe uitbreiding; op Malmesbury, Montagu, Middelburg, Carnarvon, Prins-Albert, Burgersdorp en Steynburg is nog takke gestig, sowel as buitekant Kaapland, bv. op Johannesburg, Potchefstroom, Bethlehem en Bloemfontein.

Die *Vriend des Volks* het weer vuur gevat na die plasing van die verslae vir die stigting van die A.T.V. in Kaapstad op 3 November 1906, en het hard propaganda gemaak vir navolging van dié voorbeeld. Die A.T.G. was prakties dood. Die gevolg van die aanwoedigings was 'n groot opkoms van 200 mense („en daaronder enkele dames”) in die C.N.O.-skoollokaal. Genl. Hertzog het presideer; ds. W. Postma het 'n lang en kragtige redevoering gehou oor Afrikaans, wat „'n levende taal” is, „zij is ook een vasttrapper; zij trapt nou al 150 jaar lang

vast." Met algemene stemme besluit hierdie vergadering van Vrydagaand, 4 Desember 1906, om op dieselfde grondslag as die „Kaapse Taalvereniging" (A.T.V.), waarvan die konstitusie deur mnr Rabie voorgelees is, 'n dergelike vereniging op te rig en benoem 'n kommissie om 'n reglement op te stel en aan 'n later vergadering voor te lê. Preller se telegram klink soos 'n halwe verwyrt oor die vorige tak, wat na die model van die A.T.G. gestig is; verdor het: „Veel sukses vergadering, mog alle Blikore oopgaan."

Toe die verslag eindelik op 12 April 1907 aan 'n klein gehoor voorgelê word, word die ou naam Afrikaanse *Taalgenootskap* behou, en 'n konstitusie goedgekeur wat na die voorbeeld van die Afrikaanse *Taalvereniging* opgestel is. 'n Bestuur is gekies wat bestaan het uit dr J. B. M. Hertzog, ds W. Postma, prof. A. Francken, d. hh. D. F. du Toit (Oom Loko), J. S. M. Rabie, H. v. d. Spuy, W. Wessels, H. Poutsma en H. H. van Rooyen. Prof. Francken het daarop sy voorlesing gehou oor die ontstaan van Afrikaans; dit is net 'n opsomming van die hoofargumente van drs D. C. Hesseling en P. J. du Toit.

Die A.T.V. het dus veel meer sukses in sy uitbreiding gehad as die A.T.G. Baie takke het nie eintlik veel beteken nie, en 'n paar het sommaar gou van louheid tot koudheid oorgegaan. Deur toneelopvoerings, lesings, voordragte, verspreiding van pamflette en deur middel van die rubriek in *Ons Land* is vir die saak gewerk. Die jaarlikse kongresse was soos 'n kragstasie. Hier word ook dadelik op die eerste kongres die aktuele vraagstuk, nl. die daarstelling van uniforme Afrikaanse spelreëls, aangedurf, en na onderhandeling met Transgariëpse Afrikaanse taalliggame, bring die kommissie op die volgende kongres (1908) 'n verslag uit, wat die moeilikheid in die hoofpunte oplos en wat vir die Akademie se spellingkommissie later as leidraad sal dien toe hulle bestaande besware in 1914 en later probeer besleg het. Waar die A.T.G. en die A.T.V. Afrikaans as *skryftaal* wou bepleit, het die spellingkwessie tog 'n dringende vraagstuk geword. Hulle oplossing het langs die lyne gelê: respekteer die oog en wyk nie onnodig van die Vereenvoudigde Nederlandse skrifbeelding af nie (volg nie die ultra-fonetiese stelsel nie); respekteer die oor en wyk nie onnodig van die gewone algemene uitspraak af nie.

Al die tyd word die felste teenstand teen die beweging openbaar, skool- en universiteitsdosente meng hulle veral sterk hierin, maar ook leke-opinies vul baie ruimte in die nuusblad-kolomme. Die argumente is byna almal oubekendes. Van algemene oorwegings soos om geen tweedrag te saai nie, (adv. Malan), om die kulturele bande met Nederland nie deur te knip nie (prof. Viljoen e.a.), loop dit oor tot verkleinerings, soos Afrikaans is 'n kombuis- of Hotnotstaal, 'n patois, 'n dialek, dit is arm aan woorde en omdat dit sterk gedeflekter is, het dit geen grammatika nie; dit is verder ongeskik om as voertuig vir die hoëre geesteslewe te dien; dit is ook slordig en onsekuur. Daarby sal dit die volk laat ontaard, aangesien dit nie Bybel- en literatuurtaal is en geen offisiële erkenning geniet nie. Terwyl die voorstanders van Afrikaans goedgesind staan teenoor Nederlands en daar steun soek, is die bepleiters van Nederlands oor die algemeen teen Afrikaans, omdat dit hulle nog niks kan bied nie. Maar albei is dit eens, dat die Dietse element hier moet bestendig word.

Die Baie van hierdie argumente val langsamerhand die een na die ander weg. 'n Groeiende aantal belletristiese werk kom die beweging morele steun verleen. In 1908 verskyn daar van Totius (dr. J. D. du Toit) *By die Monument*, wat die volk weer terugwys na sy smartverlede, hom by sy wordingsdrempel bring. Binne twee maande is by die 2,000 eksemplare in Suid-Afrika en Nederland verkoop. Ds W. Postma het baie hiervan aan sy gemeentelede van die hand gesit. Daar is ook 'n nasionale oorweging aan die koop van die boekie verbonde gewees, aangesien die opbrengs vir die Vrouemonumentfonds bedoel was.

Die werkie het verdienste as poësie en ook as propagandamiddel vir Afrikaans. „Totius laat 'n mens ween” sê ds J. du Plessis, en ds W. H. Boshoff (Winburg) bely: „Ik kon mij tot dusverre nog niet verenigen met degenen die 't Afrikaans tot schrijftaal willen verheffen, doch moet eerlik erkennen dat nadat ik deze verzen heb gelezen en herlezen ik mij gedrongen gevoelde uit te roepen: „Bijna Bewogen!” „Viermaal Gezien” is my het zoetste dingetje dat ik nog in enige taal heb gelezen.” Juis, al is die taal nog vol Nederlandismes, dan is die inhoud, gevoel en beeld suiwer Afrikaans, soos ook in *Die Vlakte en*

ander gedigte van Jan F. E. Celliers wat eweneens in 1908 verskyn het. Laasgenoemde werk word voorafgegaan deur 'n lang pleidooi (—uit die pen van Preller); dit is 'n teken van die tyd dat 'n inleiding nodig is om 'n pleidooi vir die taal te lewer en die mense te oortuig.

'n Ander bewys dat die besware langsamerhand wegval en daar 'n juister begrip van die nasionale strewe van die Afrikaanse beweging opkom, is die meer versoenende houding van die kant van die V.N.S. In Desember 1907 maak prof. Viljoen op die Hollandse Taalkongres in die Pêrel 'n toenaderingsvoorstel, waarvan die uitvloeisel 'n konferensie was tussen die twee partye met die eindbesluit om 'n verenigde front te wys, —die voorbode van die Akademiestigting. Terwyl hierdie lewens-tokens hulle in die Suide gaandeweg oortuigender openbaar, groei die beweging eindelik ook in die Vrystaat in 'n gesonder loot.

Onze Taal in Bloemfontein.

Die A.T.G.-*tale* wat in Februarie 1906 in Bloemfontein gestig is as gevolg van Preller se optrede, het amper dadelik doodgegaan; die A.T.G. wat op 4 Desember 1906 alhier in die lewe geroep is na die oplewing in die Suide, het ook geen lewenskrag besit nie en het opgegaan in *Onze Taal* as 'n onderafdeling daarvan (10 November 1908).

Nieteenstaande hierdie ontmoedigende tekens sal Bloemfontein vir 'n paar jaar 'n baie belangrike rol in die taalstryd speel. Op die dorre jaar 1906 volg 'n paar vrugbare jare.

Daar is vereers die strewe van die voorman, ds W. Postma. Hy het gesien dat hierdie takstigte op weinig uitloop het, nl. die kiesing van 'n bestuur en die opstelling van reëls, en nou keer hy terug tot sy ou program. In die loop van die jaar 1906 wend hy daadwerklik 'n poging aan om 'n Bond van Vrystaatse Debatsverenigings in die lewe te roep, wat ook plaasvind in Julie 1907, maar toe word na 'n warm diskussie besluit dat die amptelike taal „Hollands-Afrikaans,” dus twee tale, sal wees.

Die totstandkoming van hierdie bond was vir ds Postma 'n belangrike gebeurtenis. „Het is voor mij een blijde dag,” sê hy op die eerste kongres, wat hom tot voorsitter gekies het. Die

Bond het hom tot doel gestel: „Bevordering van eenheid en samewerking tussen debatsverenigings wat streef om 'n christelik-nasionale volksgees aan te kweek.” Die middele om dit te bereik sal wees: (a) die hou van vergaderings, (b) die hou van 'n jaarlikse kongres, en (c) die uitgee van 'n tydskrif in Nederlands en Afrikaans. As lede van die Sentrale Bestuur is gekies: ds Postma (voorsitter); ds C. D. Murray (ondervoorsitter); J. C. Pretorius (sekretaris) en H. L. Pepler (penningmeester).

Nieteenstaande alle aanmoedigings en pogings van die kant van ds Postma, het dit moeilik gegaan om 'n tydskrif in die lewe te roep, en toe *Jong Zuid-Afrika* wel verskyn teen die einde van 1908, kon hy nie lank staande bly nie. In 1909 het die Bond van Vrystaatse Debatsverenigings, wat in 1913 sewe honderd lede getel het, met die Akademie geaffilieer.

Ds W. Postma het presies dieselfde doel as die A.T.G. beoog, soos blyk uit die Bondstatute, wat, deur hom en J. C. Pretorius opgestel was, maar hy het oor die metode verskil. Ds Postma wou nie soseer 'n nuwe organisasie gehad het nie, as dat hy net die bestaande verenigings wou verenig. Opvallend dat sy plan eers in Natal sal misluk (Rabie se poging in 1905), en dan daar sal verwesenlik word en tot 'n kragtige organisasie sal uitgeroei, bekend as die Saamwerk-Unie. Eers hier het enigsins waar geword wat hy vir die Vrystaat gehoop het: „En kon ek eers my doel bereik dat al die debatsverenigings onderling verenig in 'n Bond, dan kan ons op 'n kongres die (Afrikaanse) saak aanpak, en dan weet ik: daar is geen mag op aarde wat ons sal keer nie om te win met onse taal” (*Afrikaans ons Schrijftaal* deur Jong Afrika).

Dan is daar die voorman, genl J. B. M. Hertzog. In 1907 is aan die Vrystaat Verantwoordelike Bestuur toegestem; artikel 36 van die statuut erken die tweetaligheidsbeginsel volledig behoudens 'n ondergeskikte puntjie. Die Minister van Onderwys, genl J. B. M. Hertzog, stel gevolglik 'n nuwe Onderwyswet op wat die dubbelmedium verpligtend maak en wat voorsien vir hoër besoldiging van volledig-tweetalige leerkragte. Hy motiveer sy standpunt in die woorde: „Ons werk is niet om Engelse kinderen op te voeden als Engelse kinderen en Hollandse kinderen als Hollandse kinderen maar om alle kinderen op te voeden als Zuid Afrikanen.”

Hierdie optrede het by die eentalig-Engelse onderwysers en Engelse ouers verset uitgelok en 'n geweldige stryd het losgebreek. Een van die uitslae hiervan was die afdanking van drie inspekteurs „wegens insubordinantie,” d.i. weens moedswillige poging om die wet te verongeluk. 'n Lasteraksie is deur een van die afgedankte inspekteurs teen die Minister gebring, en die volk in die Vrystaat en elders het die hand in die sak gesteek en van driepennies tot £25 per enkeling gegee om die hofkoste van die Minister te bestry; 'n totaal van £2,272 is bymekaargebring, wat bewys hoe algemeen die belangstelling was. Die orige deel van die bedrag, na aftrek van onkoste, is later aan die Akademie gegee om die beste letterkundige werk in Afrikaans met 'n geldprys van omstreeks £70 jaarliks, bekend as die Hertzogprys, te bekroon.

Deurdadig die nuwe grondwet uitsig gee op die bestendiging van die Hollandse taal in die Vrystaat, en om as teenwig te dien teen die afkeurenswaardige handelwyse van die opposisie, het die Afrikaanse volkselement hom skielik op verskillende gebiede in verenigings samegesluit. Onder voorsitterskap van mevr. pres. Steyn het die vroueverenigings van die Vrystaat in Februarie 1908 besluit om een groot organisasie te stig, die Oranje-Vrouevereniging, met die doel om te werk vir alles wat die godsdienstige, sedelike en stoflike verheffing van die volk, veral van die jeug, betref, en een van die middels hiertoe is (punt b.) „Door het vervullen met liefde en eerbied voor de Hollandse taal . . .”

Kort hierna, d.i. op 21 April 1908, sluit die Afrikaansspreekende onderwysers, wat alreeds hulle instemming met die Afrikaanse Beweging in 1906 betuig het, hulle saam in 'n subvereniging van die O.R.C. Teachers' Association onder 'n eie fraksiebestuur en werk kragdadig vir Nederlands op skool, in die Vereniging, in die verenigingslewe van die skool, vir die Nederlandse lied, boek en koerant, en vir die Vereenvoudigde Nederlandse taal in „huisgezin en samenleving.”

Daar is nog die jong voorman, dr G. Knothe. Hy is die een persoon wat so baie vir die Nederlandse taal in die C.N.O.- en later in die staatskole gedoen het. Op sy inisiatief en onder sy voorsitterskap is op 28 Augustus 1908 in die Gedenksaal 'n vergadering byeengeroep „om een vereniging te stichten die de

Hollands sprekende Bloemfonteiners nauwer aan elkaar zal verbind en een krachtig middel zal moeten worden tot bevordering en uitbreiding van de Hollandse (: verstaan Nederlandse en Afrikaanse) taal."

'n Kommissie wat benoem is om vir die statute te sorg, lewer verslag die volgende Saterdag (5 Sept. 1908) voor 'n gehoor van omtrent 40 dames en here, toe die reëls bespreek en na die nodige wysiginge aangeneem is. Die vereniging sal trag om sy doel te bereik deur maandelikse vergaderinge en deur toneelopvoeringe. Daar word geen voorsiening vir takstigting gemaak nie, al het 'n Bethlehemiet, P. van Gent, op 'n vergadering so vuur gevat dat hy die vonkie na sy omgewing gebring het en daar 'n tak gaan stig het. Op die volle vergadering is lesings gehou oor allerhande nuttige onderwerpe, soos oor Afrikaans in die Skole, 'n pleitrede (W. G. Wessels, Febr. 1909), dr J. Pretorius in Afrikaans oor 'n wetenskaplike onderwerp (Lig en X-strale, 1909), dr Malherbe oor Ons Taal en die Bybel (1914), ens.

Onderafdelings, elk met sy eie onder-bestuur, is gevorm vir sang, musiek en toneel, en later vir letterkunde. Daar is selfs 'n eie klavier gekoop. Die O.T. kon dit een tyd goed doen, want dit het geld gehad, sodat dit 'n eie liederbundel, deur dr Knothe saamgestel, kon laat druk, eie musiekboeke kon aanskaf, 'n boekery aankoop, weefskole geldelik steun, en tot £50 in een slag aan sy Afrikaanse koffiehuis en leeskamer skenk, wat deur sy toedoen in Bloemfontein opgerig is, veral deur die ywer van dr C. F. Visser.

Die geld het die toneelopvoerings ingebring. Hierdie onderafdeling was veral baie aktief, dit moes volgens statute tenminste vir twee opvoeringe per jaar sorg. Een moeilikheid was die gebrek aan geskikte toneelstukkie in Afrikaans, want alles wat opgevoer is, moes in Afrikaans wees. Nood leer bidde; en een van die lede, adv. D. G. Conradie, het verwerkinge uit Duits gegee, w.o. *Die Neef als Oom* (wat ook in druk verskyn het) en *Fyne Beschuite*. *Jan Masseur* is ook verafrikaans. *Susanna Reyniers* is 'n verdienstelike oorspronklike poging van prof. A. Francken, *Die Heldinne* is ook 'n voortbrengsel van 'n Onzetaal-lid—dit het nie in druk verskyn nie.

Die Onzetaal-Vereniging het 'n krag in Bloemfontein geword; besluite wat deur die vereniging geneem is, het soms in die raadsale van die provinsie weerklink; opstel-, resitasie- en kunswedstryde is georganiseer, Afrikaanse boeke aan die man gebring, die kunsreise van Annie Visser, Modest Lauwerys, Emiel Hullebroeck e.a. in later jare is vir die Vrystaatse hoofstad deur die vereniging gereël, die dagbladwording van *Die Volksblad* (1 Oktober 1925) is feestelik gevier toe vier kabinetslede aan die funksie deelgeneem het, e.s.m. Getrou aan sy sinspreuk „Ende desēspereert niet” het dit tot 1933 staande gehou en geywer vir die volkstaal, nou alleenlik in die Afrikaanse vorm, waar dit tot 1911 ook die belange van Nederlands help bevorder het en die weg gewys het vir die Akademie.

Deur voordragte het dit die bruikbaarheid van Afrikaans bewys en bevorder, die lede met die ontluikende letterkunde bekend gemaak en die Afrikaanse boek en tydskrif gepropageer. Deur toneelopvoerings het dit groot skares getrek en met die oog op speelbare stukke self aan die skep gegaan. Die behoefte aan singbare stukke was altyd groot, en om in die gebrek te voorsien, is bekende liedere verafrikaans, veral deur dr C. F. Visser. Sommige daarvan het groot bekendheid verwerf, bv. *Afrikaners Landgenote*. (*Deutschland ueber alles*): *O Boereplaas* (*O Tannenbaum*) en *Studentelied*.

Van al die taalverenigings wat voor 1910 gestig is, het *Onze Taal*, van 1912 af *Ons Taal*, die grootste lewenstaaiheid aan die dag gelê.

Die Akademie.

Onze Taal van 1908 het die bewys gebring hoe Nederlands en Afrikaans mekaar nie hoef te beveg nie, maar mekaar wedyersyds kan aanvul en langsmekaar vreedsaam en nuttig kan voortlewe, totdat die tyd dinge op natuurlike wyse sal reël.

Teen die uitgang van die jaar het die gevoel van verbroedering hom ook in die Suide openbaar gemaak in die V.N.S.-kamp sowel as by die A.T.V. Op die Taalbondkonferensie in die Pêrel (Oktober 1908) is besluit om samewerking met die A.T.V. te soek. Afgevaardigdes van albei het onderhandel en 'n vaste verstandhouding vir gesamentlike aksie bereik. Die grondslag was 'n voorstel van prof. Viljoen om die afgevaar-

digdes na die Nasionale Konvensie tot 'n samekoms uit te nooi om die wenslikheid te bespreek „van de stichting van een Zuid-Afrikaanse Akademie voor de behartiging van onze taal, letteren, geschiedenis en Kunst.” Op die jaarkongres van die A.T.V. in Kaapstad (Desember 1908) is die uitkoms van die onderhandeling gerapporteer en ook hier is die behoefte aan 'n „Akademie”, 'n nuwe sentrale, gesaghebbende liggaam oor taalsake, gevoel.

Ondertussen het Onze Taal begin roer. Op versoek van ds Postma het 'n paar taalvriende by hom aan die pastorie bymekaar gekom en daar het hy op die tweede vergadering (7 November 1908) op die noodsaaklikheid gewys vir 'n sterk sentrale organisasie om o.a. samewerking te bewerkstellig tussen die twee taalpartye en om te sorg vir geskikte skoolboeke.

Met die oog hierop dien ds Postma op die volgende vergadering van Onze Taal op 10 November 1908 'n voorstel in dat 'n „Letterkundige Onderafdeling” gestig word „met 't doel een kongres bijeen te roepen van belangstellenden op taalgebied ten einde te beraadslagen wat gedaan kan worden om in de onmiddellijk behoefte van schoolboeken te voorzien, alsook om Afrikaanse literatuur in het algemeen aan te moedigen en te verspreiden.”

Ds Postma, die stigter van die Vrystaatse Bond van Debatsvereniginge, dink weer aan 'n kongres. Die datum word voorlopig vasgestel vir 13 Januarie 1909 en liggamê uitgenooi. Sy gedagte is dus 'n groot sentrale liggaam met gesag, gekies uit al die Verenigings, en nie die stigting van 'n nuwe vereniging of liggaam nie.

Aan die ander kant wen die gedagte van die Taalbond en A.T.V. veld. Dit kom nou van die voormanne op politieke gebied wat besig is met beraadslagings vir 'n Unie van Suid-Afrika. Met die oog op die vestiging van ons taalbelange en om dit in die nuwe grondwet vasgelê te kry, sou 'n verenigde front die leiers baie help. So het pres. Steyn, genl Hertzog en Onze Jan na aanleiding van die voorstel van die Taalbond en die A.T.V. aan die hand gedoen om 'n konferensie van belangstellendes in die Hollandse taal in Kaapstad byeen te roep.

Die konferensie is op 5 Januarie 1909 in die Hugenategebou onder voorsitterskap van prof. A. Morrees gehou, toe op

voorstel van genl Hertzog besluit is „dat een lichaam in 't leven worde geroepen ter bevordering van de Hollandse taal en letteren in Zuid-Afrika.” Om uitvoering hieraan te gee is 'n breë kommissie benoem wat uit sy lede prof. Moorrees, dr W. J. Viljoen, ds N. J. Brummer en mnr W. A. Hofmeyer aanwys om die konsep-statute op te stel. Die aanwesigheid van prof. Viljoen, wat die oog op 'n Akademiestigting het, is van die grootste betekenis.

Die organisasie i.v.m. die kongres is aan Onze Taal opgedra en die Letterkundige Onderafdeling daarvan stel die datum op 1 en 2 Julie. Nou vaardig die breë kommissie twaalf uit sy midde af om die kongres in Bloemfontein by te woon. Die konsepstatute word ondertussen gepubliseer en daaruit blyk dat onder Hollands Nederlands en Afrikaans verstaan word.

Die versoeningsbeweging tussen die twee taalpartye was ryk aan delikate puntjies en daarom kon alles maklik verongeluk. Maar die vaste oortuiging, dat dit veral op hierdie tydstrip in die beste belang van die Hollandse taal in Suid-Afrika is, het alle moeilikhede eindelijk laat oorkom word.

Daar is twee moontlikhede bepleit, eerstens, die van 'n algemene, breë liggaam, waarin alle verenigings kon ingesluit en waarop hulle verteenwoordig kan word, en wat dus die kroon sit op alle verenigings van verwante strekking. Dit was die standpunt van ds W. Postma en Onze Taal. Tweedens was daar die opvatting van dr Viljoen en die sub-komitee op die statute, naamlik van 'n klein liggaam van „uitverkorenes,” van persone wat om suiwer taal-, kulturele en letterkundige verdienstes as lede verkiesbaar is en gesaghebbende leiding kan gee aan die taalstrewende van die volk.

Die tweede moontlikheid het die botoon gevier en daarvolgens is toe 'n Akademie gestig met dertig lede uit 'n volle moontlike getal van vyftig volgens die statute, twaalf verteenwoordig die Kaapprovinsie, nege die Transvaal, sewe die Vrystaat en twee Natal—twaalf van hulle is statutemakers.

Daar is ander sulke liggamme wat as voorbeeld kon dien; die Académie française bestaan al sedert die sewentiende eeu en het soms despoties op taalgebied opgetree; Italië ken ook een, en in Groot-Nederland is nog die Kononklijke Vlaamsche

Academie wat ywer vir die bevordering van wetenskap en kuns. Die Suid-Afrikaanse Akademie is op die 2e Julie 1909 op byna dieselfde grondslag as die Vlaamse gestig. ✓

Sy doelstelling lui: „de handhaving en bevordering van de Hollandse Taal en Letteren en van de Zuid-Afrikaanse Geschiedenis, Oudheidkunde en Kunst. Onder 't woord „Hollands” wordt verstaan: de beide taalvormen gebruikelik in Zuid-Afrika.” Die middele bevat punte oor lektuurvoorsiening (biblioteke, ens.) en verspreiding, aanmoediging van skrywers deur geldpryse (Hertzog-prys, e.d.m.) en uitgee van verdienstelike werke: verbreiding van kennis van Hollands en Suid-Afrikaanse geskiedenis deur eksamens, handhawing van die tweetaligheidsbeginsels in algemene openbare eksamens, e.s.m.

Die werk word verder verdeel onder vakkommissies van eksamens, taal en letterkunde, reklame, affiliasie en waaksamheid.

Die groot betekenis van die stap lê voorlopig daarin, dat daar versoening teweeggebring is tussen die twee taalpartye, dat die voorstanders van Nederlands hulle bereid verklaar het om met die ander saam te werk en sodanig die werksaamhede van die voorstanders van Afrikaans erken as gedaan in belang van die Hollandse taal in Suid-Afrika. Maar afgesien van die erkenning van Afrikaans het die Afrikaanse beweging aanvanklik nie veel aktueels gewen nie. In die krag van die Akademie lê in die begin ook sy swakheid. Baie lede het nog geen ware simpatie met die Afrikaanse rigting gehad nie en die baie ouerige manne was oorlaai met beroeps- en ander pligte en bowendien oorversigtig, sodat die masinerie in die begin maar stroef beweeg het. Daarby wil dit voorkom asof die nuwe liggaam nie baie duidelik sy koers kon sien nie en nie besonder populêr was nie.

Dit het, alles oorskou, aanvanklik min gewig in die kultuurstryd gelê. Op die jaarlikse vergaderings is referate gelewer, waarvan sommige baie leersaam is. In 1910 het prof. Brümmer gepraat oor „De Afrikaanse Volkstaal”; 'n lesing van Jan Celliers oor die vraag „Is kuns 'n weelde-artikel?” antwoord daarop: Nee—dis 'n lewensbehoefte; in 1911 het Totius dit oor „De Dichter als Ziener;” in 1914 pleit Langenhoven

vir die toepassing van Afrikaans op skool en vir die samestelling van Afrikaanse skoolboekies; prof. Kamp toon in 1916 aan dat Kuns nasionaal moet wees, e.s.m. Behalwe die lesing van Langenhoven het hierdie voordragte net in die Akademiejaarboeke volledig verskyn en het dus net 'n klein deeltjie van die volk in hanteerbare vorm bereik, sodat dit nie veel invloed kon hê nie.

Eers met die erkenning van Afrikaans as skoolmedium deur die provinsiale rade in 1914 (Natal uitgesluit) begin die Akademie hom helderder van sy roeping bewus te word en praat met 'n duideliker stem. Langenhoven het alreeds die rigting met oortuiging aangedui: dit moet leiding gee in die saak van Afrikaans. Die netelige spellingkwessie word aangepak, in 1915 word die voorgestelde reëls goedgekeur en uitgegee en in die uitgawes van die „Afrikaanse Woordelys” in 1918, 1921 en 1931 en 1937 toegepas. Die bevredigende reëling hiervan is die blywende verdienste van die liggaam. Wel het daar in 1932 'n spellingstryd hernuud losgebars deur die optrede van prof. J. J. Smith aangaande die spelling van woorde met 'n vreemde oorsprong, en is die gesag van die Akademie weer swaar aangetas, maar oor die algemeen word die Akademiëëling tog deur die skole en die groot publiek in die praktyk toegepas.

Skoolboekies is verder, veral in die begin, deur die bepaalde vakkommissie vir die Provinsiale Rade ten opsigte van taal en styl beoordeel; die Hertzogprys word aan die beste letterkundige werk jaarliks deur die Akademie toegeken, nou kom poëtiese, vervolgens prosa- en dan dramatiese werk van die vorige drie jaar in aanmerking vir die toekenning van die geldprys. Daar word oorweeg om nie meer afsonderlike werke te bekroon nie, maar die beste skrywers. *Die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 'n hoogstaande kwartaalblad wat in 1922 deur prof. D. F. Malherbe in die lewe geroep is, is finansieël gesteun en dit het daarvoor as amptelike orgaan van die Akademie vir sy *Bulletins* gedien. Van 1910 tot 1917 het die Akademie *Jaarboeke* uitgegee, en in 1939 weer een. Tans is die genoemde *Tydskrif* as halfjaarlikse uitgawe onder Akademiëbeheer.

Oor taalaangeleenthede het die Akademie aan die Afri-

kaanse Bybel vertalers voortreflike dienste bewys. Dit is wel opmerklik dat die Akademie graag die regering wil dien in sake rakende ons taal, maar dat die staat die Akademie nie so wil vertrou as ander kultuurlande soos Frankryk byvoorbeeld, met hulle gesaghebbende Akademies doen nie. So is hierdie liggaam nie belas met die samestelling van 'n Groot Afrikaanse Woordeboek nie, en dit kry ook 'n heel ondergeskikte rol in die kommissie wat die spelling van aardrykskundige name moet reël.

Die Akademie het ook in die aanpassingsproses dikwels verandering ondergaan in die sin dat sy doelstelling en werksaamhede verbreed is (Wetenskap en Kuns) en die ledebepaling van vyftig verhoog is; dames word ook nou toegelaat.

Die gees van samewerking wat die Akademiëstigting tot gevolg gehad het, openbaar hom ook by die studente. „Wij zullen handhaven” is dan die leuse van die jong kragte wat hulle organiseer in die verenigings, bestuur deur die „Studenten Werdakomitee” met 'n naam wat aan oorlog herinner; ook die oproep lui: „Studente kom en laat ons krygsraad hou en ons aangord tot die stryd!” (N. J. v. d. Merwe).

Die beweging vir so'n uniale studentetaalkonferensie het uitgegaan van die ywerigste A.T.V.-tak, die een met sy baie studente (Stellenbosch), wat in hartlike samewerking met die ander plaaslike (Nederlandse) Vereniging „Ons Spreekuur”, 'n oproep in dié gees geplaas het. Op 6 en 7 April 1911 het verteenwoordigers van universiteits- en normaalkolleges en skole uit alle dele van Suid-Afrika in Stellenbosch saamgekom, sodat die C.J.V.-saal stampvol afgevaardigdes en belangstellendes was.

„Taalbeweginge het in die verlede die student koud gelaat. Waarom? Die student het nooit syn naam hoor noem nie, gevolglik het hy gedag dis 'n saak wat hom minder kan skeel . . .” en nou stig die krygslustige jeug met skitterende Aleksanderplanne hulle eie vereniging. Tipies is die vurige deurdrywingswyer: „moderasie meen moorderasie”, sê N. J. v. d. Merwe. Die geesdrif van die jeug oorkom ook orals in die wêreld moeilikhede waarvoor die nugter verstand van die ouer en besadigdes soms terugdeins.

D. B. Bosman, die afgevaardigde van die Grey-Universiteitskollege (nou U.K.O.V.S.), getuig voor 'n groot vergadering van studente en seuns en meisies van verskillende Bloemfonteinse skole in die Gedenksaal, St. Janstraat, op 14 Oktober 1911 na aanleiding van hierdie kongres: „Liefde vir 'n taal is nie genoeg nie. Die liefde moet sig openbaar in daad. ‚Bemin jou taal‘ is 'n baie mooi leuse, maar ‚werk vir jou taal‘ is baie mooier. En die mooiste van al is: ‚Kom ons werk saam vir ons taal.‘” Hier word 'n ywerige A.S.T.V. (Afrikaanse Studente-Taalvereniging) gestig wat lank gebloei het, totdat dit in die A (frikaanse) S (tudente-) B (ond) opgegaan het.

Hier begin dan 'n nuwe volkslaag, die studerende jeug, die onbetwisbare bewys lewer van sy waaragtige ontwakende erns om die moedertaal, en wel in hoofsaak in die Afrikaanse vorm, as sodanig onomwonde te erken en te handhaaf. Daar word planne beraam om weer so'n konferensie in 1912 byeen te roep, wat, na enige moeilikhede met die spoorwegowerhede, uitge-loop het op die verbasingwekkende groot studente- en skolierebetoging in Kaapstad in 1913 om blydskap oor die insluiting van artikel 137 in die Grondwet uit te druk. In die loop van die volgende paar jaar sal die studente hulle stem al helderder laat hoor en hulle al doeltreffender in gelid samesluit totdat hulle wense op taalgebied eerbiedig word. 'n Menigte toegewings sal hulle verkry en ook studenteblaaie oprig (bv. *Ons Moedertaal* in die Suide en *Die Banier* in die Noorde).

As ons die vorige punte samevat dan blyk dit, hoedat die enkelinge wat in die verskillende kolonies geroep het, verwante geeste in die taalstrewende verenigings saamgetrek en op dié weg die openbare mening opgevoed het om die weg tot behoud van die Dietse kultuur in Suid-Afrika raak te sien en te bewandel. Die verenigings het in drie provinsies (Natal voor 1910 uitgesluit) al sterker geword. Die toenemende getal Afrikaanse werke van onmiskenbare kunsbetekenis het die Afrikaanse beweging verder gesterk. Politieke omstandighede het dit ook wenslik gemaak dat die twee rigtings wat in die grond van die saak dieselfde beoog, moet saamwerk om beter te kan handhaaf.

Dit alles het die staking van die onderlinge stryd ten gevolge gehad in die Akademiëstigting, waardeur die geleerde

Afrikaners die goeie reg van Afrikaans amptelik erken. Nou dat die Grondwet die voortbestaan van Hollands in Suid-Afrika ook vir die toekoms verseker, kom die voortvarende studeerende jeug, die leiers van more, hulle aan die kant van die taalstryders, en by name van die in krag steeds toenemende Afrikaanse beweging, skaar. Die manne wat die leiding gee, word al bewuster en dringender, en maak die taak van die volgelinge in die laerliggende volkslae al duideliker.

Wat nou nog vir die Afrikaanse beweging oorbly, is die erkenning van owerheidsweë dat die woord „Hollands” in die sin van Afrikaans puur en simpel moet verklaar word, en dat die volk dit hartgrondig so wil aanvaar, omdat hulle dit so wil hê, erkenning dus *de jure*, soos reeds *de facto*.

Te raadpleeg: Dieselfde werke genoem by die vorige hoofstuk, en daarby oor die Akademie: artikel van dr P. J. Nienaber: *Oor die Stigting van die Akademie . . .* uit die *Jaarboek van die Akademie* Jg. XIII (1938-1939), en hoofstuk VII in *Die Hollandse Taalbeweging . . .* (A. de Villiers). *Verder Jaarboeke van die Suid-Afrikaanse Akademie I-VIII, Bulletins en verslae in Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* (Bloemfontein). Oor die studente se optrede in 1911 raadpleeg *Studentetaalkonferentie* (Stellenbosch, 1911).

HOOFSTUK IX.

AMPTELIKE ERKENNING VAN AFRIKAANS.

Die taalvraagstuk het na die vredesluiting in 1902 die regeerders van die twee gewese Republieke baie hoofbrekens veroorsaak, omdat die een seksie van die volk 'n rigting voorstaan wat vir die ander onaanneemlik voorkom, terwyl die owerhede vrede wil handhaaf sover as hulle kan. So moes die politieke leiers die taalkwessie as een van die vernaamste vraagstukke gedurig in die oog hou en probeer om dit bevredigend te reël. Pogings in dié rigting onder Verantwoordelike Bestuur is die Smuts-wet in die Transvaal en die Hertzog-wet in die Vrystaat.

Tydens die onderhandelings oor unifikasie was dieselfde vraagstuk nogeens een van die neteligstes. Die Vrystaat was alleen bereid om vereniging te aanvaar as volkome talegelykheid in die Grondwet gewaarborg word. In die trein op reis na Durban om die Nasionale Konvensie by te woon, het genl Hertzog in die voeë 'n artikel geformuleer. In sy pleidooi ten gunste daarvan is hy op so'n oortuigende wyse gesteun deur pres. Steyn, dat sir Jameson eindelijk ook tot die sienswyse bekeer geraak het en ander bekeer, want hy sien in, sê hy, dat as die Hollandssprekende homself as 'n vennoot in die „besigheid van die Unie" wil gereken sien, en nie as 'n blote klerkie nie, dan moet sy taal in sy vaderland ook geëerbiedig en erken word.

Met enige wysigings soos voorgestel deur sir George Farrar is artikel 137 van die Unie-Grondwet aangeneem en ingelyf as 'n spesiaal-beskerkende bepaling. Hierin word vasgelê dat Hollands naas Engels in alle opsigte amptelik gelykwaardig sal gebesig word.

So word die voortbestaan van Hollands in Suid-Afrika grondwettelik verseker, 'n gebeurtenis van die allergrootste belang vir die rus en vrede van die land, die pleganker van die

Afrikaner se taalregte. Orals het daar juigkrete opgegaan. In Bloemfontein, Pretoria en Kaapstad is sommige van die pleitbesorgers en ondersteuners hartlik vereer. 'n Adres deur 12,000 Vrystaters, waaronder pres. Steyn, is aan genl Hertzog aangebied as huldebewys vir wat hy ten behoeve van die Hollandse taal gedoen het. Ook die studente het vlam gevat. Groot studentedemonstrasies is in 1913 in Kaapstad, Bloemfontein en elders gehou ter ere van die herstel van die taalregte, toe daar groot geesdrif onder die duisende jong mense geheers het. Die vergadersaal in Bloemfontein was op 1 Maart 1913 propvol studente en skoliere wat „kom vrede vier” het. „As die dames nie help nie, sal ons verlore wees,” sê prof. Kestell, wat ook op die skone sekse 'n dringende beroep op saamwerking en handhawing doen.

Artikel 137 met sy bestendigungsbelofte het verhoogde bedrywigheid op taalgebied gewek.

Die Sentrale Regering was ook ernstig begerig om die taalregte gehandhaaf te sien en een van die eerste werksaamhede van die nuwe Ministerie was 'n rondskrywe aan die pasingestelde Provinsiale Rade om in die skole voorsiening te maak vir die toepassing van talegelykheid. In 1912 het die Rade in al die provinsies, behalwe Natal, bepalings neergelê dat die leerling tot en met Standaard IV onderrig deur medium van die huistaal moet ontvang, d.i. dié offisiële taal wat hy die beste verstaan.

Maar onder „huistaal” van die Afrikaanssprekendes word nie Afrikaans gereken nie, dog Nederlands. Tog gebruik baie onderwysers in die laer klasse as medium die offisiel eintlik toe nog onwettige Afrikaanse vorm, wat in der waarheid egter die natuurlike vorm vir die Afrikanerkind is.

Die eerste persoon wat hierdie onnatuurlike dualistiese stelsel 'n bepaaldelike doodhou gaan toedien, is C. J. Langenhoven, die man wat, soos hy self sê, 'n eensame voor geploeg het. Die A.T.G. en A.T.V. het op hom geen invloed hoege naamd uitgeoefen nie, hy was ook nie lid van een van hierdie taalorganisasies nie. Sy selfontdekking in die opsig van sy standpunt teenoor sy moedertaal kom op 'n leeftyd van teen die veertigste jaar en langs 'n soort van omweg.

In verband met die Unifikasieplanne in 1908 maak hy sy standpunt teenoor Engels en Nederlands in 'n in-Engels-gestelde artikel duidelik, wat toentertyd in die propagandistiese tydskrif *The State* verskyn het. Terwyl hy die ondeugdelikheid van Nederlands vir die Afrikaner as die beste middel van gedagtemededing insien, word die bruikbaarheid van Afrikaans vir hom soveel duideliker en „van daardie aanval af dateer my besieling om vir Afrikaans te stry.”

Dit het vereers nog gebly by die skrywe van kort stukkie met meestal 'n humoristiese strekking, om die Afrikaner met lus te laat lees. Sy eerste groot kans kry hy in 1912 met sy benoeming tot redakteur van die Oudtshoornse halfweeklikse tweetalige koerantjie, *Het Zuid-Westen*. „En van toe af het die land gedreun . . . (en) weergalm van Afrikaans-propaganda-krete soos nog nooit tevore gehoor was nie . . . Terwyl die teenparty dan nie na redelike argumente wou luister nie, of dit predikante of professore of politieke leiers was of wie ook, het ek hulle met blokke gegooi en met pikstele geslaan en dinamietbomme onder hulle ontplof.”

So het hy vir byna drie jaar die saak van sy taal bepleit en bevorder. Ander blaaië soos *Ons Land* en *De Kerkbode* moes notisie neem van sy bestryding van hulle houding in die saak, „somyds met 'n woeste geweld van onbeteuelde taal, wat vir geen gesag of tradisie of rang of stand teruggedeins het nie.”

Langenhoven se tweede groot kans kom met sy verkiesing as Provinsiale Raadslid van Oudshoorn op 2 Maart 1914. Dit is nie om eersugtige redes dat hy hom self as 'n kandidaat vir die setel aanbeveel het nie, „maar daar was die saak van Afrikaans wat moes behartig word.” Na sy onbestrede verkiesing het hy sy ywer dadelik hierop toegespits. Hy het hard gewerk om sy sienswyse by die partygenote en ander te laat ingang vind, kragtig gesteun deur die administrateur sir Frederik de Waal. So was die saak „gewonne vóordat hy vóór die huis gekom het” op 23 April 1914, toe Langenhoven net met 'n paar woorde die voorstel ingedien het.

In sy afgewaterde vorm het die mosie heel onskuldig ge-lyk en is eenparig aangeneem. Dit beveel die gebruik van Afrikaans aan as voórtaal in die laerskole tot en met die vierde

standaard, waar volgens wet Nederlands die voertaal is; maar indien die betrokke skoolkomitee teen seker Afrikaanse leesboeke in 'n skool beswaar maak, moet sulke boeke nie toegelaat word nie.

Kort hierop volg die twee gewese Republieke. Op voorstel van N. Havenga besluit die Vrystaters op 15 Junie 1914 eenparig dat onder „Hollands” die Nederlandse en Afrikaanse vorms moet verstaan word en dat aan hierdie interpretasie praktiese uitvoering moet gegee word. Die eenstemmige Transvaalse besluit na aanleiding van die Ludorf-voorstel gaan veral van die opvoedkundige beginsel in die motivering van die gedragslyn uit, net soos in die Langenhoven-voorstel, waarmee dit in hoofsaak ooreenstem. So trek die drie Provinsiale Rade dan definitief 'n onderskeid tussen Nederlands en Afrikaans as *twee* tale.

Een groot moeilikheid was die gebrek aan Afrikaanse leerboeke. Op 'n wenk van adv. W. J. van Zyl het Langenhoven net na die aanname van sy mosie 'n klompie warm voorstanders bymekaar geroep. Nieteenstaande vermanings van 'n paar oorversigtiges word aan die bestuur van die A.T.V. opdrag gegee om dadelik te sorg vir die opstelling van skoolboekies deur vakkundige persone en om verder propaganda te maak vir die toepassing van die verkreë regte. So'n kommissie is ook aangestel.

Vervolgens het Langenhoven dieselfde kwessie op die eersvolgende jaarvergadering (1914) van die Akademie, wat in Bloemfontein sitting geneem het, voorgebring en bepleit: In 'n besielende lesing oor *Afrikaans als Voertaal* het hy verder die noodsaaklikheid om in eie krag en besitting nasionale trots en toekoms groei te soek, beklemtoon. Die Akademie het toe met twee teenstemme, sy goedkeuring geheg aan die bewuste provinsiale besluite. „Vir die doel van 'n gesagsstempel was hy (die goedkeuring) kostelik.”

'n Kommissie word verder benoem om te sorg vir die nodige leerboeke in samewerking met vakmanne. Die benoeming van so'n kommissie was alreeds hoognodig aangesien in die besluite van die Kaapprovinsie en Transvaal die Akademie by name genoem word as die liggaam om die skoolboekies te keur.

Die provinsiale besluit het aan die Afrikaanse taalorganisasies dadelik 'n skerpgetekende doel gestel, en so vanself die bedrywighede in nuwe bane gelei. Dit word al gaandeweg meer 'n handhawing- as 'n blote propagandastryd. Die verowerde skanse moet behou word, en dit kan nie beter bewys word nie as deur ingebruikneming en toe-eiening. Sy betekenis lê veral in sy gebruik.

Die Akademie pak nou ook die kwessie van 'n gesaghebbende spellingreëling aan, en publiseer die volgende jaar (1915) die goedgekeurde reëls — 'n noodsaaklike stap waar daar 'n aanvraag kom na deeglike skoolwerkies. Ook ander verenigings word buitengewoon bedrywig. Die Stellenbosse A.T.V.-tak het 'n suiwer Afrikaanse maandblad, met sy sprekende naam: *Ons Moedertaal* (uitgegee deur die Paarlse Drukpersmaatschappij en in *Ons Kleyntji-* en *Ons Taal-*formaat) in die lewe geroep, wat die stem helder en ondubbelsinnig laat opklink het. Die jong yweraars dr T. B. Muller, J. J. Smith, dr B. B. Keet, Gordon Tomlinson e.a., het met entoesiasme die Afrikaanse taalsaak voorgestaan en ander oortuig. Aan welsprekendheid, grondige argumente en bekwame voordrag daarvan, en aan jeugdige voortvarendheid het dit op Stellenbosch met hierdie jong kragte nie ontbreek nie.

Dit getuig die artikels in hulle maandskrif wat in Julie 1914 sy eerste verskyning gemaak het, asook die besluite van die kongres wat dieselfde tyd daar sitting gehou het. Die besluite betref die taal in die kerk — daar word gevra om die Bybelvertaling ter hand te neem en Afrikaans naas Nederlands te erken as amptelike taal; verder word die Staat versoek om artikel 137 so te verklaar dat dit Afrikaans insluit, en ook die Universiteitsraad word genader om „kandidate toe te staan om hulle by alle eksamens desverkieende van Afrikaans te bedien.”

Hierdie besluite wat deur 'n afvaardiging aan die betrokke owerhede moes bekendgemaak word, het die stryd in die pers laat ontbrand en die spottende bejeëning van sommige teenargumente deur die redaksie van *Ons Moedertaal* was nie juis daarop bereken om die gemoedere te bedaar nie. Wat veral kwetsend vir die oueres en meer konservatiewes was, is die gedagte dat die Bybel in Afrikaans oorgesit moes word. Net soos

vroeër kom dit vir hulle soos heiligs kennis voor, lyk *Hy, Hom, Gods Seun*, ens. na tekens van oneerbiedigheid teenoor Godswoord.

Maar die stroom sal nie altyd kan gestuit word nie; onder alle klasse en lae, en veral onder die studerende jeug wat uiteindelik uitgaan as predikante, onderwysers en leiers op ander gebiede, win die Afrikaanse gedagte voortdurend veld; dat hulle oortuiging in die verskillende arbeidsgebiede eindelijk gaan baan breek, veral waar dit van so baie ander kante steun win, lê voor die hand.

Ons Moedertaal het weens beswarende omstandighede as gevolg van die oorlog opgehou om as selfstandige tydskrif voort te bestaan en is toe, na onderbrekings, in Mei 1916 met die pas-ontstane maandblad, die *Huisgenoot*, verenig; prof. J. Smith, 'n mede-redakteur van die eersgenoemde blad is nogeens op die redaksie van die nuwe maandskrif saam met mnr Ruysch van Dugteren.

Hierdie aanvanklik in Nederlands en Afrikaans verskene publikasie van die pas-opgerigte Nasionale Pers (1915) het hom 'n vaste plek as huisvriend in Suid-Afrika verower. Altyd het hy propagandisties getuig op 'n mooi en bedaarde manier ten behoeve van die Afrikaanse volkstaal; in die afdeling „Taalvrae” is moeilikhede en besware behandel op 'n manier wat 'n gees van welwillendheid en simpatieke inlewing openbaar het. Op die gebied van die spelling het dit 'n groot normaliserende uitwerking gehad. Jong skrywers is aangemoedig en ander „ontdek.” Sangiro bv. het hierin sy debuut gemaak. So sterk het dit uitgebrei, dat dit teen die einde van 1923 'n nuwe periode ingetree het as 'n geïllustreerde *weekblad*, 'n voorloper in die opsig onder S.-Afrikaanse tydskrifte.

Die uitbreek van die Wêreldoorlog het 'n vloedgolf van nasionalisme oor die land laat spoel. 'n Verhewigde politieke lewe is een gevolg, kulturele handhawingsdrif 'n ander. Nuwe verenigings het nou opgeskiet, verenigings wat wil handhaaf en bou, sommige ook op ekonomiese gebied. In Ladybrand het Theo Ferreira ten bate van „onse taal . . . en nasionale belange” 'n provinsiale komitee in 1915 gevorm om die hele land op te wek, toe krygswet geproklameer word en hy geen publieke vergadering kon byeenroep nie. Tog het hy deur middel van

die Hollandse pers die saak laat bespreek en aansluiting gesoek by 'n verwante beweging in Reddersburg, en by die Helpmekeer-Vereniging van die Suidelike Vrystaat. In Junie 1915 kon hy sy plan voor 'n gehoor van 400 uiteensit en dit laat goedkeur en steun.

Deur hulle optrede is Hollands weer deur die munisipaliteit in sy plek van eer herstel, word rekenings en voldanings in Afrikaans van winkeliers en besighede geverg, Afrikaanse opstelwedstryde uitgeskrywe, en wankelendes word gerugsteun om weer 'n krag in die Afrikaanse Taalsaak te word.

Ook op Brandfort is daar omstreeks dié tyd so'n beweging op tou gesit om op gelyke behandeling van die landstale aan te dring; J. D. Schonken het die Statute opgestel vir 'n „Onze Taalvereniging” op 'n ruime basis wat bespreek is deur 'n vergadering van oor die 400 persone op 31 Julie 1915.

Juis toe is die wydvertakte Nationale Pers, Bpkt. in die lewe geroep, en *De Burger* opgerig, die nasionale dagblad wat op 26 Julie 1915 onder redaksie van dr D. F. Malan sy verskyning gemaak het en wat so'n kragtige rol ook in die taalstryd gaan speel, hoewel sy vernaamste betekenis natuurlik in die rigting van die politiek lê. Die Volksbank (Afrikaanse Verbond) in Bloemfontein dagteken ook uit hierdie periode, opgerig in navolging van Ons Eerste Volksbank, Pretoria, met 'n aandeelkapitaal van £250. Dit het gegroei uit die Burgerwag of Piksteelkommando wat gevorm is, aanvanklik om die privaat besittings van seker burgers gedurende die aanvalle daarop as gevolg van die haat teen Duitsers, te beskerm, en eindelik om geldelike leniging te bring aan Afrikaners wat in tydelike moeilikhede verkeer.

Dieselfde gedagte van hulpverlening aan die nasionale opstandelinge van 1914 wat tot tronkstraf en geldboete veroordeel is, lê ten grondslag aan die Helpmekeer, 'n beweging wat 'n ontsaglike bate vir die volk geword het waar dit vandag een van die belangrikste helpers is vir die onbemiddelde maar talentvolle jongelui wat hulle studies wil voortsit.

'n Verblydende teken is ook die deelname van Natal aan die kulturele handhawingstryd, veral in sy belangrikste aspek, die taal. Die kopstukke hier is prof. G. Besselaar, adv. en mevrou E. G. Jansen en ds G. Pellissier. Die eersgenoemde word

beskou as die siel van die *Organisatie van Hollandse Taalvrienden*" (later: *Afrikaanse*), 'n beweging wat in 1913 ontstaan het en hom ten doel gestel het die bevordering van Nederlands (Afrikaans) op skool en in die staatsadministrasie.

Dit sal onthou word dat die Natalse Provinsiale Raad in 1912 die Uniale voorstelle van moedertaalonderwys sover dit Afrikaanse kinders betref, ook in die oorweënd Afrikaanse distrikte van Noordelike Natal, verwerp het, terwyl die ander provinsies wetgewing in dié gees ingedien het. Daar was dus met die onsimpatieke taalpolitiek van die provinsiale bestuur oorfloedige redes vir klagtes by die enigszins verantwoordelike Afrikanerouer en -burger. Die *Organisatie van Hollandse Taalvrienden* mik daarop, om in dié opsigte billike behandeling te erlang, en het sy beywering laat voortduur totdat daar op talle plekke verbetering gekom en die Raad in 1916 tegemoetkomende wetgewing ingedien het, nl. dat die ouer die taalmedium vir sy kind kon kies. Dit is dus geen verpligte moedertaalmedium soos elders nie, en die wet maak gebruik van die onwil van so baie Afrikaanse ouers om hulle kinders deur die moedertaal te laat onderrig. Die wet is vandag nog van krag. Die Afrikaans-mediumskool in Pietermaritzburg, nou die Vortrekkerskool, met seshonderd kinders aan die end van 1940, die enigste van sy soort in Natal, is na jarelange agitatie, soms van 'n onverkwiklike gehalte, in 1927 ingewy. 'n Afrikaans-mediumskool sal ook in 1941 in Durban geopen word.

'n Ander belangrike Natalse beweging is die Saamwerk-
Unie van Kultuurvereniginge (vroeër, van Natalse Vereniginge), wat deur die inisiatief van adv. Jansen totstand gekom het. Die poging om 'n soort van Volksraad van Natalse Vereniginge daar te stel, het in 1910 die stigting van 'n doodgebore Debatsunie ten gevolge gehad. Maar na baie voorbereidende werk in 1916 op aandrang van mnr G. Naude uit Dundee, is 'n kongres onder voorsitterskap van adv. Jansen in die Vortrekkerstad byeengeroep op 24 Mei 1917 e.v. dag, met die resultaat dat die magtigste Afrikaanse kultuurliggaam in Natal en een van die sterkste in invloed en geldelike bate in Suid-Afrika, gebore is.

Die doel van hierdie vereniging van verenigings word in die ou statute omskryf: „a. Die leiding en bevordering en uit-

breiding van die werksaamhede van Debatsvereniging, Christelike-Jongeliedevereniging en ander soortgelyke verenigings in Natal (nou ook Transvaal); b. Die stigting van nuwe verenigings." Art. 15 bepaal dat Afrikaans die amptelike taal van die Saamwerk-Unie sal wees.

Hierdie organisasie is van die begin af gesteun deur die kerk en die intellektuele Afrikanerdom van Natal. Die kragstasie is die jaarlikse kongresse, wanneer die onderkomitees verslag lewer van hulle werksaamhede en nuwe opdragte ontvang. Die belangrikste van die komitees is die een wat verantwoordelik gehou word vir die afnemings en administrasie van die Afrikaanse Taaleksamens. Dit is in 1917 onder baie teenstand ingestel as gevolg van 'n voorstel deur mevrou Jansen ingedien, wat toe in *Die Afrikaner* die weeklikse kolomme van die Saamwerk-Unie geredigeer het. Sy het ook die eerste eksamens afgeneem. Die twee volgende jare is onderskeidelik 'n hoër- en 'n hoogste afdeling ingestel.

Op herhaaldelike aanvraag vir enige leiding het sy in die kolomme van die Saamwerk-Unie die elementêre Afrikaanse taalreëls aangegee en verduidelik, en dit alles later in pamfletvorm laat druk en bemark; die boekie is met medewerking van inspekteur Booyesen sedert 1922 ontsaglik uitgebrei en orals omgewerk; dit is vandag bekend as die *Afrikaanse Grammatika* van Booyesen en Jansen, in verband waarmee later ook 'n boekie *Taal oefeninge* verskyn het.

Die getal deelnemers aan die eksamens het sedert 1917 'n verrassende hoogte bereik, van 406 het dit tot oor die sesduisend geklim in 1939. Sedert 1927 werk die Taalbond ook saam en administreer die Hoër- en Hoogste Taaleksamens, van 1938 is ook 'n Voorbereidende Eksamen ingestel vir die swakker leerlinge. Die sertifikate het groot waarde en word o.a. deur die spoorwegadministrasie erken vir promosiedoeleindes in die diens. So het Natal in dié opsig die leiding geneem, en, soos iemand dit in 1917 gesê het: „Suid-Afrika geleer Afrikaans skrywe,” wat natuurlik 'n oordrywing van die waarheid is. Die eksamens is verder 'n soort van melkkoei, jaarliks vloei honderde ponde in die kas van die Saamwerk-Unie wat ten dele aan pryse bestee word en verder die masinerie van die organisasie aan die gang hou. Groot bedrae van hierdie in-

komste is ook geskenk aan organisasies soos die Voortrekkers, die Helpmekeer, F.A.K., die Reddingsdaadbond, ens.

Die Wedstryde-komitee, 'n ander vertakking, het ook 'n reusevlug geneem en uitgegroeï tot 'n ware kragtige Natalse Afrikaanse Eistedfodd wat pryse en gelde ten bedrae van honderde ponde in hulle beheer het. 'n Persoon wat hom op dié gebied besonder verdienstelik gemaak het, is mnr H. P. Malan van die Pietermaritzburgse Opleidingskollege. Hy is ook sekretaris van die Taaleksamens.

Die ideale van die Saamwerk-Unie kom verder tot uiting in sy half-maandelikse publikasie, *Die Saamwerk*, wat sedert 1929 gratis gestuur is aan ongeveer tweeduisend jongmense in Natal en op sommige plekke in die res van die Unie. Dr P. C. Schoonees was tot 1933 redakteur, en is opgevolg deur mnr L. Biebuyck, J. V. Smit en J. H. Stander. Van 1939 is die publikasie gestaak, en word *Bulletins* uitgestuur.

Een van die bedrywigste onderafdelings is die Historiese Kommissie onder A. G. du Toit, wat hulle beywer vir die versameling en uitstalling van historiese oudhede en selfs opgrawinge onderneem, soos in Dingaanstat, alwaar ook 'n monument deur hulle en 'n rushuis by Retief se gedenkteken opgerig is.

Soos 'n patatrank het die Saamwerk-Unie gegroei. Dit het in die loop van 1936 nodig geword om 'n voltydse klerk aan te stel met standplaas in die hoofstad.

Die Saamwerk-Unie het 'n mag in die land geword. By monde van deputasies laat hierdie skare jongelui hulle stem hoor in die raadsale van die land oor aangeleenthede soos skoolkommissies, voertaal by die onderwys, oor die radiobelange van die Afrikaner, ensovoorts.

In 1941 vier hy sy vyf-en-twintigste verjaardag. Dié ouderdom het onder die suiwer Afrikaanse kulturele liggame wat vóór 1920 gestig is, alleen bereik Onze Taal (later Ons Taal, in 1933 dood), die Afrikaanse Studentebond (van 1933 onder 'n ander naam), die Akademie en die Saamwerk-Unie—en hy is jeugdig genoeg om nog lank te lewe.

Belangrik ook is die uiting van nasionale bewuswording onder die studerende jeug aan die opleidings- en hoërskole. Die Werda-komitee wat, soos aangetoon, in 1911 gestig is, het

op 'n besigheidsvergadering gehou by geleentheid van Helde-
dagviering in Kaapstad (25 Maart 1916), en bygewoon deur 'n
afgevaardigde van die Potchefstroomse studente, op voorstel
van die afgevaardigde besluit, dat die Vrystaat en Transvaal
hulle eie Werda-komitees moet stig en dié sal dan saam met
die Kaapse Werda-komitee 'n federale bestuur vorm.

Die besluit het as aanleiding vir die Potchefstroomse stu-
dentekorps „Veritas Vincet” gedien om die inisiatief te neem
vir die stigting van 'n studente-unie benoorde die Oranje-rivier.
Met die hemelvaartsvakansie (1916) was die vernaamste in-
rigtinge vir hoër onderwys in die twee provinsies verteenvoor-
dig op die kongres wat gehou is in die Normaalkollege, Preto-
ria. Daar is toe besluit om 'n Afrikaanse Studentebond in die
lewe te roep met die doel: „a. Die wetenskaplike ontwikkeling
van sy lede ooreenkomstig die Afrikaans-tradisionele volkska-
rakter, (b) die handhawing en bevordering van die Hollands-
Afrikaanse taal, lettere, kuns en geskiedenis” (ou statute).

Die Studenteliggaam het veral ten opsigte van die medium-
kwessie kragtig opgetree in die eerste jare van sy bestaan. Be-
sluite is deur die kongres en deur individuele takke geneem oor
die wenslikheid om Afrikaans as studievak en as voertaal in die
opleidings- en universiteitskolleges geldig te kry; briewe is hier-
oor gerig aan die provinsiale onderwysoutoriteite, aan die Unie-
departement van Onderwys, die Registrateur van die Universi-
teit van Suid-Afrika en aan die kollegeregistrateurs. Krag is
aan hierdie besluite verleen deur petisies; die een aan die
Minister van Onderwys ingevolge die kongresbesluit van 17
April 1918 om te vra vir die instelling van 'n Afrikaanse leer-
stoel vir Afrikaans en die erkenning van Afrikaans as voer-
taal in die konstituerende kolleges van die Universiteit van
Suid-Afrika, was onderteken deur 378 studente.

As uitkomste hiervan naas ander faktore (soos aan die
Grey-Universiteitskollege, waar die inisiatief van die Raad self
uitgegaan het), is leerstoel in Afrikaans ingestel (die eerste in
Oktober 1918 aan die G.U.K. met die benoeming van dr D. F.
Malherbe tot professor in Afrikaans), en seker vakke word
voortaan aan verskillende inrigtings na gelang van omstandig-
hede deur Afrikaans as voertaal gedoseer. Soms het die stu-
dente op die voortvarende wyse, eie aan jeugdige entoesiaste,

opgetree. Op Bloemfontein het hulle in 1918 geweier om die register en die registrasievorms, wat albei in Engels was, te teken. In die taksnotule heet dit verder: „Gevolg: ons het Afrikaanse vorms gekry.”

Noudat hierdie deel van sy program van aksie al minder te doen gee, is die swaartepunt meer in die rigting van handhawing verplaas. Die Afrikaanse Studentebond het hom in die later jare veral bemoei met sake soos om te help met sprekers vir Dingaansdagviering; 'n grafsteen van blou graniet wys deur hulle optrede die laaste rusplaas van Oom Lokomotief in Bloemfontein aan (1925), terwyl in genoemde stad voor die hoofgebou van die Universiteitskollege 'n tweemaal-lewensgrote bronsbeeld van Pres. Steyn sy gedagtenis groen hou. By geleentheid van die vyftigjarige jubileum van die G.R.A. is ook 'n gedenkboek uitgegee ter ere van die Ou Touleiers, t.w. die *Gedenkboek ter Ere van die Genootskap van Regte Afrikaners, 1875-1925* (1936); sommige artikels daarin het bepaald veel waarde.

As tekenend vir die ywer van Jong Suid-Afrika insake die taalstryd, kan nog buitekant die Afrikaanse Studentebond om genoem word die monstervergadering van 500 Afrikaans- en Engelssprekende studente van die Kaapstadse Universiteit in 1918, met die doel om by die owerhede aan te dring op die erkenning van die Afrikaanse vorm van Nederlands as vak en medium. Stellenbosch, die „Mekka” van die Afrikaanssprekende studentedom, het vroeg die fakkel van Moedertaal aangesteek en is nog steeds die jaloerse bevorderaar van die Afrikaanse taal, letterkunde en geskiedenis, soos die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelik-Hoëronderrwyd dit op 'n veel kleiner skaal is en meer op Calvinistiese grondslag.

Al hierdie nuwe en somtyds selfbloeiende verenigings en bewegings is 'n duidelike weerspieëling van die volkswil om aan eie aard getrou te wees, ook soos dit in die spraak geopenbaar word. Dis die uitvloeisels van volksbewuswording, en vind sy gedeeltelike verklaring as een van die gevolge van die Wêreldoorlog. Die vredesjare word juis ook gekenmerk deur die opkoms en selfstandigwording van so baie kleiner volke.

Terwyl hierdie gees hom eenmaal laat merk het in verskillende volkslae op so verskillende wyse, is dit eintlik te ver-

wagte, dat waar die volksverteenwoordigers in die drie Provinsiale Rade deur wetgewing die eintlike volkstaal van die Afrikaner in 1914 eenparig erken het, hulle sal toesien dat daar in dié gees gehandel word. Die Onderwys-kommissie wat in 1916 rapport uitgebring het oor die moontlikheid om die Taal-ordnansie van 1912 getrou in die Kaapse skole toegepas te kry, het die „verregaande ongehoorsaamheid” van die doserende liggame onder provinsiale toesig aan die dag gebring, sodat daar onder omstandighede nie veel praktiese uitvoering aan die Langenhoven-voorstel kon gegee word nie, aangesien die een hand-aan-hand met die ander gaan, naas ander oorwegings.

'n Bepaalde stap word in 1918 geneem, toe op voorstel van sir Frederic de Waal sonder teenstand besluit is om Afrikaans in stede van Nederlands onder die Taalordnansie van 1912 tot en met Std. IV te verstaan, indien die betrokke skoolkommissies dit so besluit. „M.a.w., dit was 'n wettiging van die Langenhoven-resolusie van 1914 met wegneming van belemmerende voorwaardes,” sê Langenhoven self. Van nou-af sal Afrikaans al meer en meer in die Kaapprovinsiale skole sy regmatige plek inneem, ook sonder verder aanmoedigende wetsbepaling, daar die onderwysende personeel self van die deugdelikheid langsamerhand oortuig geraak het.

In die Vrystaat is die saak van owerheidsweë ook nie opsy geskuif nie. Met die sitting op 29 Junie 1916 het Dan. de Villiers, Lid van die Uitvoerende Komitee, sy misnoegdheid uitgespreek, omdat die toepassing van Afrikaans as voertaal nie geskied volgens die bedoeling van die betreffende Raadsbesluit nie. Hy stel voor dat die Uitvoerende Komitee opdrag kry om die nodige stappe in dié rigting te doen. „Afrikaans is toch de moedertaal en die taal is opzij geschoven en achteruitgezet,” sê hy. Raadslid Jacobs van Boshof noem Nederlands en Engels selfs „vreemde talen.” By dié geleentheid is met een teenstem 'n ander voorstel van D. J. de Villiers aangeneem, nl. om „de Afrikaanse taal als leervak in de lagere standaarden in te voeren.”

Onderwysers wat aan die Normaalkollege opgelei word, ontvang van 1916 vir twee uur weekliks les in Afrikaans; die kwekelinge bedien hulle ook van die voertaal by praktiese lesgee. Die Direkteur van Onderwys, dr W. J. Viljoen, is ook

nou simpatiekgesind en het die Raad deur sy optrede daadwerklik gesteun in hulle standpunt.

Twee jaar later neem die Raad ook op voorstel van die heer Boshoff, die lid van Frankfort, 'n besluit om Afrikaans naas Nederlands te erken as een van die twee amptelike tale van die provinsie vir alle offisiële doeleindes, behoudens 'n paar uitsonderings (ontwerp-ordonnansies, ordonnansies en offisiële dokumente van die Raad)—'n besluit in ooreenstemming met die wat deur die Parlement net 'n rukkie tevore geneem is. /

Deur die optrede van die Pretoriase A.T.G., wat in 1916 'n afvaardiging na die Administrateur en die Uitvoerende Komitee gestuur het, is die saak daar weer aangepak en deur 'n raadsbesluit is hierdie jaar bepaal, dat waar Afrikaans in die laerskole ingevoer is as voertaal, dit ook as leervak sal onderwys word „met dien verstande dat deze bepaling in werking zal treden: (1) voor Std. I in Januarie 1917, (2) voor elk der volgende stds. in klimmende reeks een jaar later, zodat de bepaling voor al de zes stds. van kracht zal zijn in 1922.” Maar ook hier sal die toepassing veel vinniger geskied as die trapsgewyse gang wat aangedui word deur die wet.

So teen 1918 het dus die Provinsiale Rade oor die hele Unie met uitsluiting van Natal Afrikaans amptelike erkenning as voertaal en leervak in die laerskole laat erlang. As studievak kon die erkenning ook al makliker gebeur as bv. in 1915, omdat die getal skoolboekies vinnig genoeg aangroei en die gehalte van party selfs vir die smaak van 'n veeleisende leerkrag die vertrouwe op die toekoms versterk. Natal sal eers wag tot die middel van 1923, en toe nog het baie probeer om die invoering van Afrikaans op onoordeelkundige wyse belaglik te maak. Maar ten spyte van teenstand het hierdie taalvorm Nederlands ook in Natal heeltmaal verdring as voertaal, en nou word dit as leervak dwarsdeur die land bestudeer, in die hoogste klasse gelukkig ook met insluiting van 'n paar Nederlandse werke.

Die houding van die onderwysers teenoor Afrikaans kan nog in 'n paar trekke geteken word. Dit was aanvanklik 'n vyandige houding, en veral om die praktiese besware soos die gebrek aan bevredigende leesboeke, handboeke, gebrek aan opleiding as onderwysers van Afrikaans, afwesigheid van 'n algemeen-aanvaarde skryfnorm, e.d.m., naas teoretiese moeilik-

hede soos verbreking van die kulturele bande met Nederland. Met die verwydering van die vernaamste struikelblokke (spellingreëling e.a.) het die *beginnel* van moedertaalmedium tog geëvier oor alle teenstand en hindernisse.

Die onderwysersorgaan van Kaapland, *De Unie*, wat aanvanklik gestig is om die belange van die Nederlandse onderwys te bevorder en om as teenwig te dien teen die Kaapse Engelse organisasie van onderwysers, het eers 'n vyandige standpunt ingeneem. Die Langenhoven-mosie van 1914 is nog met allerlei bedenkinge bespreek, maar nadat die kongres van die S(uid)-A(frikaanse) O(nderwysers-) U(nie) in 1916 sy vyandige houding van twee jaar vroeër laat vaar het en nou eenparig besluit om by die owerhede aan te dring op erkenning van Afrikaans op skool tot std. IV en verder op universiteit as vak en voertaal, word die oorgang net 'n kwessie van tyd en geleentheid.

Op die volgende kongres (1917) word Afrikaans dan ook naas Nederlands as amptelike taal van die S.A.O.U. aange- neem. Weer word by die outoriteite aangedring op die erkenning van die taalvorm in die skool. Die uitslag is die raadsbesluit van 1918, ingedien deur administrateur De Waal, bekend om „sy konsekwent-simpatieke en hulpvaardige houding teenoor Afrikaans” (Langenhoven).

Onder die Vrystaatse onderwysers is daar oor die algemeen van vroeg af 'n goeie gesindheid teenoor die vraagstuk openbaar, hoewel die genoemde oorwegings ook hier gegeld het. Op 'n onderwyserskonferensie in 1905 in die Vrystaatse hoofstad gehou, het P. van Gent uit Bethlehem die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling as 'n „tydelike verbetering” beskou tot tyd en wyl dat Afrikaans tot skryftaal verhef word. Dié sienswyse is met luide applous „als blyk van instemming” begroet. Sedertdien het seker leerkragte voortdurend hierdie gedagte voorgestaan en selfs met die daad verkondig, soos P. van Gent, Pollux (C. A. van Niekerk van Boshof, nou Senator), e.a.

Met die erkenning van Afrikaans in 1914 het die onderwysers, in kongres byeen, dadelik die stap met hulle betuiging van instemming verwelkom en onderneem om „aan hierdie besluit soveel moontlik uitvoering te gee.” Hulle het selfs wenke

aan die hand gegee hoe om dit moontlik te maak, soos om kwekelinge daarin voor te berei.

Van nou af word dit by hierdie onderwysers 'n brandende vraagstuk hoe om so gou as moontlik gevolg te gee aan die besluite. Op die kongres van 1916 het mnr S. H. Pellissier van Boshof (nou Direkteur van Onderwys in die Vrystaat), op belangrike vraagpunte oor „Afrikaans in die Volksskool” in 'n sirkulêre aan die skole antwoorde ontvang, wat almal in die rigting gaan van onmiddellike invoering van die spreektaal as vak en medium in die laer standaards. Voorstelle is toe aangeneem en deur 'n deputasie aan 'n goedgesinde owerheid ter kennis gebring, nl.: Afrikaans in plaas van Nederlands moet konsekwent ingevoer word tot std. IV, daarvandaan sal ook Nederlands onderwys word; elke onderwyser mag uitsluitlik Afrikaans by mondelinge onderrig gebruik, en Normaalstudente moet weekliks les in Afrikaans ontvang. Ook die Vrystaatse Sinode word versoek om Afrikaans as kerktal in oorweging te neem. (April 1916).

Die onderwysers en leerlinge was gewillig, die owerhede tegemoetkômend, en spoedig was die saak gewonne. Die Modelskool in Bloemfontein het in 1918 Afrikaans ingevoer, „van die onderste tot die boonste klasse,” en verdien die eer, volgens „Skoolman,” om die eerste Vrystaatse skool te wees wat die stap gedoen het. Dit dring dus deur tot std. VII. Op die algemene jaarvergadering van die O.V.S. O(nderwysers-) V(er-eniging) in Oktober 1919 op Kroonstad stel S. H. Pellissier, gesekondeer deur D. J. Retief uit Boshof, met die oog hierop voor, dat die betrokke outoriteite Afrikaans naas Nederlands as 'n A-vak in die Matrikulasie-eksamen en Afrikaans alleen as 'n B-vak en verder alleen in die Junior-Sertifikaateksamens vanaf Desember 1920 moet erken, wat dan spoedig daarna gebeur.

Die Vrystaatse onderwysers verdien alle eer vir die skitterende manier waarop hulle insake hierdie vraagstuk stelling ingeneem het. Hulle verdienste kom des te beter uit as dit gestel word teenoor die optrede van die Transvaalse Onderwyserskorps, genoem die „Vereniging van Onderwysers(esse) in S.A.” Op hulle kongresse het die saak vir die eerste keer al ter sprake gekom in 1912 na aanleiding van 'n voorstel uit

Lichtenburg. Hoewel eenparig besluit is ten gunste van Afrikaans as voertaal in die aanvangsklasse en die Direkteur van Onderwys hulle ter antwoord ook gewys het op hulle reeds toegestane regte dienaangaande, is 'n betreurenswaardige laksheid openbaar. Die A.T.G. van Pretoria het eers deur hulle bemoeiings 'n finale beslegting teweeggebring.

In Natal was die deelname aan hierdie stryd van die kant van die N(atal) T(eachers) S(ociety) soveel as 'n nul op 'n kontrak. Soos aangedui, moes die erkenning langs 'n heel ander weg kom en is toe nog onsimpatiek bejeën deur die groot gros van onderwysers.

Ook die Hollandse kerk word geroepe om stelling in te neem. „Die (Bybel en Kerkbode) word nie verander vir die eerste 50 of 100 jaar nie, al zou die Afrikaanse taal erken worde”, is die mening van 'n besliste voorstander soos ds W. Postma in 1906. Ook later (1912) redeneer hy nog, dat met 'n Bybelvertaling moet gewag word tot daar groter eensgesindheid heers oor die taalvorm, vir die teenswoordige is „Afrikaans nog in die maak.”

Hier ontmoet ons by 'n vooraanstaande yweraar wat bo alle verdenking staan, dieselfde manier van redenering met die praktiese besware as uitgangspunt, soos eweneens in die onderwyskringe aangetref is. Soos dr O'Kulis was daar baie ander, en dit maak die verwerping van die Ladybrand-voorstel deur die Sinode van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Vrystaat aangaande die Bybeloorsetting in hierdie jaar (1912) begryplik,—dieselfde jaar wat die Afrikaanse *Bybelgeskiedenis vir ons Volk* deur ds W. J. Conradie verwelkom is en baie lesersvriende gemaak het: aan hulle moes die deugdelikheid van 'n eventuele vertaling hom ook opgedring het.

Maar met die erkenning van Afrikaans het dit amper so gegaan soos dit in die Gesangboek staan: „Het is een wonder in onz' oogen, wij zien het maar doorgronden het niet.” „Regtig,” roep senator Langenhoven uit, „die saak was van die Here, en dis wonderlik in ons oë, te wonderlik om ons eie ervaring te glo.”

Met die algemene bewuswording het die behoefte ontstaan om die Bybel te laat vertaal en Afrikaans deur die kerk algemeen-erkend te kry. Dit geskied in luttel jare later. Reeds

in 1914 besluit die Gereformeerde Kerk op 'n algemene vergadering gehou in Potchefstroom, in beginsel tot die stap om die Bybel en Belydenisskrifte oor te sit. Dit blyk dat verskillende predikante ook in Afrikaans begin preek het. Daarby dring verskeie jongeres tot dieselfde oorweging aan, soos dr B. Keet e.a. Ook die Vrystaatse onderwysers gee die Sinode die vertaling in ernstige oorweging by geleentheid van hulle kongres in April 1916; die volgende maand bespreek die Vrystaatse Sinode die punt soos deur ds (wyle dr) N. J. van der Merwe voorgestel, en besluit ooreenkomstig om Afrikaans te erken as offisiële taal naas Nederlands en om die Bybel daarin te laat vertaal.

'n Kommissie word belas om in samewerking met die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die ander provinsies en met die Gereformeerde en Hervormde Kerke die geskikste manne vir die taak te vind. Binne 'n week hierop besluit die Sinode van die Verenigde Kerk van Transvaal met 51 stemme teen 31 ten gunste van Afrikaans as offisiële kerktaal en verwys die saak van die Bybeloorssetting na die Raad van die Gefedereerde Kerke.

Drie jaar later besluit die Sinode van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Natal eenparig dat, mits daardeur geen aanstoot gegee word aan gemeentede nie, Afrikaans as kerktaal kan gebesig word.

In dieselfde jaar (1919) kom ook die Kaapse Sinode met ongeveer dieselfde voorbehoud daartoe om met 199 teen 74 stemme Afrikaans naas Nederlands as offisiële taal van die kerk te aanvaar.

So het Afrikaans binne 'n paar jaar sy intrede in die Hollandse Kerke van Suid-Afrika gemaak met die goedkeuring van die oorgrote meerderheid in die verskillende provinsies soos verteenwoordig op die Sinodes.

Na die erkenning van die gesonde beginsel kom die toepassing. Die bekende Vrystaatse Sinodale besluit van 1916 het reeds gelei tot die samestelling van 'n vertaalkollege. Op 10 November 1919 het die Kaapse Sinode hom ook ten gunste van 'n Afrikaanse Bybelvertaling verklaar, en 'n kommissie benoem om „in oorleg met die Sinodes van die ander kerke die

saak grondig in hande te neem," soos die *Huisgenoot*-verslag lui.

In 1922 het *Die Vier Evangelieë en Die Psalme* as 'n proefuitgawe van die vertaalwerk uit die Statebybel verskyn; hiervan is 'n 70,000 eksemplare verkoop. Oor die algemeen was die ontvangs van die proefvertaling deur die publiek en die pers nie gunstig nie. Dit het duidelik geword dat so'n taak nie deur 'n menigte predikante onderneem kan word in hulle vry ure nie. Dit is 'n veeleisende taak wat alleen dān bevredigend verrig kan word as twee of meer persone hulle daartoe afsonder om al hulle aandag aan die oorssetting te wy. Ook is die besluit geneem om die Bybel uit die oorspronklike tale oor te sit.

Prof. J. D. Kestell en prof. J. D. du Toit (Totius) is daarop met die werk belas en hulle moes van vooraf begin. In 1929 is 'n tweede en nuwe proefvertaling van die *Vier Evangelies en die Psalme* op die mark gebring wat 'n gunstiger onthaal te beurt geval het. Die Afrikaanse volk het alle kragte saamgespan en 'n £5,000 bymekaar gebring om die onkoste aan hierdie onderneming verbonde te bestry en ook die uitgewers (die B.B.B.G.) skadeloos te stel. Die persone wat uiteindelik vir die vertaalwerk verantwoordelik was in samewerking met die vier taaladviseurs, die professore D. F. Malherbe, T. H. le Roux, S. P. E. Boshoff en J. J. Smith, is: prof. dr J. D. Kestell (Voorzitter); prof. dr J. D. du Toit, prof. dr E. E. van Rooyen en dr H. C. M. Fourie.

Tot die toepassing kan nog gereken word die proewe om die Gesange en Psalms in Afrikaans te berym, soos in die *36 Psalme in Afrikaans* deur Totius (1923), *Gesange in Afrikaans* deur Langenhoven, (1923), en *Proewe van oorssetting van die Gesange-bundel in Afrikaans* deur J. Celliers, P. Louw en G. B. A. Gerdener (1924). Ook ander kerkboeke, soos die *Kerkwette*, *Jaarboeke*, *Almanakke*, *tydskrifte* e.m. in diens van die kerk, verskyn nou in Afrikaans. Dit het Nederlands feitlik deurgaans vervang.

Hoe staan dit met die saak in die Volksraad, die hoogste wetgewende liggaam in die land? Met die toeneming van al hierdie bewyse van die volkswil lyk dit vanselfsprekend dat die vraagpunt of die term „Hollands" in die Grondwet Afrikaans

insluit, sal moet beantwoord word, aangesien ook verder die wettigheid van seker provinsiale handelwyses van so'n vertolking gaan afhang, hoewel dit vereers 'n mindere rede is.

Die advokaat van Afrikaans, adv. J. H. H. de Waal, het in 1918 'n voorstel ingedien, dat vir doeleindes van staatsadministrasie Afrikaans onder „Hollands” in artikel 137 van die Unie-Grondwet inbegrepe is. Maar op voorstel van die Minister van Justisie, adv. N. J. de Wet, word sonder verdeling besluit dat die term Afrikaans inbegryp „behalve in gevallen van Wetsontwerpen en Wetten van het Parlement en van officiële dokumenten van beide Huizen,” in watter gevalle net die vereenvoudigde vorm van Nederlands gebruik sal word.

Die betekenis van hierdie besluit van 1918 lê daarin, dat „die hele staatsdiens in al sy vertakkings vir Afrikaans oopgesit is” (Langenhoven). Maar in die voorbehoud van die bepaling skuil tog 'n teenspraak: Afrikaans word as skryftaal van gesagsweë erken, maar nie vir die Parlement self nie. 'n Einde word eers aan hierdie dualisme gebring toe twee Gekose Komitees van drie lede elk uit albei Huise (Senatore Langenhoven, Reitz (oud-president) en Schweizer en volksraadslede minister dr D. F. Malan, dr N. J. van der Merwe en Krige, na lange beraadslagings en na inwinning van getuienisse, 'n verslag voorgelê het wat vir albei Huise aanneemlik was en wat op een stem na ook eenparig bekragtig is.

Hierdeur word bepaal dat Afrikaans in die benaming „Hollands” in die bewuste artikel inbegrepe word en dat dit verder vanaf die eerste sitting in 1926 as skryftaal vir parlementêre doeleindes Nederlands moet vervang. Die regering onderneem verder om aan 'n goedgekeurde persoon of firma 'n staatstoelaag toe te ken vir die samestelling van 'n standaard-Afrikaanse Woordeboek.

Hiermee het Afrikaans dan eindelijk volle erkenning verworf, is hy van gesagsweë meerderjarig verklaar. Afrikaans is uiteindelik een van die twee erkende landstale van Suid-Afrika, vasgelê in die Grondwet in 'n spesiaal-beskermd artikel.

Watter persoon, wat die taaltoestande direk na die oorlog deurgemaak het, sou dit ooit kon droom dat die veragte volkstaal in weerwil van alles in minder as twintig jaar na die stigting van taalverenigings, nie net Nederlands sal ver-

dring het nie, maar vir hom 'n oninneembare stelling in die taalbeleid van Suid-Afrika sal verower het!

Hoe het dit tog moontlik geword? Om die waarde wat die volk aan sy eie taal gaan heg het — hoe arm dit ook al was, gestel teenoor Nederlands en Engels. Die volk het nie gevra na ryk maar vreemde tale nie — sy eie het hom dierbaar geword, en na die mate wat hy daarvoor moes veg, dit moes verdedig en beskerm, na die mate het hy dit meer bemin, en in die taal sy selfrespek herwin. Dit was uiteindelik 'n saak van eiewaarde en selfrespek.

Laat ons dit verduidelik met twee aanhalings uit Langenhoven.

In die joernaal van die Stellenbosse Uniedebatsvereniging skryf hy o.a. (11 Maart 1893): „There is a third competitor, namely *Africander Dutch* . . . The qualifications of *Africander Dutch* for the position of national language will depend . . . upon its intrinsic qualities and upon circumstances. Now would these justify the adoption of *Africander Dutch* as a national language? For intellectual training *Africander Dutch* offers no hope, for it has no literature, and a very poor vocabulary . In the writer's opinion, English is powerful enough in itself to fight its own battle and to gain its own victory.”

Is Langenhoven *volgens 'n uiterlike maatstaf* nie reg nie?—in 1893 dink hy aan Afrikaans soos beoefen deur die *Patriot-rigting*. In 1914, toe hy voor die Akademie vir Afrikaans ywer, is die feite, uiterlik gemeet, dieselfde Afrikaans nog arm, maar sy standpunt is verander, sy maatstaf is innerlik. Dit word ingegee deur 'n ander waardemeting — nie die van die onsimpatieke vreemdeling nie, maar van iemand wat hom in liefde vereenselwig het met die taal. Hy kon deur sy taal homself eers waaragtig vind, sy selfrespek eers wesentlik verkry.

Nou bely hy in die slotwoorde van *My Aandeel aan die Taalstryd* met alles-verowerende liefde en in volkome oorgawe: „Ek (kan) nie anders nie as om te voel dat dit my persoonlik allerminste sou pas om te praat van wat ek vir Afrikaans ge-

doen het. *Wat dit my pas is om te streef na die verskuldigde besej van wat Afrikaans vir my gedoen het. Hy het my geleer wat dit beteken om deur 'n oorweldigende hartstog beheers te word, om saligheid te win uit liefdediens, om die koninkryk van die hemele te vind in 'n lewensroeping op die aarde, om 'n belang voór oë te hou wat oneindig groter is as my niks-beduidende eiebelang. In ons wonderlike Afrikaans, gebore uit die nederige behoeftes en die ongekunstelde siel van die onbevoorregte plattelander, die boer en die bywoner, die veewagter en die dagloner, waarin jy alles kan sê, van die laagste tot die hoogste, van die vuilste tot die reinste, van die lelikste tot die skoonste, beter as in al die hoogontwikkelde tale van die wêreld het ek gevind my pêrel van groot waarde waarvoor dit 'n goedkoop prys sou gewees het as ek tot die betaling geroepe was om al my ander besittings af te staan.*" (My kursivering).

Hierdie wonderdadige liefde van baie het die onmoontlike laat geskied.

Belangrikste lektuur: E. C. Pienaar *Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging* (4e dr. 1931); C. J. Langenhoven: *My Aandeel aan die Taalstryd* (1932); G. S. Nienaber: *Honderd Jaar Hollands in Natal* (1933); P. J. Nienaber: *Die Geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling* (1934); G. Dekker: *Die Afrikaanse Psalmberyming* (1938).

HOOFSTUK X.

DIE TRIOMF VAN AFRIKAANS.

Van nou af moet die verworwe waardigheid behou en verhoog word, moet die wettig-erkende erfporisie in 'n meerdere mate aanvaar en diensbaar gemaak word ten bate van die volk wat sy kultuurgoedere werd is omdat dit verdien is. „Dis nou die stryd van die strenger toets van gebruik en volharding en toewyding” (Langenhoven): „Ons moet nie meer verower en beskerm nie, maar produseer” (dr D. F. Malan).

Die stelligste tekens in die rigting is die ruime ontplooiing van die Afrikaanse gedagte op politieke, kulturele en ekonomiese terreine. Daar kom iets van 'n waaragtige geloof in die toekoms en bestemming van ons volk, en op sekere gebiede word die Afrikaanse strewe aanvallend, dikwels nog gepaard met luidrugtigheid, maar tog ook minder negatief en meer opbouend, stiller-werkend van binne-af na buitentoe in die warme daad.

Die verkryging van dominiale status vir Suid-Afrika in 1926 word as 'n groot oorwinning van die Afrikaanse gedagte op politieke gebied beskou. Maar ons stel meer belang in ons kulturele prestasies, en keer terug daarnatoe.

In dié verband tree die handhawingslus onder die aandag soos vroeër, deur middel van die pers en vereniginge. Die pers met sy voorsiening van lektuur in tydskrif en boek, het 'n mag geword, en is na die boerdery (landbou en veeteelt,) een van die eerste domeine op handelsgebied wat deur Afrikaner-inisiatief beset is. Die belangrikste Afrikaanse uitgewersfirmas in die twintigerjare is Die Nasionale Pers Beperk, aanvanklik met vertakkinge in al die provinsies, J. H. de Bussy en Kie. en J. L. van Schaik, Beperk (sedert 1914). Teen 1930 is daar vier Afrikaanse dagblaaie.

Baie van die ou verenigings het ondergegaan, maar omstreeks 1930 is onder die ouer organisasies Ons Taal, die Aka-

demie, die Saamwerk-Unie en die Afrikaanse Studentebond nog baie bedrywig.

Aan die ander kant kom nuwe organisasies op om allerbelangrike werk te verrig. Dit is haas onmoontlik en seker onnodig om by almal stil te staan, maar op 'n paar van die wat die meeste gewig dra, moet die aandag kortliks gevestig word.

In teenstelling met die organisasies van voor 1925 sal dit opval dat die nuwe liggame die aksent op handhawing meer as op skepping laat val, op positiewe bekeringswerk. In die agtergrond van die strewe skuil die besef dat die Afrikaanse kultuur nog nie deur die daad, deur toepassing, die plek ingeneem het by die Afrikaner self, in die eerste plek, as waarop hy mag aanspraak maak nie.

Inderdaad is dit so. Die ou orde moet aangeval en omgeskep word—ou ordes is altyd taai. Die Engelssprekende medeburger is synersyds ook nie geneë om aan die Afrikaanse strewe sy regmatige plek toe te ken sonder uiterlike noodsaak nie. Soos dan ook blyk (vgl. ook Hoofstuk XI), sal hy *nooit* aan die Afrikanersaak reg laat geskied waar hy in die meerderheid is nie, bv. in die groot stede; veeleer sal hy roem op sy ontoegeeflikheid.

Die Handhawersbond.

In so'n stryd is 'n paar bewuste enkelinge indiwidueel swak, maar kollektief sterk. Dit alles was dryfvere tot die stigting van die Handhawersbond in Johannesburg in Julie 1929. Dit is 'n vereniging wat ingerig is op die kommando-stelsel, met sy generaals, kommandante, veldkornette, manskappe en bestuur deur 'n krygsraad. Die gebalde vuis het dit tot kenteken gekies.

Doelstelling was o.a. „om deur 'n streng georganiseerde optrede: (a) Die Hollands-Afrikaanssprekende Afrikaner op te wek tot sterker self- en volksbewussyn; (e) om suiwer Afrikaans orals en te alle tye tot sy reg te laat kom; (g) om op ekonomiese gebied te strewe na die heil van die Hollands-Afrikaanssprekende Afrikaner.”

So seer het die gedagte die Afrikaner aangegryp, dat die beweging in 'n kort tydjie deur die Rand en in agtien maande deur die hele Transvaal versprei het, en ook elders is komman-

demente gestig. Dit het orals verkry dat Afrikaanse rekenings, kwitansies, tjekboeke, ens. uitgereik is, dat korrespondensie met besighede in Afrikaans gevoer word, ouers aandrang op Afrikaansmediumskole en dat daar geywer word vir verteenwoordiging van die Afrikaanse gedagte op stads- en skoolrade, e.s.m. Die beweging was veral prakties-gerig en het daarom die verwyrt moes aanhoor dat dit aanvallend van karakter is.

Die F.A.K.

Ondertussen is daar ook 'n behoefte aan 'n groot liggaam gevoel om die verskillende kultuurorganisasies saam te bind en te lei vir eendragtige optrede.

Om hierdie doel te bewerkstellig het die Afrikaner-Broederbond (gestig in 1918 in Johannesburg), 'n organisasie op tou gesit om 'n uniale taalkonferensie te belê. Op 24 Augustus 1929 is 'n voorlopige vergadering vir Bloemfontein byeengeroep om dit te reël.

Die Uniale Taal- en Kultuurkonferensie is gevolglik op 18 en 19 Desember in Bloemfontein gehou waar dit deur ongeveer driehonderd afgevaardigdes van verskillende verenigings oor die hele land bygewoon is.

Uit hierdie kongres, toe „Jong Suid-Afrika gaan wapenskouing hou (het) van sy kultuurkragte,” is die *F*(ederasie van) *A*(frikaanse) *K*(ultuurverenigings) gebore, wat per slot van rekening die verwesenliking is van die ander hoofrigting wat aan die Suid-Afrikaanse Akademie voorgehou is, maar terwille van die ingeslane koers natuurlik nie gevolg is nie, netsoos eweneens die hoofgedagte van Jong Afrika (ds W. Postma) sy verwesenliking gaan vind het in die Saamwerk-Unie van Kultuurvereniginge (vroeër: die S.U. v. Natalse V.) So het die groot gedagtes van die baanbrekers op onverwagte maniere, maar in hoofsaak tog langs die aangeduide rigtings, in vervulling gegaan, en die verskillende bewegings sluit saam in eendragtige strewe om die Afrikaner tot selfvonds en dan tot selfverwerkliking te voer op die pad van sy volksbestemming. Die F.A.K. is ds Postma se opvatting gewees van die taak van die Akademie.

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, met sy kroonspreuk „Handhaaf en Bou,” het tot doel gehad „die be-

vordering van 'n nouer samewerking tussen alle Afrikaanse kultuur- en aanverwante vereniginge, waar hulle ook al aangeslotetref word, met die oog op :

- (a) gesamentlike, en waar nodig, gelyktydige optrede;
- (b) die beskerming en opbouing van 'n eie nasionale kultuur, gegrond op die godsdiens en tradisies van die Afrikaner; en
- (c) die behartiging van ander, daarmee in verband staande sake.

Op die eerste konferensie is 'n uitvoerende bestuur van vyf lede gekies met dr N. J. van der Merwe as voorsitter en I. M. Lombard as sekretaris. Hulle is gelas om deur die aangeslote verenigings vyf duisend pond (soos vir die Bybelvertaling) bymekaar te maak met die oog op die instelling van 'n vaste sekretariaat. Groot volksfeeste is toe op 31 Mei 1930 deur die hele land georganiseer en 'n beroep op die publiek om milde bydraes gedoen. Sedertdien het kultuurdagvierings 'n vaste instelling in ons land geword. Dit is die eerste groot daad van die F.A.K.

Tot 1936 was die hoofwerksaamhede van die F.A.K. veral kultureel van aard, maar van dié datum af is ook aandag aan die ekonomiese heropbou van die volk bestee. Ons moet kortliks die belangrikste Handhaaf-en-Bou-bedrywighede van die F.A.K. aanstip.

1. *Taalhandhawing.*

Dit was in die beginperiode die belangrikste taak van die F.A.K. Deur artikels in die pers, ronds krywe aan die aangeslote verenigings en deur regstreekse bemoeiings is geywer vir die verkryging van taalgeriewe in die alledaagse omgang, in die staatsdiens en op die gebied van nywerheid en handel. Daar word bv. verkry dat die twee groot banke op aanvraag Afrikaanse stortings- en ander bankvorms verstrek. Herhaaldelik is verhoë aan ministers en amptenare oor taalveronregting gerig, soms met bevredigende uitslag.

Om die taalverbastering uit onkunde meer as uit onwil te beoefen, te bestry, is 'n reeks goedkoop Engels-Afrikaanse woordelyste saamgestel, bv. oor moterterme, oor kruindeniersware, brugspel, en ander sportuitdrukkinge, en ook vaktale.

Die aanvraag vir die boekies is besonder hoog, 'n bewys dat in 'n werklike behoefte voorsien is.

Van die begin af is aangedring op 'n volkome tweetalige radiodienst, eers by die African Broadcasting Company, maar met weinig sukses en baie beloftes, en toe sedert 1936 by die staatsbeheerde Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (S.A.U.K.). Van laasgenoemde is aanvanklik verkry dat (a) die diens tweetalig moet wees, „aanvullend op 'n basis van absolute gelykheid en nie parallel nie,” en (b) dat alle aankondigings „om die beurt in beide landstale moet geskied.” Hierteen het die Engelse luisteraars, wat Afrikaans op generlei wyse wou duld nie, so luidrugtig en met soveel uiting van kleinlike haat en baas-spelerige eksklusiwiteit voor die dag gekom, dat die toeseggings teruggetrek is.

Sedertdien moedig die F.A.K. die stigting van lewendige Afrikaanse inluisteraarsverenigings aan. Adv. J. F. Marais is tans organiseerder van die F.A.K. se radio-afdeling.

Hierdie liggaam beywer hom van 1936 af daadkragtig vir 'n Afrikaanse Geneeskundige Fakulteit aan die Voortrekker-universiteit, Pretoria.

'n Kragtige middel om in dorpe en stede op te tree, was die saamsluiting van die plaaslike verenigings in 'n skakelkomitee. Veral die komitee van die Skiereiland het hom op allerlei gebied onderskei, maar ook elders word sulke nuttige werk verrig, dat die kongresverslag van die F.A.K. in 1939 o.a. kon getuig: „Die handhawing van Afrikaans in die openbare en beroepslewe word op die oomblik deur die geaffiliëerde verenigings en liggame spontaan en doeltreffend behartig. Dit is nie meer nodig om vanuit die Hoofkantoor voortdurend op die noodsaaklikheid daarvan te wys nie. Die grootste gedeelte van hierdie belangrike kultuurarbeid is veral deur die Skakelkomitees oorgeneem.”

2. *Hulde aan die Helde.*

Van die heel-begin af het die Federasie sy taak wyer opgevat as 'n blote taalsaak, en ook die Afrikaanse kuns en historiese besit beskerm. Vir hcm het taal, kuns en geskiedenis 'n onverbreekbare eenheid uitgemaak wat almal tere versorging verdien.

Pogings is in die werk gestel om boustowwe vir 'n geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog te versamel, en gedenkwaardige oudhede word in dié verband ook deur die Sentrale Historiese Buro bymekaar gemaak. Met heelwat sukses is die onderneming bekroon om die weggevoerde buit gedurende die Tweede Vryheidsoorlog terug te besorg aan die eienaars of te plaas in die Oorlogsmuseum op Bloemfontein.

Sy belangrikste werk in dié verband het die Federasie verrig deur die stigting van 'n Sentrale Volksmonumentekomitee onder voorsitterskap van adv. E. G. Jansen op 4 April 1931. Met die oog op die naderende eeufeesjaar van Dingaansdag is die aandag van die komitee toegespits op die daarstelling van 'n Voortrekkermonument wat ongeveer honderd-duisend pond sal kos. Ontslaglik baie werk is verrig, hoofsaaklik met die doel om geld in te samel, geskikte ontwerpe te kry, regeringsteun te erlang, die plek van oprigting te laat bepaal deur 'n interprovinsiale kommissie (6 Oktober 1936), en die feesreëlings op die dag van die hoeksteenlegging op Monumentkoppie naby Prëtoria, die aangewese plek.

Met die oog op al die werksaamhede het dit nodig geword om 'n voltydse sekretaris (J.J. Scheepers) aan te stel. Die geesdrif van die feesvierende skares, die grootste nog ooit in Suid-Afrika gesien, het verbasend hoog opgevlam. Dit het 'n mens laat dink aan die Vlaamse bedevaarte na die Yzertoring die derde Sondag in Augustus van elke jaar.

In die verband kan die huldigingsfeeste van die Federasie vir die Bybelvertalers Totius (21 Februarie 1937) en prof. J. D. Kestell (4 Oktober 1938) ook in herinnering gebring word.

3. *Afrikaanse Kuns.*

Naas taal en geskiedenis het ons kuns genoem. Ook op hierdie terrein is onvermoeid gearbei. So is daar in 1935 'n Uniale Kunswedstrydekomitee in die lewe geroep om die belanghebbende verenigings op alle maniere met voorligting van nut te wees.

In 1935 en 1936 is belangrike propagandawerk deur middel van Afrikaanse Boekweke oor die hele land verrig. Aan Afrikaners buite die Unie stuur die F.A.K. gereeld boeke en tydskrifte, en die vraag duur steeds voort.

Die belangrikste werk in dié verband is die pogings om 'n geskikte toonsetting vir *Die Stem van Suid-Afrika* deur die uitloving van 'n prys te verkry, en om, nadat van bevoegde sy die musiek van ds M. L. de Villiers as die beste verklaar is, *Die Stem* met hierdie toonsetting tot volkslied van ons land erken te kry.

By geleentheid van die opening van die Parlement in 1938 is *Die Stem* amptelik gespeel en geniet nog voortdurend die erkenning. Die eeufeesvierings het ook veel bygedra om die lied aan die hart van die Afrikanervolk te verdierbaar as sy enigste volkslied, wat hy so hoog skat dat hy weier om dit by bioskoopvertonings as slot-item te laat speel.

Deur die vervaardiging van Afrikaanse grammofoonplate van hoë kunsgehalte (F.A.K.-plate), deur die beywering vir die aanstelling van Afrikaanse musieksaminatore vir ons eie eksamens; en deur die opstelling van 'n Afrikaanse liederbundel (die *F.A.K.-Volksangbundel*, 1937) het die Federasie hom besondere verdienstes op die gebied van ons musiek- en sangkuns verwerf.

Ekonomiese Strewe van die Nasionale Kultuurraad.

Ons het hier by die kulturele werksaamhede in enger sin stilgestaan. Langsamerhand het daar 'n strewe gekom om die begrip „kultuur” te verruim. Op die kongres van 1934 is al gesê dat die liggame op alle terreine van die Afrikaanse lewe in een organisasie saamgetrek moet word. Die eerste trap in die rigting word in 1936 gedoen, die jaar wat dr P. J. Meyer as hulpsekretaris van die F.A.K. aangestel is (Februarie). In Junie 1937 het hy mnr Lombard as algemene sekretaris opgevolg.

In 1936 het die hoofbestuur van die Spoorbond tot die F.A.K. toegetree. Die stigting van 'n Afrikaanse personeelvereniging in die spoorwegbedryf is ongetwyfeld van besondere betekenis in ons kultuurgeskiedenis.

Alles het daartoe gelei dat op 1 en 2 Julie 1936 in Bloemfontein oorgegaan is tot die stigting van 'n baie breë organisasie, bekend as die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad, om liggame op alle lewensgebiede saam te snoer. Nou vorm die kultuurliggame in enger sin 'n onderdeel, en nie meer die hoofdeel

nie, net soos die F.A.K. self 'n onderdeel hiervan word. Die eerste reël van die huishoudelike reglement bepaal dan ook: „Die Nasionale Afrikaanse Kultuurraad vorm die Breë Bestuursliggaam van die F.A.K.”

As gevolg van die bewuswording van die volk se ekonomiese nood en kragtens hierdie breër grondslag, kon die vleuels wyer uitgeslaan word en verskillende ekonomies-gerigte onderkomitees in die lewe geroep word. Ons noem o.a.

(a) Die stigting van Afrikaanse arbeidsorganisasies op christelik-nasionale grondslag, met die oog waarop die Nasionale Raad van Trustees in die lewe geroep is. Dit het onmiddellik oorgegaan tot die stigting van die Afrikanerbond van Mynwerkers, tans die Hervormingsorganisasie.

(b) Die stigting van 'n Nasionale Instituut van Onderwys en Opvoeding op die volkskongres vir Christelik-nasionale opvoeding, in Bloemfontein gehou op 6 en 7 Julie 1939, en wat nou die ontwikkeling beoog van christelik-nasionale onderwys-inrigtinge.

(c) Die stigting van die Instituut vir Volkswelstand as uitvloeisel van die Ekonomiese Volkskongres, wat op 3, 4 en 5 Oktober in Bloemfontein gehou is. Dit hou hom veral besig met die verarmingsvraagstuk van ons volk (ontstaan en bestryding) en het 'n klomp onderafdelinge, bv. die Reddingsdaadfonds, die Reddingsdaadbond, die Federale Volksbelegging Bpk., ens. Dit beskik oor 'n eie, hoogstaande kwartaalblad *Volkswelstand*.

In hierdie verband noem ons nog *Die Afrikaner se Koopgids* (1940), 'n register waarin die naam en adres van alle moontlike Afrikaanse besighede verskyn. Dit is opgestel in samewerking met die Ekonomiese Instituut en is aan 100,000 uitgesogte Afrikaanse gesinne oor die lengte en breedte van die land gratis gestuur. „Die hele doel is . . . gerig daarop om besighede van Afrikaners vooruit te help” (Voorwoord). 'n Hoogstaande Afrikaanse handelsblad in verband met die Reddingsdaadpoging is die maandskrif *Volkshandel*, wat sedert Maart 1940 verskyn.

Op die gebied van ontspanning is daar die sake-onderneming Vobi (Volks-Bioskoop, Beperk) en die amateursonderneming Raro (Reddingsdaadbond-Amateurs-Rolprent-Organisa-

sie). Laasgenoemde is 'n uniale organisasie van Afrikaanse rolprent amateurs, wat uit die beperkte Volksrolprentbond-skema van 1939 voortgekom het en bestaan het uit die amateurs wat onder leiding van dr Hans Rompel 'n *Nasie Hou Koers* vir die Voortrekkerbeweging help vervaardig het.

So het uit die F.A.K. in die loop van iets oor die tien jaar 'n magtige, veelomvattende volksorganisasie tevoorskyn getree, te groot vir die kragte van een man. Met reg kan gesê word: „die F.A.K.-kantoor is die opvang- en uitstaaistasio vir die bevordering van alles wat die Afrikaner eie is.” Dit toon die triomf van die Afrikaanse gedagte aan, die *innerlike* wil om, getrou aan nasionale aard, die volk ekonomies soos reeds kultureel te *red deur eie bemoeiinge*. Hierdie reddingswil, die strewe na boontoe, is seker die verblydendste teken vir ons diep-gesonke volk, want ook op ekonomiese gebied wil hy sy selfrespek herwin.

Belangrike ekonomiese inrigtings het reeds vir hulle 'n vaste plek in ons volkslewe verower, soos daar te noem is die bankorganisasies Ons Eerste Volksbank (Pretoria, 1918). Die Afrikaanse Verbond Spaar- en Voorskotkas Beperk (Bloemfontein, 1918) Suid-Afrikaanse Spaarbank (Sasbank, hoofkantoor Bloemfontein, 1922) Volkskas (Koöperatief) Beperk (hoofkantoor Pretoria, 1934); Spoorbondkas (Koöperatief) Beperk (1936). In hulle word Afrikaans gebruik as hooftaal, alle boeke daarin gehou, en Afrikaners (personeel en klandisie) voel hulle hier tuis. Volle bankgeleenthede is egter nog nie aangebied nie, maar word deur Volkskas in die vooruitsig gestel.

Die Afrikaanse pers en uitgewery het in die dertigerjare hoë vlugte geneem; in 1940 is 153 nuwe Afrikaanse boeke en geskrifte in die lig gegee.

Afrikaanse assuransiewerk (Sanlam, Santam) geniet hoë aansien; op die gebied van wolmakelary het ons 'n sterk plek verower; Afrikaanse Verbond-Begrafnisonderneming, Beperk (1922, hoofkantoor in Bloemfontein) is 'n bloeiende inrigting, en in die jongste tyd kom suiwer sake-ondernemings soos Unie-winkels, Sonop, boere-handelshuise, koffiekamers, motorwinkels, fabrieke e.d.m. by die dag by. Vir hom wat *Die Afrikaner-Kooppids* deurblaai, wag daar 'n verrassing.

„Het daghet overal”, ook op ekonomiese terrein.

Net soos ons in 1929 die stigting van die twee belangrike bewegings, die Handhawersbond en die F.A.K., kon noem, kon ons ook in 1933 'n ryk jaar sien vir Afrikaanse organisasies met ander werkgebiede. Daaronder reken ons die Voortrekker-jeugbeweging en die Afrikaans-Nasionale Studentebond.

Die Voortrekkers:

Die behoefte om die vrye tyd van seuns, veral in stede, te organiseer, het hom vroeg voorgedoen. So het dr C. F. Visser reeds in 1913 'n jeugbeweging in Bloemfontein begin met mnr Rennekamp en mej. S. Postma as leiers van die seuns- en meisiespan onderskeidenlik. Ook elders was soortgelyke losstaande Afrikaanse jeuggroepe, bv. in Graaff-Reinet, Dealesville, Rouxville, Kopjes. In 1923 het hulle 'n kongres kon hou.

Die behoefte het met die toename van die trek na die stede ernstiger en dringender geword. Baie seuns en dogters van ons volk het by die Boys' Scouts en Girl Guides aangesluit, maar die oorgrote meerderheid kon hulle nie daarin tuis voel nie. Daar was twee struikelblokke: die gelofte, wat 'n eed van getrouheid aan die Britse koning en Britse vlag as 'n onvoorwaardelike vereiste stel, en die Engelse taal. Om aan laasgenemde beswaar tegemoet te kom, het die Scouts-beweging 'n mnr Havenga as kommissaris aangestel om Scout-spanne met Afrikaans as voertaal te organiseer. Die stap het prakties op 'n mislukking uitgeloop.

Dr S. F. N. Gie, toe sekretaris van die Unie-Onderwysdepartement, het in 1928 met die oog op die daarstelling van 'n Afrikaanse Jeugbond, die leiding geneem en 'n konferensie in Pretoria belê. Een uitkoms hiervan was die aanstelling van 'n kommissie van vyf om die saak te bestudeer en 'n rapport uit te bring.

Op ondubbelsinnige wyse het die verslag, in 1930 uitgebring, gewys dat 'n vertaalde Scouts-beweging nie die geleentheid vir die Afrikaanse kind bied om sy volksentiment vry en onbelemmerd tot uitdrukking te bring nie. Die gelofte moet deur iets vervang word wat nie strydig met sy volksgevoel is nie.

Hierop volg tussen 1930 en 1933 'n menigte onderhoude met die leiers van die Scouts-beweging, maar hulle was on-

toegeeflik. Op een van die onderhoude was sir Baden Powell self teenwoordig, en „sy trotse antwoord aan ons (was), dat sodra die vooroordeel van die Afrikaner teen die belofte van trou aan die koning en teen die Union Jack as ons vlag sal verdwyn wees, die Boys Scouts bereid sal wees om die Voortrekkers te help . . . Min het hy geweet dat wat hy vooroordeel genoem het, tog inderdaad nie vooroordeel is nie, dat dit daarenteen volksgevoel is, ja blywende en groeiende volksgevoel is, wat bestemd is om op die lange duur die volksgevoel by uitnemendheid van Suid-Afrika te word.” (Dr C. F. Visser in *Hou Koers*, Lente-uitgawe 1939).

Die kloof was dus onoorbrugbaar en in 1931 is 'n nuwe beweging vir die Afrikanerjeug, die Voortrekkers, gestig. In 1933 het dit sy eerste Uniale kongres onder voorsitterskap van die Hoofleier, dr N. J. van der Merwe, gehou en aan die werk gegaan.

Die Belofte van die Verkenners lui: „Op my eer beloop ek dat ek sal strew: (a) om getrou my plig teenoor God, my volk en my land te doen; (b) om te alle tye my medemens te dien; en (c) om die Voortrekkerswet na te leef.” Drie werkwoorde: *doen, dien, lewe!*

Op hierdie grondslag en met sy nasionale vorm het die beweging soos 'n lopende vuur deur die land gegaan. Sy groei is in baie opsigte ongekend. Dit het sy kommando's vandag op elke plekkie van enige betekenis in die Unie en Suid-wes; selfs buitekant ons landsgrense bestaan takke. Die ledetal beloop tans byna sestien duisend.

Die karakter- en nasionaal-vormende krag van hierdie nie-politieke Afrikaanse jeugbeweging is nie in eenhede te bepaal nie. Dit snoer die jongmense aaneen oor die lengte en breedte van die land in één groot kameraadskap; en handjies het in November en Desember 1938 van Kaapstad en Bloedrivier die fakkels, die sinnebeeld van die ligbrengende Boerebeskawing in donker Afrika, aan mekaar aangegee tot die fakkels verlig by Monumentkoppie aangekom en daar lig versprei het. So het hulle kameraadskaplik en dienend 'n baan van lig oor die kaart van hulle land getrek. Met hulle eie rolprent 'n *Nasie Hou Koers*, saamgestel deur dr Hans Rompel en 'n paar vrywillige helpers, hou hulle die herinnering aan 'n fase van geweldige nasionale oplewing by die volk groen.

Die Afrikaans-Nasionale Studentebond (A.N.S.)

Jare van rus en konsolidasie word skynbaar plotseling gevolg deur 'n tydperk van woeling en opbouing. Gedurende die jare wat die stigting van die A.N.S. voorafgegaan het, was daar stilte in die studentegeleedere aan die verskillende Universiteite. Die Afrikaanse Studentebond (A.S.B.) het geen lewenskrag meer openbaar nie daar sy besondere taak grootliks volbring was, terwyl die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (N.U.S.A.S.) 'n onafrikaanse koers ingeslaan het. Maar gedurende die maande Augustus en September 1933 het 'n ernstige geestesrigting begin gestalte vind en in 'n kenbare vorm die aandag van die studente van die Grey-Universiteitskollege geniet.

In Augustus 1933 het die meerderheid van die studente van die Grey-Universiteitskollege naamlik uitgetree uit N.U.S.A.S. vanweë die beweerde liberalistiese gees, die negrofilisme en selfs imperialisme wat in hierdie liggaam openbaar word. Die Potchefstroomse Universiteitskollege en die Universiteit van Pretoria het dadelik gevolg, sodat op 9 September verteenwoordigers van die drie Universiteite op Bloemfontein vergader het met die oog op die stigting van 'n nuwe studenteorganisasie: die Afrikaans-Nasionale Studentebond. In samewerking met die A.S.B. is in Maart 1934 'n groot studentekongres op Potchefstroom byeengeroep, verteenwoordigende alle inrigtings vir hoër onderwys vir blankes. Hier is die A.N.S. dan formeel gestig en het die A.S.B. in hom opgegaan.

In sy grondwet bepaal die A.N.S. sy grondslag as volg: „Die Bond berus op Protestants-Christelike en kultureel-nasionale grondslag en erken die leiding van God op die gebied van die kultuur soos op elke gebied van die lewe, ooreenkomstig die Afrikaanse volkstradisies soos in die geskiedenis beliggaam.

Op hierdie grondslag stel die Bond hom die volgende ten doel:

(a) Om die studente van Suid-Afrika wat die in art. 2 genoemde lewens- en wêreldbeskouing toegedaan is, te verenig en te verteenwoordig.

(b) Om in Suid-Afrika 'n studentegees te skep en in stand te hou wat 'n eie nasionale stempel en karakter dra.

(c) Om by sy lede aan te kweek en te bevorder 'n gevoel van nasionale saamhorigheid en hulle aan te wakker tot nasieliefde en nasiediens.

(d) Om geleenthede te skep waardeur die individuele student sy volle persoonlikheid kan ontwikkel as lid van 'n nasiegeheel en waardeur hy die groot vraagstukke van Suid-Afrika vanuit 'n nasionale gesigspunt kan bestudeer.

(e) Om vorme van kontak te skep tussen die studente van Suid-Afrika onderling en tussen Suid-Afrikaanse en oorseese studente, in 'n eg nasionale gees wat sal bydra tot die aankweking van 'n suiwere vaderlandsliefde: liefde vir, belangstelling in en kennis van ons land en ons nasie."

Om hierdie doelstellings te verwesenlik, het die Bond sy werk in verskillende hoofdepartemente verdeel, en die departemente weer in buro's.

Onder leiding van die amptelike verteenwoordiger van die Dietsch Studenten Verbond (D.S.V.) op die hoofbestuur en van die amptelike verteenwoordiger van die A.N.S. in Europa, dra die Buro vir Buitelandse Sake sorg dat daar die nouste kontak en samewerking bestaan tussen die A.N.S. en die verskillende Nasionale Studentebonde in Europa. So bestaan daar baie vriendskaplike verhoudings met die D.S.V. en die Deutsche Studentenschaft.

Die Buro vir Buitelandse Studiereise dra sorg dat daar elke jaar 'n geselskap A.N.S.-studente na Europa gaan vir 'n studietoer van ongeveer drie maande. Verder word daar elke twee jaar 'n geselskap vanuit die buiteland hier ontvang. Hierdie toere het nog altyd 'n groot sukses geblyk.

Die doel van hierdie Dietse Studiereise is om aan die nasionaal-voelende studente in die Nederlande, Duitsland en Suid-Afrika die geleentheid te bied om land en volk aan beide kante van die oseaan te leer ken op 'n ernstige en so deeglik moontlike manier. Dientengevolge word by hierdie reise nie meer aandag bestee as wat nodig is aan „sight-seeing," offisiële ontvangste, ens. nie, en word veral gesorg dat die student die eintlike, daelike volkslewe leer ken. Deur die hou van voordragte vir en deur die deelnemende studente, deur besprekings en deur die verblyf by families word die kulturele uitwisseling soveel moontlik bevorder.

Daar is ook 'n buro vir binnelandse reise wat reeds 'n reeks geslaagde toere georganiseer het.

Die Buro vir Sosiale Werk ondersoek en bestudeer die sosiale probleme van ons land, en stel lede in staat om praktiese ondervinding op te doen deur besoeke te reël na nedersettings, delwerye, agterbuurtes van groot stede, ens. En in samewerking met hierdie buro is daar 'n buro vir werkverskaffing, wat reëlings tref dat studente gedurende vakansietye saam met Afrikaners op die pad werk en ook op plase, om sodoende hulle weer die eenheid met die werkende deel van ons volk te laat voel. Die aanvraag vir studente op die plase is gewoonlik groot en dit is een van die buro's wat die meeste uitvoer.

Nog 'n populêre buro is die vir Dingaansfeessprekers, wat sorg dat studente hiervoor geoefen word, en dit dien as skakel tussen Dingaansfeeskomitees en gewillige en bekwame studentesprekers. Die aanvraag vir sprekers is gewoonlik so groot dat al die komitees nie voorsien kan word nie.

Tot leuse het die A.N.S. geneem: *Nasieliefde en Nasiediens*, en tot vlag: die Vierkleur. Met hierdie keuse het die A.N.S. „opnuut aan die wêreld bewys dat die ideale en beginsels wat beliggaam was in die onvergeetlike gestalte van 'n Kruger, nie vergaan en versterf is nie, maar nog leef en bly voortleef in die harte van duisende jong Afrikaners. En daardeur het ons Bond onskatbare diens aan ons nasie betoon deur wat eenmaal was en verbygegaan het, weer te laat herleef as stootkrag en stukrag in die hede en as ideaal vir die toekoms” (*Wapenskou*, Aug. 1935).

Wapenskou is die amptelike orgaan van die A.N.S. en sedert 1934 het dit as maandblad verskyn. Nog nooit was die Afrikaanse studentedom in so'n geleentheid gestel om met mekaar in voeling te kom en so één te wees soos dit deur *Wapenskou* moontlik geword het nie. In *Wapenskou* word die Afrikaanse studente se bedrywighede, sy sienswyses, sy groepsbelangstelling, sy soeke en vinde, sy stryd op alle terreine van die lewe, weergegee. In *Wapenskou* voel 'n mens die kloppinge van die hart van die Afrikaner-studentedom. Daar het ook verskillende wetenskaplike artikels van belangstellende dosente in hierdie koerant verskyn.

Die gemiddelde getal intekenare is 2000, want die blad word nie net deur studente gelees nie. In 1939 is die publikasie tydelik gestaak as gevolg van die likwidasie van die pers waar dit gedruk en geadministreer is. Voortaan sal *Wapenskou* in 'n nuwe vorm, as tydskrif, driemaal per jaar verskyn.

In hierdie verband moet ook genoem word die publikasie van *De Oude Emigrant* tydens die Eeufevesviering op Pretoria. Vier nommers het verskyn. Ander publikasies van die A.N.S. is *Hedendaagse Staatkundige Strominge*, bevattende die referate wat gelewer is tydens die 1937-kongres; drie brosjures in die „Voorlaaier-Reeks”, en die *Vryheidsmanifes*. Ook het die A.N.S. morele en daadwerklike steun verleen aan die publikasie en verspreiding van die werk van dr C. J. S. Strydom: *Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog*.

Die rol wat die A.N.S. gespeel het in die opwekking van die volksgewete om 10 Oktober as Krugerdag te vier, kan werklik nie oorskat word nie. Op elke kongres is die saak geopper en het die geesdrif lewendiger opgevlam. 'n Groot deel van die eer vir die geesdriftige viering van Krugerdag in 1939 en 1940 kom die A.N.S. toe. Die feit dat inrigtings soos die Universiteit van Stellenbosch, U.K.O.V.S en P.U.K. 10 Oktober as 'n amptelike feesdag beskou, is die vrug op die werk van die A.N.S.

Sedert die stigting van die A.N.S. het die Bond nie alleen sy ledetal vergroot en sy invloedssfeer uitgebrei nie, maar dit het beslis die hele studentelewe, waar daar takke van die Bond bestaan het, deursuur, en die Christelik-nasionale ideaal verdiep.

Hoewel *kultureel-nasionaal*, of miskien juis daarom, het die A.N.S. langamerhand begin afstuur op 'n kultureel-staatkundige beleid, en is hierdie beleid toegespits op 'n Nasionaal-Republikeinse Staat in Suid-Afrika. Hierdie rigting is reeds benader met die besprekings op die 1937-kongres te Potchefstroom oor „Hedendaagse Staatkundige Strominge.” Die 1939-kongres het 'n noukeuriger studie gemaak van die verskillende bestaande staatsvorme en tot die gevolgtrekking gekom dat die enigste staatsvorm in Suid-Afrika die Republikeinse moet wees, en het as bevestiging hiervan 'n simboliese voorstelling van die gewese Boererepublieke gegee.

Onomwonde is die strewe egter uitgespreek op die sewende kongres (2 Julie 1940) te Bloemfontein deur die publikasie van die *Vryheidsmanifes*.

Samevatting.

Verenigings vir verskeie ander algemene en belangegroepes op kulturele gebied is in die jongste tyd in die lewe geroep. Dit is ondoenlik om in hierdie bestek aan almal reg te laat geskied. Van die Ossewa-Brandwag is ons ook nie in staat om nou al 'n oorsig te gee nie. Geen presedent kan ons geskiedenis egter van 'n kultuurbeweging, wat in so'n kort tydspanne honderd-duisende volksgenote onder sy banier verenig het nie.

Kyk ons terug, dan is dit verblydend om te merk hoe die volkswil vir hom onkeerbaar ge-uit het in die toe-eiening en uitbouing van sy geestesgoedere. Die Afrikaners vorm vandag onteenseglik 'n nasie-eenheid. Dat die opvoedingstelsel met sy toepassing van moedertaal-medium een van die vernaamste middels is om die Afrikaners 'n besef van eiewaarde te gee, is onweerspreeklik waar. Daarom val die toename aan Afrikaans-mediumskole in die jongste tyd ook soseer op, en daarom kan aangeneem word dat daar geen rus sal wees voordat 'n Afrikaanse geneeskundige en werktuigkundige fakulteit aan ons hoërskole ingestel is nie.

Hierdie eiewaarde-besef en selfverwesentlikingsverlange het in ons kultuurstrewe 'n omvang en 'n lewenstempo gebring, wat ons byna in 'n ry met ander moderne kultuurvolke stel. Op sy beste lewe die wil en neem dit gestalte aan, nie by die verarmde klasse en daglonergroepe nie (hulle is omkoopbaar met geld), ook nie by die boonste volkslae nie (wat eerder aansluiting by die Engelse kultuur soek, hulle is omkoopbaar met eer en glans), maar by die middelstand. Dit is 'n vasstelling wat ons een swak punt in die daglig stel.

Lees ons terugskouend die tekens in verband met die jongste F.A.K.-strewe reg, dan sal die wil tot ekonomiese selfstandigwording hom altyd sterker laat geld. Ekonomiese selfstandigheid sal 'n onberekenwaarde groot steun aan die kultuurstryd verleen. Soos dit is, merk ons op dat Afrikaanse sake-ondernemings in Afrikaanse koerante en tydskrifte ad-

verteer, terwyl ander kapitaal-inrigtings dikwels vyandig of onverskillig staan. So dien die kulturaspekte mekaar wederkerig.

Lees ons die voortekens korrek, wat deur uitsluiting van seker prinsipes die Voortrekkerbeweging groot gemaak het en wat in die A.N.S. en Ossewa-Brandwag blykbaar meer positief tot uiting kom, dan lyk dit asof ook op staatkundig-kulturele terrein die wil tot selfstandigheid al kragtiger deurwerk. Bloot filosofies gesien, en sonder om enige rekening met praktiese politiek te hou, is dit, soos trouens ook in die Vlaamse Beweging blyk, nie onwesentlik nie dat die proses van selfverwerkliking sal strewe na sy volledigste ontplooiing, na 'n eie staatkundige entiteit. Dit sal in so'n geval geskied — weer bloot filosofies beoordeel, as 'n feit, nie as 'n wens nie — terwille van nasionale verwesenliking en nie van die heerssug nie.

So skry die Afrikaanse Beweging steeds voort van die een volksgroep, volkslaag en nasionale belang na die ander, getrou aan 'n innerlike drang om te lewe in sy eie vorm. Dat hy alreeds op velerlei gebied sy lewensvorm gevind het, dit is middelerwyl die

TRIOMF VAN AFRIKAANS.

HOOFSTUK XI.

AFRIKAANS BUIITE SUID-AFRIKA.

Vanaf 1657 toe die eerste Vryburgers grond in die Kaapse Skiereiland gekry het, is die Afrikaners op trek na die Noorde. Die grootste volksverhuising het wel vanaf 1833 en die volgende paar jaar plaasgevind, toe nie minder as 10,000 Afrikaners die Kaapkolonie verlaat en die twee republieke oorkant die Oranje- en Vaalrivier gestig het.

Angola.

Gedurende die laaste kwart van die vorige eeu (vanaf 1875) het georganiseerde groepe Afrikaners verder die Noorde ingetrek uit Transvaal. Hulle het bekend gestaan as die Dorslandtrekkers. Die vernaamste oorsake was die ontevredenheid met die liberale president Burgers, die ingebore trekgees, en miskien die vrees dat Engeland Transvaal sal annekseer. Hulle bestemming was Portugees-Wes-Afrika.

Hierdie trekke het met groot gevare gepaard gegaan — hulle moes deur die woestyn of „dorsland,” hulle is oorval deur koorssiekte en vyande, sodat uiteindelik slegs 'n klein gedeelte van die Dorslandtrekkers in die provinsie Angola aangeland het. Nadat die trek beëindig was, was daar ongeveer 350 persone in Angola.

Die Dorslandtrekkers het hulle taal en tradisies gehandhaaf temidde van die Portugese en Kaffers. Die huwelike van Boeremeisies met Portugese het tot die grootste uitsonderings behoort, terwyl omtrent geen Boerseun met 'n Portugese meisie getroud is nie.

In 1919 het mnr H. Graphorn getuig: „Ek glo dat daar meer Portugese is wat Hollands (d.w.s. Afrikaans) kan praat as Boere wat Portugees kan praat. In baie winkels in die binnelande staan die Portugese hulle klante in Afrikaans te woord,

en duisende en duisende Kaffers ken Afrikaans. Baie Kaffers se huistaal is Afrikaans.”*)

Na die stigting van Humpata het die Angola-Boere nog Chibia, Soutwater en Kee aangelê. Maar in 1928 het die Unie-Regering teen 'n koste van £500,000 die Angola-Boere teruggebring en hulle in Suid-Wes neergelaat. 'n Klompie het in Angola gebly en 'n paar het na Transvaal getrek. Hierdie verhuising was 'n uitredding vir die kinders, want in Angola het hulle weinig onderwysgeriewe gehad en op die duur sou hulle tog nie bestand gewees het teen die vreemde invloede nie.

In die jaarverslag vir 1937 oor Suidwes-Afrika word melding gemaak van die hulp wat deur die Administrasie aan die Angola-boere verleen is. Hulle is op onopgemete kroongrond geplaas. Sommige dele van die grond het ongesond vir vee geblyk, sodat die boere na ander plase verwyder moes word.

In Angola was hulle gewoon aan 'n sorgelose nomade-lewe en daarom het dit lank geduur voordat hulle weer aan 'n gereelde lewe gewoon kon raak. By 'n paar van hulle was die lus om rond te swerf egter te sterk; sommige het na Angola teruggekeer en ander na die Unie weggetrek. Vir ander weer was die lewe op 'n plaas te eentonig en hulle het hulle hoewes verlaat om werk te soek of handel te drywe. Dit kan egter nie gesê word dat hulle die Administrasie tot las geword het nie, want die meeste van hulle het werk gevind en verdien hulle brood. Die groot meerderheid het hulle gevestig en gee blyk dat hulle goeie landsburgers sal word.

As klas is hulle eerlik en ordeliewend en gewenste burgers. Hulle is begerig om hul kinders te laat opvoed en die kinders blyk intelligent en leergierig te wees. Verskeie van hierdie kinders is reeds in die diens van die Administrasie as klerklike assistente. Oor nog 'n paar normale jare sal die Angola-nedersetters goed opweg wees om onafhanklik te word en in staat om in hulle eie behoeftes te voorsien.

Suidwes-Afrika.

Die eerste Europese taal om in Suidwes-Afrika gepraat te word was Hollands, in die vorm van Afrikaans. Dit is inge-

*) Aangehaal deur A. J. van der Walt in *Noordwaarts! 'n Verhaal uit die Dorsland-Trek*, bl. 202, 1921(?)

voer deur stamme van Orlams-Hottentotte wat aan die begin van die 19de eeu onder leiding van Jager Afrikaner uit die Kaapkolonie in die gebied ten noorde van die Grootrivier ingetrek het, en omstreeks die middel van die eeu is Afrikaans gepraat, of in alle geval verstaan, deur nagenoeg al die Hottentotstamme suid van Windhoek.

Toe die Duitsers in 1884 Suidwes-Afrika geannekseer het, was daar reeds 'n aantal Afrikaanssprekende blankes in die land, hoofsaaklik transportryers, jagters en trekboere in die suide, en 'n gevestigde Boerekolonie op Grootfontein in die noorde, waar 'n gedeelte van die Dorslandtrekkers die „Republiek Uptingtonia” gestig het.

Gestadig het daar meer Afrikaners na Suidwes gegaan, en veral na die Wêreldoorlog toe die gebied onder Uniale bewind gekom het. Die Afrikaanssprekende element is in 1928 aansienlik versterk deur die Angola-boere. Die Afrikaanssprekende bevolking in Suidwes tel vandag iets oor die 15,000 siele! Die offisiële tale in hierdie gebied is Afrikaans en Engels, terwyl Duits natuurlik deur die Duitsers gepraat word.

Waar twee verwante tale soos Afrikaans en Duits nou al vir meer as vyftig jaar met mekaar in aanraking is, is dit begryplik dat daar wedersyds talryke ontlenings plaasgevind het. So het die Duitsers in Suidwes woorde soos *kraal*, *vlei*, *Kamelbaum*, *rivier*, *pad*, uit Afrikaans oorgeneem. Op sy beurt het Afrikaans weer aan Duits woorde ontleen soos *slim* in die sin van „sleg” na analogie van Duits *schlimm*, *voorslaan* (=voorstel) na analogie van *vorschlagen*, *aandrag* (=mosie) na analogie van *Antrag*, ens.

E. A. Schlengemann aan wie se artikel (*Taalmenging tussen Duits en Afrikaans in S.W.-Afrika*) in die *Huisgenoot* (4 April 1930) ek hierdie besonderhede ontleen het, maak die veronderstelling dat Afrikaans hom meer laat beïnvloed het as Duits, want die eerste Afrikaanse intrekkers in Suidwes was oor die algemeen van 'n eenvoudige klas en het minder aanraking met hulle oorspronklike taalgebied in die vorm van leesstof, ens., gehad as die Duitse koloniste. Hierdie vinnige vermengingsproses sal wel gestuit word vandag deurdat Afrikaans een van die offisiële tale van Suidwes-Afrika is, die taal van die regering en ook van die skole.

Rhodesië.

Dit is nog nie eens vyftig jaar gelede dat sowel Suid- as Noord-Rhodesië deur blankes bevolk is nie. Reeds in die 16de eeu het die Portugese hulle aan die ooskus van Afrika gevestig, maar ver in die binneland het hulle nie gedring nie. Dit sou aan die Afrikaners oorgelaat word om die gebied in te gaan en te ontdek wat daar alles te vinde is. In 1868 het pres. Pretorius van Transvaal 'n proklamasie uitgevaardig waarin hy die noordelike grens van die Republiek vasgestel het as 'n lyn van die Limpoporivier tot aan die Ngamimeer. Dit sou dus 'n groot deel van die huidige Suid-Rhodesië onder die gesag van die Transvaalse regering gebring het.

Die Engelse het hierteen egter protes aangeteken en Pretorius moes sy noordelike en westelike grense weer heeltemal verander.

In 1884 het Rhodes al begin droom van 'n magtige Britse koloniale ryk in Sentraal-Afrika en hy wou teen elke prys die weg daarheen oophou. Grotendeels deur sy bemoeïing is die Britse gesag oor Betsjoeanaland uitgebrei en daarmee het die Britse opmars na Midde-Afrika begin.

In 1891 het 'n klompie Transvaalse burgers onder leiding van 'n sekere Adendorff voorbereidings getref om oor die Limpopo te trek en hulle in Mashonaland te gaan vestig. Ofskoon die Transvaalse regering geen medewerking aan die plan verleen het nie, het die Engelse regering dadelik 'n ultimatum aan Transvaal gestuur met die eis om die mense te belet om oor die rivier te gaan. 'n Groot krisis het gedreig en J. H. Hofmeyr is self uit die Kaap gestuur om Transvaal tot toegewing te beweeg. Eindelik het die Transvaalse regering die trek afgelas.

Nou het Rhodes en sy handlangers die geleentheid gehad om die gebied in te neem, en die Chartered Company het met Loebengoela 'n konsessie gesluit waardeur aan die maatskappy die reg verleen is om in Mashonaland goud te gaan delf. Daar het egter 'n oorlog ontstaan met die Matabeles en hulle is onderwerp. Loebengoela moes sy hoofstad Boelawayo verlaat, en is kort daarna oorlede. Dit was in 1893.

Dadelik het die Engelse stede soos Salisbury en Boelawajo aangê. Langsamerhand het koloniste hulle daar kom vestig. Ook Afrikaners het hulle in klein getalle daar neergelaat. In

1922 is aan die gebied verantwoordelik bestuur toegeken en vandag bestuur die kolonie homself.

Suid-Rhodesië.

Vandag word die blanke bevolking van Suid-Rhodesië op sowat 50,000 geskat, waarvan ongeveer 14,500 Afrikaanssprekendes is, d.w.s. byna 'n derde. Maar wat is die posisie van Afrikaans in hierdie kolonie?

Die enigste amptelike taal is Engels, hoewel ook voorsiening gemaak word vir tolke in Bantoetale in die howe. Selfs die handelaars erken geen Afrikaans nie. Die verengelsingsproses gaan vinnig. 'n Groot persentasie van die Afrikaners wat in die Unie maar gebrekkig Engels kon praat, gebruik na 'n vyf of tien jaar in Rhodesië Engels as huistaal. Hulle redeneer met hulself: die enigste offisiële taal van die land is Engels, waarom sal ek nie maar 'n Engelsman word nie; die besighede gee nie werk aan persone wat nie goed Engels kan praat nie, daarom moet ek my Engels beoefen; op Afrikaanssprekendes word neergesien, daarom moet ek so gou moontlik Engelssprekend word; terwille van my kinders wat nou Rhodesiërs is, en op skool met 'n Engelse onderwyseres moet begin, moet ek Engels in huis praat.

Daar is 'n groot aantal ouers wat nog met mekaar Afrikaans praat, maar sodra hulle met die kinders praat, slaan hulle oor na Engels. Die vrees is dat hul kinders geen kennis van Engels sal hê wanneer hulle skool-toe moet gaan nie, en dus 'n jaar of twee sal verloor.*)

In wetgewende liggame is Afrikaners feitlik gladnie verteenwoordig nie. Predikante is al noodgedwonge om Afrikaansse jongliede in Engels aan te neem en in Engels te trou, anders verstaan hulle nie. In die geval van huwelike tussen Engelse en Afrikaners, is die huistaal gewoonlik Engels.

Daar is geen Afrikaansmedium-skool in Rhodesië nie, hoewel in ses-en-twintig primêre skole in Suid-Rhodesië, wat byna 1,500 kinders bevat, 61 persent van die kinders Afrikaanssprekend is. Daarenteen is die persentasie Afrikaanssprekende onderwysers in hierdie skole slegs 23. Dit spreek dus vanself

*) Sien *Die Vaderland*, 11 Julie 1938.

dat die terugslag op opvoedkundige en geestelike gebied wat so'n kind moet ondervind, groot is.

Afrikaans as vak word in die laerskole nie toegelaat voor st. IV nië. Dit word toegelaat indien die meerderheid ouers skriftelik aansoek doen by wyse van 'n versoekskrif en mits daar leerkragte in die skool is wat dit kan doen. Behoorlike inspeksie van Afrikaans vind nie plaas nie.

In Bulawajo is daar 'n Afrikaanse skooltjie, maar hy ontvang geen steun van die staat nie. 'n Ware ligstraal is die Kerk-inrigting te Daisyfield. Hier het die Kerk 'n weeshuis asook 'n groot koshuis vir Afrikaanssprekende kinders. Die skoolpersoneel bestaan almal uit Afrikaanssprekendes met 'n groot liefde vir hulle volk en taal. Hulle mag wel nie deur medium van Afrikaans onderwys gee nie, maar word toegelaat om Afrikaans ter verduideliking te gebruik.

Dit lyk dus of wat in die dae van lord Charles Somerset in die Kaapkolonie gebeur het, nou weer in Rhodesië plaasvind. So het mnr Jan Kirstein op 13 Februarie 1937 op 'n vergadering van die Afrikaanse Kultuurvereniging in Bulawajo verklaar, dat hy weet van 'n skool in die mees Afrikaanssprekende distrik van Rhodesië, Melsetter, waar die kinders in die skool nie toegelaat word om die moedertaal in die koshuis te besig nie, ook nie om hul briewe na die huis in die moedertaal te skrywe nie.

Is die hele beleid van die Rhodesiese regering en die Rhodesiese onderwysdepartement daarop gemik om die Afrikaners in hierdie land te dwing om Engelse burgers en burgeresse te word?

Daar is egter ook remmende faktore, waarvan die belangrikste ongetwyfeld die Kerk en die kultuurverenigings is. Die kerk was tot dusver die hoofband om die Afrikaners bymekaar te hou en om 'n algehele verlies van nasieskap te voorkom. Goeie werk word ook gedoen in die belang van die Afrikaanse taal en kultuur deur verenigings soos die Rhodesiese Christelike Vrouevereniging, die Voortrekkerbeweging, die Afrikaanse Hulp- en Vriendskapsbond. Laasgenoemde Bond het vier groot ideale: om vriendskap en saamhorigheid onder alle Afrikaanssprekende Protestantse seuns aan te kweek, om tradisie, taal en volksideale te handhaaf; en godsdiens aan te

moedig deur seuns te beweeg om hulle eie Afrikaanse kerke te ondersteun; en om liefdadigheidswerk te verrig. Die Rhodesiese Christelike Vrouevereniging het dit ook as een van sy ver naamste take gestel om die belange van Afrikaans te behartig en agting daarvoor by ons volksgenote aan te kweek. Die belangrike werk van die Afrikaner-kultuurunie van Rhodesië moet ook nie vergeet word nie, net soos die van die Rhodesiese Kultuurbond.

Die Oranje-Vrouesendingbond en die Kommissie van Volkswelsyn van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Vrystaat het vier voltydse Christelik-maatskaplike werksters in diens om te help in die stryd vir die behoud van die Afrikanerdom in Rhodesië. Die Kommissie vir Volkswelsyn is ook verantwoordelik vir die stelsel waarvolgens kinders uit Rhodesië uitgeplaas word in Vrystaatse skole vir hul opvoeding. Op hierdie manier word hulle in suiwer Afrikaanse atmosfeer geplaas en word die fondament gelê waardeur die kinders kan opgroei tot kerngesonde Afrikaners.

Wat die Afrikaners in Rhodesië broodnodig het, is 'n Afrikaanse nuusblad wat algemeen deur hulle gelees sal word, wat die Afrikaners van daardie gebiede sal saamsnoer, wat hulle op kulturele gebied sal opbou, op ekonomiese gebied sal voorlig, hul onderwysbelange sal behartig en hul politieke gevoelens kan vertolk.

Ons wil graag nog daarop wys dat die taalstryd in Rhodesië al betreklik oud is. In 1912 en 1913 is dit veral *De Vriend des Volks* van die Vrystaat wat vir die Afrikaners en hulle taal in Rhodesië in die bres getree het. Veel vordering is daar egter nog nie gemaak sinds 1912 nie. Die Rhodesiese regering het al baie beloftes gedoen, maar van beloftes alleen kan 'n mens nie lewe nie.

Noord-Rhodesië.

In Noord-Rhodesië, waar ongeveer 'n 3,500 Afrikaners is, is dit miskien nog slegter gesteld met die Afrikaanssprekendes as in Suid-Rhodesië. Hulle vorm ongeveer 'n kwart van die blanke bevolking, terwyl nagenoeg dertig persent van die skoolgaande kinders Afrikaanssprekend is. Die meeste Afrikaners bly in en rondom Loesaka op plase, en 'n groot aantal

is saamgetrek op die kopermyne wat aan die Belgiese Kongo grens.

Dit was 'n lang en moeilike stryd om Afrikaans op die skool erken te kry. Herhaaldelik is aansoek gedoen, selfs deur Engelse, dat Afrikaans in plaas van Frans in die skole gedoseer moet word en wel op grond dat baie van die kinders later na die Unie kom en hulle dan hier nie kan behelp nie, dat uit praktiese oorwegings Afrikaans ook in die Kongo kan gebruik word waar Vlaams naas Frans die amptelike taal is, en derdens dat moedertaalonderwys aan naturelle toegestaan word.

In November 1937 het die Noord-Rhodesiese regering op voorstel van mev. C. Olds uitbreiding van die fasiliteite vir die onderwys van Afrikaans as keusevak in staatskole toegelaat. Dit was die gevolg van die druk wat deur die Nederduits-Gereformeerde Kerk en indiwiuduele Afrikaners op die regering uitgeoefen is. Dit is opmerklik dat die regering hierdie fasiliteite verskaf het na uit Loesaka vir die eerste maal kinders na skole in die Suide gegaan het.

Afrikaans word dan vanaf 1938 as keusevak naas Frans en Latyn in st. VI en VII in sommige skole in Noord-Rhodesië toegelaat. Dit raak natuurlik net die skole waar daar 'n groot persentasie Afrikaanssprekende kinders is, en waar daar Afrikaanssprekende onderwysers is of verkry kan word. Die voertaal bly nog Engels.

Die posisie van die Afrikaanssprekende kind is egter nie baie verander deur hierdie vergunning nie. Meeste van die Afrikaanssprekende kinders is op buiteskole, waar net tot st. V geleer word. Hulle gaan ook meestal uit die skool na st. V Die opvoedingstelsel in die land bly origens deur en deur Engels en het die neiging om die Afrikaanssprekende kind te verengels.

Dat 'n aantal van die Afrikaners in Noord-Rhodesië aan die verengels is, kan nie ontken word nie. Hulle is gelukkig nog in die minderheid. Ook hier doen die Kerk kostelike werk vir die behoud van die Afrikaanse taal en kultuur, net soos die Jongeliede- en kultuurverenigings. Daar is ook 'n uitstekende Afrikaanse biblioteek op Loesaka, waarin die meeste van die Afrikaanse boeke gevind kan word.

Sal die Afrikaner, as Afrikaner, op die lange duur bly voortbestaan in Rhodesië? Baie hang af van die liefde en belangstelling waarmee sy volksgenote in die Unie hom bejeën. Vergeet hom in hierdie verafgeleë land, wat omring is van 'n barbaardom van miljoene en waar hy gedurig in aanraking is met vreemde onsimpatieke kulture, en hy is verlore. Maar wys hom dat jy in hom belangstel en hom nog as volksgenoot erken; laat jou pers in hom belangstel en jou kultuurleiers hom besiel, en waar jy kan, doen iets vir die opvoeding van sy kind en jy sal hom nie alleen red vir ons volk nie, maar hy word op die duur nog 'n bate vir die Afrikanernasie.

Oos-Afrika (Kenia en Tanganjika).

Volgens Déki (*Die Burger*, 29 Junie 1937) kom die eer Willem Joubert toe dat hy die eerste Afrikaner is wat die aandag op Duits Oos-Afrika gevestig het en wat vir 'n trek daarheen begin propaganda maak het.

In Januarie 1903 het die Joubert-kommissie, bestaande uit ses persone, op 'n verkenningstog na Duits Oos-Afrika gegaan. Hulle kon by hulle terugkoms nie tot eenstemmigheid geraak omtrent die wenslikheid om na Oos-Afrika te emigreer nie, maar hulle het tog die uitstuur van die Tweede of „Groot Kommissie” moontlik gemaak, sy sending verhaas en vergemaklik. Dit het die algemene aandag sterker op Duits Oos-Afrika gevestig en het sodanig indirek die grondslag gelê ten opsigte van die meeste „trekke” wat kort daarna Oos-Afrika sou binne-stroom.

„In die ware sin van die woord was hierdie eerste landverhuisers nie slegs baanbrekers wat die drempel van die trope gaan oorskry het nie, nee, hulle was die wegwysers en vooruitlopende voelhorings van 'n magtige uitbreiding, wat selfs vandag nog nie opgehou het nie. En wat so mooi is — temidde van veel sorge, toe ons volksweg tydelik deur stikdonker poorte gelei het, was dit juis dat hierdie manne, daar in die vreemde Ooste, 'n nuwe dag sien breek het. Hulle het 'n profetiese blik gehad van groot dinge wat moes gebeur. „Ons koms beteken die uitbreiding van Suid-Afrika. Ons kom om die lyn te trek.” Met hierdie betekenisvolle woorde span die ou heer Jacobus Malan, vader van genl W. C. Malan, sy

ossewa, na die lang skof, daarbo onder die sonlig uit." (*Die Burger*, 29 Junie 1937).

Een van die vernaamste redes waarom Afrikaners hulle in Oos-Afrika gaan vestig het, was die teleurstelling met die afloop van die Tweede Vryheidsoorlog. Hulle was verarm deur die oorlog en wou wegkom van die puin van hulle drome; hulle wou 'n ander tuiste soek waar hulle 'n nuwe begin kon maak.

In Junie 1904 het die eerste trek uit die distrik Middelburg (Transvaal) gegaan. Die trekkers het hulle op die gesonde hoogland in die omtrek van Kilimandjaro gevestig waar hulle met vee kon boer. Hierdie trek het uit 41 siele, onder wie 25 kinders was, bestaan. In 1905 is die tweede trek daarheen. Die grootste trek wat na Oos-Afrika gegaan het, was die Van Rensburg-trek. In Julie 1908 het hulle in Nakuru aangekom en 'n maand later is hulle per ossewa na die Uasin-Gishu (in Eldoret se distrik). Daar het elke boer toe sy plaas gaan uitsoek.

Vandag is die bevolking van Kenia as volg saamgestel: Inboorlinge omtrent drie miljoen. Indiërs omtrent 50,000 en Europeane omtrent 18,000. Volgens die jongste opgawe in die Kerkalmanak van die Ned. Ger. Kerk, is daar in die gemeente Meru, wat die Tanganjika-gebied dek, 440 siele en 180 lede, terwyl die gemeente Vergenoeg wat Kenia dek, daar 1550 siele en 720 lede is. As ons hierby in ag neem dat daar ook lede van die Hervormde en Gereformeerde Kerke is, dan is daar ongeveer 'n 2,500 Afrikaners in Oos-Afrika.

Volgens ds J. W. Dendam, hoof-leraar van die Ned. Herv. of Geref. Kerk in Kenia, is die Afrikaners daar goeie burgers, vreemdsame mense en geharde koloniste, wat nog byna almal hulle grond besit. Hulle is nie wildgeworde bosbewoners nie, maar volbloed Afrikaners. Die Afrikaanse nedersettings op Eldoret en Broederstroom is die twee grootste blanke nedersettings in Kenia.

Ds Dendam het verder aan *Die Transvaler* (5 Oktober 1937) verklaar dat die drie miljoen naturelle by die regering alles tel en dat die land uitsluitend in hul belang ontwikkel word. Na hulle kom die Indiërs. Die Koelie het die handel heeltemal in beslag geneem, beklee die beste poste in die staats- en spoorwegdiens met die gevolg dat die Afrikaners daar hoofsaaklik op landbou vir 'n heenkome toegewys is.

So gunstig is die posisie van gekleurdes in die gebied, dat vertoë wat deur Afrikaners aan die regering gerig is dat die staatsdiens vir blankes oopgesit moet word, sodat hulle kinders sekere poste kan vul, eenvoudig in die wind geslaan is. Die staatsdiens in Kenia word dan ook uitsluitlik deur Koelies, Naturelle en Engelse vanuit Engeland beheer.

„Die Engelse pensionaris, amptenaar en selfs die Engelse boer beskou die Afrikaners in Kenia nog met dié haat en veragting wat 'n mens gedurende die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika aangetref het. Die skeldnaam „Dutch” word veragtelik by elke moontlike geleentheid teen die kop van die Afrikaner deur die Engelse amptenaar en boer gegooi.” Dit, het ds Dendam verklaar, is slegs een aspek van die harde stryd wat die Afrikaner in Kenia moet voer.

Van regeringsweë word Afrikaans gladnie in Kenia erken nie. Die standpunt wat deur die Britse regering ingeneem word, is dat Kenia een land met een taal moet wees. Die Afrikaners moet heeltemal in die Engelse gemeenskap opgelos word. Soos egter altyd met die Afrikaners die geval is, het hulle hulle in Kenia gehandhaaf juis omdat hulle onderdruk word. Die Afrikaner het in Kenia sy taal, godsdiens en kultuur suiwer gehou.

Op skool het die Afrikaanse kind ook nie baie voorregte nie. Wel word Afrikaans in die skole op Broederstroom en Eldoret as hoofvak toegelaat en onderwys in eersgenoemde in parallelle tale gegee. In die meeste gevalle is hierdie vergunning, wat bowendien nie die goedkeuring van die Departement van Onderwys wegdra nie, egter tot slegs vier periodes per week beperk.

Op 'n vergadering wat deur die Direkteur van Onderwys in Kenia toegesprek is in Februarie 1938, moes die twee verteenwoordigers van die Afrikaanssprekendes in die skoolkomitee van Eldoret verneem dat hul aanspraak op moedertaalonderwys vir die Afrikaanssprekende kind buite die kwessie is, aangesien hulle ver in die minderheid is. Die aanspraak van die Afrikaanssprekendes is verder as laakbaar bestempel, „aangesien die Britte vir die onderwys moes betaal.” Die skoolhoof op Eldoret beweer dat die Afrikaanssprekende kinders onder leiding van die eentalige-Engelssprekende onderwysers verba-

sende goeie vordering maak — 'n bewering wat egter deur alle Afrikaanssprekendes as blote onsin bestempel word.

Kolonel R. B. Turner, die Unie-kommissaris in Brits-Oos-Afrika, het in 1938 baie ontevredenheid veroorsaak by die Afrikaanssprekendes inverband met die onderwys. Die Direkteur van Onderwys het aan die predikant van die Ned. Hevr. of Geref. Kerk op Nakoeroe verlot toegestaan om 'n geskikte onderwyser te werf met die oog op die dosering van Afrikaans in die staatskool op Nakoeroe in plaas van Frans. Kol. Turner het die dosering van Afrikaans in hierdie skool egter as absoluut onnodig beskou en aangevoer „dat die Afrikaanssprekendes al lank verengels moes gewees het, en dat dit ook hoog tyd is dat hul godsdiensoefening in Engels moet geskied.”

Beswaar teen die behandeling van die Afrikaner-kind in die skole in Kenia is ook gemaak in die verslag van die gemeente Vergenoeg, Kenia, wat op 30 Nov. 1939 deur die Sinodale Kommissie vir Onderwys en Opvoeding van die Ned. Herv. of Geref. Kerk met sy sitting in Johannesburg behandel is. In die verslag is daarop gewys dat slegs twee van die twaalf regeringskole in Kenia Afrikaans as tweede taal doseer. Die ander doseer Frans of Latyn. Ook is gekla oor die gebrekkige kennis van Afrikaans van die onderwysers wat die taal doseer.

Ten spyte van die ongunstige omstandighede handhaaf die Afrikaner in Kenia hulle taal en kultuur, en ook hier is die Kerk 'n ware bolwerk. Die Kultuurbond wat in Desember 1934 gestig is, doen waardevolle werk om die Afrikaners saam te snoer. Verskeie debatsverenigings is takke van die Bond, asook die Afrikaanse Toneelvereniging van Broederstroom. Die Afrikaners van Kenia wil nog Afrikaners wees!

Argentinië.

„Die emigrasie van die Boere-koloniste uit Suid-Afrika na Patagonië, Argentinië, moet beskou word as 'n direkte gevolg van die Boere-Oorlog, 1899-1902. Teleurstelling met die afloop van die oorlog, gepaard met kniesing oor bittere verliese en sware boetes, het hierdie Afrikaners so diep in die hart gegryp dat dit 'n gevoel van teensin in die vaderland verwek het, en die ingebore trekgees wakker gemaak het.” (Ds D. P. van Huyssteen: *'n Besoek aan die Boere in Argentinië*, bl. 1.)

Mnr F. D. Conradie beweer egter in sy brosjure-manuskrip: *Die Repatriasiegeskiedenis van die Afrikaners in Argentinië*, dat die verhuising nie *uitsluitlik* toe te skrywe is aan ontevredenheid oor die uitslag van die Oorlog nie — dit is maar 'n halwe waarheid. Reeds tydens die oorlog het mnr Louis Baumann van Bloemfontein al na Argentinië gegaan. Op sy voetspore het dadelik gevolg J. F. Behr en J. A. Stegmann, ook van Bloemfontein. Maar dit was nog geen Trek nie! Hierheen het toe gekom mnr C. J. N. Visser om sake te ondersoek, met die gevolg dat hy terug is na Maclear en die Eerste Trek in 1903 georganiseer het.

Deur hierdie Trek is die deure wydoopgesit vir die Afrikaners om na die „Beloofde Land van Patagonië” te gaan. Die Trek het bestaan uit 96 siele deur mnr Visser bymekaar gemaak.

Die sukses van hierdie onderneming het mnr Visser aangespoor om terug na Suid-Afrika te gaan, en met behulp van mnr M. M. Venter, oud-Volksraadslid, het hy daarin geslaag om die Tweede Trek te organiseer, bestaande uit 320 siele, die meeste uit Philipstown en daardie omtrek, ofskoon daar ook Vrystaters by was. Dié twee Trekke was uitsluitlik die werk van mnr C. J. N. Visser. Die oorgrote meerderheid was Kolonialsers met 'n klein getal Vrystaters en 'n paar Transvalers.

Kort na die Tweede Trek het weer 27 immigrante aangekom onder die leierskap van mnr P. Visser, 'n broer van C. J. N. Visser. Behalwe hulle het daar met gereelde tussenposes ander immigrante aangekom totdat daar ongeveer 500 Afrikaners in Argentinië was.

Die Argentynse regering was baie begerig om goeie immigrante te kry, en die oorspronklike voorwaardes waarop plase aan hulle toegeken is, was billik, maar so dat min van die Boere grondeienaars geword het. Later het die regering die grond net verhuur. Die Boere-kolonie Patagonië, lê ongeveer 1000 myl ten suide van Buenos Aires. Die Boere bewoon die streek onmiddellik ten Noorde en ten Noordweste van die hawedorp Comodoro Rivadavia.

Aanvanklik het dit nogal goed gegaan met die Boere, maar

die sneeustorms van 1913 en 1925 het baie geruïneer—sommige het tot 90 persent van hulle skape verloor.

Die opvoeding van die kinders was 'n groot probleem; daar was 'n paar privaatskooltjies, maar hulle het nie lank staande gebly nie; in die goewernementskole was die medium Spaans en geen godsdiensonderwys nie. 'n Paar welgestelde ouers kon hulle kinders na 'n goeie Engelse skool in Buenos Aires stuur, maar dis baie duur. Die gevolg van hierdie toestande was dat baie kinders nie kon lees of skryf nie.

Op godsdienstige gebied is die Argentiniërs met gereelde tussenposes deur predikante uit Suid-Afrika bearbei.

Die Argentynse Boere wou eindelijk weer terugkeer na Suid-Afrika, en om verskillende redes. Reeds in 1929, na die repatriasie van die Angola-Boere, het die Argentiniërs al briewe geskryf aan die Unie-Regering. Die Ned. Geref. Kerk het hom ook met die saak bemoei, maar niks uitgevoer nie.

Hierby het die Argentiniërs dit nie gelaat nie, maar voortdurend versoeke tot Suid-Afrika gerig. Aan *Die Burger* (9 Aug. 1935) het ds J. H. Piek verklaar. „Ek is na noukeurige waarneming oortuig daarvan dat die mense nie na Suid-Afrika wil terugkeer omdat hulle in ekonomiese moeilikhede is en nie 'n bestaan in die vreemde kan maak nie. Die Afrikaners kan daar almal bestaan, maar dit is die besorgdheid oor die godsdien, taal en nasionaliteit van hul nageslag wat die mense terugdryf na hul vaderland. Die Afrikaner-moeders wil nie hê hul dogters moet omgaan met die Argentynse in daardie gebied nie, want hulle is gewoonlik 'n swak klas Spanjaard. Hoe verder die Afrikaners egter moet uitwyk, hoe groter word die gevaar dat hulle met die Argentynse sal ondertrou en hulle nasionaliteit sal verloor.”

Ds D. P. van Huyssteen het die toestande ook heel donker geteken: „Waar die opvoeding reeds so uiters gebrekkig, die toekoms op tydelike gebied so donker en treurig, haas hopeloos is, en waar die groot gevaar tot algehele vermeninging reeds vlak voor die deur staan, daar is *verspaansing* net so seker as dat die nag volg op die dag.”

Eindelijk het verlossing gekom. In 1936 het die Algemene Armesorg-Kommissie van die Ned. Ger. Kerk van die Kaap die repatriasiebeweging weer sy aandag geskenk en be-

sluit om die Argentiniërs in groepe terug te bring. Die Unieregering het belowe om alles in sy vermoë te doen om die gepatriëerdes op die land gevestig te kry. In Junie 1937 het die eerste geselskap dan aan wal gestap en is deur verskillende ander geselskappe gevolg tot Mei 1939. Daar wag nog 'n klompie om terug te keer, sodat uiteindelik ongeveer 600 van die 900 Argentynse Afrikaners weer hier sal wees.

Wat is die lot van die agterblywendes? Meer as sestig jong Afrikaners, waarvan vier mans is, het reeds met nie-Protestante, d.w.s. nie-Afrikaners getrou. Dit spreek vanself dat dit hierdie mense is wat nie daaraan wil dink om ooit terug te keer nie. Hulle bewys die feit dat die agterblywendes hulle sal moet vereenselwig met die mense daar, want 'n aparte Afrikanerskap kan nie gehandhaaf word nie. Die kinders wat daar gebore is, begin al meer en meer Spaans as hulle taal gebruik. In hulle huise praat hulle nog Afrikaans, maar wanneer hulle met mekaar op ander plekke verkeer, gesels hulle Spaans en sing hulle ook Spaanse liedjies. Dit is waarskynlik 'n kwesie van een geslag verder en dan sal Afrikaans in Argentinië onder die Afrikaners heeltemal uitgesterf wees. Dan sal slegs 'n aantal Afrikaanse plaasname aandui dat ons taal daar gepraat is.

Spaans het reeds sterk in die Afrikaans van die Argentynse Afrikaners ingedring, soos bewys word nie alleen deur die groot aantal Spaanse woorde vir voorwerpe wat hulle oorgeneem het nie, maar ook deur die feit dat hulle selfs Spaanse werkwoorde gebruik, bv. *cobrar*: om geld in te vorder; *juntar*: om skape bymekaar te maak, bv.: hy gaan juntar" (spreek uit: goentaar); *aparatar*: om skape uit te vang. 'n Paar selfstandige naamwoorde: *alazan*, 'n vosperd; *boliche*, drinkplek (kantien); *pan*, brood; *macana*, 'n leuen.

Die Afrikanervolk is te klein om dele te kan afgee aan ander lande en daarom moet die teruggekeerde Argentiniërs verwelkom word. Waar dit 'n natuurlike uitbreidingsdrang geld na aangrensende gebiede, soos Suidwes-Afrika en Rhoisië, kan dit 'n voordeel vir land en volk wees, omdat daar homogene gemeenskappe kan opgebou word, wat hulself as selfstandige volkselement handhaaf. Die Afrikanerdom het 'n historiese taak as dié blanke baanbrekervolk van Suidelike

Afrika. Maar die afsplitsing van groepe, heeltemal weg na ander wêrelddele, beteken niks anders as verswakking van die volkskrag nie.

Dit moet egter betreur word dat in die gebiede in Afrika wat deur Afrikaners skoon en bewoonbaar gemaak is maar wat nou onder Britse bewind gekom het, die Afrikaners nie toegelaat word om hulle nasionale entiteit te bewaar nie. Veral in die skoolwese word hulle taalbelange sover moontlik teengewerk en aan die inboorlinge word meer tegemoetkoming as aan hulle geskenk. Die waarneming is ook hier, net soos in die Unie, dat waar die Engelse in 'n blanke gemeenskap die meerderheid uitmaak, vrye ontwikkeling aan die minderhede van Afrikaners nooit gegun word nie.

HOOFSTUK XII.

BUITELANDSE BELANGSTELLING IN AFRIKAANS.

Voordat Afrikaans as skryftaal in gebruik was, dus voor die *Patriot*-tyd, was daar oor die algemeen weinig buitelandse belangstelling in ons taal, en waar die wel was, het dit van die kant van reisigers in ons land gekom (Lichtenstein 1803-6); Burchell (1810); Teenstra (1825); Swaving, (1828), Changuion (1844) ens., en was dit meestal van leksikologiese of praktiese aard.

Die *Patriot*-tydperk bring 'n ligte verandering. Nie alleen het belangstelling van bevriende en vyandige sy hiertelands nou groter geword nie, maar ook in die buiteland, en by name in Nederland, of van Nederlanders hier by ons, kom daar enige aandag. Dit was meer afkeurend as aanmoedigend, omdat dit prakties 'n inkrimping van die Nederlandse taalmag beteken as dit deur die volkstaal verdring word. Dieselfde houding, om dieselfde rede, het van Engelse kant gekom.

Die Tweede Vryheidsoorlog bring 'n groot opflikkering van buitelandse belangstelling, vooraan van Nederland en Duitsland, en daarna van Engeland, Frankryk en Italië. Dit is egter in die eerste plek belangstelling in die dapper volkie wat vir sy vryheid worstel as in sy taal as sodanig — behalwe op 'n paar uitsonderinge na.

Die opbloeiing van ons letterkunde na die vryheidskamp het 'n duursamer en blywender belangstelling gaande gemaak. Daar word nou nie soveel met medelye op ons neergesien nie, as met waardering en respek vir ons geestesgoedere, die veruiterliking van ons geesteskrag.

Die wesentlikste krag van 'n gedagte lê in sy absorpsie- en ekspansievermoë. Dit is daarom nie onvanpas om 'n blik op die belangstelling van ander in ons eie strewe te werp nie, dan gee dit 'n aanduiding van die uitstralingsvermoë van die Afrikaanse Idee.

Na volledigheid wil ons nie strewê nie — net na 'n algemene aanduiding.

In Nederland :

Dit is te begrype dat Afrikaans wat soveel belangstelling gaande gemaak het in Suid-Afrika, ook die aandag van taalgeleerdes in Nederland moes trek. Ons weet uit die geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging dat sommige Nederlandse taalgeleerdes in Suid-Afrika baie gunstig gesind was teenoor Afrikaans. Hoe graag hulle Nederlands ook behou wou sien, hulle het duidelik ingesien, dat 'n mens nie 'n taal kan opdring aan 'n volk nie, maar dat hy die taal van sy hart praat ek skrywe.

Reeds in 1881 het C. Stoffel in die *Volks-Almanak voor het jaar 1882* 'n waarderende artikel geskryf oor Afrikaans en die strewê van die G.R.A. Hy sê o.a.— „Zij toonen daardoor een mannelijk vertrouwen in de toekomst te hebben; zij gevoelen dat een mensch zijne beste gedachten, zijn geheele hart alleen kan uitdrukken in de taal, die hij heeft opgevangen van de lippen zijner moeder, en dat de woorden, die in het dagelijksch verkeer van mond tot mond gaan, ook goed genoeg moeten zijn of zullen worden en tot hoogere doeleinden te worden gebezigd. Niemand schame zich zijner spreektaal, want alleen deze is: gansch het volk.”

Ook die Vlaamse digter, Guido Gezelle, het in sy tydskrif *Rond den Heerd*, 'n simpatieke woord geskrywe oor Afrikaans, want ook hy moes stry vir die erkenning van Vlaams, en hy het hom veral laat lei in sy keuse deur die lewende volkspraak.

In 1876 het iemand reeds na aanleiding van Gezelle se strewê vir Wes-Vlaams, in die *Gazette van Thielt* 'n artikel gehad oor Afrikaans, waarin hy ook probeer het om aan te toon dat dit 'n dwaasheid is om die Hollandse boektaal af te dwing op mense, en op dié manier die frisse en eienaardige van die suiwer volkstaal dood te maak.

Maar nie almal in Nederland en Vlaandere was Afrikaans goedgesind nie. As ons dink dat die meeste mense in Nederland vandag die goeie reg van Afrikaans erken, dan maak ons beslis 'n fout. Reeds prof. Jan te Winkel het in 'n artikel *Het Nederlandsch in Noord-Amerika en Zuid-Afrika* (in *Vragen van den Dag*, 1896) op minagtende manier van Afri-

kaans gepraat. Hy het beweer dat die Patriotmanne Afrikaans wil invoer eenvoudig net uit gemaksug, en dat hulle daardeur bewys dat hulle afsak na die peil van die onontwikkelde.

Tereg het prof. D. C. Hesseling (*De Gids* 1897, I) hierop geantwoord, dat prof. Te Winkel se hele stelling verkeerd is, want Afrikaans lewe in Suid-Afrika. Daar word nie pogings aangewend om Afrikaans in te voer nie, maar wel Nederlands.

Prof. Te Winkel het voortgegaan met sy argumente. In 'n *Rede op het 24ste Nederlandsche Taal- en Letterkundige kongres te Dordt*, 25 Aug. 1897, spreek hy die mening uit dat ds S. J. du Toit geen letterkunde van betekenis sal kan skep met daardie „taaltjie” nie. Hy sal miskien daarin slaag om met daardie taal 'n soort literêre lewe onder die Hottentotte te verwek.

Teenoor Te Winkel het ons die mening van dr R. A. Kollewijn, die groot voorstander van die Vereenvoudigde Spelling in Nederland. Dit is juis so eienaardig dat die teenstanders van Afrikaans, Holland vir Suid-Afrika wou red deur die Vereenvoudigde Spelling in te voer, en dat die groot leier van daardie Beweging vir Afrikaans gevoel het, want, soos hy sê, as die Afrikaners besef dat hulle taal nie minderwaardig is nie, dan sal dit hulle bind en sterk maak.

Veral prof. C. G. N. de Vooy van Utrecht het hom van die begin as baie simpatiek uitgelaat oor Afrikaans, wat ook weer te verstaan is, want hy was 'n vriend van Kollewijn, en hierdie voorstanders van die Vereenvoudigde Spelling wou alle oorbodige grammatikale skryfforme uit Nederlands werk. Hulle was daarvoor dat die skryftaal so na as moontlik aan die spreektaal moet gebring word.

Prof. De Vooy het reeds in Oktober 1913 in *De Beweging* 'n waarderende bespreking gegee van die vernaamste Afrikaanse digters se werk, en hy het veral aandag gevra vir *Oom Gert Vertel* van Leipoldt, omdat die siel van die Afrikaner in daardie eenvoudige, onopgesmukke taal so mooi tot uiting kom. Hy het eerlik erken dat die gedigte van die Hollandse digters in Suid-Afrika hom nie bloei nie, en dit is vir ons die grootste bewys dat dit onmoontlik was vir Afrikaners om hulle gevoel uit te druk in 'n taal wat so ver weg lê van hulle innerlike gemoedslewe.

Die bekende kritikus Albert Verwey het daarop die gedigte van Leipoldt en daarna van Totius bespreek in *De Beweging*, en daarin het hy met baie hoë lof van Leipoldt gepraat, en hom feitlik geroem as 'n eersterangsdigter. Ook hy het veral in die werk van Leipoldt die suiwer Afrikaanse taal geprys. Wat hy vir ons gee, is nie die nabootsing van die werk van Europese digters nie. Oor die algemeen was die meeste Nederlandse letterkundige tydskrifte nie te goed gesind teenoor Afrikaans nie, en bekend is die uitlating van die Nederlandse kritikus Carel Scharten, wat op onbeheerste manier teen Afrikaans geskel het. Hy het dit o.a. genoem 'n „gebarsten viool," 'n „doofstommeltaaltje," 'n „ding zonder pooten, staart of ooren" (*De Gids*, Junie 1910).

Carel Scharten moes heelwat hoor oor hierdie uitlating. Sy raad aan die Afrikaners is, dat hulle tog maar liewers Engels moet skrywe in stede van hierdie gedrog van 'n taal.

Ons het reeds gewys op die onsimpatieke houding wat die meeste Nederlandse letterkundige tydskrifte teenoor die Afrikaanse boek inneem. Besprekings word gegee van werke uit alle tale, maar in die meeste gevalle word die Afrikaanse boeke wat vir resensie na 'n Nederlandse tydskrif gestuur word, nie bespreek nie. Prof. Prinsen het etlike jare gelede in *De Groene Amsterdammer* vir die Nederlanders daarop gewys, dat dit hoog tyd is dat hulle moet nader kennismaak met die Afrikaanse letterkunde, want daar verskyn boeke in Afrikaans wat gunstig vergelyk met moderne Nederlandse werke.

Die afgelope tien jaar het daar seker verbetering gekom, maar nog nie genoegsaam nie. Besondere hulde verdien seker dr J. Haantjes van Doetinchem vir sy onvermoeide ywer om die Afrikaanse boek in Nederland bekend te maak. Jarelank het hy, eers in *Opwaartsche Wegen*, daarna in *De Werkplaats*, kronieke gepubliseer oor die Suid-Afrikaanse letterkunde. Toe die uitgawe van *De Werkplaats* gestaak is (Desember 1937) en die redaksie en medewerkers na *Elckerlijc* oorgegaan het, is dr Haantjes se werksaamhede voortgesit op 'n breë basis, want in die serie „Elckerlijc-boekjes" het 'n *Kroniek van Zuid-Afrika* (1938) verskyn, waaraan sowel Afrikaners as Nederlanders meegewerk het. Die samewerking tussen hierdie beide groepe was nuut en het veel goeds vir die toekoms beloof.

Ongelukkig was die verkoop van die boekie so gering dat die uitgewers 'n tweede deeltjie nie aangedurf het nie. Dr Haantjes moes dus noodgedwonge weer terugkeer na die ou vorm: 'n jaarlikse oorsig van die Afrikaanse letterkunde binne die raamwerk van 'n tydskrifartikel. Dit geskied nou in *Stemmen des Tijds*. Hy is 'n simpatieke kritikus en maak onvermoeid propaganda vir Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde. Spesiale vermelding verdien sy boekie *Afrikaans Proza* (1930).

'n Openbaring vir die Nederlanders was die tentoonstelling van Afrikaanse boeke in Amsterdam vanaf 10 tot 16 Oktober 1935. „Maar wij wisten niet daar er zoveel boeken in 't Afrikaans geschreven zijn,” was die eerste woorde van haas alle besoekers. Hieruit blyk baie duidelik die onbekendheid van die Nederlander met die Afrikaanse boek. Volgens boekhandelaars word die Afrikaanse boek byna nooit in Nederland verkoop nie, en natuurlik nie gelees nie.

Maar hierdie tentoonstelling is druk besoek — deur nie minder as sewehonderd mense nie. Om hulle belangstelling verder te prikkël, het elke besoeker 'n brosjure oor die Afrikaanse letterkunde meegekry, en groot was die aanvraag daarna uit alle dele van die land.

Die boekweek is flink gepropageer in die Nederlandse pers — daar was geen vername koerant of tydskrif nie of dit het 'n mooi artikel daaroor en oor die Afrikaanse letterkunde gehad. Een blad het hom as volg uitgelaat: „Wij wilden hier toch in geen geval verzuimen te wijzen op de gelegenheid die men heeft met een stuk van het *levende Zuid-Afrika* van heden kennis te maken door de uitstalling van tijdschriften en het *Moderne Afrikaansche boek*. In het smaakvol ingerichte zaaltje vinden we de op alle gebieden van kunst en wetenschap laatst verschenen werken, alsook een zeer belangrijke afdeling belletrie, poëzie en kinderboeken.” Oor die radio het dr P. H. Ritter, jr die Afrikaanse boek en boeketentoonstelling by die Nederlanders aangeprys.

Ons kan ons geen illusies maak omtrent die voordelige resultate van hierdie tentoonstelling nie, maar glo tog dat dit 'n middel was tot verwesenliking van 'n doel.

'n Groot stap vooruit is die stigting van die Commissie tot Verspreiding van het Afrikaanse Boek in Nederland in 1939, met mnr J. H. Broekman as die ywerige sekretaris — iemand wat reeds veel gedoen het om Afrikaans in Nederland bekend te stel. Hierdie Commissie publiseer tweekeer per jaar in die maandblad *Zuid-Afrika* 'n oorsig van die nuutste Afrikaanse werke. Die oorsigte word gewoonlik geskryf deur mnr D. Bax, en dan word afskrifte daarvan gestuur aan dosente in Nederlands aan middelbare skole, sowel as aan biblioteke en openbare leessale.

Verder het mnr en mev. Bax verskillende Afrikaanse boeke van woordverklaringe voorsien, en hierdie aantekeninge word gratis aan skole en biblioteke verstrekk, baie dosente en direkteure van biblioteke het reeds van hierdie aantekeninge gebruik gemaak. Om die lees van Afrikaanse boeke vir die Nederlander nog verder te vergemaklik, het mnr en mev. Bax 'n Afrikaans-Nederlandse woordeboekie saamgestel.

Hierdie middele sal dit vir die Nederlander maklik maak om Afrikaans te leer. „Hoe meer Afrikaans hij leest,” skryf mnr Bax (*Zuid-Afrika*, Aug. 1939), „des te minder moeite zal het hem kosten. Hij zal dan tevens bemerken, vooral als hij hardop leest, dat Afrikaans geen Nederlands is, waar de uitgangen van afgekap't zijn, maar dat het een taal is met een eigen karakter, waar niets aan ontbreekt.”

Die Commissie het verder die *Nieuwsblad voor de Boekhandel* beweeg om eenmaal per maand 'n lys te publiseer van nuwe Afrikaanse werke. Die boeke word daarop in die biblioteek van die Commissie geplaas en kan daar deur alle belangstellendes geraadpleeg word. Die Commissie adviseer ook die Afrikaanse uitgewers watter Nederlandse blaaië in aanmerking behoort te kom vir resensie-eksemplare.

In *Stemmen des Tijds* (Okt. 1939) wys dr Haantjes daarop dat die Commissie nog verder moet gaan in sy werksaamhede, deur sorg te dra dat daar van die mees bekende Afrikaanse romans goeie Nederlandse vertalings verskyn. In hierdie beskouing wil ons graag dr Haantjes ondersteun.

Daar het alreeds 'n paar vertalings van Afrikaanse boeke verskyn. Die boekegilde „De Poorte” te Antwerpen (wat ongeveer soos die Wereldbibliotheek in Noord-Nederland werk),

het twee romans (*Somer en Droogte*) van C. M. van den Heever in Vlaams uitgegee, vertaal deur Peter Thiry, en hulle is baie goed ontvang in Noord- en Suid-Nederland. Hierdie vertalings sal ongetwyfeld daartoe lei dat Nederlanders Afrikaanse boeke self sal gaan lees.

'n Gebeurtenis van die allergrootste belang is die instelling van 'n Afrikaanse leerstoel aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam in 1933. Nederland het die eerste stap gedoen tot erkenning van Afrikaans buite die Unie, deurdat die Nederlandse Universiteite Afrikaans aanvaar het as voertaal van tientalle proefskrifte. „Aan deze practiese toekenning van universitaire status,” het prof. Besselaar in sy inaugurale rede verklaar, „wordt nou ambtelik de kroon opgezet door het bezetten voor de eerste maal in Nederland van een universitaire leerstoel voor Afrikaanse taal- en letterkunde, hetgeen *ipso facto* deze discipline verheft tot academies studievak. Deze daad en de instemming, waarmede het besluit ertoe hier te lande, in Vlaanderen en Zuid-Afrika is begroet, is een uiting van Diets gevoel van eigenwaarde.”

Waardevolle werk in belang van die Afrikaanse taal- en letterkunde is reeds deur hierdie leerstoel gedoen. Van 1932 tot 1938 is dit bekleed deur prof. G. Besselaar, wat uitmuntend geskik was vir sy taak. Hy is Nederlander van geboorte en het dertig jaar van sy lewe in Suid-Afrika deurgebring, eers as onderwyser en van 1911 as hoogleraar in Nederlands en Afrikaans aan die Natalse Universiteitskollege. Sy intieme kennis van Afrikaans en Afrikaanse aangeleenthede saam met sy bekwaamheid en gesag as geleerde het status aan die Leerstoel verleen.

Die lesings is gemiddeld deur dertig studente bygewoon. Die Afrikaanse boekery is taamlik volledig gemaak. Ook buite die lesingkamer moes prof. Besselaar voortdurend propagandawerk doen, en gedurig is hy versoek om lesings te hou, en artikels en boekbesprekings te lewer vir verskillende tydskrifte en koerante. Nie alleen uit Nederland nie, maar ook uit Frankryk, Duitsland, Denemarke en selfs Letland is vrae aan die Afrikaanse Leerstoel gerig, vrae wat getuig van 'n diepgaande belangstelling, en wat slegs deur noukeurige ondersoek beantwoord kon word.

Vir die pionierswerk wat prof. Besselaar vir vyf jaar op so'n onbaatsugtige wyse in belang van die Afrikaners en Afrikaans in Nederland gedoen het, is ons hom baie dank verksuldig.

Hy is opgevolg deur dr Elizabeth Conradie wat met haar jeugdige entoesiasme en geesdrif die Leerstoel baie gewild gemaak het. Deur haar beywering is die Afrikaanse boekery in 'n aparte kamer in die Universiteitsbiblioteek onder dak gebring. Na haar plotselinge dood in 1939 word die lesings waargeneem deur mev. Marie Bax-Botha.

Die werk van die Suid-Afrikaanse Gesantskap in Den Haag mag nie vergeet word nie, want in hulle briefwisseling met die Nederlandse Regering word Afrikaans as die offisiële taal gebruik. In al sy toesprake gebruik die gesant, dr H. D. van Broekhuizen, steeds Afrikaans, en deurdat hy so'n gewilde persoonlikheid in Nederland is en groot gehore lok, maak hy die Nederlanders gaandeweg gewoon aan die Afrikaanse klank.

Oor die kulturele betrekkinge met Nederland is daar natuurlik baie te sê. Die afgelope paar jaar is die vriendskapsbande tussen Nederland en Suid-Afrika baie hefter geknoop. So het die Nederlandse Regering 'n „Commissie tot het bevorderen van de cultureele betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika" in die lewe geroep, en deur die Suid-Afrikaanse Regering is dieselfde gedoen.

Die Unie se eerste afgesant na Nederland in 1938, was prof. C. M. van den Heever, iemand wat bepaald uitmuntend geskik was om geestelike toenadering tussen Nederland en Suid-Afrika te bevorder en ons stamverwante in te lig oor die Afrikaanse kultuur. In 1939 het Suid-Afrika 'n teenbesoek ontvang uit Nederland in die persoon van prof. G. Kloeke. Vrugbaar ook was die besoek van prof. P. Geyl in 1938. Kosbare werk word gedoen deur die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging (N.Z.A.V.) en die Algemeen Nederlandsch Verband (A.N.V.).

Tydens die Eeufees het die Nederlandse belangstelling vir Suid-Afrika hoog opgevlam. So skryf die N.Z.A.V. in sy jaarverslag: „Het jaar 1938 heeft bewezen, dat wanneer de afstammelingen van de Voortrekkers feestvieren en hulde

brengen aan het voorgeslacht, Nederland daarbij niet kan en wil achterblyven en mede hulde brengt aan de helden uit Zuid-Afrika's verleden." Ten slotte noem ons nog die tydskrif *Dietsland-Suid-Afrika* wat hom sinds Mei 1939 uitsluitlik toespits op die versterking van die kulturele betrekkinge tussen die Nederlande en Suid-Afrika.

Ander Lande.

Ook ander Europese lande toon belangstelling vir Afrikaans. Reeds jare voor die Afrikaanse Leerstoel in Amsterdam ingestel is, het Duitsland aan die Friedrich-Wilhelms-Universiteit van Berlyn 'n lektoraat gehad vir Afrikaanse taal, letterkunde en geskiedenis (sedert 1923). Hier doen prof. Marc. P. Breyne baie om Afrikaans aan die Duitsers bekend te stel, ook deur artikels in verskillende Duitse tydskrifte en koerante. Vir die gerief van die Duitsers wat Afrikaans wil leer, het hy 'n grammatika van Afrikaans in Duits geskrywe (*Lehrbuch des Afrikaans*, 1934). Dan het hy ook Somer van C. M. v. d. Heever in Duits vertaal onder die titel: *Das Leben Schreitet Weiter*. Hierdie boek is goed ontvang in Duitsland en het die Duitslesende publiek 'n voorsmaak van die Afrikaanse letterkunde gegee.

Die Afrikaanse reisiger in Duitsland sal by die eerste inligtingsburo wat hy instap, 'n pamflet oor Duitsland in sy eie taal kry. Bring hy 'n besoek aan Berlyn, dan sal hom daar weer 'n Afrikaanse pamflet aangebied word wat alle wetenskapdighede omtrent Berlyn en omstreke bevat.

In Engeland word aan die University College, Londen, ook daadwerklike aandag gegee aan Afrikaans. Die belangstelling vir Afrikaans in Engeland is veral te danke aan die voorspraak van 'n man soos sir Thomas Holland, 'n Engelsprekende landgenoot soos Roy Campbell, en aan die onvermoeide beywering van 'n sendeling soos prof. T. J. Haarhoff, wat die lesingsale van Oxford, die mikrofoon van die British Broadcasting Company en die kolomme van die Londense *Times* almal gebruik het om die geloof in Afrikaans en sy presensie in wyer kring bekend te stel.

In die *Krisis in die Beskawing* (1940) som prof. Haarhoff die vooruitgang van Afrikaans in Engeland op: „Daar is die

feit dat Oxford Afrikaans saam met Nederlands erken het; dat die Taylor-Instituut vir Moderne tale 'n biblioteek van Afrikaanse boeke het en my nog jaarliks oor nuwe boeke raadpleeg; dat die Encyclopaedia Britannica vir die eerste keer gereelde verslae oor die vooruitgang van Afrikaanse letterkunde publiseer; dat *The British Author's Yearbook of Literature* artikels oor Afrikaans en voorbeelde van Afrikaanse letterkunde vra . . . Dit help alles om 'n status aan Afrikaans te verleen wat dit voorheen gemis het."

In verskeie Europese lande is daar verskillende individue wat in Afrikaans belangstel. So het Gösta Langenfeldt onlangs ten gebruike van die hoëronderwys in Swede 'n handboek geskrywe oor Britse dominiale letterkunde, waarin die Afrikaanse letterkunde uitvoerig behandel is. In verskillende lande word in die groot boekerye ook 'n plekkie aan Afrikaans ingeruim.

Ten slotte moet ons nog daarop wys dat die Afrikaanse taal 'n internasionale status bereik het sedert die uitbreek van die laaste oorlog. Ons taal word vandag deur die eter na ons uitgesaai uit Engeland, uit Holland, uit Italië, Duitsland, en self uit Australië. Duitsland en Holland het trouens voor die oorlog al daarmee begin. Oor die motiewe waaraan Afrikaans sy populariteit te danke het, hoef ons niks te sê nie. Wat egter vir ons van belang is, is die erkenning wat hiermee sonder toedoen van Afrikaanse sy aan ons taal geskenk word.

REGISTER.

A.

Adendorff, 199.
Ahrbeck, 77, 78.

B.

Bateman, 60.
Baumann, Louis, 208.
Bax, D., 217.
Bax—Botha, M., 219.
Behr, J. F., 208.
Besselaar, prof. G., 104, 163, 218, 219.
Biebuyck, L., 166.
Blok, Thos, 94, 104.
Boniface, C. E., 15.
Booyen, C. M., 165.
Boshoff, 170.
Boshoff, prof. S. P. E., 175.
Boshoff, ds W. H., 144.
Bosman, dr D. B., 155.
Bosman, dr F. C. L., 62.
Bot, A. K., 104.
Botha, prof. M. C., 61.
Breyne, prof. M. C., 220.
Brill, dr J., 72, 81, 115, 118.
Brink, Melt, 121.
Broekhuizen, dr H. D. van, 219.
Broekman, J. H., 217.
Brümmer, ds N. J., 97, 105, 151, 152.
Burgers, pres., 196.
Burton, H., 121.

C.

Cachet, J. L., 56, 96, 99, 103, 127.
Campbell, Roy, 220.
Carinus-Holzhausen, 129.
Celliers, J. F. E., 108, 145, 152, 175.
Changuion, dr A. N. E., 56.
Cillie, dr G. G., 142.
Coetzee, dr Abel, 118.
Collins, genl, 24.
Conradie, dr E. J., 22, 219.
Conradie, F. D., 208.
Conradie, ds W. J., 173.
Cradock, sir John, 50, 51.

D.

Dale, dr L., 58.
Dekker, dr G., 104, 178.
Dempers, eerw. J., 72, 83.

Dendam, ds J. W., 205, 206.
Dugteren, Ruysch van, 162.
Dijkman, E. J., 99.

E.

Ely, F. H., 58.
Engel, 138.
Eybers, dr E., 51, 52, 62.

F.

Farrar, sir George, 157.
Ferreira, Theo, 162.
Fourie, dr H. C. M., 175.
Francken, prof. A., 143, 148.
Fredericq, Paul, 74.

G.

Gent, P. van, 148, 171.
Gerdener, G. B. A., 175.
Geyl, P., 219.
Gezelle, G., 213.
Gie, dr S. F. N., 188.
Graphorn, H., 196.
Groom, 54, 62.

H.

Haantjes, dr J., 215, 216, 217.
Haarhoff, prof. T. J., 220.
Havenga, N., 160.
Heerden, Iz. van, 111, 134, 136, 137.
Heever, prof. C. M. van der, 218 — 220.
Herholdt, A. J., 84.
Hertzog, genl. J. B. M., 30, 142, 143, 146, 150, 151, 157, 158.
Hesseling, dr D. C., 143, 214.
Hofmeyer, J. H. — kyk Onze Jan.
Hofmeyer, W. A., 151.
Hofmeyr, Nico, 115, 136.
Holland, sir Thomas, 220.
Hoogenhout, C. P., 59, 61, 66—70, 77, 78, 82, 85, 86, 88, 94—98, 101—103.
Hoogenhout, dr N. M., 136.
Hopwood, D., 37.
Hullebroeck, Emiel, 149.
Huyssteen, ds D. P. van, 207, 208.

J.

Jacobs, J., 169.
Jameson, sir, 157.
Jansen, E. G., 163, 164, 184.
Jansen, mev. E. G., 163, 165.
Joubert, genl P. J., 89, 92.
Joubert, Willem, 204.

K.

Kamp, prof. J., 153.
Keet, A. D., 108.
Keet, dr B. B., 161, 174.
Kestell, dr J. D., 158, 175, 184.
Kirstein, Jan, 201.
Kloeke, prof. G., 219.
Knothe, dr G., 147, 148.

Kollewyn, dr R. A., 214.
Kritzinger, dr M. S. B., 104, 134.
Kruger, pres. S. J. P., 89, 94.

L.

Langenfeldt, Gösta, 221.
Langenhoven, C. J., 108, 119, 128, 152, 153, 158—160, 169, 171, 173,
175—179.
Lauwerijs, Modest, 149.
Leipoldt, C. L., 214, 215.
Lingbeek, dr M., 136.
Lingen, ds G. W. A. van der, 64, 65.
Lombard, I. M., 182, 185.
Louw, P., 175.
Louw, W. H., 104.
Lyon, mevr., 61.

M.

Malan, dr D. F., 38, 61, 163, 176, 179.
Malan, adv. F. S., 120, 121, 144.
Malan, Jac., 204.
Malan, genl W. C., 204.
Malherbe, dr D. F., 98, 106, 108, 140, 142, 148, 153, 167, 175.
Malherbe, dr D. F. du Toit, 140.
Malherbe, dr E. G., 62, 118.
Malherbe, G. J., 76, 78, 79.
Malherbe P. J., 78.
Mansvelt, prof. N., 118.
Marais, Eugène, 108, 133, 136.
Marais, adv. J. F., 183.
Maree, J. B., 137.
Merwe, M. van der, 128.
Merwe, dr N. J. van der, 154, 174, 176, 182, 189.
Meurant, L. H., 15, 67, 68, 73, 74.
Meyer, dr P. J., 185.
Milner, Alfred, 19.
Moody, 60.
Moorrees, prof. A., 150, 151.
Morgan, ds G., 71—73, 76, 79.
Muller, dr T. B., 161.
Murray, ds C. D., 146.
Murray, J., 72.

N.

Napier, sir George, 52, 60.
Naudé, G., 164.
Neser, M. H., 121.
Niekerk, C. A. van, 128, 171.
Niekerk, dr Lydia van, 64, 103.
Nienaber, dr G. S., 62, 104, 134, 178.
Nienaber, dr P. J., 104, 156, 178.

O.

O'kulis, dr, 57, 62, 127, 173.
Olds, C., 203.
Onze Jan, 89, 120, 130, 131, 140, 150, 199.
Otto, G. J., 121.

P.

- Pannevis, A., 14, 65—74, 76—78, 85, 98, 102, 103.
 Pellissier, ds G., 163.
 Pellissier, S. H., 172.
 Pepler, H. L., 146.
 Perold, dr A. L., 98, 140.
 Pettman, C., 37.
 Piek, ds J. H., 209.
 Pienaar, prof. dr E. C., 131, 133, 178.
 Plessis, ds J. du, 144.
 Postma, S., 188.
 Postma, ds W., 124—130, 132, 135, 137, 138, 142—146, 150, 151, 173, 181.
 Poutsma, H., 143.
 Preller, dr G. S., 108, 125, 127, 131—133, 135—139, 143, 145.
 Pretorius, pres., 199.
 Pretorius, dr J. C., 146, 148.
 Prinsen, prof. J., 215.

R.

- Rabie, J. S. M., 114, 124, 128—130, 137, 143, 146.
 Reitz, pres. F. W., 81, 176.
 Rennekamp, 188.
 Retief, D. J., 172.
 Rheder, J. P., 129, 130.
 Rhodes, C., 89, 94, 106, 199.
 Riebeeck, J. van, 49.
 Ritter, P. H. jr, 216.
 Rompel, F., 127.
 Rompel, dr Hans, 187.
 Rooyen, dr E. E. van, 175.
 Rooyen, Gert van, 129.
 Rooyen, H. H. van, 138, 143.
 Rose, 54, 62.
 Rousseau, M. L., 85.
 Russell, G., 57.
 Ryst, eerw. J. W. van der, 71, 79, 85, 97, 98.

S.

- Sankey, 60.
 Sargent, E. B., 112.
 Scharten, C., 215.
 Scheepers, J. J., 184.
 Schlangemann, E. A., 189.
 Scholtz, dr J. du P., 50, 51, 54, 57, 58, 62, 69, 75.
 Schönken, J. D., 163.
 Schoonees, dr P. C., 61, 166.
 Schweizer, 176.
 Shepstone, T., 89.
 Smit, J. V., 166.
 Smith, prof. J. J., 153, 161, 162, 175.
 Somerset, lord Charles, 24, 50, 51, 52.
 Spuy, H. van der, 143.
 Stander, J. H., 166.
 Stegmann, J. A., 208.
 Steyn, pres. M. T., 30, 157, 158, 168.
 Stoffel, C., 213.
 Strydom, dr C. J. S., 193.
 Stuckl, M. J., 82.

T.

- Teenstra, M. D., 15.
 Thiry, P., 218.
 Thom, ds G., 51, 52.
 Toit, A. G. du, 166.
 Toit, D. F. du, D. F. sn, 78.
 Toit, D. F. du, D. P. sn (Oom Lokomotief), 78, 85, 86, 94, 95, 97, 102, 103, 137, 138, 143, 168.
 Toit, D. P. du, 106, 120, 123.
 Toit, G. S. du, 122.
 Toit, dr J. D., kyk Totius.
 Toit, P. J. du, 143.
 Toit, dr P. S. du, 51, 62.
 Toit, S. G. du, 77, 78.
 Toit, ds S. J. du, 14, 18, 65, 66, 69—74, 76—79, 82, 84—86, 88—90, 93—103, 106, 120, 214.
 Tomlinson, G., 161.
 Totius (dr J. D. du Toit), 97, 98, 103, 105, 108, 137, 144, 152, 175, 184, 215.
 Turner, R. B., 207.

V.

- Venter, M. M., 208.
 Verwey, dr A., 215.
 Viljoen, dr W. J., 61, 115, 117, 121, 122, 140, 142, 144, 145, 149, 151, 169.
 Villiers, dr A. J. D. de, 62, 118, 134, 156.
 Villiers, Dan. de, 169.
 Villiers, lord H. de, 82.
 Villiers, J. S. de, 71.
 Villiers, ds M. L., 185.
 Visscher, J., 124, 127, 128, 137, 138.
 Visser, Annie, 149.
 Visser, dr C. F., 148, 149, 188, 189.
 Visser, C. J. N., 208.
 Visser, P., 208.
 Vooy's, prof. C. G. N. de, 214.
 Vos, prof. de, 115, 118, 140.

W.

- Waal, sir F. de, 159, 169, 176.
 Waal, adv. J. H. H. de, 16, 93, 95, 104, 106, 108, 110, 111, 118—123, 127, 133—135, 139—142, 171.
 Walt, A. J. van der, 137, 197.
 Ware Afrikaander (sien ook ds S. J. du Toit), 57, 69, 70, 79, 85.
 Wessels, W., 143, 148.
 Wet, ds H. C. de, 82.
 Wet, adv. N. J. de, 176.
 White, B., 118.
 Whiteside, 57.
 Wielligh, G. R. von, 62, 78, 79, 103, 105.
 Wilmot, 57.
 Winkel, prof. J. te, 213, 214.
 Wirgman, ds, 81.

Z.

- Zijl, dr W. J. van, 142, 160.